

GEDIFFERENSIEERDE VERSLAGDOENING IN SUID-AFRIKA

deur

ZANNÉ RONELLE KOPPESCHAAR

voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

DOCTOR COMMERCII (REKENINGKUNDIGE WETENSKAPPE)

in die

FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

aan die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Pretoria, Suid-Afrika

November 2009

DANKBETUIGINGS

In diepe erkentlikheid aan my Skepper vir my talente en seëninge so onverdiend ontvang, betuig ek graag my opregte dank en waardering aan die volgende persone:

- My studieleier, prof. Carolina Koornhof, vir haar bekwame en geduldige leiding en die professionele wyse waarop sy my tydens die uitvoering van hierdie studie bygestaan het.
- Die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAICA) vir hul betrokkenheid by die studie en die beskikbaarstelling van hul elektroniese databasis van klein praktisyns.
- Rina Owen van die Departement Statistiek aan die Universiteit van Pretoria vir haar kundige advies en leiding met die statistiese ontleding van die resultate.
- Prof. Daan van der Schyf vir sy waardevolle insette.
- Denize Tait vir die tegniese en taalkundige versorging.
- Die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) vir die studieverlof aan my toegestaan, wat my in staat gestel het om hierdie studie te voltooi.
- My kollegas in die Departement Finansiële Rekeningkunde aan UNISA vir hul ondersteuning en insette.
- My ouers en broer wie se belangstelling, aanmoediging en onderskraging oor al die jare van studie 'n groot inspirasie was. Baie dankie aan my ma, Seugnet, vir al die hulp met my kinders.
- My man, Riaan, vir sy deurlopende ondersteuning en opoffering en my drie kinders vir hul liefde en geduld.

“Wysheid begin met die dien van die Here; wie die Heilige ken het werklik insig.”

Spreuke 9:10

OPSOMMING

Die doel van rekeningkundige verslagdoening is om inligting te verskaf oor die finansiële stand, prestasie en veranderinge in die finansiële stand van 'n onderneming wat nuttig is vir 'n verskeidenheid van gebruikers om rasonale ekonomiese besluite te kan neem. Die probleem wat in hierdie studie aangespreek word, is die onvermoë van rekeningkundige inligting in finansiële state om aan die spesifieke behoeftes van die gebruikers van klein maatskappy finansiële state in Suid-Afrika te voldoen.

Die studie behels 'n omvattende meningsopname van die behoeftes van gebruikers van klein maatskappy finansiële state in Suid-Afrika, ten einde aanbevelings vir die verbetering van die huidige rekeningkundige verslagdoeningstelsel ten opsigte van klein maatskappye te maak. Die empiriese ondersoek wat uitgevoer is, het die spesifieke inligtingsbehoefte van die verskillende gebruikersgroepe van klein maatskappy finansiële state in Suid-Afrika bepaal deur gebruik te maak van vraelyste. Die data wat ingesamel is, vir doeleindes van die studie, het bestaan uit 434 voltooide vraelyste deur geregistreerde klein praktisyns, 212 voltooide vraelyste deur eienaars/bestuur van privaatmaatskappye, 5 voltooide vraelyste deur finansiële instellings, asook 'n onderhoud wat met die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) gevoer is.

Hierdie studie het getoon dat huidige rekeningkundige verslagdoeningsvereistes vir privaatmaatskappye nie aan die behoeftes van die gebruikers van hierdie maatskappye se finansiële state in Suid-Afrika voldoen nie. Die vereistes van die rekeningkundige standaard, *IFRS for SMEs*, wat gedurende 2007 in Suid-Afrika aanvaar is en op klein maatskappye van toepassing is, voldoen nie aan die inligtingsbehoefte van Suid-Afrikaanse gebruikers nie. Gesien in die lig van die belangrike bydrae wat klein maatskappye tot die Suid-Afrikaanse ekonomie lewer, is die rekeningkundige verslagdoening van hierdie maatskappye noodwendig belangrik. Gebruikers van klein maatskappy finansiële state vereis dat huidige rekeningkundige verslagdoeningsvereistes verminder en vereenvoudig word, ten einde aan hulle spesifieke inligtingsbehoefte te voldoen en om te verseker dat finansiële state betekenisvolle, relevante en betroubare inligting vir die gebruikers daarvan voorsien.

SUMMARY

The objective of financial reporting is to provide information in regards with the financial position, performance and changes in the financial position of an entity that is useful for various users, enabling the users to form rational economical decisions. The problem that has been addressed in this study pertains to the inability of accounting information, produced in financial statements, to address specific needs of users of small company's financial statements in South Africa.

The study includes a comprehensive opinion survey of needs for users of small company's financial statements in South Africa, in order to make recommendations for the improvement of the current accounting reporting standards for small companies. The empirical research performed within this study included the assessment of specific information needs for various user groups of small company's financial statements in South Africa, by use of questionnaires. The data gathered for the purpose of this study consisted of 434 completed questionnaires by registered small practitioners, 212 completed questionnaires by owners of private companies, 5 completed questionnaires by financial institutions, as well as an interview with the South-African Revenue Services (SARS).

The results of the study showed that the current reporting standards for private companies do not satisfy the needs of the users of these small company's financial statements in South Africa. The requirements of the accounting standard, IFRS for SMEs, that was accepted in South Africa during 2007, applicable on small companies, does not satisfy the information needs of the South-African users. In the light that small companies make up an integral part of the South-African economy, the accounting reporting for these small companies is inevitably important. Users of small company's financial statements require that the current reporting standards be reduced and simplified in order to address the users' specific information needs and to ensure that the information in financial statements is meaningful, relevant and reliable for the users.

INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
DANKBETUIGINGS	i
OPSOMMING	ii
SUMMARY	iii
LYS VAN FIGURE	xiii
LYS VAN TABELLE	xiv
LYS VAN AFKORTINGS	xvii
HOOFSTUK 1	
INLEIDING	
1.1 Agtergrond tot die navorsing	1
1.2 Probleemstelling	8
1.2.1 Rekeningkundige inligting	9
1.2.2 Gebruikers van finansiële state	10
1.3 Doelwitte en belangrikheid van die studie	11
1.3.1 Doelwitte van die studie	11
1.3.2 Belangrikheid van die studie	12
1.3.3 Begunstigdes	13
1.4 Omvang en beperkings van die studie	14
1.5 Navorsingsbenadering en -ontwerp	16
1.5.1 Navorsingsraamwerk	16
1.5.2 Navorsingsbenadering	18
1.5.3 Navorsingsontwerp en -metode	20
1.6 Struktuur van die studie	22
1.7 Samevatting	23
HOOFSTUK 2	
REKENINGKUNDIGE VERSLAGDOENING	
2.1 Inleiding	24
2.2 Die aard van Rekeningkunde	25
2.2.1 Definisies van Rekeningkunde	25
2.2.2 Rekeningkundige teorieë	29
2.3 Rekeningkundige inligting	31
2.3.1 Die doel van rekeningkundige inligting	31
2.3.2 Die besluitnemingsproses en inherente beperkinge	32

2.3.3	Bruikbaarheid van inligting in finansiële state	35
2.4	Kwalitatiewe eienskappe	42
2.5	Finansiële verslagdoeningsomgewing	49
2.5.1	Invloed van die omgewing	49
2.5.2	Die veranderende verslagdoeningsomgewing	50
2.6	Samevatting	52
HOOFSTUK 3		
GEBRUIKERS VAN FINANSIËLE STATE		
3.1	Inleiding	54
3.2	Geïdentifiseerde gebruikers	55
3.3	Verslagdoeningsbehoefte van gebruikers	58
3.3.1	Algemene inligtingsbehoefte	58
3.3.2	Spesifieke inligtingsbehoefte	61
3.3.2.1	Werknemers	61
3.3.2.2	Gemeenskap	61
3.3.2.3	Beleggers	62
3.3.2.4	Leners	62
3.3.2.5	Verskaffers/ krediteure	62
3.3.2.6	Owerheid	62
3.4	Gebruikers van finansiële state van klein entiteite	63
3.4.1	Eienaars/bestuur	64
3.4.2	Leners (finansiële instellings)	66
3.4.3	Inkomstedienste (belastingowerhede)	68
3.5	Koste-voordeel kriteria	69
3.6	Samevatting	73
HOOFSTUK 4		
IDENTIFISERING VAN KLEIN ENTITEITE		
4.1	Inleiding	75
4.2	Die aard van 'n klein besigheid	76
4.2.1	Redes vir die bestaan van klein besighede	78
4.2.2	Die belangrikheid van klein besighede in Suid-Afrika	79
4.2.3	Probleme wat klein besighede ondervind	83
4.2.3.1	Bestuursvaardighede	83
4.2.3.2	Kontantvloei	84
4.2.3.3	Kompetisie	85

4.2.3.4	Wingsgewendheid	86
4.2.3.5	Onvoldoende rekeningkundige stelsels	86
4.2.3.6	Omgewingskwessies	87
4.3	Definiëring van 'n klein besigheid	88
4.3.1	Die behoefte vir 'n definisie van klein besigheid	88
4.3.2	Kwalitatiewe en kwantitatiewe kriteria	90
4.3.3	Voor- en nadele van kwalitatiewe en kwantitatiewe kriteria	91
4.4	Definiëring van 'n klein besigheid in Suid-Afrika	92
4.4.1	Maatskappywet No.61 van 1973	92
4.4.2	Buro vir Marknavorsing (1992)	93
4.4.3	Nasionale Klein Besigheidswysigingswet (2004)	97
4.4.4	CLAA No.24 van 2006	100
4.4.5	Maatskappywet No.71 van 2008	102
4.5	Internasionale definisie van 'n klein entiteit	103
4.5.1	Kanada	103
4.5.2	Verenigde Koninkryk	105
4.5.3	Nieu-Seeland	107
4.5.4	Australië	109
4.5.5	Internasionale Rekeningkundige Praktykeraad (IASB)	110
4.5.6	Opsomming van internasionale definisies	112
4.6	Samevatting	114
HOOFSTUK 5		
GEDIFFERENSIEERDE VERSLAGDOENING		
5.1	Inleiding	117
5.2	Harmonisering	118
5.3	Gedifferensieerde verslagdoeningsbenaderings	120
5.3.1	Onafhanklik ontwikkelde standaarde	122
5.3.2	Vereenvoudiging van bestaande rekeningkundige standaarde	123
5.3.3	Afsonderlike standaard gebaseer op IFRS	125
5.4	Internasionale toepassing van gedifferensieerde rekeningkundige verslagdoening	128
5.4.1	Kanada	129
5.4.1.1	Gedifferensieerde verslagdoening, Afdeling 1300 en verwante wysigings	130
5.4.1.2	Geopenbaarde konsep: Algemeen Aanvaarde	133

Rekeningkundige Beginsels vir Privaatentiteite

5.4.1.3	Kommentaar	134
5.4.2	Verenigde Koninkryk	136
5.4.2.1	FRSSE	137
5.4.2.2	Kommentaar	140
5.4.3	Nieu-Seeland	143
5.4.3.1	Raamwerk vir Gedifferensieerde Verslagdoening	145
5.4.3.2	Kommentaar	147
5.4.4	Australië	148
5.4.4.1	Besprekingsdokument: Finansiële Verslagdoening vir Klein- en Mediumgrootte Entiteite	150
5.4.4.2	IFRS vir Niepublieke Entiteite	150
5.4.4.3	Kommentaar	152
5.5	Internasionale Rekeningkundige Praktykeraad (IASB)	154
5.5.1	Besprekingsdokument: Voorlopige Menings oor Rekeningkundige Standaarde vir Klein- en Mediumgrootte Entiteite	154
5.5.2	Geopenbaarde konsep: IFRS vir Klein- en Mediumgrootte Entiteite	156
5.5.3	IFRS vir Klein- en Mediumgrootte Entiteite	161
5.5.4	Kommentaar	163
5.6	Gedifferensieerde verslagdoening in Suid-Afrika	163
5.6.1	Besprekingsdokument 16: Beperkte-doel finansiële state	164
5.6.1.1	Gebruikers en hul behoeftes	164
5.6.1.2	Kwalifiserende entiteite	165
5.6.1.3	Erkennings- en metingsvereistes	165
5.6.1.4	Openbaarmakingsvereistes	165
5.6.2	GK 163, Raamwerk vir die voorbereiding en aanbieding van beperkte-doel finansiële state	166
5.6.2.1	Erkennings- en metingsvereistes	166
5.6.2.2	Openbaarmakingsvereistes	166
5.6.3	GK 225, Finansiële verslagdoening van klein- en mediumgrootte entiteite - Voorgestelde proses	167
5.6.4	GK 257, Raamwerk vir niepublieke entiteite	169
5.7	Die Suid-Afrikaanse regsraamwerk	171
5.8	Samevatting	173

HOOFSTUK 6

EMPIRIESE STUDIE - BESKRYWING VAN DIE ONDERSOEK

6.1	Inleiding	176
6.2	Identifisering van potensiële respondente	177
6.2.1	Gebruikers van klein maatskappy finansiële state	177
6.2.2	Keuse van respondentgroepe	178
6.2.2.1	Eienaars/bestuur	178
6.2.2.2	Klein praktisyns	179
6.2.2.3	Leners (finansiële instellings/banke)	180
6.2.2.4	Suid-Afrikaanse Inkomstediens	180
6.3	Ontwerp van die vraelyste	180
6.3.1	Doel van die vraelyste	180
6.3.2	Inhoud van die vraelyste	181
6.3.2.1	Probleme wat klein entiteite en praktisyns van klein maatskappye ondervind	183
6.3.2.2	Die identifisering van 'n klein entiteit vir rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes	186
6.3.2.3	Gebruike en voordele van klein maatskappy finansiële state	187
6.3.2.4	Kostes en beswarende faktore rakende die opstel van finansiële state	190
6.3.2.5	Die toepaslikheid van rekeningkundige standaarde	191
6.3.2.6	Vermindering van toepaslike rekeningkundige standaarde	196
6.3.2.7	Profiel van die respondente	198
6.3.2.8	Vereistes vir 'n leningsaansoek (Slegs finansiële instellings)	200
6.3.3	Dekbrief wat vraelyste vergesel	202
6.3.4	Toetsing van die vraelyste	202
6.4	Keuse van die steekproef	203
6.4.1	Klein praktisyns	204
6.4.2	Eienaars/bestuur	204
6.4.3	Finansiële instellings	205
6.4.4	Suid-Afrikaanse Inkomstediens	205
6.5	Data-insameling	206
6.6	Samevatting	208

HOOFSTUK 7

EMPIRIESE STUDIE: ONTLEDING VAN RESULTATE

7.1	Inleiding	209
7.2	Probleme wat klein entiteite en praktisyns van klein maatskappye ondervind	210
7.2.1	Klein praktisyns	210
7.2.2	Eienaars/bestuur	218
7.2.3	Vergelyking van resultate	221
7.2.4	Opsomming: Probleme wat klein entiteite en praktisyns van klein maatskappye ondervind	223
	7.2.4.1 Probleme wat klein praktisyns ondervind	223
	7.2.4.2 Probleme wat eienaars/bestuur van klein besighede ondervind	224
7.3	Identifisering van 'n klein entiteit vir verslagdoeningsdoeleindes	225
7.3.1	Klein praktisyns	225
7.3.2	Eienaars/bestuur	227
7.3.3	Finansiële instellings	228
7.3.4	Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens	229
7.3.5	Vergelyking van resultate	230
7.3.6	Opsomming: Identifisering van 'n klein entiteit vir rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes	231
7.4	Gebruike en voordele van klein maatskappy finansiële state	232
7.4.1	Klein praktisyns	232
7.4.2	Eienaars/bestuur	237
7.4.3	Vergelyking van resultate	241
7.4.4	Opsomming: Gebruike en voordele van klein maatskappy finansiële state	244
	7.4.4.1 Potensiële gebruikers van klein maatskappy finansiële state	244
	7.4.4.2 Voordele van finansiële state vir gebruikers	244
	7.4.4.3 Invloed van finansiële state op ekonomiese besluitneming	245
7.5	Koste en beswarende faktore met betrekking tot die opstel van klein maatskappy finansiële state	246

7.5.1	Klein praktisyns	246
7.5.2	Eienaars/bestuur	250
7.5.3	Opsomming: Koste en beswarende faktore met betrekking tot die opstel van klein maatskappy finansiële state	251
	7.5.3.1 Faktore wat die opstel van finansiële state bemoeilik	251
	7.5.3.2 Elemente van fooie van klein praktisyns vir klein kliënte	251
7.6	Die toepaslikheid van rekeningkundige standaarde	252
	7.6.1 Klein praktisyns	252
	7.6.2 Eienaars/bestuur	275
	7.6.3 Finansiële instellings	278
	7.6.4 Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens	279
	7.6.5 Opsomming: Die toepaslikheid van rekeningkundige standaarde	281
	7.6.5.1 Voldoening van klein maatskappy finansiële state aan alle toepaslike IFRSs	281
	7.6.5.2 Las om te voldoen aan rekeningkundige standaarde	281
	7.6.5.3 Praktisyns op datum met IFRSs en IFRS vir klein- en mediumgrootte entiteite	282
	7.6.5.4 Toepassing van rekeningkundige standaarde	282
	7.6.5.5 Die gebruik van komponente van finansiële state en faktore wat oorweeg word tydens ontleding van finansiële state	284
7.7	Vermindering van toepaslike rekeningkundige standaarde	285
	7.7.1 Klein praktisyns	285
	7.7.2 Eienaars/bestuur	289
	7.7.3 Finansiële instellings	292
	7.7.4 Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens	293
	7.7.5 Vergelyking van resultate	294
	7.7.6 Opsomming: Vermindering van rekeningkundige standaarde	296
	7.7.6.1 Vermindering van die las om finansiële state voor te berei	296
	7.7.6.2 IFRS vir klein- en mediumgrootte entiteite	297
	7.7.6.3 Behoefte aan 'n addisionele verslagdoeningsraamwerk	297
	7.7.6.4 Potensiële kwessies rakende vermindering van rekeningkundige standaarde	298
7.8	Samevatting	299

HOOFSTUK 8

OPSOMMING, GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

8.1	Inleiding	300
8.2	Resultate van die studie	301
8.2.1	Probleme wat klein entiteite en praktisyns van klein maatskappye ondervind	301
8.2.1.1	Probleme wat klein praktisyns ondervind	301
8.2.1.2	Probleme wat eienaars/bestuur van klein besighede ondervind	302
8.2.2	Identifisering van 'n klein entiteit vir rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes	303
8.2.3	Gebruike en voordele van klein maatskappy finansiële state	303
8.2.3.1	Potensiële gebruikers van klein maatskappy finansiële state	303
8.2.3.2	Voordele van finansiële state vir gebruikers	304
8.2.3.3	Invloed van finansiële state op ekonomiese besluitneming	305
8.2.4	Koste en beswarende faktore met betrekking tot die opstel van klein maatskappy finansiële state	305
8.2.4.1	Faktore wat die opstel van finansiële state bemoeilik	306
8.2.4.2	Elemente van fooie van praktisyns vir klein kliënte	306
8.2.5	Die toepaslikheid van rekeningkundige standaarde	307
8.2.5.1	Voldoening van klein maatskappy finansiële state aan alle toepaslike IFRS	307
8.2.5.2	Las om te voldoen aan rekeningkundige standaarde	307
8.2.5.3	Praktisyns op hoogte van IFRSs en IFRS vir klein- en mediumgrootte entiteite	308
8.2.5.4	Toepassing van rekeningkundige standaarde	308
8.2.5.5	Die gebruik van komponente van finansiële state en faktore wat oorweeg word tydens ontleding van finansiële state	309
8.2.6	Vermindering van rekeningkundige standaarde	310
8.2.6.1	Vermindering van die las om finansiële state voor te berei	310
8.2.6.2	IFRS vir klein- en mediumgrootte entiteite	311
8.2.6.3	Behoefte vir addisionele verslagdoeningsraamwerk	311
8.2.6.4	Potensiële kwessies rakende vermindering van toepaslike rekeningkundige standaarde	312

8.3	Aanbevelings vir die toepassing van gedifferensieerde verslagdoening in Suid-Afrika	313
8.3.1	Gebruikers van finansiële state	313
8.3.2	Die identifisering van 'n klein entiteit	314
8.3.3	Gedifferensieerde verslagdoeningsvereistes	314
8.4	Bydraes	319
8.5	Aanbevelings vir verdere navorsing	319
8.6	Slotopmerkings	320
8.7	Die toekoms	321
	BRONNELYS	322
	BYLAES	
BYLAE A	QUESTIONNAIRE - SMALL PRACTITIONERS	337
BYLAE B	QUESTIONNAIRE – OWNERS	347
BYLAE C	QUESTIONNAIRE - FINANCIAL INSTITUTIONS	354
BYLAE D	QUESTIONNAIRE – SARS	357

LYS VAN FIGURE

	Bladsy	
Figuur 1.1	Rekeningkunde as inligtingstelsel	9
Figuur 1.2	Besigheidsomgewing	15
Figuur 1.3	The Three Worlds Framework	17
Figuur 2.1	Doelwitte van finansiële state	36
Figuur 2.2	Rekeningkundige kwaliteite	43
Figuur 3.1	Voordele en koste van inligting vir besluitneming	70
Figuur 3.2	Koste-voordeel kriteria	72
Figuur 4.1	Tipes maatskappye	102
Figuur 5.1	Raamwerk vir gedifferensieerde verslagdoening in Nieu-Seeland	144
Figuur 6.1	Uittreksel uit vraelyste (1)	183
Figuur 6.2	Uittreksel uit vraelyste (2)	184
Figuur 6.3	Uittreksel uit vraelyste (3)	184
Figuur 6.4	Uittreksel uit vraelyste (4)	186
Figuur 6.5	Uittreksel uit vraelyste (5)	187
Figuur 6.6	Uittreksel uit vraelyste (6)	188
Figuur 6.7	Uittreksel uit vraelyste (7)	189
Figuur 6.8	Uittreksel uit vraelyste (8)	190
Figuur 6.9	Uittreksel uit vraelyste (9)	191
Figuur 6.10	Uittreksel uit vraelyste (10)	191
Figuur 6.11	Uittreksel uit vraelyste (11)	193
Figuur 6.12	Uittreksel uit vraelyste (12)	195
Figuur 6.13	Uittreksel uit vraelyste (13)	196
Figuur 6.14	Uittreksel uit vraelyste (14)	198
Figuur 6.15	Uittreksel uit vraelyste (15)	199
Figuur 6.16	Uittreksel uit vraelyste (16)	199
Figuur 6.17	Uittreksel uit vraelyste (17)	200
Figuur 6.18	Uittreksel uit vraelyste (18)	201
Figuur 8.1	Skematiese voorstelling van gedifferensieerde verslagdoening in Suid-Afrika	317

LYS VAN TABELLE

	Bladsy	
Tabel 3.1	Gebuiikers van finansieële state	57
Tabel 4.1	Geraamde bydrae van klein besighede tot bruto binnelandse produk	80
Tabel 4.2	Geraamde verspreiding van indiensneming van privaat sektor	81
Tabel 4.3	Verspreiding van entiteite in privaat sektor volgens grootte	81
Tabel 4.4	Kwalitatiewe kriteria	91
Tabel 4.5	Kwantitatiewe kriteria	92
Tabel 4.6	Definisie van 'n klein besigheid in Suid-Afrika	96
Tabel 4.7	Klein entiteite ingevolge die <i>National Small Business Amendment Act, 2004</i>	99
Tabel 4.8	Opsomming van internasionale definisies	112
Tabel 5.1	Differential Reporting, Section 1300	131
Tabel 5.2	Exposure draft – GAAP for Private Enterprises	134
Tabel 5.3	FRSSE	139
Tabel 5.4	Framework for Differential Reporting	146
Tabel 5.5	Exposure draft of an IFRS for SMEs	157
Tabel 5.6	Kriteria vir gedifferensieerde verslagdoening	174
Tabel 6.1	Terugvoer van vraelyste	207
Tabel 7.1	Probleme wat klein praktisyns ondervind	212
Tabel 7.2	Het bogenoemde probleme beduidend toegeneem afgelope 5 jaar	213
Tabel 7.3	Verband tussen probleme wat klein praktisyns ondervind en (i) die aantal jare in praktyk, (ii) aantal vennote in firma en (iii) % fooie verdien	216
Tabel 7.4	Klein praktisyns se mening oor probleme wat kliënte (eienaars/bestuur) van klein besighede ondervind	217 209
Tabel 7.5	Het genoemde probleme die afgelope 5 jaar beduidend toegeneem	218
Tabel 7.6	Probleme wat eienaars van klein besighede ondervind	220
Tabel 7.7	Het bogenoemde probleme die afgelope 5 jaar beduidend toegeneem	221
Tabel 7.8	Vergelyking - Probleme wat eienaars van klein besighede ondervind	222
Tabel 7.9	Belangrikheid van faktore vir die identifisering van 'n klein entiteit	225
Tabel 7.10	Belangrikheid van faktore vir die identifisering van 'n klein entiteit	227
Tabel 7.11	Faktore vir die identifisering van 'n klein entiteit	228
Tabel 7.12	Faktore vir die identifisering van 'n klein entiteit	229

Tabel 7.13	Vergelyking – Belangrikheid van faktore vir die identifisering van 'n klein entiteit	230
Tabel 7.14	Potensiële gebruikers van klein maatskappy finansiële state	232
Tabel 7.15	Voordele van finansiële state vir gebruikers	234
Tabel 7.16	Die invloed van finansiële state op die ekonomiese besluite wat eienaars/bestuur neem	235
Tabel 7.17	Potensiële gebruikers van klein maatskappy finansiële state	237
Tabel 7.18	Voordele van finansiële state vir gebruikers	238
Tabel 7.19	Die invloed van finansiële state op die ekonomiese besluite wat eienaars/bestuur neem	239
Tabel 7.20	Vergelyking – Voordele van finansiële state	241
Tabel 7.21	Vergelyking – Invloed van finansiële state op ekonomiese besluite	243
Tabel 7.22	Faktore wat die opstel van finansiële state bemoeilik	246
Tabel 7.23	Elemente rakende fooie van klein praktisyns vir klein kliënte	248
Tabel 7.24	Faktore wat die opstel van finansiële state bemoeilik	250
Tabel 7.25	Voldoening van klein maatskappy finansiële state aan alle toepaslike IFRSs (International Financial Reporting Standards)	252
Tabel 7.26	Las om te voldoen aan rekeningkundige standaarde	253
Tabel 7.27	Klein praktisyns op hoogte van rekeningkundige standaarde (IFRSs)	254
Tabel 7.28	Klein praktisyns op hoogte van IFRS vir klein en mediumgrootte entiteite	255
Tabel 7.29	Toepassing van rekeningkundige standaarde (IFRSs - International Financial Reporting Standards)	256
Tabel 7.30	Groep 4 – Konsolidasies	262
Tabel 7.31	Verband tussen die gebruik van rekeningkundige standaarde en die (i) aantal jare in praktyk, (ii) aantal vennote in firma en (iii) % fooie verdien	264
Tabel 7.32	Beduidende verwantskappe - Aantal jare in praktyk	266
Tabel 7.33	Beduidende verwantskappe - Aantal vennote in firma	269
Tabel 7.34	Beduidende verwantskappe - % Fooie verdien	272
Tabel 7.35	Voldoening van klein maatskappy finansiële state aan alle toepaslike IFRS (International Financial Reporting Standards)	275
Tabel 7.36	Las om te voldoen aan rekeningkundige standaarde	276
Tabel 7.37	Gebruik van komponente van finansiële state	277

Tabel 7.38	Gebruik van komponente van finansiële state	278
Tabel 7.39	Faktore oorweeg tydens ontleding van finansiële state	279
Tabel 7.40	Gebruik van komponente van finansiële state	280
Tabel 7.41	Faktore oorweeg tydens ontleding van finansiële state	280
Tabel 7.42	Vermindering van die las om finansiële state voor te berei	285
Tabel 7.43	IFRS vir klein en mediumgrootte entiteite – verminder las om finansiële state voor te berei	286
Tabel 7.44	Behoeftte vir addisionele verslagdoeningsraamwerk	287
Tabel 7.45	Potensiële kwessies rakende vermindering van rekeningkundige standaarde	288
Tabel 7.46	Vermindering van die las om finansiële state voor te berei	289
Tabel 7.47	IFRS vir klein en mediumgrootte entiteite – verminder las om finansiële state voor te berei	290
Tabel 7.48	Behoeftte vir addisionele verslagdoeningsraamwerk	290
Tabel 7.49	Potensiële kwessies rakende vermindering van rekeningkundige standaarde	291
Tabel 7.50	Potensiële kwessies rakende vermindering van rekeningkundige standaarde	292
Tabel 7.51	Potensiële kwessies rakende vermindering van rekeningkundige standaarde	293
Tabel 7.52	Vergelyking – Vermindering van die las om finansiële state voor te berei	294
Tabel 7.53	Vergelyking – Potensiële kwessies rakende vermindering van rekeningkundige standaarde	295

LYS VAN AFKORTINGS

ASB	Accounting Standards Board
AICPA	American Institute of Certified Public Accountants
AARP	Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk
AASB	Australian Accounting Standards Board
AcSB	The Canadian Accounting Standards Board
BTW	Belasting op Toegevoegde Waarde
BBP	Bruto Binnelandse Produk
CA (SA)	Chartered Accountant South Africa
CCAB	Consultative Committee of Accounting Bodies
CICA	Canadian Institute of Chartered Accountants
CLAA	Corporate Laws Amendment Act
DP	Discussion Paper
ED	Exposure Draft
FASB	Financial Accounting Standards Board
FRSSE	Financial Reporting Standard for Smaller Entities
GAAP	Generally Accepted Accounting Practice
ICAA	Institute of Chartered Accountants in Australia
ICAEW	Institute of Chartered Accountants in England and Wales
ICANZ	Institute of Chartered Accountants of New Zealand
ICAS	Institute of Chartered Accountants of Scotland
IAS	International Accounting Standard
IASB	International Accounting Standards Board
IFRSs	International Financial Reporting Standards
IOD	Institute of Directors
SA	South Africa
SAICA	South African Institute of Chartered Accountants (ook Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters)
SAID	Suid-Afrikaanse Inkomstediens
SARS	South Africa Revenue Services
SEDA	Small Enterprise Development Agency
SMEs	Small and medium-sized entities
SSD	Sentrale Statistiekdiens

HOOFSTUK 1

INLEIDING

“It is not surprising then that producing general purpose financial statements when they are not required, results in both practitioner and client frustration. It’s akin to ordering a jumbo jet to help you cross the road when all you need is a pair of shoes.”
(Garbutt, 1999:31)

1.1 Agtergrond tot die navorsing

Die doel van rekeningkundige verslagdoening is om inligting te verskaf oor die finansiële stand, prestasie en veranderinge in die finansiële stand van ’n entiteit; hierdie inligting is nuttig vir ’n verskeidenheid van gebruikers om rasonale ekonomiese besluite te kan neem (AICPA, 1970; SAICA, 1999). ’n Ontleding van die tipes besluite wat gebruikers van rekeningkundige inligting neem, behoort volgens Glautier en Underdown (1997:11) as basis te dien vir die formulering van die doelwitte van rekeningkundige verslagdoening en vir die beoordeling van die toepaslikheid en bruikbaarheid van rekeningkundige inligting. Finansiële state, die produk van rekeningkundige verslagdoening, behoort dus vir gebruikers betekenisvol, relevant en betroubaar te wees. Verskeie professionele rekeningkundige organisasies, byvoorbeeld die *International Accounting Standards Board* (voortaan na verwys as IASB), *Financial Accounting Standards Board* (voortaan na verwys as FASB) en die *South African Institute of Chartered Accountants* (Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters) (voortaan na verwys as SAICA), kies ondubbelsinnig die *bruikbaarheid* van rekeningkundige inligting vir ekonomiese besluitneming as kriterium vir die selektering van inligting wat in finansiële state ingesluit behoort te word. Die behoeftes van verskillende gebruikers van finansiële state kan egter verskil en dit is belangrik om vas te stel watter rekeningkundige inligting gebruikers werklik benodig om ingeligte besluite te kan neem. Die *Canadian Institute of Chartered Accountants* (voortaan na verwys as CICA) (1980b:74) stel dit duidelik wanneer die volgende stelling gemaak word:

“There is no doubt that users’ needs are different. Research is necessary to establish not only how wide the differences are but to monitor changes that occur in user needs. Unless standard setters have feedback of this kind, based upon reliable research (including the wealth of information that can be supplied by public accounting firms, financial analysts, bankers, stock brokers, etc.), they will find it impossible to keep up to date with the evolving needs of users -

and thus keep their standards up to date.”

Die rekeningkundige proses word deurlopend aan navorsing onderwerp om te verseker dat rekeningkundige verslagdoening voldoen aan die behoefte aan bruikbare rekeningkundige inligting; hierdie navorsing word deur, byvoorbeeld professionele organisasies, rekeningkundige praktisyns en akademici onderneem. Ten spyte hiervan, word die inligting wat in finansiële state gerapporteer word, steeds gereeld gekritiseer in ’n poging om huidige verslagdoeningspraktyke te verbeter. ’n Punt van kritiek is dat daar nie tans in die rekeningkundige verslagdoeningsproses voldoende onderskei word tussen die behoeftes van gebruikers van groot maatskappye en van gebruikers van klein maatskappye nie. Gedifferensieerde verslagdoening behels die toepassing van verskillende rekeningkundige verslagdoeningsvereistes ten opsigte van verskillende kategorieë van verslagdoenings-entiteite (Holmes, Kent & Downey, 1991:126). Volgens Belkaoui (2000:45), is die behoefte vir gedifferensieerde verslagdoening op grond van die grootte of eienaarskap van ’n entiteit reeds sedert 1952 ’n bekommernis van die rekeningkundige professie.

Die wêreldwye harmonisering van besighede en kapitaalmarkte en die aanmoediging van buitelandse beleggers om in Suid-Afrika te belê, plaas toenemende druk op die opstellers van finansiële state om te verseker dat maatskappye se finansiële state aan die vereistes van buitelandse kapitaalmarkte voldoen. Rekeningkundige verslagdoeningsvereistes, spesifiek *International Financial Reporting Standards* (voortaan na verwys as IFRSs), word toenemend meer omvattend en kompleks ten einde te voldoen aan die inligtingsbehoefte van finansiële markte, asook om nuwe, komplekse finansiële transaksies te verantwoord. Baie rekeningkundige verslagdoeningsvereistes is gevolglik meer gepas vir groot maatskappye wat aktief in finansiële markte is, terwyl hierdie omvattende verslagdoeningsvereistes ontoepaslik is met betrekking tot klein maatskappye wat nie aktief in finansiële markte is nie.

Klein besighede lewer ’n wesenlike bydrae tot die ekonomie van ’n land deur, onder andere, nuwe werksgeleenthede en ’n platvorm vir die oprigting van nuwe besighede te skep, en ’n noodsaaklike skakel in die verskaffingsketting te vorm (Nieman, 2006:9). Volgens Baumbach (1988:9), is klein besighede die grootste bron van nuwe idees en uitvindings. Innovasie is noodsaaklik vir groei, en die belangrikheid van klein besighede in die ekonomie behoort nie onderskat te word nie. Klein besighede speel veral ’n belangrike rol in die ekonomie, omdat ’n klein besigheid vinnig by veranderende neigings aanpas en meer kompetenderende markte veroorsaak (Nieman, 2006:12).

Akkurate statistieke rakende die samestelling van besighede, en spesifiek klein besighede in die Suid-Afrikaanse ekonomie, is moeilik bekombaar (Smulders, 2006:10). Nieman (2006:12) gebruik egter statistieke wat 'n duidelike aanduiding is van die belangrike bydrae wat hierdie besighede tot die Suid-Afrikaanse ekonomie lewer. Klein besighede verteenwoordig 66,2% van alle entiteite in die privaat sektor in Suid-Afrika en lewer 'n beduidende bydrae (naamlik 68,2%) tot indiensneming in die privaat sektor. Klein besighede vervul dus 'n baie belangrike rol in die Suid-Afrikaanse ekonomie.

Daar bestaan nie 'n enkele, eenvormige, aanvaarbare definisie van *klein besigheid* nie (Nieman, 2006:4). Die definisie van *klein besigheid* is afhanklik van die kriteria wat bepaal wat *klein* is en wat kwalifiseer as 'n *besigheid*. Die meeste navorsers en akademici beskou 'n besigheid as klein indien dit onafhanklik besit, bedryf en gefinansier word; deur een of 'n klein aantal persone bestuur word; die besigheid 'n relatiewe klein aandeel van die mark besit of 'n relatiewe klein invloed op die toepaslike industrie het; onafhanklik is en nie deel van 'n groot entiteit is nie (Hatten, 1997:6). Ingevolge die *International Financial Reporting Standard for Small and Medium-sized Entities* (voortaan na verwys as *IFRS for SMEs*), word klein- en mediumgrootte entiteite gedefinieer as entiteite wat nie publieke aanspreeklikheid het nie en algemene-doel finansiële state vir eksterne gebruikers publiseer (IASB, 2007b). Die Maatskappywet No. 71 van 2008 tref ook 'n onderskeid tussen publieke maatskappye en privaatmaatskappye, gebaseer op die publieke aanspreeklikheid van die maatskappy (South Africa, 2008).

Die probleem met die toepassing van huidige rekeningkundige verslagdoeningsvereistes op klein maatskappye spruit voort uit, eerstens, die aard van klein maatskappye en, tweedens, die omvattendheid van huidige verslagdoeningsvereistes. Klein maatskappye het beperkte personeel en hulpbronne en kan wesenlike, addisionele koste aangaan in 'n poging om te voldoen aan rekeningkundige verslagdoeningsvereistes, wat toenemend meer komplekse tegniese berekeninge en omvattende openbaarmaking vereis. Hierdie koste kan waarskynlik onbeduidend vir groot maatskappye wees, maar plaas volgens Plewa en Friedlob (1989:55) 'n unieke finansiële las op klein maatskappye. Die finansiële las sluit onder andere die volgende koste in: die versameling van inligting, oorweging of 'n spesifieke rekeningkundige standaard wel op die maatskappy van toepassing is (in verskeie gevalle is sekere standaarde nie van toepassing op klein maatskappye nie), en die ouditering van inligting. Navorsing in die VSA toon dat klein maatskappye proporsioneel groter koste as groot maatskappye aangaan om aan rekeningkundige verslagdoeningsvereistes te voldoen, en dat die toenemende

kompleksiteit van die besigheidsomgewing waarskynlik strenger verslagdoeningsvereistes en verhoogde koste tot gevolg het (Patel, 1991:80). Die verhoogde koste wat klein maatskappye moet aangaan in die voorbereiding van rekeningkundige inligting het tot gevolg dat die koste die voordele, wat deur die verskaffing van die inligting behaal sal word, oorskry.

In die geval van klein maatskappye is daar 'n noue verwantskap tussen die bestuur en eienaars, wat tot gevolg het dat die finansiële state van sodanige maatskappye nie vir algemene doeleindes versprei word nie (Barac, 1998:59). Die finansiële state word slegs beskikbaar gestel aan 'n beperkte aantal belanghebbendes (gebruikers) wat oor die vermoë beskik om inligting volgens hulle spesifieke behoeftes direk vanaf die maatskappy te bekom. In Suid-Afrika word slegs publieke maatskappye se finansiële state beskou as publieke dokumente. Die finansiële state van alle ander tipes besighede, insluitende privaatmaatskappye, is nie publieke dokumente nie; dit beteken dat, behalwe vir die belastingowerheid en finansiële instellings, geen ander eksterne partye toegang het tot sodanige finansiële state nie (Coppin, 1996:11).

Finansiële state wat vir 'n algemene doel opgestel word, voorsien inligting aan gebruikers wat nie in 'n posisie is om inligting te vereis wat aan hulle spesifieke inligtingsbehoefte voldoen nie. Indien gebruikers gevolglik nie in 'n posisie is om addisionele inligting vanaf 'n maatskappy te vereis nie, is hulle geregtig om op die maatskappy se finansiële state te steun om sodanige inligting te verkry (Garbutt, 1999:29). Gebruikers van klein maatskappy finansiële state vereis egter nie die omvattende inligting wat in algemene-doel finansiële state verskaf word nie, en het nie dieselfde finansiële verslagdoeningsbehoefte as gebruikers van groot maatskappy finansiële state nie. Vanaf 'n besluitnemingsoogpunt is dit dus nodig om, vir rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes, 'n onderskeid te tref tussen maatskappye wat algemene-doel finansiële state vir 'n groot verskeidenheid van gebruikers opstel en maatskappye wat finansiële state aan 'n *beperkte aantal gebruikers* verskaf.

Die erkenning van bogenoemde probleme het tot gevolg dat verskeie individue en professionele rekeningkundige organisasies sterk ondersteuning verleen aan 'n stelsel van gedifferensieerde verslagdoening. Gedifferensieerde verslagdoening behels die toepassing van verskillende rekeningkundige verslagdoeningsvereistes. Artikels, byvoorbeeld *Viva la differential reporting* (Goodwin & Newitt, 1990:48); *Different paths to a true and fair judgement* (Baker, 1994:10); *Proposals to free small companies from accounting standards* (CCAB, 1995:5); *Changing rooms in small company reporting* (Sharp & Stewart, 1998:72);

Big vs. small GAAP - the wrong problem (Garbutt, 1999:29); *A small step in the right direction* (Koppeschaar, 2002:2); *Differential Reporting - Where is it heading?* (Boymal, 2006:107); *Standard overload blues* (Barcelo, 2007:25); en *Decision time for private company GAAP?* (Shearer & Sleight-Johnson, 2007:78), is slegs enkele voorbeelde van publikasies waarin gedifferensieerde verslagdoening gesteun word. Die Verenigde Koninkryk, Australië, Nieu-Seeland en Kanada het nie net erken dat rekeningkundige verslagdoening problematies vir klein maatskappye is nie, maar implementeer reeds 'n vorm van gedifferensieerde verslagdoening vir sodanige maatskappye. Die oplossings wat deur hierdie lande geïmplementeer word, verskil egter wesenlik van mekaar; dit kan 'n aanduiding wees van beide die belangrikheid en die kompleksiteit van gedifferensieerde verslagdoening.

Die kwessie van gedifferensieerde verslagdoening is redelik nuut in Suid-Afrika; daar is dus beperkte Suid-Afrikaanse navorsing oor hierdie onderwerp. 'n Besprekingsdokument, *Discussion Paper 16: Limited purpose financial statements*, is in Mei 2000 deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters uitgereik, waarin die behoefte vir gedifferensieerde verslagdoening in Suid-Afrika vir die eerste keer formeel erken is (SAICA, 2000). Die besprekingsdokument is egter sedertdien teruggetrek, ten spyte daarvan dat die kommentaar op die aanbevelings wat in die dokument vervat is, oor die algemeen gunstig was. Al die respondente op DP 16 het 'n beweging in die rigting van gedifferensieerde verslagdoening verwelkom. SAICA het ED 163, *Framework for the preparation and presentation of limited purpose financial statements*, in Junie 2003 uitgereik (SAICA, 2003). ED 163 het hoofsaaklik die openbaarmakingsvereistes vir beperkte-doel finansiële state verminder, terwyl die erkennings- en metingskriteria nie aangespreek is nie. Gedurende Februarie 2007, het die IASB 'n geopenbaarde konsep, *Exposure Draft of a Proposed IFRS for Small and Medium-sized Entities*, uitgereik (IASB, 2007b). Die IASB meld dat die voldoening aan die spesiale behoeftes van klein- en mediumgrootte entiteite hul spesifieke doelwit in die opstelling van rekeningkundige standaarde is. Die geopenbaarde konsep stel gewysigde aanbiedings- en openbaarmakingsvereistes, sowel as vereenvoudigde erkennings- en metingsvereistes vir klein- en mediumgrootte entiteite voor. Dit het gelei tot die uitreiking van 'n rekeningkundige standaard, *IFRS for SMEs*, deur die IASB gedurende Julie 2009 (IASB, 2009a). Gedurende Mei 2007, het SAICA ED 225, *Financial reporting for small and medium-sized entities – Proposed process*, uitgereik; hiervolgens is die IFRS vir klein- en mediumgrootte entiteite (*IFRS for SMEs*), wat deur die IASB uitgereik is, in Suid-Afrika aanvaar (SAICA, 2007b).

Gebruikers van finansiële state vereis die nakoming van rekeningkundige standaarde om te verseker dat die finansiële state wel 'n redelike weergawe van die bedrywighele van die entiteit aandui. Regssteun, waardeur die nakoming van rekeningkundige standaarde wetlik verplig word, is noodsaaklik ten einde sodanige versekering te bied. Sodanige regssteun is reeds in sekere lande, byvoorbeeld die VSA, Kanada, die Verenigde Koninkryk, Australië en Nieu-Seeland ingestel (Vorster, Koornhof, Oberholster & Koppeschaar, 2005:3-5). Daar was tot onlangs geen regssteun ten opsigte van rekeningkundige standaarde in Suid-Afrika nie.

In die *King Report on Corporate Governance for South Africa 2002* (IOD, 2002:137) is, onder andere, aanbeveel dat die vorige Maatskappywet No. 61 van 1973 (South Africa, 1973) gewysig moet word om wetlike steun aan rekeningkundige standaarde te verleen. Sodanige regssteun is nou deur die Maatskappywet No. 71 van 2008 (South Africa, 2008) verkry, wat ook voorsiening maak vir 'n stelsel van gedifferensieerde verslagdoening. Hiervolgens is 'n entiteit wat bekleed is met regspersoonlikheid, naamlik die *Financial Reporting Standards Council* (voortaan na verwys as FRSC), verantwoordelik vir die vestiging van finansiële verslagdoeningstandaarde en die bevordering van konsekwente rekeningkundige praktyke; spesifiek om eerstens finansiële verslagdoeningstandaarde vir maatskappye van openbare belang in ooreenstemming met IFRSs te vestig, en tweedens, in samewerking met verteenwoordigers van maatskappye met beperkte belang, rekeningkundige standaarde vir sodanige maatskappye te ontwikkel. Regssteun ten opsigte van rekeningkundige standaarde plaas verdere druk op die rekeningkundige verslagdoening van klein maatskappye en verhoog die behoefte aan 'n toepaslike gedifferensieerde verslagdoeningstelsel in Suid-Afrika.

Verskeie navorsingstudies is in die verlede onderneem ten einde die behoeftes van gebruikers van finansiële state van groot maatskappye te bepaal, terwyl min inligting oor die gebruikers van klein maatskappy finansiële state en die inligting wat hierdie gebruikers vereis, versamel is (Dugdale, 1998:50). Dugdale, Hussey en Jarvis (1997:32) kom tot die gevolgtrekking dat daar 'n beduidende tekort aan kennis is oor wie die gebruikers van klein maatskappy finansiële state is en vir welke doeleindes die inligting in hierdie finansiële state gebruik word. Volgens Hepp en McRae (1982:56), sal die verslagdoeningsprobleem van klein besighede nie opgelos kan word voordat die volgende nie bepaal is nie: (i) die mate waarin die behoeftes van gebruikers van klein maatskappy finansiële state beduidend verskil van die behoeftes van gebruikers van finansiële state van groot publieke maatskappye en (ii) die antwoord op die vraag of die koste wat verbond is aan die implementering van sommige

rekeningkundige standaarde die voordele oorskry met betrekking tot die inligting wat dit verskaf. McAleese (2001:18) beklemtoon ook die belangrikheid van die inligtingsbehoefte van gebruikers van finansiële state in die ontwerp van nuwe verslagdoeningsvereistes, en meld ook dat die inligtingsbehoefte van gebruikers bepaal behoort te word deur uitgebreide konsultasies met beide die gebruikers van klein maatskappy finansiële state, sowel as klein- en mediumgrootte rekeningkundige praktyke wat op 'n daaglikse basis met hierdie entiteite handel.

Vroeër navorsing in Suid-Afrika ten opsigte van die onderwerp van gedifferensieerde verslagdoening is beperk. Cleminson en Rabin (2002:346) identifiseer verskeie verslagdoeningsprobleme wat deur klein besigheidsentiteite in Suid-Afrika ondervind word. Kruger (2004:196) se bevindings beklemtoon dat gedifferensieerde verslagdoeningstandaarde vir beslote korporasies in Suid-Afrika benodig word ten einde aan die inligtingsbehoefte van die gebruikers van finansiële state van beslote korporasies te voldoen. Stainbank en Wells (2007:49) bevestig die behoefte vir gedifferensieerde, korporatiewe verslagdoening in Suid-Afrika. Van Wyk en Rossouw (2008:22-23) bevind dat dit te betwyfel is dat die voorgestelde *IFRS for SMEs* aan die verslagdoeningsbehoefte van hierdie entiteite sal voldoen, en kom tot die gevolgtrekking dat "... much still has to be done on the accounting standards for the typical smaller entities in South Africa".

In die lig hiervan, en aangesien verskeie ontwikkelings nasionaal, sowel as internasionaal, in gedifferensieerde rekeningkundige verslagdoening plaasgevind het, is hierdie studie 'n ondersoek na die toepassing van gedifferensieerde rekeningkundige verslagdoening in Suid-Afrika en spesifiek die bepaling van die behoeftes van gebruikers van klein maatskappy finansiële state in Suid-Afrika. Spesifieke klem word in die studie gelê op die teoretiese onderbou van die onderwerp, die identifisering van klein maatskappye, gebruikersbehoefte en voorstelle vir 'n toepaslike gedifferensieerde verslagdoeningstelsel, met verwysing na die afsonderlike rekeningkundige kwessies van erkenning, meting en openbaarmaking.

1.2 Probleemstelling

Die probleem wat in hierdie studie aangespreek word, is die onvermoë van rekeningkundige inligting, soos vervat in finansiële state, om aan die spesifieke behoeftes van die gebruikers van klein maatskappy finansiële state in Suid-Afrika te voldoen. Rekeningkunde word gekonfronteer met die probleem van klein maatskappye wat oorlaai word met die las om te voldoen aan omvattende en komplekse reëls (IFRSs) wat ontwerp en geskik is vir groot en internasionale maatskappye. 'n Behoefte het ontstaan vir die verligting van rekeningkundige verslagdoeningsvereistes in die vorm van die vrystelling van sekere vereistes of rekeningkundige standaarde vir klein maatskappye in Suid-Afrika.

Die globalisering van besighede en kapitaalmarkte het, te midde van 'n snel veranderende besigheidsomgewing, tot die uitbreiding en harmonisering van rekeningkundige verslagdoeningstandaarde gelei. Huidige rekeningkundige inligting oorskry gevolglik die beperkte behoeftes van gebruikers van klein maatskappy finansiële state. Die koste wat verbonde is aan die voorbereiding van inligting oorskry verder ook die voordeel daarvan.


Gedifferensieerde rekeningkundige verslagdoening spreek die bogenoemde probleem aan deur eerstens 'n onderskeid tussen klein en groot maatskappye te tref, gebaseer op die maatskappye se onderskeie gebruikers se spesifieke inligtingsbehoefte wat verskillende rekeningkundige praktyke regverdig. Met betrekking tot die verskille tussen groot en klein maatskappye, is dit nodig om 'n klein maatskappy te definieer en te onderskei op grond van werklike verskille of objektiewe maatstawwe. Die behoeftes van die onderskeie gebruikers van finansiële state, asook die mate waarop die gebruikers op die finansiële state as bron van primêre rekeningkundige inligting steun, moet in ag geneem word wanneer 'n onderskeid tussen klein en groot maatskappye getref word. 'n Stelsel van gedifferensieerde verslagdoening verskaf tweedens inligting wat nuttig is vir spesifieke gebruikers se besluitnemingsproses. Die spesifieke inligtingsbehoefte van gebruikers word dus in ag geneem.

In die probleemstelling word daar op twee belangrike aspekte gefokus, naamlik *rekeningkundige inligting* en *gebruikers van finansiële state*. Elk van hierdie aspekte word vervolgens verder toegelig.

1.2.1 Rekeningkundige inligting

Die doel van rekeningkundige verslagdoening is, soos reeds vermeld, om inligting te verskaf wat bruikbaar vir ekonomiese besluitneming is. Die proses van Rekeningkunde as inligtingstelsel kan soos volg geïllustreer word (figuur 1.1):

Figuur 1.1: Rekeningkunde as inligtingstelsel



Bron: Glautier, M.W.E. & Underdown, B. 1997. *Accounting theory and practice*. London: Pittman publishing, 11.

Volgens die bogenoemde proses, selekteer die rekenmeester relevante, onverwerkte data. Die filteringsproses waarvolgens rekeningkundige data geselekteer word, word bepaal deur die toepassing van rekeningkundige beginsels, wat 'n bepalende rol speel in die definiëring van rekeningkundige inligting. Die filteringsproses kan gesien word as 'n beperking tussen die rekeningkundige stelsel en die omgewing waarin 'n entiteit funksioneer. Die geselekteerde data vorm die inset vir die verwerkingsproses waartydens rekeningkundige inligting gegenereer word. Die uitset, naamlik rekeningkundige inligting wat in finansiële state ingesluit word, word deur verskillende geïdentifiseerde gebruikers of besluitnemers gebruik en gevolglik is dit duidelik dat 'n besluitnemingsgeoriënteerde inligtingstelsel, inligting behoort te voorsien wat aan die behoeftes van sy gebruikers voldoen. Dit is verder duidelik dat die uitset gespesifiseer moet word in ooreenstemming met die vereistes van die spesifieke gebruikers. Dit het tot gevolg dat 'n tweede beperking, wat bepaal word deur die spesifieke inligtingsbehoefte van die gebruikers, op die rekeningkundige inligtingstelsel van toepassing is.

Die ontleding van Rekeningkunde as 'n inligtingstelsel stel ons in staat om belangrike afleidings te maak. Eerstens is die doel van die stelsel om inligting te voorsien wat aan die behoeftes van sy gebruikers voldoen. Wallman (1995:82) meld ook dat "... the value and worth of financial reporting lies, in an almost exclusive way, in its usefulness to users". Indien hierdie behoeftes akkuraat geïdentifiseer word, kan die aard en omvang van die uitset (finansiële state) gespesifiseer word. Tweedens behoort die uitsetvereistes te bepaal welke tipe data geselekteer word as inset vir verwerking na inligting-uitset. Laastens kan oorwegings rakende die omgewing ook in ag geneem word by die selektering van data. Klein besighede beskik oor 'n unieke aard en kenmerke wat tot gevolg het dat hierdie besighede verskillende probleme ondervind wat direk of indirek 'n uitwerking op die rekeningkundige verslagdoening van hierdie besighede het.

1.2.2 Gebruikers van finansiële state

Die *beheer* wat in figuur 1.1 getoon word, dui daarop dat die behoeftes van gebruikers nie net die aard van die insetdata behoort te bepaal nie, maar ook die omvang van die data, wat bepaal sal word deur 'n koste-ontleding van hierdie behoeftes en die effek daarvan op die gemeenskap. Die aard en omvang van gebruikers van finansiële state van klein en groot maatskappye verskil en gevolglik sal hulle inligtingsbehoefte noodwendig verskil (Hepp & McRae, 1982:56). Uit bogenoemde blyk die belangrikheid van die behoeftes van gebruikers van rekeningkundige inligting, aangesien hierdie behoeftes die doelwitte van 'n rekeningkundige inligtingstelsel behoort te bepaal. Dit het tot gevolg dat 'n ondersoek van die tipes besluite wat die verskillende gebruikers van rekeningkundige inligting maak, as basis geneem kan word vir die bepaling van die doelwitte van 'n rekeningkundige stelsel en vir die ontwikkeling van 'n normatiewe rekeningkundige teorie waarvolgens die relevansie en bruikbaarheid van rekeningkundige inligting beoordeel kan word.

Verskeie veranderinge het in Rekeningkunde gedurende die afgelope dekade plaasgevind. Daar is reeds formeel deur opstellers van standaarde erken dat dit nie billik en prakties is om te vereis dat klein maatskappye aan rekeningkundige standaarde, wat op internasionale standaarde gebaseer is, moet voldoen nie (SAICA, 2001:7). Huidige rekeningkundige praktyke wat op klein maatskappye van toepassing is, behoort geëvalueer en hersien te word. Glautier en Underdown (1997:4) het reeds in 1997 aanbeveel dat daar weg van die tradisionele grondslag van verantwoording beweeg moet word na 'n dinamiese, funksionele grondslag wat die kommunikasie en bruikbaarheid van inligting vir besluitneming beklemtoon.

Die skrywers bevestig dan ook die volgende:

“Accounting is in a rapid transition; its environment has undergone vast changes in the last two decades and an accelerating rate of change is in prospect for the future. Changing social attitudes combined with developments in information and manufacturing technology, the adoption of new management philosophies and the growing intensity of competition, to affect radically the environment in which accounting operates today, thereby creating the need to re-evaluate the objectives of accounting in a wide perspective.” (Glautier & Underdown, 1997:4).

As gevolg van verskeie veranderinge wat in die rekeningkundige verslagdoeningsomgewing plaasvind, behoort rekeningkundige verslagdoeningsvereistes gereeld geëvalueer te word, ten einde te verseker dat rekeningkundige inligting wel bruikbaar vir ekonomiese besluitneming is.

1.3 Doelwitte en belangrikheid van die studie

1.3.1 Doelwitte van die studie

Uit die voorafgaande blyk dit dat rekeningkundige inligting, soos vervat in finansiële state, nie aan die behoeftes van die gebruikers van klein maatskappy finansiële state voldoen nie. Die primêre doelwit van hierdie studie is gevolglik om vas te stel wat die rekeningkundige inligtingsbehoefte van die gebruikers van klein maatskappy finansiële state in Suid-Afrika is. Die studie behels ’n omvattende meningsopname van die behoeftes van gebruikers van klein maatskappy finansiële state, ten einde aanbevelings vir die verbetering van die huidige rekeningkundige verslagdoeningstelsel vir klein maatskappye te maak.

Die volgende sekondêre doelwitte is vir die studie gestel ten einde die primêre doelwit van die studie te bereik:

- Die identifisering van probleme wat klein entiteite en rekenmeesters/praktisyns van klein maatskappye ondervind.
- Die bepaling van faktore vir die identifisering van ’n klein entiteit vir verslagdoeningsdoeleindes.
- Die identifisering van gebruike en voordele van klein maatskappy finansiële state.
- Die identifisering van koste en beswarende faktore met betrekking tot die opstel van klein maatskappy finansiële state.

- Die beoordeling van die toepaslikheid van huidige rekeningkundige standaarde.
- Die identifisering van potensiële kwessies rakende die vermindering van rekeningkundige standaarde.

Indien daar bevind sou word dat rekeningkundige inligting, soos vervat in finansiële state, nie aan die behoeftes van die gebruikers van klein maatskappy finansiële state in Suid-Afrika voldoen nie, behoort die huidige rekeningkundige verslagdoeningstelsel vir klein maatskappye gewysig te word om te verseker dat die doel van rekeningkundige verslagdoening wel bereik word.

1.3.2 Belangrikheid van die studie

Die belangrikheid van hierdie studie is dat dit 'n omvattende opname is om die behoeftes van gebruikers van klein maatskappy finansiële state in Suid-Afrika vas te stel; dit sluit die volgende in:

- Die identifisering van die verskillende gebruikers van finansiële state en spesifiek gebruikers van klein maatskappy finansiële state.
- Die identifisering van die inligtingsbehoefte en praktiese probleme wat gebruikers van klein maatskappy finansiële state ondervind.
- Die identifisering van faktore wat gebruik kan word om 'n klein maatskappy vir rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes te onderskei.
- 'n Bepaling van die voordele van finansiële state vir die gebruikers, die invloed van finansiële state op die ekonomiese besluite van die gebruikers, asook die koste en laste rakende die opstel van klein maatskappy finansiële state.
- 'n Bespreking van die toepassing van gedifferensieerde rekeningkundige verslagdoening binne die Suid-Afrikaanse konteks, sowel as huidige internasionale praktyke van gedifferensieerde verslagdoening.
- Formulering/ontwikkeling van voorstelle vir die toepassing van 'n stelsel van gedifferensieerde verslagdoening vir Suid-Afrikaanse klein maatskappye.
- Die identifisering van toepaslike rekeningkundige standaarde vir klein maatskappye.

1.3.3 Begunstigdes

Die navorsing met betrekking tot gedifferensieerde verslagdoening sal nuttig wees vir die volgende entiteite en individue:

- *Klein maatskappye in Suid-Afrika:* die huidige rekeningkundige verslagdoeningsvereistes plaas 'n groot las op klein maatskappye wat nie die nodige infrastruktuur het om die inligting wat vereis word, te genereer nie en oor beperkte hulpbronne beskik. Voorstelle vir die verligting van sekere rekeningkundige vereistes sal wesenlike kostebesparing vir klein maatskappye in Suid-Afrika tot gevolg hê. Waar finansiële state tans slegs opgestel word om aan statutêre vereistes te voldoen, kan 'n gewysigde stelsel van gedifferensieerde verslagdoening meer relevante inligting genereer, wat bruikbaar is in die bestuur van klein maatskappye.
- *Gebruikers van klein maatskappy finansiële state:* die inligting wat in finansiële state ingesluit behoort te word, sal gebaseer wees op die spesifieke behoeftes van die gebruikers van klein maatskappy finansiële state en sal gevolglik nuttig en bruikbaar wees vir die verskillende gebruikers en aan hulle geïdentifiseerde inligtingsbehoefte voldoen.
- *SAICA:* die navorsing is daarop gemik om 'n bydrae te lewer tot verbeterde finansiële verslagdoeningspraktyke deur 'n onderskeid te tref tussen inligting wat voldoen aan die behoeftes van gebruikers en onnodige of oortollige inligting. Die studie sal aandui dat verdere vereenvoudigde rekeningkundige verslagdoeningsvereistes vir klein maatskappye geregverdig is en 'n oplossing vir die probleme wat klein maatskappye tans in Suid-Afrika met rekeningkundige verslagdoening ondervind, bied.
- *Rekenmeesters(praktisyne)/opstellers van finansiële state:* vereenvoudigde rekeningkundige praktyke vir klein maatskappye sal 'n tydsbesparing, sowel as 'n kostebesparing tot gevolg hê.
- *Navorsers:* die studie sal die kennis van die onderwerp in Suid-Afrika verbreed en kan as basis dien vir verdere navorsing oor die onderwerp van gedifferensieerde verslagdoening.
- *Buitelandse klein maatskappye:* die studie is 'n omvattende opname van die inligtingsbehoefte van klein maatskappye in Suid-Afrika en die resultate kan nuttig wees vir klein maatskappye in die buiteland wat die *IFRS for SMEs* gebruik of oorweeg om hierdie rekeningkundige standaard toe te pas.


1.4 Omvang en beperkings van die studie

Die besigheidsomgewing in Suid-Afrika omsluit 'n verskeidenheid en groot aantal verskillende entiteite wat hoofsaaklik in twee breë kategorieë, naamlik winsgewende en niewinsgewende entiteite, verdeel kan word. Winsgewende entiteite bestaan uit staatsorganisasies, entiteite met publieke aanspreeklikheid, asook entiteite wat geen publieke aanspreeklikheid het nie. Klein besighede vorm deel van hierdie besigheidsomgewing en sluit verskillende organisasies of entiteite in wat elk hul eie unieke en besondere omstandighede en verslagdoeningsbehoefte het.

In die literatuur word daar van 'n verskeidenheid terme gebruik gemaak om na 'n klein besigheid te verwys, byvoorbeeld klein onderneming, klein entiteit, klein maatskappy en privaatmaatskappy. In hierdie studie word verskillende plaaslike, sowel as internasionale, toepaslike definisies van 'n klein entiteit ontleed. Die IASB verwys byvoorbeeld in die internasionale rekeningkundige standaard vir klein entiteite (*IFRS for SMEs*) na *klein- en mediumgrootte entiteite*; in Kanada word 'n klein entiteit gedefinieer as 'n *niepublieke entiteit*; in Nieu-Seeland word verwys na *kwalifiserende entiteite*; Australië verwys na *niepublieke maatskappye*; en in die Verenigde Koninkryk word daar na *klein maatskappye* verwys. Die verskillende terme wat gebruik word om 'n klein entiteit te identifiseer, is egter sinoniem en verwys na die konsep of beginsel van 'n klein besigheid.

Daar moet op gelet word dat die verskillende terme wat gebruik word om 'n klein entiteit te omskryf, wel toepaslik vir doeleindes van hierdie studie is. In die literatuurstudie word die aard en kenmerke van klein besighede bespreek, en word daar na klein entiteite verwys deur van verskillende terme gebruik te maak. Entiteit is 'n generiese term wat verskillende regsforms van besighede aanspreek. Die empiriese studie fokus egter spesifiek op *privaatmaatskappye* in Suid-Afrika. Hierdie navorsingstudie verwys egter na klein entiteite in Suid-Afrika, met spesifieke verwysing na *privaatmaatskappye*. Bogenoemde kan skematies soos volg voorgestel word:

Figuur 1.2: Besigheidsomgewing



Bron: Eie waarneming

Entiteite met geen publieke aanspreeklikheid nie, sluit klein entiteite met verskillende regsvorms van besighede in, soos byvoorbeeld privaatmaatskappye, beslote korporasies, vennootskappe, trusts en eenmansake. Hierdie navorsingstudie is beperk tot winsgewende entiteite. Die empiriese studie spesifiek, fokus egter slegs op *privaatmaatskappye* in Suid-Afrika; dit behoort gevolglik as 'n beperkende faktor van die studie beskou te word. 'n Verdere beperkende faktor is die feit dat die studie slegs tot *Suid-Afrika* beperk is.


1.5 Navorsingsbenadering en -ontwerp

Die oogmerk van rekeningkundige navorsing word normaalweg gekenmerk deur die verband tussen ekonomiese gebeurtenisse van 'n entiteit en die inligting wat oor sodanige gebeurtenisse verantwoord en gerapporteer is (Courtis, 1980:15). Die doelwitte word verder uitgebrei om die omgewing, die sosiale, gedragsaspekte van 'n entiteit se bestaan, die aard van versamelde inligting, en die te boek stelling en openbaarmaking van die gebeurtenisse, transaksies en aspekte in te sluit. Navorsing kan gerig word op óf die *proses* waarvolgens inligting gegenereer word uit hierdie gebeurtenisse, transaksies en aspekte, óf die *gebeurtenisse, transaksies en aspekte* wat deur die versamelde inligting beïnvloed word. In die verlede, is rekeningkundige navorsing veral gerig op verskeie kwessies rakende hierdie onderlinge verwantskappe (Courtis, 1980:14-15). Volgens Belkaoui (2000:257), word navorsing in Rekeningkunde, soos in enige ander sosiale wetenskap, op onderliggende aannames met betrekking tot die sosiale wetenskappe en die aard van die gemeenskap gebaseer.

1.5.1 Navorsingsraamwerk

Navorsingsprobleme word gewoonlik geformuleer om probleme in die werklikheid (praktyk) aan te spreek. Mouton (2001:137) het 'n raamwerk, *The Three Worlds Framework*, ontwikkel; dit is 'n uiteensetting van die verskillende aspekte en logika van die navorsingsproses. Die raamwerk is nuttig weens verskeie redes, byvoorbeeld die verwantskap tussen die wêreld van wetenskaplike navorsing en die werklikheid blyk duidelik, 'n onderskeid tussen navorsingsprobleme en probleme in die werklikheid word getref en die invloed van die navorsingsmetodologie op die wyse waarop probleme in die werklikheid ondersoek word, word aangetoon. Hierdie wisselwerking vorm gevolglik die grondslag waarop 'n navorsingstudie ontwerp kan word. Die raamwerk is deur Van der Schyf (2008:5) aangepas om spesifiek op 'n rekeningkundige navorsingstudie van toepassing te wees. Die raamwerk, soos aangepas deur Van der Schyf, word in figuur 1.3 getoon en word ook op hierdie navorsingstudie toegepas.

Figuur 1.3: The Three Worlds Framework



Bron: Van der Schyf, D.B. 2008. The essence of a university and scholarly activity in accounting, with reference to a Department of Accounting at a South African university. *Meditari Accountancy Research*, 16(1):5.

Wêreld 1 verteenwoordig die werklikheid; "... the ordinary social and physical reality that we exist in ..." (Mouton, 2001:138); "... the everyday world in which we live, perceive and experience things and perform our daily life tasks ..." (Babbie & Mouton, 2001:15); asook die wêreld waarin professionele liggame soos SAICA op 'n daaglikse basis funksioneer (Van der Schyf, 2008:5). Klein maatskappye bedryf hulle besighede in wêreld 1 en ervaar praktiese,

rekeningkundige probleme. Die toepassing van rekeningkundige verslagdoeningstandaarde is problematies vir klein maatskappye wanneer hulle finansiële state opgestel word. In wêreld 1 word rekeningkundige navorsingsbehoefte geïdentifiseer, wat deur wêreld 2 aangespreek moet word deur middel van empiriese studies (die inhoud van rekeningkundige kennis en 'n wetenskaplike, rekeningkundige navorsingsproses word gebruik) (Van der Schyf, 2008:5). Die empiriese studies vorm dus die koppeling tussen die probleme wat in wêreld 1 geïdentifiseer is en wêreld 2.

Wêreld 2 verteenwoordig Rekeningkunde as 'n sosiale wetenskap, asook wetenskaplike navorsing in Rekeningkunde. Mouton (2001:138) meld dat "... perhaps the most distinctive feature of the scientific enterprise is that the scientist selects phenomena from World 1 and makes these into objects of inquiry", en argumenteer verder dat die belangrikste wetenskaplike doel die soeke na die waarheid of betroubare kennis is. Die belangrikste elemente van die inhoud van rekeningkundige kennis (*Body of accounting knowledge*) is die konseptuele beginsels van Rekeningkunde (rekeningkundige teorie), rekeningkundige konsepte, eienskappe en definisies, en navorsingsbevindings. Die laaste belangrike aspek van wêreld 2 verwys na die navorsingsproses in Rekeningkunde.

Die *navorsingsproses vir Rekeningkunde* bestaan uit die probleemstelling, navorsingontwerp, metodologie en gevolgtrekkings. Die navorsingsproses word in die algemeen gedefinieer as "... a scientific method of inquiry, a systematic study of a particular field of knowledge in order to discover scientific facts or principles" (Weirich, Pearson & Reinstein in Van der Schyf, 2008:6). Vervolgens word hierdie raamwerk gebruik om die navorsingsbenadering- en ontwerp van hierdie studie te bespreek.

1.5.2 Navorsingsbenadering

Die probleemstelling wat in hierdie studie aangespreek word, soos reeds vermeld, is die onvermoë van rekeningkundige inligting, soos vervat in finansiële state, om aan die inligtingsbehoefte van die gebruikers van klein maatskappy finansiële state te voldoen. Gesien in die lig van die belangrikheid van gedifferensieerde verslagdoening internasionaal, is die doel van hierdie studie om gedifferensieerde rekeningkundige verslagdoening in Suid-Afrika te ondersoek. Na verwagting sal so 'n ondersoek 'n verbreding wees van die begrip en kennis oor die kwessie van gedifferensieerde verslagdoening in Suid-Afrika en die implikasies daarvan vir toekomstige finansiële verslagdoening van klein maatskappye in Suid-Afrika.

Verder word daar verwag dat die ondersoek die spesifieke inligtingsbehoefte van gebruikers van klein maatskappy finansiële state in Suid-Afrika sal identifiseer. Daar is beperkte navorsing oor gedifferensieerde verslagdoening in Suid-Afrika; die navorsing moet gevolglik as *verkenning* van aard beskou word, en die bevindings van hierdie studie kan as basis dien vir verdere navorsing oor die onderwerp.

Gedurende 2000, met die uitreiking van *Discussion Paper (DP) 16, Limited purpose financial statements*, het 'n beweging in die rigting van gedifferensieerde verslagdoening in Suid-Afrika begin (SAICA, 2000). Slegs beperkte inligting oor die inligtingsbehoefte van gebruikers van klein maatskappy finansiële state in Suid-Afrika is egter beskikbaar. Hierdie studie is verkennende navorsing en daar moet gevolglik daarop gelet word dat die studie nie ten doel het om 'n rekeningkundige standaard vir klein maatskappye op te stel nie, maar slegs om die inligtingsbehoefte van gebruikers van klein maatskappy finansiële state in Suid-Afrika na te vors en op grond daarvan aanbevelings te maak vir 'n toepaslike rekeningkundige stelsel vir gedifferensieerde verslagdoening in Suid-Afrika. Die bevindings van die navorsing kan as riglyn dien wanneer 'n gedifferensieerde verslagdoeningstelsel in Suid-Afrika ontwikkel word en ook moontlike probleemareas vir verdere navorsing identifiseer.

Hierdie navorsing volg 'n *pragmatiese benadering* om gedifferensieerde verslagdoening te ondersoek. 'n Pragmatiese benadering beklemtoon die praktiese gevolge van finansiële verslagdoeningspraktyke en gevolglik word die primêre doel van Rekeningkunde gesien as die voorsiening van inligting wat die behoeftes van die gebruikers daarvan bevredig. 'n Pragmatiese benadering bestaan volgens Belkaoui (2000:68) uit 'n teorie wat eerstens gekenmerk word deur 'n ooreenkoms met werklike of praktiese probleme, en tweedens nuttig is deurdat praktiese oplossings gebied word. Volgens hierdie benadering, behoort rekeningkundige tegnieke en beginsels dus gekies te word op grond van die bruikbaarheid daarvan vir gebruikers van rekeningkundige inligting en die relevansie daarvan vir besluitneming.

Wêreld 2 in figuur 1.2 verteenwoordig *die wêreld van Rekeningkunde as 'n sosiale wetenskap*. Burrell en Morgan (1979:22) het 'n raamwerk ontwikkel wat die verskillende navorsingsaannames onderliggend aan die sosiale wetenskap, toelig. Die *funksionalistiese benadering*, as een van die kwadrante in die model, word algemeen aanvaar as die dominante benadering wat in rekeningkundige navorsing gevolg word en hierdie benadering word ook in die meeste gepubliseerde, empiriese, rekeningkundige navorsing gevolg.

(Belkaoui, 2000:259). Hierdie dominansie word in 'n mate verklaar deur 'n sterk steun vir die ideologiese dimensie en 'n pragmatiese benadering tot navorsing in Rekeningkunde. Hierdie studie volg ook, sonder uitsondering, 'n *funksionalistiese benadering*. Die funksionalistiese paradigma in Rekeningkunde beskou rekeningkundige verskynsels as konkrete, werklike verwantskappe wat onderworpe is aan wetenskaplike verklarings en voorspellings. Die sosiale orde, soos gedefinieer deur bestaande strukture van markte en entiteite, word sonder enige verwysing na dominansie of konflik aanvaar. Rekeningkundige teorieë word op grond van beide sienings (rekeningkundige verskynsels en die sosiale orde) ontwikkel.

Die funksionalistiese paradigma in Rekeningkunde fokus op die bepaling van die funksies wat benodig word vir die effektiewe bedryf van 'n entiteit. Hierdie funksies is die funksionele voorvereistes van aanpasbaarheid, doelwitbereiking en integrasie. Die funksionalistiese benadering fokus verder op beide die soeke na analogiese verteenwoordiging van die rekeningkundige stelsel, en stelselontleding (Belkaoui, 2000:259). Hieruit kan afgelei word dat rekeningkundige inligting, ten einde die bestaansreg van Rekeningkunde te regverdig, bruikbaar behoort te wees vir besluitneming. Indien rekeningkundige inligting dus byvoorbeeld nie aan die behoeftes van die gebruikers van klein maatskappy finansiële state voldoen nie, is die aanname dat huidige rekeningkundige praktyke noodwendig gewysig behoort te word, om 'n bestaansreg te behou. Die belangrikste aannames van 'n funksionalistiese benadering, is dat kwantitatiewe metodes van dataversameling en -ontleding, wat die veralgemening van bevindings toelaat, verkies word; 'n hipotetiese verantwoording van wetenskaplike verklarings is aanvaarbaar, en 'n teorie word afsonderlik geplaas van waarnemings, wat dan gebruik kan word om die teorie te bevestig of te verwerp (Belkaoui, 2000:259).

1.5.3 Navorsingsontwerp en -metode

Die *navorsingsontwerp*, as deel van die navorsingsproses soos wat dit in wêreld 2 in die bogenoemde raamwerk voorkom, is volgens Mouton (2001:55) "... a plan or blueprint of how you intend conducting the research". Die probleemstelling is die vertrekpunt van die navorsingsontwerp; die navorsingsontwerp moet fokus op dit wat nodig is om die probleemstelling behoorlik aan te spreek. Ten einde die doelwitte van die studie te verwesenlik, is daar eerstens 'n literatuurstudie onderneem waarin die volgende, onder andere, aangespreek word: die aard van Rekeningkunde en die doel van rekeningkundige inligting; die teoretiese grondslag vir rekeningkundige verslagdoening; die verskillende

gebruikers van finansiële state en hul inligtingsbehoefte; die aard en kenmerke van klein maatskappye; en 'n historiese en internasionale oorsig oor die ontwikkeling van gedifferensieerde verslagdoening.

Tweedens is 'n empiriese ondersoek, waarin die spesifieke inligtingsbehoefte van die verskillende gebruikers van klein maatskappy finansiële state in Suid-Afrika bepaal is, uitgevoer deur gebruik te maak van vraelyste. Die *empiriese studie in Rekeningkunde* vorm die skakel tussen wêreld 1 en wêreld 2 in die bogenoemde *drie-wêreld raamwerk*. Die navorsingsbevindings van die empiriese studie (behoefte van gebruikers van klein maatskappy finansiële state in Suid-Afrika) vorm deel van die inhoud van die rekeningkundige kennis in wêreld 2. Die verskillende gebruikers se behoeftes verskil en daarom is dit belangrik om vas te stel watter rekeningkundige inligting gebruikers werklik benodig wanneer hulle ingeligte besluite moet neem.

Die populasie van die empiriese studie bestaan uit die verskillende kategorieë van gebruikers van klein maatskappy finansiële state; aangesien dit 'n Suid-Afrikaanse studie is, is slegs Suid-Afrikaanse gebruikers in die steekproef ingesluit. Die respondentgroepe wat in die steekproef ingesluit is, is klein praktisyns, eienaars/bestuur, finansiële instellings en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (voortaan na verwys as die SAID). Hoewel eienaars/bestuur van 'n klein maatskappy verantwoordelik is vir die opstel van die maatskappy se finansiële state, maak meeste klein maatskappye gebruik van hulle ouditeure/rekenmeesters om hierdie rekeningkundige funksies te vervul. Alhoewel klein praktisyns nie 'n direkte gebruiker van klein maatskappy finansiële state is nie, word die praktisyns as 'n belangrike kategorie van deelnemers in hierdie empiriese ondersoek beskou, aangesien hulle verantwoordelik is vir die opstel van die finansiële state, asook die toepassing van rekeningkundige standaarde. Die praktisyns sal gevolglik waardevolle inligting rakende die toepassing van rekeningkundige standaarde, sowel as die eienaars/bestuur se gebruik van finansiële state kan gee.

Die SAICA databasis van klein praktisyns is gebruik as die populasie vir die klein praktisyns respondentgroep. Hierdie studie maak nie gebruik van statistiese steekproefneming nie; die vraelyste is via e-pos aan die hele populasie uitgestuur. Die eienaars is indirek deur middel van hulle ouditeure/rekenmeesters bereik, aangesien daar nie tans 'n beskikbare en betroubare databasis van eienaars (aandeelhouers) van alle klein maatskappye in Suid-Afrika bestaan nie. Die praktisyns is versoek om die vraelys wat vir die eienaars/bestuur ontwerp is, aan die eienaars/bestuur van drie van hul klein maatskappy kliënte te stuur;

hierdie vraelys is ook elektronies, per e-pos, aan die eienaars/bestuur gestuur. Die kategorie rakende finansiële instellings verteenwoordig Suid-Afrikaanse finansiële instellings/banke. 'n Onderhoud is met die SAID gevoer ten einde die nodige inligting te bekom. Die elektroniese data is deur die Departement Statistiek aan die Universiteit van Pretoria verwerk. Die terugvoer ten opsigte van die empiriese ondersoek is nuttig vir die insameling van inligting oor die gebruikers van klein maatskappy finansiële state in Suid-Afrika; sinvolle en betekenisvolle afleidings kan hieruit gemaak word.

1.6 Struktuur van die studie

Die studie bestaan uit 8 hoofstukke wat soos volg ingedeel is:

Hoofstuk 1: Inleiding

In hierdie hoofstuk word die agtergrond tot die navorsingsonderwerp, die probleemstelling, die belangrikheid en omvang van die studie, die navorsingsbenadering, asook die struktuur van die studie aangebied.

Hoofstuk 2: Rekeningkundige verslagdoening

Die aard van Rekeningkunde en die doel van rekeningkundige inligting word bespreek, asook die besluitnemingsproses en bruikbaarheid van rekeningkundige inligting. Die teoretiese grondslag vir finansiële verslagdoening (insluitende verskillende rekeningkundige beginsels), asook die finansiële verslagdoeningsomgewing word bespreek.

Hoofstuk 3: Gebruikers van finansiële state

Hierdie hoofstuk is 'n literatuurstudie om die verskillende gebruikers van finansiële state te identifiseer, en bevat 'n bespreking van die onderskeie gebruikers se inligtingsbehoefte. Die primêre gebruikers van klein maatskappy finansiële state word voorts geïdentifiseer.

Hoofstuk 4: Die identifisering van klein entiteite

Ten einde 'n onderskeid tussen klein en groot maatskappye vir rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes te tref, is dit nodig om 'n klein maatskappy te identifiseer en 'n definisie van *klein maatskappy* te formuleer op grond van objektiewe maatstawwe. Die aard en kenmerke van 'n klein besigheid word bespreek, asook die definiëring van 'n klein besigheid in Suid-Afrika en ooreenkomstige sekere internasionale wetgewing.

Hoofstuk 5: Gedifferensieerde verslagdoening

Hierdie hoofstuk bevat 'n historiese en internasionale oorsig oor die ontwikkeling van

gedifferensieerde verslagdoening. Gedifferensieerde verslagdoeningstandaarde in toonaangewende lande word in detail bespreek, gevolg deur 'n bespreking van die huidige Suid-Afrikaanse posisie met betrekking tot gedifferensieerde verslagdoening. Alternatiewe gedifferensieerde verslagdoeningsbenaderings word oorweeg en die voordele en nadele van die onderskeie benaderings word bespreek.

Hoofstuk 6: Empiriese studie – ondersoek van Suid-Afrikaanse gebruikers

Hierdie hoofstuk beskryf die proses van die empiriese studie, insluitende die identifisering van potensiële respondente, die ontwerp van die vraelyste (doel en inhoud van vraelyste), die selektering van die steekproef en die insameling van die data.

Hoofstuk 7: Empiriese studie – ontleding van resultate

Bevindings van die navorsingsresultate van die empiriese studie word aangebied en ontleed. Die hoofstuk fokus op die ontleding en evaluering van die navorsingsbevindings in die lig van voorstelle vir gedifferensieerde verslagdoening in 'n Suid-Afrikaanse konteks. Toepaslike rekeningkundige standaarde vir klein maatskappye word geïdentifiseer.

Hoofstuk 8: Opsomming, gevolgtrekkings en aanbevelings

Die inhoud van die voorafgaande hoofstukke word opgesom, gevolgtrekkings word op grond van die navorsingstudie gemaak en moontlike aanbevelings word gedoen. Areas wat verdere navorsing vereis, asook verwagte toekomstige ontwikkelings in gedifferensieerde verslagdoening, word oorweeg.

1.7 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die agtergrond tot hierdie studie bespreek. Die probleemstelling en die belangrikheid van die studie is aangedui, waarna die navorsingsbenadering en -ontwerp uiteengesit is. In die volgende hoofstuk word rekeningkundige verslagdoening bespreek met verwysing na, onder andere, die aard van Rekeningkunde en die doel van rekeningkundige inligting, asook die finansiële verslagdoeningsomgewing.

REKENINGKUNDIGE VERSLAGDOENING

“Alternative accounting systems need no longer be justified in terms of their ability to generate true income or on their faithfulness with which they represent history. As long as the different users find the information useful, the utility of the system can be established.”
(Belkaoui, 2000:63)

2.1 Inleiding

In hoofstuk 1 is die probleem wat in hierdie studie aangespreek word omskryf, naamlik die onvermoë van rekeningkundige inligting, soos vervat in finansiële state, om aan die spesifieke behoeftes van die gebruikers van klein maatskappy finansiële state in Suid-Afrika te voldoen. Dit is gevolglik noodsaaklik om rekeningkundige inligting volledig te bespreek. Figuur 1.1 in hoofstuk 1 illustreer Rekeningkunde as 'n inligtingstelsel. Geselekteerde rekeningkundige data vorm die inset vir die verwerkingsproses (deur die toepassing van rekeningkundige beginsels) waardeur rekeningkundige inligting gegenereer word. Die rekeningkundige uitsetinligting wat in finansiële jaarstate weergegee word, word deur verskillende gebruikers benut. Die twee beperkinge op die rekeningkundige inligtingstelsel is eerstens die omgewing waarin 'n entiteit funksioneer, en tweedens die spesifieke inligtingsbehoefte van die gebruikers. Die doel van die stelsel is om inligting te voorsien wat aan die behoeftes van die gebruikers voldoen.

In die raamwerk, *The Three Worlds Framework*, wat in hoofstuk 1 bespreek is en op hierdie studie toegepas word, verteenwoordig wêreld 2 Rekeningkunde as 'n sosiale wetenskap sowel as die wetenskaplike navorsing in Rekeningkunde. Die belangrikste elemente van die inhoud van rekeningkundige kennis is die konseptuele beginsels van Rekeningkunde (rekeningkundige teorie), en rekeningkundige konsepte, eienskappe en definisies. Die laaste belangrike aspek van wêreld 2 verwys na die navorsingsproses ten opsigte van Rekeningkunde. Hierdie hoofstuk is 'n literatuurstudie wat die aard van Rekeningkunde en rekeningkundige inligting bespreek, met verwysing na die doel van rekeningkundige inligting, die besluitnemingsproses, sowel as die bruikbaarheid en kwalitatiewe eienskappe van rekeningkundige inligting. Verskeie internasionale publikasies, wat die doel van rekeningkundige inligting en die inhoud van finansiële jaarstate bepaal, word voorts bespreek. Laastens word die finansiële verslagdoeningsomgewing aangespreek, met

verwysing na die invloed van die omgewing op verslagdoening en die effek van veranderinge in die omgewing op rekeningkundige verslagdoening.

2.2 Die aard van Rekeningkunde

2.2.1 Definisies van Rekeningkunde

'n Bespreking oor die aard van Rekeningkunde fokus op een van drie vlakke, naamlik 'n sintaktiese, semantiese of pragmatiese vlak. Rekeningkunde is aanvanklik gedefinieer deur te fokus op die *sintaktiese vlak*, naamlik die sintaksis of grammatika van Rekeningkunde; die versameling en verwerking van data en die formaat van finansiële state is gevolglik beklemtoon. Rekeningkunde is byvoorbeeld soos volg in die *Accounting Terminology Bulletin No.1* gedefinieer:

“Accounting is the art of recording, classifying and summarising in a significant manner and in terms of money, transactions and events which are, in part at least, of a financial character and interpreting the results thereof.” (AICPA, 1953:par.5).

Hierdie definisie beklemtoon die werk en vaardigheid van die rekenmeester, en verwys nie na die gebruikers en hulle behoeftes nie. Volgens Hendriksen en Van Breda (1992:126), is die grootste probleem van die bogenoemde definisie, dat rekeningkundige terme soos *netto inkomste*, *omset* en *historiese koste* min of geen betekenisvolle vertolking van werklike verskynsels verteenwoordig nie.

Latere definisies beklemtoon die *semantiese benadering*; hierdie benadering fokus, in bekende terme, op die betekenis van Rekeningkunde, naamlik die meting en verslagdoening van welvaart. In die *Accounting Research Study No.1*, word Rekeningkunde soos volg gedefinieer:

1. To measure the resources held by specific entities.
2. To reflect the claims against and the interest in those entities.
3. To measure the changes in those resources, claims and interests.
4. To assign the changes to specifiable periods of time.
5. To express the foregoing in terms of money as a common denominator.” (AICPA, 1961:23).

Bogenoemde definisie is die basis op grond waarvan die balansstaat (staat van finansiële posisie) en die inkomstestaat (staat van omvattende inkomste) beklemtoon word as

maatstawwe waarvolgens welvaart en veranderinge in welvaart gemeet word. Hendriksen en van Breda (1992:127) kritiseer die semantiese benadering as volg:

“... a basic difficulty with the application of semantic objectives has been an inability to define them clearly enough to permit agreement on either an appropriate selection of the items to be included, or their measurement”.

’n Verdere tekortkoming van die semantiese benadering is dat die nut van die inligting vir gebruikers en die gebruikersbehoefte nie in ag geneem word nie.

Latere definisies beklemtoon, sonder om die sintaktiese en semantiese benaderings te verwerp, primêr ’n *pragmatiese benadering*; die gebruik en nut van inligting wat gegeneer word, word dus ook in ag geneem. APB Statement No.4, *Basic concepts and accounting principles underlying financial statements of business enterprises*, is volgens Belkaoui (2000:118) ongetwyfeld die standpunt wat alle latere pogings, om die doelwitte van finansiële state te formuleer, beïnvloed. APB Statement No.4 bepaal die volgende:

“The basic purpose of financial accounting and financial statements is to provide quantitative financial information about a business enterprise that is useful to statement users, particularly owners and creditors, in making economic decisions. This purpose includes providing information that can be used in evaluating management’s effectiveness in fulfilling its stewardship and other managerial responsibilities.” (AICPA, 1970).

Bogenoemde definisie is meer uitsetgedrewe en fokus op besluitneming. Hierdie definisie vorm ook die grondslag waarop die huidige Suid-Afrikaanse definisie gebaseer is, soos vervat in RE101, Aanbieding van finansiële state (SAICA, 1999), asook IAS1 (IASB, 2007a), naamlik:

“Die doel van aldoelige finansiële state is die voorsiening van inligting oor die finansiële stand, prestasie en kontantvloei van ’n onderneming, wat nuttig is vir ’n wye verskeidenheid van gebruikers van finansiële state sodat hulle ekonomiese besluite kan neem. Finansiële state toon ook die resultate van bestuur se rentmeesterskap van die bronne wat aan hul toevertrou is.”

Hoewel APB Statement No.4 ’n redelike basis voorsien vir die formaat en inhoud van konvensionele finansiële state, is kritiek daarteen uitgespreek (AICPA, 1970). Die spesifieke doelwitte word gestel ooreenkomstig rekeningkundige beginsels wat algemeen aanvaar is op die tydstip toe die finansiële state opgestel is; tog ontbreek ’n omvattende teoretiese raamwerk wat hierdie beginsels onderlê. Verder slaag die algemene doelwitte nie daarin om die inligtingsbehoefte van gebruikers te identifiseer nie (Belkaoui, 2004:167). ’n Belangrike beperking is ook dat Rekeningkunde slegs voldoen aan die voorsiening van kwantitatiewe

inligting, terwyl die huidige neiging is om ook toenemend kwalitatiewe inligting te voorsien. In APB Statement No.4 word hierdie beperkinge egter erken wanneer die volgende in paragraaf 110 vermeld word:

“The objectives of financial accounting and financial statements are at least partially achieved at present.”

Hoewel die fokus op gebruikers aanvaarbaar is, skep dit egter verdere probleemareas. Volgens Hendriksen en van Breda (1992:128), veroorsaak dit spesifiek die volgende drie belangrike onbeantwoorde vrae:

1. Watter gebruikers behoort oorweeg te word?
2. Hoe ooreenstemmend is die doelwitte of behoeftes van die verskillende gebruikers?
3. Behoort die wense/vereistes van die bestuur oorweeg te word?

Bogenoemde fokus op gebruikers en hul behoeftes, en is veral van belang vir gedifferensieerde verslagdoening. Die aard van klein maatskappye en die ekonomiese omgewing waarin hierdie maatskappye funksioneer, verskil van dié van groot maatskappye. Die gebruikers van klein maatskappy finansiële state en hulle onderskeie doelwitte sal dus verskil van dié van groot maatskappye. Klein maatskappye het nie 'n groot aantal gebruikers soos groot maatskappye nie. By klein maatskappye is die eienaars, in teenstelling met groot maatskappye, meestal betrokke by die bestuur en gevolglik behoort die vereistes van die bestuur wel in ag geneem te word.

Verdere beperkinge op die volle bereiking van doelwitte van verskillende gebruikers ontstaan uit (i) konflikte tussen doelwitte en belange, (ii) omgewingsinvloede en (iii) die afwesigheid van 'n volledige begrip van die doelwitte (AICPA, 1970:110). Die bereiking van een doelwit kan bots met die bereiking van 'n ander doelwit. Dit is byvoorbeeld nie altyd moontlik dat inligting in finansiële state relevant, sowel as tydig sal wees nie. Oordeel word vereis wanneer botsende doelwitte en belange teen mekaar afgespeel word; botsende belange kan byvoorbeeld tussen die behoeftes vir inligting van werknemers en vakbonde aan die een kant, en beleggers en hul adviseurs aan die ander kant, ontstaan. Beperkinge op die bereiking van doelwitte spruit ook uit invloede wat die omgewing op Rekeningkunde het. Die doelwitte, wat grootliks op die behoeftes van gebruikers van finansiële inligting gebaseer is, is nie noodwendig met omgewingsinvloede versoenbaar nie. Daar behoort verder 'n ewewig tussen voordele en koste van die verskaffing van inligting te wees; die voordele uit finansiële inligting moet groter wees as die koste wat daaraan verbode is. 'n Belangrike voorvereiste vir die bereiking van sodanige doelwitte is, in die laaste plek, 'n duidelike begrip van die aard

en implikasies van die doelwitte van verskillende gebruikers. (AICPA, 1970:110).

Volgens Belkaoui (2004:98), kan die definisies van Rekeningkunde ook beïnvloed word deur die verskillende beelde wat navorsers en opstellers van rekeningkundige standaarde van die rekeningkundige proses het. Dit sal dus nuttig wees om sommige van hierdie beelde, wat verskeie ontwikkelings in Rekeningkunde beïnvloed het, te oorweeg ten einde 'n beter begrip van die ontwikkeling van definisies van Rekeningkunde te verkry. Belkaoui (2004:98) identifiseer die volgende verskillende vertrekpunte van navorsers:

- *Rekeningkunde as 'n ideologie*: dit word gesien as steun en wettiging van huidige sosiale, ekonomiese en politieke skikkings/ooreenkomste.
- *Rekeningkunde as 'n taal*: dit is die taal van die besigheid wat gebruik word om inligting oor die besigheid te kommunikeer.
- *Rekeningkunde as 'n historiese rekord*: dit verskaf die geskiedenis van (i) 'n organisasie en (ii) hierdie organisasie se transaksies met die omgewing.
- *Rekeningkunde as 'n huidige, ekonomiese realiteit*: dit het ten doel om die werklike inkomste te bepaal; werklike inkomste is 'n konsep wat die veranderinge in die onderneming se welvaart oor 'n periode van tyd reflekteer.
- *Rekeningkunde as 'n inligtingstelsel*: dit word gesien as 'n proses wat 'n bron van inligting (die rekenmeester) deur middel van 'n kommunikasiekanaal aan 'n stel ontvangers (eksterne gebruikers) verbind. Die bruikbaarheid van die stelsel word dus deur die spesifieke behoeftes van die verskillende gebruikers daarvan bepaal.
- *Rekeningkunde as 'n kommoditeit*: dit is die resultaat van 'n ekonomiese aktiwiteit. Gespesialiseerde inligting is in aanvraag, en rekenmeesters is gewillig en in staat om dit te produseer. Die keuse van rekeningkundige inligting en/of rekeningkundige tegnieke het dan 'n invloed op verskeie groepe in die samelewing. Hierdie beeld van Rekeningkunde, as 'n kommoditeit, het 'n belangrike invloed op rekeningkundige navorsing. Belkaoui (2004:101) meld die volgende:

“The emergence of the image of accounting as a commodity again provides a striking example of the manner in which accounting thought reflects its social content. It has arisen in an era of mushrooming regulation and increasing concern with the public interest in a situation of scarce resources and many competing demands. It has provided the rationale for accounting policies which seek to aid the allocation of resources in the service of the public interest.”

Uit die bogenoemde blyk dit dat toenemende klem geplaas word op die sosiale verantwoordingsrol van Rekeningkunde asook die omgewingsrol, waar die toedeling van skaars hulpbronne en die verantwoording van die verantwoordelike gebruik van skaars

hulpbronne 'n toenemende belangrike rol speel. Die vertrekpunte beïnvloed egter nie slegs die definisies van Rekeningkunde nie, maar ook die verskillende rekeningkundige teorieë. Vervolgens word die belangrikste rekeningkundige teorieë kortliks toegelig.

2.2.2 Rekeningkundige teorieë

Rekeningkundige teorie kan omskryf word as 'n logiese beredenering, in die vorm van breë beginsels, wat (i) 'n algemene verwysingsraamwerk voorsien waarvolgens rekeningkundige praktyke geëvalueer kan word, en (ii) die ontwikkeling van nuwe praktyke en prosedures lei. Rekeningkundige teorie kan ook gebruik word om bestaande praktyke te verduidelik om 'n beter begrip daarvan te verkry. Die belangrikste doel van rekeningkundige teorie is egter die voorsiening van logiese beginsels wat 'n algemene verwysingsraamwerk vir die evaluering en ontwikkeling van grondige rekeningkundige praktyke daarstel. Verskillende benaderings tot die ontwikkeling van rekeningkundige teorieë is gedurende die laaste twee dekades gevolg. Die belangrikste benaderings wat gevolg is, is (i) die beskrywende benadering (*descriptive approach*), (ii) die nuttige besluitnemingsbenadering (*decision usefulness approach*), en (iii) die sosiale benadering (*welfare approach*). (Glautier & Underdown, 2001:17).

2.2.2.1 Die beskrywende benadering

Teorieë wat ontwikkel is deur die beskrywende benadering te gebruik, fokus hoofsaaklik op wat rekenmeesters doen. Beskrywende teorieë behels 'n proses waar waarnemings gemaak word, waarop algemene gevolgtrekkings gebaseer word. Die beskrywende benadering beklemtoon die praktyk van Rekeningkunde as grondslag vir die ontwikkeling van teorieë. Hierdie benadering poog dus om die praktyk van rekenmeesters in verband te bring met 'n algemene teorie oor Rekeningkunde. Onderliggend aan die beskrywende benadering is die veronderstelling dat die doel van finansiële state geassosieer word met die rentmeesterskap-funksie van bestuur en die behoefte om inligting te voorsien rakende die wyse waarop 'n entiteit bestuur word. Glautier en Underdown (2001:19) is van mening dat "it is evident that the descriptive approach to theory construction in accounting plays an influential role in shaping perceptions of the problems of accounting and the manner in which they should be solved".

2.2.2.2 Die nuttige besluitnemingsbenadering

Die uitbreiding van gedragsnavorsing na die rekeningkundige veld gedurende die 1970's het

bygedra tot 'n belangstelling in nuttige besluitnemingsteorieë van Rekeningkunde. Twee teorieë het aldus ontwikkel, naamlik die empiriese en normatiewe benadering.

Die empiriese benadering het ten doel om sekere verskynsels te voorspel en dan by wyse van waarneming te verklaar. Anders as die empiriese benadering wat konsentreer op hoe gebruikers van rekeningkundige inligting die inligting gebruik in 'n besluitnemingsproses, fokus die normatiewe benadering op die *inligtingsbehoefte van gebruikers* van finansiële state om 'n rekeningkundige teorie te ontwikkel. Die benadering fokus op die besluitnemingsmodelle wat die gebruiker behoort te gebruik om rasonale besluite te neem, asook watter inligting daarvoor benodig word. (Glautier & Underdown, 2001:19; Deegan & Unerman, 2006:10). Hierdie benadering beklemtoon die volgende: besluitnemers (*decision-makers emphasis*) of besluitnemingsmodelle (*decision-models emphasis*). Indien besluitnemers beklemtoon word, moet daar bepaal word watter inligting die besluitnemers benodig; hierdie kennis word dan gebruik om te bepaal watter inligting aan die gebruikers van finansiële state voorsien moet word. Die beklemtoning van besluitnemingsmodelle daarenteen, bepaal nie die inligting wat die besluitnemers verlang nie, maar fokus op die tipes inligting wat as nuttig vir besluitneming beskou word.

2.2.2.3 Die sosiale benadering

Die sosiale benadering is 'n verlenging van die besluitnemingsbenadering deurdat hierdie benadering die effek van besluitneming op die welvaart van die gemeenskap oorweeg. Daar is 'n vereiste vir politieke en sosiale verantwoordings wanneer rekeningkundige inligting in finansiële state 'n beduidende invloed op die gemeenskap sal hê. Die uitwerking van besluite, wat op rekeningkundige inligting gebaseer is, op die eksterne sosiale gemeenskap, het tot gevolg dat "...there is imputed a social-welfare dimension to accounting theory". (Glautier & Underdown, 2001:17). 'n Entiteit behoort dus verslag te doen oor die aard en impak van sy bedrywighede op die omgewing en die sosiale gemeenskap, ongeag die grootte van die entiteit.

Hierdie navorsingstudie fokus op die nuttige besluitnemingsbenadering, naamlik dat die doel van rekeningkundige verslagdoening is, om inligting te verskaf wat bruikbaar vir ekonomiese besluitneming is. Die doel van hierdie studie is dan ook spesifiek om vas te stel wat die rekeningkundige inligtingsbehoefte van die gebruikers van klein maatskappy finansiële state in Suid-Afrika is, by wyse van 'n omvattende meningsopname.

2.3 Rekeningkundige inligting

Uit die bespreking van die aard van Rekeningkunde, blyk dit dat rekeningkundige inligting die produk van Rekeningkunde is. Rekeningkundige inligting word gevolglik breedvoerig bespreek, met verwysing na die doel van rekeningkundige inligting, die besluitnemingsproses en inherente beperkinge, asook die bruikbaarheid en kwalitatiewe eienskappe van sodanige inligting.

2.3.1 Die doel van rekeningkundige inligting

Rekeningkundige inligting word gebruik om besluite te neem tussen verskillende alternatiewe en lei gevolglik tot ingeligte besluitneming (Koornhof, 1998:33). Die rol van die rekenmeester is om bruikbare rekeningkundige inligting te produseer. Transaksies, omstandighede en gebeure word gemeet en verwerk om korporatiewe verslae, waarin rekeningkundige inligting aan die bestuur en ander gebruikers gekommunikeer word, op te stel. Daar is eenstemmigheid: rekeningkundige inligting behoort nuttig te wees vir die gebruikers. Daar word tans erken dat die hoofdoel van rekeningkundige inligting die voorsiening is van inligting wat nuttig is vir die besluitnemingsproses (Wolk, Francis & Tearney, 1992:148; Glautier & Underdown, 2001:9). Die *Institute of Chartered Accountants in England and Wales* (voortaan na verwys as die ICAEW) meld die volgende:

“Everyone agrees that accounts must be useful: accounting is not an end in itself, it must serve some purpose.” (ICAEW, 1981:33).

Bogenoemde doel van rekeningkundige inligting word deur rekeningkundige opvoeders sowel as rekeningkundige praktisyns ondersteun. Price Waterhouse (in Saenger, 1991:21) beklemtoon reeds sedert 1971 dat “... general purpose financial statements are designed to report to investors on the use of funds they have invested in their enterprise in such a way as to facilitate their investment decisions in future”. Dieselfde standpunt word gehuldig deur die rekeningkundige professie in Suid-Afrika, sowel as die internasionale rekeningkundige professie (FASB, 1978; SAICA, 1999; IASB, 2007b). Hierdie doel is dan ook die vertrekpunt van hierdie studie: daar word op die besluitnemingsbehoefte van die verskillende gebruikers van klein maatskappy finansiële state gefokus. Volgens Walton (1998:2), is daar beduidende verskille tussen groot en klein maatskappye, en spruit hierdie verskille uit die grootte van die besigheid, eienaarskap en die industrie waarin die besigheid bedryf word. Hierdie verskille kan egter volgens Ivancevich, Ivancevich, Cocco en Hermanson (1997:23) die doelwitte van rekeningkundige verslagdoening ten opsigte van klein maatskappye beïnvloed en dit word

beklemtoon dat “... it is of the utmost importance that a financial reporting strategy be adopted for the small business that best suits the needs of the business”. Gesien in die lig van die belangrikheid van die voorsiening van inligting wat nuttig is vir besluitneming, is dit gepas om vervolgens die besluitnemingsproses te oorweeg.

2.3.2 Die besluitnemingsproses en inherente beperkinge

Volgens Saenger (1991:21), sluit die besluitnemingsproses die volgende stappe in:

1. Identifisering en definiëring van die probleem;
2. Identifisering van verskillende moontlike verklarings van die probleem (bepaal huidige uitvoerbare en uitsluitlike alternatiewe);
3. Ondersoeking en eliminasië van alternatiewe;
4. Voorspelling van die resultate/gevolge/uitkomst van die moontlike alternatiewe besluite;
5. Selektoring van die gevolge wat voorkeur geniet en dus die voordeligste alternatiewe verteenwoordig; en
6. Implementering van die besluit (d.w.s., die neem van aksie).

Wanneer die aard van bogenoemde proses oorweeg word, is dit belangrik om daarop te let dat die evaluering van moontlike toekomstige gevolge 'n belangrike rol speel in besluitneming; dit is 'n integrale deel van die proses en 'n noodsaaklike voorwaarde wat vereis word vir besluitneming. Die opinie word gehuldig dat finansiële inligting geëvalueer behoort te word ooreenkomstig die inligting se vermoë om voorspellings te voorsien aangaande toekomstige gevolge, en spesifiek toekomstige kontantvloei (wat relevant is vir die besluitnemingsproses) (Saenger 1991:21). Die ICAEW bevestig die bogenoemde wanneer die volgende stelling gemaak word:

“People therefore want information that will assist them in forming their assessments of likely future cash flows. This does not mean that the information must itself be a forecast. Relevant information is data, whether about the past, the present, or about other people’s forecast of the future, that a decision maker can use to improve his own predictions about the future. Thus ‘feedback’ information can have predictive value ...” (ICAEW, 1981:37).

Die ICAEW (1981:33) identifiseer ook die volgende as stappe vir 'n nuttige besluitnemingsproses:

1. Identifisering van die potensiele gebruikers (individuele gebruikers of 'n groep gebruikers wat by wyse van 'n gemeenskaplike belang gegroepeer is).

2. Identifisering van die besluite (ten opsigte van elke gebruiker of groep gebruikers) wat elke gebruiker of groep gebruikers moet neem, en die faktore wat relevant is vir besluitneming.
3. Identifisering van die rekeningkundige inligting wat voorsien kan word ten opsigte van elke besluit, en hoe dit nuttig sal wees in die oorweging van die toepaslike faktore.
4. Vergelyking van die voordele (ten opsigte van elke geval) van voorsiening van die rekeningkundige inligting met die koste wat daaraan verbonde is. Wanneer tussen verskillende alternatiewe soorte inligting gekies moet word, behoort die alternatief met die grootste waarde (die grootste voordeel bo koste) geselekteer te word.

Met die onderwerp van hierdie studie in gedagte, fokus bogenoemde omskrywing (as 'n nuttige besluitnemingsproses) op drie belangrike punte, naamlik:

1. Die identifisering van gebruikers en hulle spesifieke behoeftes;
2. Die voorsiening van finansiële inligting wat nuttig is vir die gebruikers; en
3. Die inagneming van die koste wat verbonde is aan die voorsiening van finansiële inligting.

Die ICAEW (1981:34) redeneer dat gebruikers nie finansiële verslae hoofsaaklik vir finansiële besluitneming gebruik nie, maar ook vir ander redes, onder andere, die beoordeling van die bestuur se eerlikheid en rentmeesterskap, die bevestiging van voldoening aan die toepaslike maatskappywetgewing, en die beoordeling van die redelikheid van dividende wat verklaar is. Daar word egter aanvaar dat, alhoewel ander doelwitte identifiseerbaar is, geen gebruiker finansiële verslae sal bestudeer indien die moontlikheid nie bestaan om “iets daaromtrent te doen” nie; met ander woorde, besluitneming moet moontlik wees. Die ICAEW (1981:34) maak ook die volgende toepaslike stelling rakende die besluitnemingsproses:

“In principle, the approach [besluitnemingsproses] requires a comprehensive examination of all users, all uses and all possible accounting practices and ways of utilising them, and a system of review to adapt to changes in the course of time.”

Uit bogenoemde kan afgelei word dat dit waarskynlik problematies gaan wees om 'n nuttige besluitnemingsproses te identifiseer. Nuttige besluitneming impliseer dat die waarde van inligting bepaal word deur die spesifieke (i) besluitnemer (met inagneming van die besluitnemer se vlak van kennis en begrip), (ii) besluit wat geneem word en (iii) omstandighede waarin die besluit geneem word. Alle inligting kan potensieel nuttig vir besluitneming wees; om te bepaal of die voordele van die gebruik van spesifieke inligting na verwagting die koste van versameling, verwerking en aanbieding daarvan sal oorskry, is egter

'n subjektiewe aangeleentheid. Verder sal alle inligting nie noodwendig nuttig vir alle gebruikers te alle tye wees nie. Dit is egter duidelik dat finansiële verslae wel aan die behoeftes van die verskillende gebruikers van inligting behoort te voldoen.

Die doel van rekeningkundige inligting het met verloop van tyd drasties verander. Finansiële verslagdoening het ontwikkel tot 'n gesofistikeerde en tegniese funksie wat weinig ooreenstem met die aanvanklike tabellering, wat die eerste vorm van rekeningkundige verslae verteenwoordig het. Die vorm en inhoud van moderne rekeningkundige verslagdoening is met verloop van tyd deur verskeie faktore beïnvloed, insluitende die volgende (Lee, 1981:2):

- Regsinvloede (bv. die Maatskappywet in Suid-Afrika);
- Professionele invloed (bv. rekeningkundige standaarde wat deur verskeie plaaslike en internasionale rekeningkundige liggame uitgereik is);
- Vrywillige invloed (die voorsiening van inligting wat addisioneel is tot dit wat deur die rekeningkundige professie vereis word);
- Aandelemarkinvloede (die vereistes van die Johannesburgse Sekuriteitebeurs vir genoteerde maatskappye in Suid-Afrika);
- Staatsinvloede; en
- Indirekte invloed (bv. die toepaslike belastingstelsel).

Die oogmerk van bogenoemde invloed spreke hoofsaaklik die kritiek wat teen rekeningkundige verslagdoening gelewer is, aan. Baie van hierdie kritiek is egter verwant aan die inherente beperkinge van rekeningkundige verslagdoening, waarvan die volgende uitgelig word (Saenger, 1991:17):

- Finansiële state fokus op individuele maatskappye en nie op verbruikers, industrieë of die ekonomie as 'n geheel nie.
- Inligting in finansiële state word gebaseer op benaderde metings wat die gebruik van klassifikasies, ramings, oordeel en toedelings vereis.
- Finansiële state reflekteer die finansiële invloed van historiese transaksies en gebeure.
- 'n Beperking wat direk verband hou met die onderwerp van hierdie studie, is dat die voorsiening en gebruik van rekeningkundige verslagdoening 'n koste insluit. Hierdie koste sluit die hulpbronne in wat direk in die proses aangewend is, sowel as die koste wat met die openbaarmaking van die inligting in finansiële state verband hou. Die voordele van openbaarmaking behoort gelyk aan, of meer as hierdie koste te wees.
- 'n Verdere beperking, wat ook direk met die onderwerp van hierdie studie verband hou, is die kompleksiteit van baie maatskappye (spesifiek genoteerde maatskappye); dit

bemoelijk die toepassing van 'n eenvoudige rekeningkundige model en het tot gevolg dat rekeningkundige verslagdoeningsvereistes toenemend meer kompleks word.

- Die toename in die aantal regsgedinge, asook suksesvolle regsgedinge, wat met toepaslike openbaarmaking verband hou, verhoog die las op die opstellers en ouditeure van finansiële state.

Die kritiek teen rekeningkundige verslagdoening het tot 'n hewige debat rakende die gebruikers van finansiële state en hulle inligtingsbehoefte gelei. Volgens Wolk *et al.* (1992:187), is daar 'n groot aantal gebruikers van finansiële state, alhoewel dit onduidelik is of hul spesifieke inligtingsbehoefte wel bevredig word. Dit het tot gevolg gehad dat verskeie navorsingsprojekte oor die onderwerp onderneem is, wat spesifiek daarop gemik was om die bruikbaarheid van rekeningkundige inligting in finansiële state vir besluitnemers te probeer bepaal. Enkele voorbeelde van sulke verslae is (i) The Corporate Report (ICAEW, 1975); (ii) Sandilands Report (1975); (iii) Stamp Report (CICA, 1980a); en (iv) Making Corporate Reports Valuable (ICAS, 1988). Die gevolgtrekkings en aanbevelings van hierdie verslae ten opsigte van die identifisering van nuttige en besluitnemingsgerigte inligting vir finansiële state, word vervolgens kortliks bespreek.


2.3.3 Bruikbaarheid van inligting in finansiële state

'n Aantal internasionale navorsingsverslae is sedert die vroeë 1970's gepubliseer in 'n poging om die bruikbaarheid van rekeningkundige inligting te bepaal. Die verslae verwys na die algemeen aanvaarde doel van rekeningkundige inligting, naamlik om aan die behoeftes van gebruikers van finansiële state te voldoen. Die toonaangewende navorsingsverslae word kortliks bespreek.

2.3.3.1 Trueblood Report

Die verslag is in 1971 in die Verenigde State van Amerika gepubliseer en sluit 12 doelwitte van finansiële state in. Daar is 'n duidelike tendens om die doelwitte in 'n definitiewe hiërargie te struktureer, alhoewel die bedoeling is dat die doelwitte in die verslag gelykvormig behoort te wees (Belkaoui, 2000:120; Wolk *et al.*, 1992:157). Die hiërargie word geregverdig deur verskille in die beklemtoning van sekere doelwitte, sowel as die onderlinge afhanklikheid van doelwitte. Belkaoui (2000:121) stel die doelwitte skematies as volg voor:

Figuur 2.1: Doelwitte van finansiële state



Bron: Belkaoui, A.R. 2000. Accounting Theory. Fourth ed. London: Business Press Thomson Learning, 121.

Die doelwitte van finansiële state, volgens die bogenoemde skematiese voorstelling, behels die volgende (Belkaoui, 2000:121):

Vlak I: Basiese doelwit

1. Die basiese doelwit van finansiële state is om inligting te voorsien waarop ekonomiese besluitneming gebaseer kan word. Rekeningkunde word direk gekoppel aan besluitneming en die klem word geplaas op nuttige/bruikbare rekeningkundige inligting.

Vlak II: Gebruikers en gebruike van rekeningkundige inligting

2. Finansiële state word primêr opgestel vir gebruikers met beperkte bevoegdheid, vermoë en hulpbronne om inligting te bekom. Hierdie gebruikers steun op die finansiële state as hoofbron van inligting rakende die onderneming se aktiwiteite.
3. Finansiële state voorsien inligting wat nuttig is vir beleggers en krediteure vir die voorspelling, vergelyking en evaluering van potensiële kontantvloei ingevolge die bedrag, tydsberekening en verwante onsekerhede.
11. Die omvang van Rekeningkunde word uitgebrei om die beoordeling van staatsorganisasies en nuwingsgewende organisasies in te sluit.
12. Die doel van finansiële state is ook om verslag te doen oor die onderneming se aktiwiteite; dit beïnvloed die gemeenskap en is van belang vir die onderneming in hierdie onderneming se sosiale omgewing.

Vlak III: Tipe inligting benodig

4. Finansiële state voorsien inligting vir die voorspelling, vergelyking en evaluering van die onderneming se verdienstevermoë.
5. Finansiële state voorsien inligting wat nuttig is vir evaluering van die bestuur se rentmeesterskap.

Vlak IV: Aard van die inligting

6. Feitelike, verklarende inligting rakende transaksies en ander gebeure word voorsien, wat nuttig is vir die voorspelling, vergelyking en evaluering van die onderneming se verdienstevermoë.

Vlak V: Finansiële state

7. Hierdie doelwit verwys na die konsep van 'n staat van finansiële posisie.
8. Hierdie doelwit verwys na die konsep van 'n staat van omvattende inkomste of 'n wins- en verliesstaat.
9. Hierdie doelwit vereis dat 'n staat van finansiële aktiwiteite voorsien word.
10. Finansiële state voorsien inligting wat nuttig is vir die voorspellingsproses; finansiële vooruitskattings behoort voorsien te word indien dit die betroubaarheid van gebruikers se voorspellings sal bevorder.

Vlak VI: Spesifieke aanbevelings

Spesifieke aanbevelings rakende die elemente van finansiële state word in die verslag gemaak.

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat daar baie klem op die basiese doelwit (vlak I, naamlik die voorsiening van nuttige en bruikbare rekeningkundige inligting) en die gebruikers en hul behoeftes (vlak II) geplaas word. Die omvang van Rekeningkunde word verder uitgebrei om staatsorganisasies en nuwingsgewende organisasies (vlak II) in te sluit. In Suid-Afrika is afsonderlike rekeningkundige standaarde vir onderskeidelik die regering en munisipaliteite ontwikkel. Hierdie rekeningkundige standaarde is primêr gebaseer op IFRSs, maar is spesifiek aangepas ten einde die unieke omstandighede van die regering en munisipaliteite in ag te neem. Rossouw (2006:104) toon aan dat nuwingsgewende organisasies oor 'n unieke aard en kenmerke beskik en dat alle rekeningkundige beginsels nie teoreties op hierdie organisasies toepaslik is nie; 'n unieke rekeningkundige praktyk is dus noodsaaklik vir hierdie organisasies. Die bogenoemde skrywer meld spesifiek dat navorsing gedoen behoort te word oor die besluitnemingsbehoefte van die gebruikers van nuwingsgewende organisasies se finansiële state, ten einde vas te stel watter antwoorde die mees toepaslike vir nuwingsgewende organisasies is (Rossouw, 2006:105).

Vlak III in figuur 2.2 vereis dat finansiële state inligting voorsien wat nuttig is vir die evaluering van die bestuur se rentmeesterskap. Die eienaars van groot maatskappye is gewoonlik nie betrokke by die bestuur van die maatskappy nie en daarom behoort die finansiële state inligting te voorsien op grond waarvan die bestuur se rentmeesterskap geëvalueer kan word. Die aard van klein maatskappye het egter tot gevolg dat die evaluering van hul bestuur se rentmeesterskap nie 'n belangrike doelwit van finansiële state is nie; Wilson (1995:93) bevestig hierdie mening in die volgende stelling:

“Clearly, in the case of an owner-managed entity, this accountability – together with the related reporting obligation – falls away, illustrating a major distinction between the objectives of financial reporting for the two types of entity.”

2.3.3.2 The Corporate Report

Die verslag is in 1975 in die Verenigde Koninkryk gepubliseer (ICAEW, 1975). In die verslag word drie hoofareas aangespreek, naamlik (i) die tipe organisasie wat finansiële verslae uitreik, (ii) die hoofgebruikers van finansiële inligting en hulle behoeftes, en (iii) die formaat van die finansiële verslag wat die beste in die behoeftes van gebruikers voorsien.

In die verslag word beklemtoon dat finansiële state nuttig vir gebruikers behoort te wees. Daar word geargumenteer dat alle entiteite waarvan die grootte en formaat beduidend is, finansiële state behoort te publiseer en dat “... this would extend public accountability for example to significant partnerships and unincorporated businesses ...” (ICAEW, 1981:138).

Die verslag erken dat dit onprakties is om voor te stel dat finansiële state ten volle aan alle gebruikersbehoefte voldoen, en dat oordeel vereis word om konflikte van belange te balanseer. Die regte van die verskillende gebruikers en hulle inligtingsbehoefte word bespreek. Die volgende belangrike gevolgtrekking word gemaak:

“... the fundamental objective of corporate reports is to communicate economic measurements of and information about the resources and the performance of the reporting entity useful to those having reasonable rights to such information”. (ICAEW, 1981:141).

Finansiële state moet oor sekere kwalitatiewe eienskappe, naamlik relevansie, verstaanbaarheid, betroubaarheid, volledigheid, objektiwiteit, tydigheid en vergelykbaarheid beskik om hierdie doelwit te bereik. Sekere praktiese probleme is geïdentifiseer, insluitende vertroulikheid en die koste wat verbonde is aan die voorbereiding van finansiële state. Daar word ook vermeld dat dit onwaarskynlik is dat gebruikersbehoefte in die algemeen sal baat vind by gepubliseerde inligting wat teen die nasionale belang, of nadelig vir die voortbestaan van die verslagdoende entiteit is. (ICAEW, 1981:141).

2.3.3.3 Sandilands Report

Die verslag is in 1975 in die Verenigde Koninkryk gepubliseer en voorberei deur a *Committee of Enquiry, appointed by the Chancellor of the Exchequer and the Secretary of the State for Trade and Industry*. Die verslag is hoofsaaklik daarop gemik om te bepaal of veranderinge in koste en pryse gemaak moet word, alhoewel die belangrikheid van die behoeftes van gebruikers beklemtoon word wanneer die volgende gevolgtrekking gemaak word:

“... the requirements of users of accounts should be the fundamental consideration in deciding the information to be disclosed in company accounts”. (ICAEW, 1981:143).

Die verslag meld dat die meeste gebruikers van finansiële state ’n algemene behoefte aan inligting oor die likiditeitsposisie van ’n entiteit het; finansiële verslae behoort gevolglik ’n kontantvloeistaat vir die jaar in te sluit. Finansiële state behoort, indien moontlik, aan die volgende sewe kwaliteite te voldoen: objektiwiteit, feitelikheid, omsigtigheid, vergelykbaarheid, konsekwentheid, en verstaanbaarheid.

2.3.3.4 Stamp Report

Die *Stamp Report* is in 1980 deur die *Canadian Institute of Chartered Accountants* gepubliseer (CICA, 1980a). Die verslag beklemtoon dat finansiële inligting vir alle potensiële gebruikers nuttig behoort te wees, in 'n formaat wat relevant is vir hulle behoeftes. Nuttige inligting behoort dus aan die volgende vereistes te voldoen:

- Beoordeling van die finansiële prestasie en posisie van die maatskappy;
- Beoordeling van die gebruikersbehoefte;
- Bepaling van kriteria om die kwaliteit van rekeningkundige standaarde te beoordeel;
- Erkenning van die probleme wat ondervind word om koste en voordele te bereken; asook
- Erkenning van die probleem van potensiële konflik van belange tussen opstellers van finansiële verslae en gebruikers van die inligting, en tussen verskillende groepe van gebruikers.

Die behoefte aan rekeningkundige standaarde en die feit dat rekeningkundige standaarde 'n sentrale rol speel in die ontwikkeling van 'n bevredigende stelsel van rekeningkundige verslagdoening, word in die verslag aangespreek. Belangrike faktore wat vermeld word, is die skeiding van eienaarskap en bestuur; die belange van verskeie eksterne groepe in die bedrywighede van die maatskappy en hoe die bestuur oor hierdie aangeleenthede verslag lewer; asook opmerkings oor die vlak van vertrouwe in die redelikheid en betroubaarheid van finansiële state.

Daar word geargumenteer dat verskillende gebruikers kompeterende ekonomiese belange het en dat rekeningkundige standaarde 'n belangrike meganisme is om hierdie konflikte aan te spreek. Dit is gevolglik noodsaaklik dat rekeningkundige standaarde die grootste moontlike vlak van betroubaarheid tussen hierdie verskillende groepe afdwing, sodat die regte balans tussen die gebruikers gehandhaaf kan word.

Daar word erken dat die primêre (en moontlik die belangrikste) doel van rekeningkundige inligting is om te verseker dat daar aan die behoeftes van gebruikers voldoen word. Die doel van verslagdoening is op alle gebruikers van toepassing en behoort nie drasties te verander indien die gebruikers of hulle behoeftes nie verander nie. Die verskillende gebruikersgroepe en hulle inligtingsbehoefte, soos geïdentifiseer, word in hoofstuk 3 verder bespreek.

In 'n omgewing van onsekerheid en risiko, is die doel van goeie rekeningkundige

verslagdoening om onsekerhede rakende die geldigheid van inligting te minimaliseer en die gebruiker in staat te stel om 'n persoonlike evaluasie van die risiko's wat aan die maatskappy verbonde is, te doen. Koste-faktore behoort teenoor voordele-faktore oorweeg te word. Finansiële verslae behoort, so ver moontlik, die onderliggende ekonomiese realiteite te weerspieël, en voorsiening moet gemaak word vir innovasie en veranderinge.

Die verslag meld spesifiek dat enige nuttelose/onbruikbare inligting, wat tans in finansiële verslae ingesluit word, uitgesluit behoort te word. Daar word afgesluit met, onder andere, die spesifieke aanbeveling dat verdere navorsing nodig is om die veranderende behoeftes van gebruikers te monitor en kennis oor die besluitnemingsproses van gebruikers te bekom.

2.3.3.5 Solomons Report

Die verslag is in 1989 deur *The Institute of Chartered Accountants in England and Wales* gepubliseer en toon weereens dat die hoofdoel van finansiële verslagdoening die voorsiening is van inligting wat nuttig is vir besluitneming (ICAEW, 1989). Finansiële verslae behoort inligting te voorsien wat nuttig is vir 'n verskeidenheid van gebruikers wat 'n belang het in die volgende:

- Die beoordeling van die finansiële prestasie en posisie van die maatskappy;
- Die beoordeling van die prestasie van persone wat verantwoordelik is vir die bestuur van die maatskappy; en
- Die neem van besluite rakende die maatskappy ten opsigte van, byvoorbeeld beleggings, kredietverskaffing, besigheidstransaksies, of indiensneming.

Uit die bogenoemde bespreking van die verskillende navorsingsverslae, blyk dit duidelik dat finansiële inligting bruikbaar vir die gebruikers van finansiële state moet wees. Al die verslae beklemtoon die basiese doelwit van rekeningkundige inligting, naamlik die voorsiening van nuttige en bruikbare inligting op grond van die behoeftes van gebruikers. Rekeningkundige inligting beskik oor sekere eienskappe wat tot gevolg het dat die inligting nuttig vir die gebruikers daarvan is; hierdie kwalitatiewe eienskappe van rekeningkundige inligting word vervolgens bespreek.

2.4 Kwalitatiewe eienskappe

Die doel van hierdie studie is om te bepaal watter rekeningkundige inligting nuttig is vir die gebruikers van klein maatskappy finansiële state, en gevolglik aan die doelwit van nuttige inligting vir besluitneming voldoen. Sekere eienskappe of kwaliteite maak rekeningkundige inligting nuttig vir besluitneming. Hierdie kwalitatiewe eienskappe hou verband met die breë, etiese doelwitte van betroubaarheid, regverdigheid en redelikheid, wat as die verlangde doelwitte van 'n gemeenskap in geheel aanvaar is (AICPA, 1970:par.86). Volgens Belkaoui (2000:138), voorsien die kwalitatiewe eienskappe van rekeningkundige inligting kriteria wat 'n aanduiding is van watter inligting meer bruikbaar vir besluitnemingsdoeleindes is, ten einde 'n keuse uit te oefen tussen

- alternatiewe rekeningkundige en verslagdoeningsmetodes; of
- openbaarmakingsvereistes.


Hendriksen en van Breda (1992:123) definieer die kwalitatiewe eienskappe as “... attributes of accounting information which tend to enhance its usefulness”. Hierdie eienskappe behoort na verwagting

- die toets van die tyd te weerstaan;
- deurlopend te wees (d.w.s., toepaslik vir alle rekeningkundige entiteite);
- implementeerbaar te wees; en
- ontvanklik vir objektiewe verifikasie te wees.

In die konseptuele raamwerk onderskei die FASB (1980) tussen twee kategorieë van kwaliteite, naamlik *gebruiker-* en *besluitneming-spesifieke* kwaliteite. Gebruiker-spesifieke kwaliteite fokus op eienskappe van gebruikers, byvoorbeeld hul kennisvlakke, begrip van rekeningkunde, besluitnemingsvaardighede en -vermoëns. Die eienskappe van die gebruiker is 'n bepalende faktor wanneer inligting vir verslagdoening geselekteer word. Besluitneming-spesifieke kwaliteite hou daarenteen verband met kwaliteite wat van inligting vereis word, byvoorbeeld relevansie, betroubaarheid en volledigheid (Koornhof, 1998:39). Die kwalitatiewe kenmerke van inligting word vervolgens bespreek. Die FASB se hiërargie van rekeningkundige kwaliteite word in figuur 2.2 geïllustreer.

Figuur 2.2: Rekeningkundige kwaliteite

A Hierarchy of Accounting Qualities



Bron: Wolk, H. I., Francis, J.R. & Tearney, M.G. 1992. Accounting Theory: A Conceptual and Institutional Approach, Third edition. Ohio: South-Western Publishing Co, 169.

Besluitnemers is bo-aan die diagram; 'n posisie wat aandui dat finansiële inligting op die behoeftes van gebruikers gerig is. Die deursnee-gebruiker word geag ingelig te wees oor finansiële inligting en verslae, en gevolglik word verstaanbaarheid as 'n spesifieke gebruikerskwaliteit erken. Selfs al het gebruikers die kundigheid wat vereis word, kan die inligting self verskillende grade van verstaanbaarheid hê. Die kwaliteit van verstaanbaarheid is 'n eienskap wat deur beide die gebruikers en die opstellers van finansiële inligting beïnvloed word.

Inligting moet *koste-effektief* wees, dit wil sê, die voordele moet die koste wat daaraan verbonde is, oorskry. Dit is spesifiek problematies vir klein maatskappye, aangesien hierdie maatskappye hoë koste aangaan om rekeningkundige inligting, waaruit min voordele verkry word, te voorsien. 'n Koste-voordeel beoordeling van rekeningkundige inligting is in praktyk besonder moeilik om te doen, indien nie onmoontlik nie; die FASB (1980) erken dit wanneer die volgende stelling gemaak word:

“Most of the costs of providing financial information fall initially on the preparers, while the benefits are reaped by both preparers and users. Ultimately, the costs and benefits are diffused quite widely. The costs are mostly passed on to the users of information and to the consumers of goods and services. The benefits are also presumably passed on to consumers by assuring a steady supply of goods and services and more efficient functioning of the marketplace. But, even if the costs and benefits are not traced beyond the preparers and users of information, to say anything precise about their incidence is difficult.”

Die direkte koste wat verbonde is aan die verskaffing van inligting, sluit die koste van inwinning en verwerking van die inligting in, asook die koste van verifiëring en verspreiding. Direkte koste wat meegebring word deur veranderinge in finansiële verslagdoening is, byvoorbeeld die hersiening van invordering- en verwerkingstelsels, asook die opleiding van opstellers, bestuurders, beleggers en krediteure. Die moontlikheid bestaan ook dat indirekte koste kan ontstaan, byvoorbeeld die koste wat met 'n regsgeeding verband hou. Die opstellers van standarde oorweeg gewoonlik, onder andere, die praktiese uitvoerbaarheid van die implementering van standarde en hetsy 'n sekere mate van akkuraatheid ingeboet kan word ter wille van groter eenvoud en laer koste. Die oordeel van standaardstellers rakende die vraag of die voordele uit die verskaffing van inligting die verwagte koste sal regverdig, is meestal meer kwalitatief as kwantitatief. Selfs die kwalitatiewe inligting wat die opstellers van standarde kan bekom rakende spesifiek die voordele, asook die koste, sal onvolledig wees. Nietemin behoort die opstellers van standarde alles in hulle vermoë te doen om te verseker dat voordele en koste toepaslik gebalanseer is (Vorster *et al.*, 2006:25).

Cleminson en Rabin (2002:339) identifiseer die koste wat aan rekeningkundige verslagdoening verbonde is, as 'n wesenlike probleem vir klein besighede, en beklemtoon dat die opstellers van standarde nie besef wat die volle implikasie van die toepassing van AARP (naamlik hoë koste om aan AARP te voldoen) op klein besighede is nie. Gebruikers van finansiële state is verder ook nie bereid om hoër fooie te betaal vir die voorsiening van addisionele inligting wat nie gebruik word nie.

Holgate en Smith (1995:93) is egter van mening dat die koste-probleem vir klein maatskappye oorbeklemtoon word, aangesien sommige rekeningkundige standarde slegs op groot maatskappye van toepassing is, rekeningkundige standarde nie op niewesenlike items van toepassing is nie, en dit onwaarskynlik is dat klein maatskappye gereeld transaksies aangaan wat die toepassing van komplekse rekeningkundige standarde vereis. Ten spyte daarvan dat die koste-probleem oorbeklemtoon word, ondersteun die bogenoemde skrywers die koste-voordeel argument ten einde enige beswarende faktor wat op klein maatskappye geplaas word, te verlig.

Die twee primêre besluitnemingskwaliteite is *toepaslikheid (relevance)* en *betroubaarheid (reliability)*. Hendriksen en van Breda (1992:133) definieer toepaslikheid as volg:

- *Doelwit toepaslikheid* word verkry wanneer inligting veroorsaak dat gebruikers hul doelwitte bereik. Dit is egter moeilik bepaalbaar, omdat doelwitte subjektief is.
- *Semantiese toepaslikheid* word verkry wanneer die ontvanger van inligting die beoogde betekenis van die gerapporteerde inligting verstaan. Dit is 'n noodsaaklike voorvereiste, maar nie die uiteindelijke doel nie.
- *Besluitnemings-toepaslikheid* word verkry wanneer inligting die besluite van gebruikers vergemaklik. Dit verteenwoordig die uiteindelijke doel van finansiële inligting.

Toepaslikheid verwys na die vermoë van inligting om gebruikers in hul besluitnemingsproses te beïnvloed. Die toepaslikheid van spesifieke inligting sal verskil van gebruiker tot gebruiker, en sal afhang van hulle behoeftes en van die spesifieke konteks waarin die besluite geneem word. Volgens die konseptuele raamwerk help toepaslike inligting beleggers, krediteure en ander gebruikers om transaksies, omstandighede en gebeure in die verlede, hede of toekoms te evalueer (voorspellingswaarde van inligting), of om vorige evaluasies te bevestig of te korrigeer (bevestigingswaarde van inligting). Bevestigende inligting verminder die onsekerheid (of verhoog die waarskynlikheid) dat die resultate volgens verwagting sal wees. Indien die inligting verwagtinge verander, word die verwagte waarskynlikhede van die moontlike uitkomst daardeur verander, dit wil sê, die inligting verander die graad van

vertroue in vorige verwagtings. Daar is 'n verwantskap tussen die voorspellings- en bevestigingsrol van inligting deurdat inligting wat oor voorspellingswaarde beskik, dikwels ook bevestigingswaarde het. (Hendriksen & van Breda 1992:133).

Inligting is slegs toepaslik indien dit ook aan 'n besluitnemer beskikbaar is voordat dit die vermoë om besluite te beïnvloed, verloor (tydigheid). Die wisselwerking tussen toepaslikheid en tydigheid is egter nie wederkerig nie. Tydigheid waarborg nie toepaslikheid nie, maar toepaslikheid is egter nie moontlik sonder tydigheid nie. Tydigheid is daarom 'n belangrike vereiste vir gepubliseerde finansiële verslae. Daar is 'n konflik tussen tydigheid en die ander aspekte van toepaslikheid, omdat inligting meer volledig en akkuraat kan wees indien die tydsbeperking verlig word. Hendriksen en van Breda (1992:137) argumenteer ook dat inligting nie toepaslik is indien dit teen 'n laer koste van 'n ander bron verkry kan word nie:

“... some information may be obtainable from alternative sources at a lower total social cost (including the cost of the user of obtaining the information separately). When this is the case, consideration should be given to excluding such information from accounting reports and permitting the alternative source to provide the information”.

Rekeningkundige vereistes veroorsaak omvattende openbaarmakings in finansiële state. Die finansiële inligting is nie altyd toepaslik vir die finansiële state van die meeste klein- en mediumgrootte entiteite nie. Volgens Belkaoui (2004:52), is daar reeds in 1982 'n groot aantal rekeningkundige openbaarmakingsvereistes geïdentifiseer wat nie van toepassing op privaatmaatskappye is nie, of nie voldoende voordele aan die gebruikers van hierdie finansiële state verskaf om die koste wat daaraan verbonde is, te regverdig nie. Gee (1993:82) verwys na die probleem as *small company reporting and the relevance gap*; meld dat klein maatskappye verplig is om inligting te openbaar, ongeag die nut of toepaslikheid daarvan; en meld verder dat klein besighede vir waardelose/nuttelose inligting betaal.

Die tweede primêre besluitnemingskwaliteit is *betroubaarheid*. Betroubaarheid beteken dat gebruikers van finansiële verslae moet kan staatmaak daarop as 'n getroue weerspieëling van die ekonomiese omstandighede of gebeurtenisse wat dit voorgee om te reflekteer. Betroubaarheid veronderstel nie absolute akkuraatheid nie, maar wel inligting waarin gebruikers vertroue kan hê. Hierdie kwaliteit verseker dat inligting redelik sonder foute en onbevooroordeeld is, en dat dit 'n redelike weergawe is van wat dit veronderstel is om te verteenwoordig (Wolk *et al.*, 1992:170). Betroubaarheid is volgens die FASB 'n funksie van die volgende (Hendriksen & van Breda, 1992:137):

- *Redelike weergawe (representational faithfulness)*: dit verwys na die aard van inligting wat in finansiële state vervat is, en veronderstel dat die inligting 'n getroue/redelike weerspieëling is van gebeure wat dit voorgee om te reflekteer of redelikerwys behoort te reflekteer. Redelike weergawe vereis ook dat die wese, eerder as die regsform, van gebeure of transaksies weergegee word en dat die inligting volledig is.
- *Verifieerbaarheid (verifiability)*: inligting is verifieerbaar indien dit moontlik is om die inligting onafhanklik te bevestig. Die beginsel verwys egter slegs na die korrektheid van inligting en nie na die toepaslikheid van die metingsmetode wat gebruik is nie.
- *Onpartydigheid (neutrality)*: onpartydige inligting word nie op 'n wyse aangebied wat 'n voorafbepaalde resultaat bewerkstellig nie.

Beide primêre besluitnemingskwaliteite, naamlik toepaslikheid en betroubaarheid, word geassosieer met die sekondêre kwaliteite van *vergelykbaarheid en konsekwentheid*. Gebruikers van finansiële inligting verlang vergelykbare inligting om tendense oor tydspannes te beoordeel en 'n vergelyking tussen soortgelyke entiteite te tref, ten einde aan hulle gebruikersbehoefte te voldoen. Dit beteken dat konsekwentheid gehandhaaf moet word in die rekeningkundige hantering van dieselfde items met verloop van tyd, dieselfde items in dieselfde tydperk, en soortgelyke items van verskillende entiteite. 'n Onderskeid word getref tussen vergelykbaarheid en konsekwentheid. Vergelykbaarheid word beskryf as daardie eienskap van inligting wat gebruikers in staat stel om ooreenkomste en verskille tussen twee stelle ekonomiese werklikhede te identifiseer. Konsekwentheid verwys na die gebruik van dieselfde rekeningkundige beleid en prosedures, hetsy van tydperk tot tydperk deur 'n bepaalde entiteit, of in dieselfde tydperk deur alle entiteite. Vergelykbaarheid is die doel, terwyl konsekwentheid die middel tot die bereiking van daardie doel is. (Wolk *et al.*, 1992:171).

Kritiek teen die wysiging van die rekeningkundige vereistes vir klein maatskappye (gedifferensieerde verslagdoening), is dat dit die vergelykbaarheid van finansiële state tussen entiteite sal verminder. CICA (2002:37) meld dat die kwalitatiewe eienskap van vergelykbaarheid, relatief tot verstaanbaarheid en toepaslikheid, oorbeklemtoon word. In praktyk vind vergelykings tussen maatskappye selde plaas en is dit minder belangrik vir klein maatskappye as vir groot maatskappye. Indien 'n klein maatskappy se finansiële state met dié van 'n ander maatskappy vergelyk sou word, sal die vergelyking waarskynlik met 'n entiteit wat oor dieselfde eienskappe (klein maatskappy) beskik, getref word eerder as met 'n groot maatskappy (ander eienskappe). Die vermindering van vergelykbaarheid kan dus geregverdig word wanneer gedifferensieerde verslagdoening toegepas word.

Wesenlikheid kan as 'n beoordelingsdrempel ten opsigte van die erkenning van inligting beskou word. Inligting word as weselik beskou as die weglating of foutiewe opgawe daarvan 'n invloed het op die besluite wat gebruikers op grond daarvan sal neem. Dit kom daarop neer dat die weselikheid van 'n item gemeet word in terme van die belangrikheid daarvan in verhouding tot die algehele beoordeling van die finansiële state. Die openbaarmaking van weselike items lei tot groter bruikbaarheid van finansiële state. Weselikheid word beoordeel in die konteks van die aard en bedrag van 'n item. Weselikheid is egter 'n deurlopende beperking op die inligting wat in finansiële verslae ingesluit word, eerder as 'n kwalitatiewe eienskap van inligting wat nuttig kan wees vir gebruikers.

Die FASB se hiërargie van kwalitatiewe eienskappe (verwys na figuur 2.1) is nuttig wanneer finansiële inligting geëvalueer word om te bepaal of dit nuttig vir besluitnemingsdoeleindes is. In praktyk is dit egter nie altyd so eenvoudig om hierdie kwalitatiewe eienskappe toe te pas nie, en dit mag nodig wees om 'n balans tussen botsende komponente te vind. Indien daar byvoorbeeld aan die kwaliteit van toepaslikheid voldoen word, kan dit die afname in 'n ander kwaliteit (bv. betroubaarheid) tot gevolg hê. 'n Ander nadeel van die hiërargie is die feit dat geen melding gemaak word van die kommunikasie tussen die opstellers van finansiële inligting, met inagneming van die nuttige besluitnemingskwaliteite, en die gebruikers van hierdie inligting met hulle spesieke inligtingsbehoefte nie.

Uit die aard, funksies en doel van Rekeningkunde, blyk dit dat Rekeningkunde 'n kommunikasieproses is. Die sukses daarvan wentel om die kommunikasieproses; daarsonder word die gebruikers van finansiële inligting in die duister gelaat en gaan die toepaslikheid en regverdigheid van Rekeningkunde verlore (Gouws, 1997:65). Volgens Gouws (1997:65), is die opstellers van finansiële state verantwoordelik vir suksesvolle kommunikasie, wat die volgende behels:

- Die sterk en swak punte van finansiële state moet as 'n medium vir kommunikasie erken word;
- Die sterk en swak punte van die rekeningkundige stelsel moet erken word;
- Daar moet begrip wees vir die kenmerke en behoeftes van gebruikers, byvoorbeeld opleiding, kommunikasievermoëns, kultuur en toepaslike kennis;
- Daar moet 'n bewustheid wees van die doel van die boodskap wat oorgedra word;
- Daar moet 'n begrip wees van hoe die gebruikers die inligting gaan gebruik;
- Daar moet versekering wees dat die boodskap duidelik ontvang en verstaan word; en
- Terugvoer moet aangemoedig word ten einde veranderinge in die rekeningkundige proses te bevorder en die kwaliteit van boodskappe te verbeter.

Murphy (1997:12) bevestig die belangrikheid van Rekeningkunde as 'n kommunikasieproses en bevind dat die toekoms van goeie verslagdoening vir klein entiteite afhanklik is van effektiewe kommunikasie.

2.5 Finansiële verslagdoeningsomgewing

Uit bogenoemde bespreking blyk dit dat die belangrikste funksie van Rekeningkunde is om finansiële inligting omtrent ondernemings te voorsien; gebruikers vind hierdie inligting nuttig vir ekonomiese besluitneming. Finansiële state voorsien historiese inligting (in geldterme), wat nie slegs kwantitatief, maar ook kwalitatief kan wees, aan gebruikers rakende die ekonomiese hulpbronne en verpligtinge van 'n onderneming, asook die ekonomiese aktiwiteite wat 'n verandering in hierdie hulpbronne en verpligtinge teweegbring. Rekeningkunde word dus deurlopend beïnvloed deur die omgewing; enkele aspekte rakende die finansiële verslagdoeningsomgewing word vervolgens aangespreek.

2.5.1 Invloed van die omgewing

Omgewingstoestande, -beperkinge en -invloede is gewoonlik buite die direkte beheer van besigheidspersone, rekeningkundige beamptes en gebruikers van finansiële state. Die evaluering van finansiële inligting vereis kennis van die omgewing en die invloed daarvan op die finansiële proses. Aspekte van die omgewing word omvat in die basiese elemente van Rekeningkunde en in die algemeen aanvaarde rekeningkundige beginsels. Faktore wat spesifiek 'n invloed op die finansiële verslagdoeningsomgewing het, sluit onder meer die volgende in (AICPA, 1970:17):

- Die verskeidenheid van gebruikers van rekeningkundige inligting;
- Die organisasie van ekonomiese aktiwiteite in die gemeenskap;
- Die aard van ekonomiese aktiwiteite binne die individuele onderneming; en
- Die meting van ekonomiese aktiwiteite.

Rekeningkundige inligting word deur 'n verskeidenheid van gebruikers vir verskillende doeleindes gebruik. Die behoeftes en verwagtinge van gebruikers bepaal die tipe inligting wat vereis word. Die doel van hierdie studie is om spesifiek die behoeftes van gebruikers van klein maatskappy finansiële state te bepaal, en daarom is die identifisering van die verskillende gebruikersgroepe van kritieke belang. Gesien in die lig van die feit dat die gebruikers van finansiële state sodanig 'n belangrike rol in hierdie studie speel, volg 'n

volledige bespreking ten opsigte van die gebruikers in hoofstuk 3.

Die omgewing waarin die onderneming funksioneer bestaan, onder meer, uit tegnologiese, ekonomiese, sosiale en politieke faktore wat die onderneming en die ontwikkeling daarvan beïnvloed. Die onderneming kan in 'n sekere mate beskou word as 'n skepping van die onderneming se omgewing deurdat bates, inkomste, probleme, geleenthede en voortbestaan grootliks van hierdie omgewing afhanklik is. Vanweë veranderinge in die omgewing, word die bestuur voortdurend gedwing om aanpassings in die onderneming te maak. Net soos die onderneming deur die veranderinge in die omgewing beïnvloed word en daarvolgens aanpas, sal hierdie veranderende onderneming op sy beurt die omgewing beïnvloed. Daar is dus 'n voortdurende wisselwerking tussen die onderneming en die omgewing waarin die onderneming funksioneer. Wanneer die omgewing verander, word die bestuur gekonfronteer met die moontlikheid van stagnasie, ondergang of aanpassing ter wille van die voortbestaan van die onderneming. Stagnasie en agteruitgang kan slegs voorkom word indien verandering en vernuwing deurlopend plaasvind. (Du Plessis, 1987:123).

2.5.2 Die veranderende verslagdoeningsomgewing

Dit is 'n moeilike taak om voortdurend op hoogte te wees van omgewingsveranderinge en toekomstige veranderinge te bepaal. Sommige veranderinge is onvoorspelbaar vanweë die snelheid waarteen dit plaasvind, terwyl dit moeilik is om ander, vanweë 'n gebrek aan die nodige kennis, vooruit te bepaal. Die hoofkenmerke van hierdie faktore is volgens Lucas (in Du Plessis, 1987:128) dat dit buite die onderneming ontstaan, grootliks onbeheerbaar is, deurlopend verander en die voortbestaan van die onderneming bepaal.

Die kompleksiteit en diversiteit van die moderne ekonomiese onderneming het, onder andere, die volgende implikasies vir Rekeningkunde (AICPA, 1970:22):

- Die meting van ekonomiese aktiwiteite ten opsigte van 'n spesifieke tydsinterval (bv. 'n jaar of kwartaal) kan slegs gedoen word op die basis van aannames of konvensionele allokasies, want ekonomiese aktiwiteite vind op 'n deurlopende grondslag plaas.
- Die uitkoms van ekonomiese aktiwiteite is onseker tydens besluitneming en gevolglik stem finansiële resultate nie ooreen met oorspronklike verwagtinge nie.

In APB Statement No.4, word omgewingsinvloede ook as 'n faktor wat rekeningkundige doelwitbereiking beperk, geïdentifiseer:

“Constraints on achieving the objectives may stem from influences of the environment on accounting. First, the objectives, which are based largely on the needs of users of financial information, are not necessarily compatible with environmental influences. The inherent difficulties of measurement in terms of money, mean that information produced by accounting will necessarily fall short to some extent of objectives of verifiability and comparability. Second, financial accounting costs money. Anticipated benefits from proposed changes in financial accounting information that are intended to better achieve the objectives must be weighed against the additional cost involved. Finally, changing financial accounting practices to better achieve the objectives involves user costs and dislocations that may tend to offset the advantages to be obtained.” (AICPA, 1970:42).

Rekeningkunde is oor die jare aangepas om te voldoen aan die vereistes wat deur 'n veranderende omgewing gestel word; hierdie aanpassing verseker dat inligting (wat aan die gebruikers van finansiële state gekommunikeer is) nie misleidend is nie; relevant, tydig en nuttig is vir besluitneming; en lei tot bewerkstelling van redelike weergawe. 'n Groot aantal rekeningkundige standaarde is uitgereik in 'n poging om die mate van oordeel te verminder wat by die toepassing van rekeningkundige beginsels toegepas word. Verskeie professionele regulasies en openbaarmakingsvereistes is ook ontwikkel as gevolg van die behoefte om publieke belange te beskerm. Voorts is omvattende rekeningkundige standaarde en openbaarmakings ontwerp op grond van die begeerte om aan soveel as moontlik gebruikersbehoefte te voldoen. Hierdie situasie het met die verloop van die jare ontwikkel tot die stadium waar dit in 'n ernstige probleem, veral vir klein entiteite, ontaard het. Daar word gereeld na hierdie probleem as die *accounting standards overload problem* verwys. (Burke, 1997:11; Barcelo, 2007:25).

Komplekse en omslagtige rekeningkundige verantwoording is die resultaat van hierdie bogenoemde situasie; die toename in kompleksiteit en omvang van rekeningkundige vereistes spruit weer hieruit voort en beïnvloed die koste wat verbonde is aan die voorbereiding van finansiële state vir beide groot en klein entiteite. Sommige glo dat rekeningkundige vereistes ondraaglik geword het vir sekere entiteite, hul ouditeure en gebruikers; ander is van mening dat die vereistes eerder ontwerp is om aan die inligtingsbehoefte van beleggers en krediteure te voldoen, ten koste van die spesifieke gebruikers van klein maatskappy finansiële state. Dit is in direkte konflik met die aanvaarde argument dat die primêre doel van rekeningkundige inligting die voldoening aan die behoeftes van gebruikers van finansiële state is.

Volgens Belkaoui (2000:102), word die probleem gewoonlik geassosieer met abnormale toename in rekeningkundige standaarde, wat spesifiek die volgende eienskappe insluit:

- Té veel standaarde;
- Standaard wat té omvattend is;
- Onbuigsaamheid van standaard, wat selektering en toepassing daarvan bemoeilik;
- Veeldoelige standaard wat in gebreke bly om voorsiening te maak vir verskille in die behoeftes van opstellers en gebruikers;
- Algemene-doel standaard wat in gebreke bly om voorsiening te maak vir verskille tussen publieke en niepublieke entiteite, jaarlikse en interim finansiële state, groot en klein entiteite, geouditeerde en ongeouditeerde finansiële state; en
- Oormatige openbaarmakingsvereistes, komplekse erkennings- en metingsvereistes, of beide.

David Moss (in Belkaoui, 2000:102) beskryf die probleem as volg:

“When I first encountered the subject, standards overload looked like the legendary Gordian knot, so intricate it couldn’t be untied by any ordinary mortal. After five years of wrestling with the problem, however, I think maybe it isn’t a Gordian knot after all - it looks like a hangman’s noose.”

Die probleem van oorklading van rekeningkundige standaard vereis regstellende oplossings. ’n Benadering wat gebaseer is op gedifferensieerde openbaarmakingsvereistes en erkennings- en metingsalternatiewe vir klein maatskappye bied ’n goeie oplossing vir die probleem, deurdat beide die toepaslikheid van inligting vir gebruikers en die koste teenoor die voordele wat daaraan verbonde is, oorweeg word. Belkaoui (2000:105) beaam dat dit noodsaaklik is “... for a flexible concept of the GAAP with differential measurement alternatives to serve the specialized needs of small non-public companies”.

2.6 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die aard van Rekeningkunde bespreek en daar is aangetoon dat die hoofdoel van rekeningkundige inligting is om inligting wat nuttig is vir besluitneming aan gebruikers van finansiële state te voorsien. Rekeningkunde speel ’n belangrike rol as bron van inligting vir besluitneming. Die bruikbaarheid van finansiële state en die inligtingsbehoefte van gebruikers van finansiële state is in verskeie internasionale verslae ondersoek in ’n poging om die doel van rekeningkundige inligting te bepaal en finansiële verslagdoening te verbeter. Die verslae wat bespreek is, naamlik Trueblood Report, The Corporate Report, Sandilands Report, Stamp Report en Solomons Report, identifiseer verskeie eienskappe (van nuttige rekeningkundige inligting) wat later gebruik is om die

konseptuele raamwerk vir Rekeningkunde te ontwikkel. Die verskillende kwalitatiewe eienskappe van rekeningkundige inligting is voorts bespreek. Daar is aangetoon dat inligting koste-effektief moet wees en dat die voordele van die inligting die koste wat daaraan verbode is, behoort te oorskry. Die probleem van die oorlading van vereistes in rekeningkundige standarde het tot gevolg dat finansiële state nie meer aan die behoeftes van gebruikers van klein maatskappy finansiële state voldoen nie. Die inligtingsbehoefte van hierdie gebruikers vereis dat finansiële verslagdoening gewysig en aangepas moet word om te verseker dat nuttige inligting in finansiële state voorsien word.

Dit is belangrik om die bruikbaarheid van rekeningkundige inligting te oorweeg wanneer daar gepoog word om rekeningkundige verslagdoening te verbeter. Die probleme wat ondervind word om die bruikbaarheid van rekeningkundige inligting te bepaal, dui egter daarop dat verskillende persone hul eie subjektiewe mening rakende hierdie aangeleentheid sal vorm; gevolglik sal daar nie eenstemmigheid wees oor watter inligting finansiële state behoort te voorsien nie. In die hoofstuk wat volg, word die verskillende gebruikers van finansiële state en hulle onderskeie inligtingsbehoefte meer breedvoerig bespreek.

HOOFSTUK 3

GEBRUIKERS VAN FINANSIËLE STATE

“The focus of the work now under way is on clarifying how the information needs of the users of SMEs financial statements differ from those of the users of other entities’ financial statements.” (Martin, 2000:47)

3.1 Inleiding

In hoofstuk 2 is die doel van Rekeningkunde bespreek. Die doel van finansiële state is om inligting oor die finansiële stand, prestasie en kontantvloeï van ’n entiteit, wat nuttig is vir ’n wye verskeidenheid van gebruikers van finansiële state sodat hulle ekonomiese besluite kan neem, te voorsien. Rekeningkundige inligting word deur ’n verskeidenheid van gebruikers vir verskillende doeleindes benut. Die behoeftes en verwagtinge van gebruikers bepaal watter tipe inligting vereis word. Die doel van hierdie studie is juis om die behoeftes van gebruikers van klein maatskappy finansiële state te bepaal en gevolglik is die identifisering van die verskillende gebruikersgroepe noodsaaklik.

In die raamwerk, *The Three Worlds Framework* (verwys na hoofstuk 1), vorm die inhoud van rekeningkundige kennis (*Body of accounting knowledge*) deel van wêreld 2 wat Rekeningkunde as ’n sosiale wetenskap, asook wetenskaplike navorsing in Rekeningkunde verteenwoordig. In hierdie hoofstuk word die verskillende gebruikers van finansiële state en spesifiek gebruikers van finansiële state van klein entiteite, asook hulle inligtingsbehoefte bespreek. Vervolgens word die deurlopende beperking van rekeningkundige inligting bespreek, naamlik dat die koste wat verbonde is aan die voorbereiding daarvan, die voordele wat daaruit verkry word, moet regverdig.

Hierdie hoofstuk bestaan uit ’n literatuurstudie wat die inhoud van rekeningkundige kennis rakende gebruikers van finansiële state van klein entiteite omskryf. Hierdie rekeningkundige kennis word as vertrekpunt vir die empiriese studie gebruik (verwys na hoofstukke 6 en 7). Die identifisering van potensiële gebruikers van klein maatskappy finansiële state, die invloed van finansiële state op die ekonomiese besluite wat eienaars/bestuur neem, asook koste en laste met betrekking tot die opstel van finansiële state, insluitende die identifisering van faktore wat dit bemoeilik, word in die empiriese studie aangespreek.

3.2 Geïdentifiseerde gebruikers

Daar is 'n verskeidenheid gebruikers van finansiële state. Alhoewel finansiële state nuttig is vir die bestuur van 'n onderneming, is die primêre doel met die opstel daarvan om inligting aan eksterne gebruikers te voorsien. Gebruikers van finansiële state word in die rekeningkundige raamwerk gedefinieer, sowel as in verskeie ander verslae wat deur erkende organisasies in die Verenigde Koninkryk, die Verenigde State van Amerika, Kanada, sowel as die *International Accounting Standards Board* (IASB) gepubliseer is (Van Staden, 1998:62). Die dokumente wat onder andere geïdentifiseer is, en vervolgens kortliks bespreek word, sluit die volgende in:

- **Improving Business Reporting - A customer focus**

Die verslag is in 1994 deur die *American Institute of Certified Public Accountants* in die Verenigde State van Amerika uitgereik en identifiseer die volgende gebruikers van finansiële state: beleggers, krediteure, bestuur en direksie, werknemersgroepe, mededingers, reguleerders, akademici, die pers/media en die gemeenskap (AICPA, 1994).

- **Framework for the preparation and presentation of financial statements**

Die raamwerk is in 1989 deur die *International Accounting Standards Committee* in die Verenigde Koninkryk opgestel en sluit die volgende gebruikers in: beleggers, werknemers, leners, verskaffers en ander handelskrediteure, klante, owerhede en owerheidsinstellings, en die gemeenskap (IASB, 1989).

- **Making Corporate Reports Valuable**

Die verslag is in 1988 deur die *Institute of Chartered Accountants in Scotland* uitgereik met die doel om die kwaliteit van die meting en verslagdoening van korporatiewe aktiwiteite te verbeter. Die aanbevelings wat in die verslag gemaak word, bied aan entiteite die geleentheid om die kwaliteit van hul verslagdoening aan eksterne gebruikers te verbeter. Slegs vier verskillende groepe gebruikers word geïdentifiseer, naamlik beleggers, werknemers, leners en die besigheidskontakgroep (sluit leweransiers en klante in) (ICAS, 1988).

- **Objective of financial reporting by business enterprises (SFAC1)**

Die standpunt is in 1978 deur die *Financial Accounting Standards Board* (FASB) in die Verenigde State van Amerika uitgereik. Daar word 'n onderskeid getref tussen direkte en indirekte gebruikers. Direkte gebruikers van finansiële state sluit die volgende in: werknemers, verskaffers/krediteure, klante, owerhede, aandeelhouers en bestuur.

Indirekte gebruikers sluit die volgende in: owerhede, die gemeenskap, analiste, vakbonde, reguleerders, die aandeelbeurs, prokureurs, handelaars, mededingers en die finansiële pers/media (FASB, 1978:SFAC No.1).

- **The Stamp Report - Corporate Reporting: Its future evolution**

Die verslag is in 1980 deur die *Canadian Institute of Chartered Accountants* uitgereik. Die studie poog om 'n oplossing te bied vir die probleem van hoe om die kwaliteit van korporatiewe, finansiële verslagdoeningstandaarde te verbeter. 'n Totaal van 15 klasse gebruikers is geïdentifiseer, naamlik aandeelhouers, langtermynkrediteure (d.w.s. leners), korttermynkrediteure, analiste, werknemers, nuutvoerende direkteure, klante, verskaffers, industriegroep, vakbonde, owerhede, die gemeenskap, reguleerders, ander maatskappye, en standaardstellers en akademiese navorsers (CICA, 1980a).

- **The Corporate Report**

Hierdie besprekingsdokument is in 1975 deur die *Institute of Chartered Accountants in England and Wales* uitgereik. Die studie is onderneem met die doel om die omvang en doelwitte van finansiële state in die lig van moderne behoeftes en toestande te evalueer. Volgens Alexander (1990:65), is dit 'n belangrike dokument wat nie verouderd is nie, en is dit opmerklik hoe min van die voorstelle in die dokument werklik geïmplementeer is. Sewe afsonderlike gebruikersgroepe van finansiële state is geïdentifiseer, naamlik beleggers, leners, werknemers, analiste, besigheidskontakgroep, owerhede en die gemeenskap (ICAEW, 1975).

- **Sandilands Report**

Die verslag is in 1975 deur 'n *Committee of Enquiry* vir die Departement van Handel en Nywerheid opgestel. Die verslag bestaan grotendeels uit die ontwikkeling van 'n praktiese benadering tot huidige koste rekeningkunde. Die volgende gebruikers van finansiële state is geïdentifiseer: aandeelhouers, beleggers, die aandeelbeurs, krediteure en leners, ander maatskappye, werknemers, owerhede en die gemeenskap.

Die verskillende gebruikersgroepe van finansiële state wat in die bogenoemde literatuur geïdentifiseer is, kan egter soms oorvleuel; beleggers kan byvoorbeeld ook aandeelhouers wees, ens. Die verskillende gebruikersgroepe kan soos volg opgesom word:

Tabel 3.1: Gebruikers van finansiële state

Gebruiker		Gepubliseerde dokument						Totaal	
		A	B	C	D	E	F		G
1.	Werknemers	x	x	x	x	x	x	x	7
2.	Gemeenskap	x	x		x	x	x	x	6
3.	Beleggers	x	x	x			x	x	5
4.	Leners		x	x		x	x	x	5
5.	Verskaffers/krediteure	x	x		x	x		x	5
6.	Owerhede		x		x	x	x	x	5
7.	Klante		x		x	x			3
8.	Analiste				x	x	x		3
9.	Aandeehouers				x	x		x	3
10.	Reguleerders	x			x	x			3
11.	Bestuur	x			x				2
12.	Besigheidskontakgroep			x			x		2
13.	Vakbonde				x	x			2
14.	Ander maatskappye					x		x	2
15.	Standaardstellers en akademiци	x				x			2
16.	Mededingers	x			x				2
17.	Pers/media	x			x				2
18.	Aandelebeurs				x			x	2
19.	Nieuitvoerende direkteure					x			1
20.	Industriegroep					x			1
21.	Handelaars				x				1
22.	Prokureurs				x				1

Sleutel: Gepubliseerde dokument

- A. Improving Business Reporting - A customer focus (AICPA, 1994)**
- B. Framework for the preparation and presentation of financial statements (IASC, 1989)**
- C. Making Corporate Reports Valuable (ICAS, 1988)**
- D. Objective of financial reporting by business enterprises (FASB, 1978:SFAC No.1)**
- E. The Stamp report - Corporate Reporting: Its future evolution (CICA, 1980a)**
- F. The Corporate Report (ICAEW, 1975)**
- G. Sandilands Report (1975)**

Uit bogenoemde tabel blyk dit dat al die publikasies werknemers as gebruikers van finansiële state identifiseer. Ses van die publikasies identifiseer die gemeenskap, terwyl vyf publikasies beleggers, leners, verskaffers/krediteure en die owerhede as gebruikers aanwys. Die *Institute of Chartered Accountants in England and Wales* argumenteer dat hoewel alle gebruikers van finansiële state 'n gemeenskaplike belang in die toekomstige kontantvloeï van 'n entiteit het, "... the actions that different users can take may be very different, so that they are likely to be interested in somewhat different aspects of its financial situation, and in different levels of detail about its activities" (ICAEW, 1981:45). Volgens CICA (1981:74), bestaan daar geen twyfel dat behoeftes van die onderskeie gebruikers van finansiële state verskillend is nie. Vervolgens word die verskillende verslagdoeningsbehoefte van die gebruikers van finansiële state bespreek.

3.3 Verslagdoeningsbehoefte van gebruikers

3.3.1 Algemene inligtingsbehoefte

Die inligtingsbehoefte van gebruikers van finansiële state behels, in die algemeen, volgens die *Corporate Report* onder andere die volgende (Alexander, 1990:70):

- Verskillende gebruikers met verskillende bedoelinge kan verskillende inligting in verband met dieselfde items vereis.
- Verskillende gebruikers sal verskillende grade van ingewikkelde en omvangryke inligting vereis; die mate van begrip rakende die inligting sal ook verskil van gebruiker tot gebruiker.
- Die meeste (d.w.s. baie, hoewel nie alle nie) inligtingsvereistes is toekomsgerig.
- Dit is onwaarskynlik dat alle inligting wat vereis word in finansiële state ingesluit sal word.

Volgens Solomons (ICAEW, 1989), hou die belangrikste oorweging van gebruikers verband met die winsgewendheid en lewensvatbaarheid van die entiteit waarin hulle 'n belang het. Die verskillende tipes inligting wat gebruikers verlang, word in die verslag geïdentifiseer. Die tipes inligting word egter beperk tot inligting wat deur rekeningkundige verslagdoening voorsien kan word. Dit is verder beperk tot entiteit-spesifieke inligting, en die bestuur is gewoonlik self die beste bron van hierdie inligting. Die kategorieë van inligting sluit die volgende in (ICAEW, 1989):

- *Finansiële en niefinansiële inligting:* dit sluit finansiële state en verwante openbaarmakings in, sowel as hoë-vlak bedryfsinligting en prestasie-metings wat die bestuur gebruik om die besigheid te bestuur.
- *Die bestuur se ontleding van finansiële en niefinansiële inligting:* gebruikers vind bestuursontledings nuttig om die besigheid te verstaan en veranderinge rakende byvoorbeeld produktiwiteit, winsgewendheid, finansiële posisie en likwiditeit te ontleed.
- *Toekomsgerigte inligting:* gebruikers verlang eerstens inligting rakende geleenthede en risiko's en tweedens rakende die bestuur se planne vir die toekoms.
- *Inligting oor die bestuur en aandeelhouers:* gebruikers verlang inligting ten opsigte van, onder andere, bestuursvergoeding, verwanteparty-transaksies, en veranderinge in verband met beheer van die onderneming.
- *Agtergrond in verband met 'n entiteit:* nuttige inligting is onder andere inligting rakende die doelwitte van die besigheid en die bestuur se algemene strategieë om hierdie doelwitte te bereik; inligting oor die omvang en 'n beskrywing van die besigheid vorm die basis van inligting waarvolgens gebruikers die onderneming ontleed.

In teenstelling met die kategorieë van inligting in die Solomonsverslag, identifiseer CICA (1980a:50) die volgende kategorieë van gebruikersbehoefte:

- *Evaluering van prestasie:* gebruikers stel belang daarin om die prestasie van die onderneming te evalueer, nie slegs in numeriese terme nie, maar ook deur vergelyking met (i) prestasies in vorige tydperke, (ii) ander entiteite in dieselfde of ander industrieë, en (iii) hulle eie verwagtinge.
- *Evaluering van bestuurskwaliteit:* hoewel die kwaliteit van bestuur nie slegs in finansiële terme gemeet kan word nie, is finansiële state wel 'n aanduiding van die bestuur se vermoë om die besigheid effektief te bestuur, en die bestuur se rentmeesterskap.
- *Raming van toekomstige vooruitsigte:* gebruikers stel belang in die tendense van, onder andere, winste, dividende, toekomstige kapitaalbeleggings en werkskeppingsvermoë.
- *Evaluering van finansiële sterkte en stabiliteit:* inligting oor die onderneming se kwesbaarheid vir veranderinge in die ekonomiese klimaat.
- *Evaluering van solvabiliteit:* 'n groot aantal gebruikers evalueer die onderneming se solvabiliteit om toekomstige besluite rakende byvoorbeeld beleggings, aankope en kredietverlengings te neem.
- *Evaluering van likwiditeit:* 'n groot aantal gebruikers evalueer die onderneming se likwiditeit om te besluit op welke terme krediet aan die entiteit toegestaan of verleng

behoort te word; of om moontlike veranderinge in dividend- of rentebetalinge te bepaal.

- *Beoordeling van risiko en onsekerheid*: finansiële state is 'n historiese rekord wat as basis dien om toekomstige risiko's en onsekerhede te beraam.
- *Vergelykbaarheid*: vergelyking van die entiteit se resultate met vorige tydperke, sowel as met ander entiteite.
- *Waardasiebesluite*: finansiële state voorsien nuttige inligting aan beleggers oor skuld- en ekwiteitsverhoudings vir huidige sowel as toekomstige beleggingsoorwegings.
- *Beoordeling van aanpasbaarheid*: inligting word vereis oor die onderneming se vermoë om aanpassings te maak ten opsigte van moontlike veranderinge in ekonomiese toestande.
- *Bepaling van voldoening aan wette en regulasies*: gebruikers verlang inligting wat bevestig dat daar wel aan die vereistes van wette en regulasies voldoen word.
- *Oorweging van bydrae tot die gemeenskap*: gebruikers verlang inligting oor, onder andere, die entiteit se vermoë om werk te skep, omgewingsfaktore en ontwikkeling van nasionale hulpbronne.

Gebruikers se behoeftes vir inligting kan ook beïnvloed word deur 'n entiteit se spesifieke omstandighede, die gebruiker se voorkeure en die bron van inligting (AICPA, 1994:18). 'n Entiteit se huidige omstandighede kan in so 'n mate verander dat historiese inligting nie 'n grondslag vorm waarop toekomstige voorspellings gemaak kan word nie (bv. nuut gestigte entiteite en entiteite wat geherstruktureer is). Verskillende gebruikers kan dieselfde item verskillend evalueer omdat hulle die feite verskillend vertolk, verskillende aangeleenthede beklemtoon of verskillende tydsintervalle vir hul ontledings gebruik. Gebruikers met dieselfde inligtingsbehoefte kan selfs, as gevolg van alternatiewe bronne van inligting, verskillende behoeftes vir verslagdoening hê. Gebruikers wat byvoorbeeld toegang tot die bestuur het, kan minder inligting uit verslagdoening vereis, omdat hul behoefte vir sekere inligting reeds deur besprekings met die bestuur bevredig is. Alexander (1990:458) bevestig dat dit belangrik is om vas te stel wat die spesifieke gebruikersbehoefte is, deur die volgende stelling te maak:

“It could be argued that for an essentially communicative service such as accounting, it is not sufficient to attempt to solve conflicts at a theoretical level. We should find out what would be most useful to most of our users, and bias our approach in that direction.”

Bogenoemde behoeftes verwys na die algemene inligtingsbehoefte van gebruikers in die

breë. In tabel 3.1 is werknemers, die gemeenskap, beleggers, leners, verskaffers/krediteure en owerhede deur meer as vyf publikasies as gebruikers van finansiële state aangewys. Dit blyk gevolglik dat hierdie gebruikers die belangrikste gebruikers van finansiële state is. Vervolgens word die spesifieke inligtingsbehoefte (soos dit in die genoemde publikasies geïdentifiseer is) van die belangrikste gebruikers, naamlik gebruikers wat deur vyf of meer publikasies as 'n gebruiker van finansiële state geïdentifiseer is, bespreek.

3.3.2 Spesifieke inligtingsbehoefte

3.3.2.1 Werknemers

Werknemers verlang inligting aangaande die stabiliteit, winsgewendheid en groei van hul werkgewer, en oor die werkgeleentede wat die werkgewer bied. Inligting word ook benodig vir doeleindes van loononderhandelinge. Werknemers wil sekerheid verkry dat die werkgewer in staat sal wees om hul vergoeding en ooreengekome aftreevoordele te betaal. Werknemers vereis gereeld inligting oor 'n spesifieke vlak van die besigheid (bv. inligting oor 'n sekere afdeling). Die inligting moet verkieslik verstaanbaar en nie té tegnies van aard wees nie. Inligting word ook vereis wat inherent niefinansiële is (bv. werknemers se betrokkenheid by besluitneming, diensvoorwaardes en bevorderingsgeleentede). Werknemers kan dus inligting verlang wat nie tradisioneel in finansiële state ingesluit word nie.

3.3.2.2 Die gemeenskap

Inligting oor verskeie aangeleentede word benodig, insluitende die bydrae wat die betrokke entiteit tot die ekonomie lewer, werksgeleentede, die klandisie van plaaslike verskaffers, die betaling van belastings en die skenking van donasies aan liefdadigheidsorganisasies. Finansiële state verskaf ook inligting aan die algemene publiek oor die entiteit se welvaartskepping en die entiteit se verskeie aktiwiteite, sowel as die entiteit se vermoë om met die aktiwiteite voort te gaan. Die praktyke wat entiteite toepas om volhoubaarheid van die natuurlike omgewing te bewerkstellig, is tans ook vir die gemeenskap 'n belangrike vraagstuk. Baie van hierdie inligting is van 'n niefinansiële aard en dit is dus moeilik om dit effektief te meet. Finansiële state kan egter nie aan al die inligtingsbehoefte van die gemeenskap voldoen nie.

3.3.2.3 Beleggers

Die verskaffers van risikokapitaal verlang inligting oor die inherente risiko en opbrengs op hul beleggings. Finansiële state is dikwels die belangrikste bron van inligting vir beleggers wanneer hulle besluite moet neem rakende die hou, verkoop of koop van aandele. Beleggers stel belang in die entiteit se vermoë om netto kontantvloei te genereer, aangesien hul besluite met die bedrag, tydsberekening en onsekerheid van kontantvloei in verband staan. Ekwiteitsbeleggers beskou die entiteit as 'n bron van kontant in die vorm van dividende (of ander vorme van kontantuitbetalings) en toename in die pryse van aandele en ander eienaarsbelange. Die persepsie oor die entiteit se vermoë om hierdie doelwitte te bereik, beïnvloed die waarde van beleggers se ekwiteitsbelange en is derhalwe van kardinale belang vir hierdie kategorie van belegger.

3.3.2.4 Leners

Langtermynskuldeisers en voornemende skuldeisers verlang inligting om te oordeel of die verskuldigde kapitaalbedrag en rente stiptelik betaal sal word; hulle stel veral belang in die solvensie en likwiditeit van die entiteit. Leners vereis 'n langtermynbeskouing van die entiteit se toekomstige kontantposisie. Daar moet egter kennis geneem word van die feit dat leners (bv. banke) in 'n posisie is om wel addisionele inligting, wat nie in die finansiële state ingesluit is nie, te vereis (en te bekom).

3.3.2.5 Verskaffers/krediteure

Inligting word verlang sodat verskaffers/krediteure kan bepaal of bedrae wat aan hulle verskuldig is, betyds vereffen sal word. Hierdie gebruikers stel belang in die bedrae, tydsberekening en onsekerhede verbonde aan die entiteit se toekomstige kontantvloei, aangesien hulle die entiteit beskou as 'n bron van kontant in die vorm van rente, terugbetaling van lenings en toename in die waarde van finansiële instrumente.

3.3.2.6 Owerhede

Inligting word verlang vir, onder meer, die doeleindes van die heffing van belasting (Suid-Afrikaanse Inkomstediens), asook om statistiese inligting in te samel met die doel om beleidsbesluite rakende ekonomiese-, sosiale- en omgewingsaangeleenthede te neem.

Volgens Salmonson (1969:25), het die instelling van inkomstebelasting deur owerhede die ontwikkeling van rekeningkundige praktyke op verskeie wyses beïnvloed en die handhawing van toepaslike rekeningkundige rekords aangemoedig.

3.4 Gebruikers van finansiële state van klein entiteite

Die aard van klein entiteite en die ekonomiese omgewing waarin hulle funksioneer, verskil van dié van groot entiteite (verwys ook na hoofstuk 4 vir die identifisering van klein entiteite). Dit is dus logies dat die gebruikers van finansiële state van klein entiteite sal verskil van dié van groot entiteite. Klein entiteite het nie so 'n groot aantal gebruikers van finansiële state soos groot entiteite nie. Volgens Dugdale (1998:50), is verskeie studies rakende die behoeftes van die gebruikers van finansiële state van groot entiteite gedoen, terwyl daar baie minder inligting oor die gebruikers van finansiële state van klein entiteite en die inligting wat hulle vereis, beskikbaar is. Hepp en McRae (1982:56) bevind dat die probleem met die oorlading van standaarde vir klein entiteite nie opgelos sal word alvorens daar bepaal word in welke mate die behoeftes van die gebruikers van finansiële state van klein entiteite verskil van dié van groot entiteite nie.

Die primêre gebruikers van finansiële state van klein entiteite is gewoonlik die eienaars/bestuur, leners en krediteure (Belkaoui, 2000:44; CICA, 2002:33). Hattingh (2001:35) argumenteer dat 90% van ongenoteerde maatskappye finansiële state vir slegs drie groepe gebruikers voorberei, naamlik eienaars, banke en belastingowerhede; Anderson (1999:14), sowel as Coetzee (2007:32) bevestig ook dat hierdie drie gebruikersgroepe die belangrikste gebruikers van klein- en mediumgrootte entiteite is. Abdel-Khalik, Carsberg en McCahey (in McCahey & Ramsay, 1989:36) identifiseer die bestuur as primêre gebruiker van finansiële state van privaatmaatskappye. Die studie van McCahey en Ramsay (1989:37) identifiseer finansiële instellings (leners) en die owerhede (vir inkomstebelastingdoeleindes) as die belangrikste gebruikers van klein maatskappy finansiële state. Die studie toon ook 'n baie geringe (indien enige) gebruik deur werknemers, vakbonde, mededingers en handelskrediteure. 'n Navorsingstudie deur Barker en Noonan (1996:10) identifiseer ook eienaars/bestuur, banke (leners) en inkomstedienste as die belangrikste gebruikers. Hierdie studie toon ook dat verskaffers, klante en werknemers nie as belangrike gebruikers van klein maatskappy finansiële state geag word nie.

Uit bogenoemde studies blyk dit dus dat die belangrikste gebruikers van finansiële state van

klein entiteite die volgende is:

- Eienaars/bestuur;
- Leners (finansiële instellings/banke);
- Owerhede (inkomstedienste); en

Vervolgens word die behoeftes van elke gebruikersgroep kortliks bespreek.

3.4.1 Eienaars/bestuur

Daar moet onderskei word tussen eienaars wat by die bestuur van die entiteit betrokke is (direkteure) en eienaars (aandeelhouers) wat nie by die bestuur betrokke is nie. Eienaars wat by die bestuur van die entiteit betrokke is, is in 'n posisie om addisionele inligting te bekom, en hoef nie op gepubliseerde finansiële state te steun vir inligting nie (McCahey & Ramsay, 1989:36; Holmes & Nicholls, 1989:143). Eienaars wat betrokke is by die bestuur, is dus nie eksterne gebruikers nie. Slegs eienaars wat nie by die bestuur betrokke is nie, sal die finansiële state gebruik om die bestuur se rentmeesterskap te beoordeel (CICA, 2002:33). Jackson (1997:75) bevestig ook dat die wyse waarop eienaars/bestuur van klein maatskappye die finansiële state gebruik, verskil van eksterne gebruikers, omdat hul meer bewus is van die posisie van die maatskappy as gevolg van hul deurlopende betrokkenheid by die bestuur van die maatskappy. CICA (2007:par.18) bevind egter dat ten spyte daarvan dat eienaars/bestuur 'n interne gebruiker van finansiële state is en nie op die finansiële state steun as die belangrikste bron van rekeningkundige inligting nie, sommige van hierdie gebruikers wel aandui dat hulle die finansiële state nuttig vind.

Dit is kenmerkend van 'n klein entiteit dat die eienaars en bestuur gewoonlik dieselfde persone is, of dat daar 'n noue verwantskap tussen hierdie persone bestaan; hierdie verhouding bring mee dat aandeelhouers van klein entiteit gewoonlik ook by die bestuur van die entiteit betrokke is. Die aandeelhouers se belang by die finansiële state is nie beperk om bloot die waarde van hulle belegging te bepaal nie, maar hulle is self ook verantwoordelik vir, of betrokke by die voorbereiding van die finansiële state. Dit het tot gevolg dat eienaars/bestuur minder afhanklik is van finansiële state om rekeningkundige inligting te bekom (Lippitt & Olivier, 1983:54).

Volgens Lavigne (1999:49), is 'n kenmerkende eienskap van klein besighede dat hierdie besighede gewoonlik nie aktief op finansiële markte is nie. Verder kan die gebruikers van

klein besighede se finansiële state normaalweg addisionele rekeningkundige inligting bekom (indien hulle dit sou verlang). Die inligtingsbehoefte van sodanige gebruikers is gevolglik minder beduidend/invloedryk as dié van gebruikers van finansiële state van besighede wat aktief op finansiële markte is.

Barker en Noonan (1996:19) bevind egter dat eienaars/bestuur wel die finansiële state gebruik vir ekonomiese besluitneming, en spesifiek vir leningsbesluite, direkteursvergoeding, dividendbetalings en kapitaalbestedings. Die finansiële state word verder ook vir kontantbestuur en die bepaling van personeelvergoeding (insluitende bonusse) gebruik.

Op grond van 'n studie deur Cleminson en Rabin (2002:338) gedurende 2001, ten einde die verslagdoeningsprobleme te identifiseer wat klein entiteite in Suid-Afrika ondervind, is daar bevind dat die finansiële state van klein entiteite wel inligting voorsien wat aan sekere behoeftes van eienaars/bestuur voldoen; dit sluit inligting in rakende:

- Data wat bestuurstate ondersteun;
- Opbrengs op beleggings;
- Die entiteit se algehele prestasie vir die tydperk;
- Beskikbare hulpbronne;
- Die belasting wat betaalbaar is vir die tydperk; en
- Afdelings wat algemeen gebruik word, i.e. die inkomstestaat (staat van omvattende inkomste) en balansstaat (staat van finansiële posisie).

Cleminson en Rabin (2002:338) identifiseer egter ook die volgende tekortkomings van finansiële state vir die eienaars/bestuur:

- Finansiële state is ontoepaslik ten opsigte van besluitnemingsdoeleindes.
- Finansiële state weerspieël nie die huidige waarde van die besigheid nie, en 'n waardasie moet verkry word ten einde die potensiële verkoopprijs te bepaal.
- Die kontantvloei staat word gereeld geïgnoreer omdat die eienaars/bestuur dit nie verstaan nie.
- Die inligting wat in die finansiële state vervat is, kan verouderd wees weens die lang tydverloop tot die uitreiking daarvan.

Kruger (2004:32) kom ook tot die gevolgtrekking dat die finansiële state van beslote korporasies in Suid-Afrika nuttig is vir die eienaars/bestuur, en gebruik word vir die verkryging

van finansiering, die berekening van belasting, asook besluitneming en die voorsiening van bestuursinligting.

3.4.2 Leners (finansiële instellings)

Klein entiteite is afhanklik van finansiële instellings vir finansiering, omdat klein entiteite beperkte toegang tot kapitaalmarkte het. Hierdie beperkte toegang tot kapitaalmarkte het volgens Lippitt en Olivier (1983:54) tot gevolg dat finansiële instellings gereeld 'n beduidende rol in die finansiering van klein entiteite speel. Volgens Lavigne (1999:49), bevestig 'n navorsingstudie deur CICA dat klein besigheidsentiteite primêr AARP finansiële state voorberei om aan die behoeftes van hul bankiers te voldoen en alhoewel hierdie behoeftes met verloop van tyd verander, speel finansiële state steeds 'n belangrike rol in die leningsbesluite van finansiële instellings. Finansiële instellings word gevolglik as een van die belangrikste eksterne gebruikers van finansiële state van klein entiteite (spesifiek ook privaatmaatskappye) beskou (Kent & Munro, 1999:361).

Klein entiteite moet hulle finansiële state aan banke voorlê om vir lenings en oortrokke fasiliteite oorweeg te word; afgesien van gepubliseerde finansiële state, kan banke ander addisionele inligting vereis. McCahey en Ramsay (1989:38) bevind dat historiese finansiële state die belangrikste faktor is wanneer leners leningsbesluite rakende klein entiteite maak en spesifiek wanneer die entiteit se vermoë om skuld terug te betaal, beoordeel word. Ander faktore wat oorweeg word is die entiteit se kredietgeskiedenis, insluitende kennis van die besigheid en die bestuur daarvan, die grootte van die besigheid, die grootte van die lening en sekuriteite.

Op grond van 'n studie deur Baker en Cunningham (1993:467), ten einde die gebruik van finansiële state te beoordeel as bron van inligting wanneer finansiële instellings leningsbesluite maak, is daar bevind dat die rekeningkundige basis (byvoorbeeld finansiële state gebaseer op AARP of op belastingbasis) nie die finansiële instellings se besluite beïnvloed om 'n lening toe te staan, al dan nie. In teenstelling hiermee, kom Kruger (2004:42) tot die gevolgtrekking dat, ten spyte daarvan dat finansiële instellings addisionele inligting versoek, finansiële state wat ooreenkomstig AARP (IFRSs) opgestel is, verkies word vir kredietontledingsdoeleindes; 'n rede hiervoor is waarskynlik die inherente geloofwaardigheid/betroubaarheid van die inligting wat in finansiële state ingesluit is.

Hattingh (2001:35) bevind dat finansiële instellings aanpassings aan finansiële state maak, ongeag of die finansiële state ooreenkomstig AARP opgestel is, omdat die finansiële state nie aan die vereistes van kredietrisiko-ontledings voldoen nie. Die skrywer is van mening dat finansiële instellings meestal sekuriteit ten opsigte van klein entiteite (spesifiek ook privaatmaatskappye) vereis en nie ten volle op finansiële state steun nie, maar verder ook addisionele inligting vereis wanneer kredietrisiko beoordeel word en leningsbesluite geneem word.

Volgens Barker en Noonan (1996:19), oorweeg banke, onder andere, die volgende faktore wanneer leningsbesluite ten opsigte van klein entiteite geneem word: vermoë om skuld terug te betaal, winsgewendheid, likwiditeit en sekuriteite; dit bevestig dat gebruikers van finansiële state inligting vereis wat nuttig is vir besluitneming.

Cleminson en Rabin (2002:338) bevind ook dat die finansiële state van klein entiteite wel nuttige rekeningkundige inligting aan finansiële instellings voorsien, en identifiseer inligting wat aan die behoeftes van hierdie spesifieke gebruiker voldoen: dit sluit inligting in rakende:

- Die winsgewendheid en solvabiliteit van die entiteit;
- Entiteite wat kwalifiseer vir finansiering;
- Risiko-blootstelling ten opsigte van die finansiering wat toegestaan is;
- Die vermoë van die entiteit om verpligtinge ten opsigte van terugbetalings na te kom;
- Toepaslikheid van sekuriteite wat gelewer is vir bankoortrekkings en -lenings; en
- Die inkomstestaat (staat van omvattende inkomste) en balansstaat (staat van finansiële posisie), wat as nuttig beskou word vir die ontleding van verhoudings.

Die bogenoemde skrywers identifiseer egter ook verskeie behoeftes van finansiële instellings waaraan die finansiële state nie voldoen nie (bv. vooruitskattings ten opsigte van kontantvloei, markwaardes van eiendom, aanpassings met betrekking tot die ontleding van verhoudings en inligting rakende slegte skulde). Verder is finansiële instellings van mening dat die kontantvloeistaat nie nuttig is vir die ontleding van verhoudings nie; finansiële instellings vereis verder ook gereeld addisionele inligting oor begrotings- en leningsooreenkomste.

3.4.3 Inkomstedienste (belastingowerhede)

Elke entiteit is 'n belastingbetaler in eie reg en moet jaarliks 'n inkomstebelastingopgawe indien. Entiteite is ook verantwoordelik vir ander belastings, byvoorbeeld BTW en werknemersbelasting. Die feit dat 'n entiteit steeds 'n belastingopgawe moet voltooi, is 'n aanduiding dat die inligting wat deur finansiële state verskaf word, nie volledig aan die inkomstedienste se behoeftes voldoen nie. Volgens McCahey en Ramsay (1989:37), word inkomstedienste as 'n primêre gebruiker van finansiële state van klein entiteite beskou.

CICA (2007:par.19) is egter van mening dat die belastingowerhede (inkomstedienste) nie 'n eksterne gebruiker van finansiële state van klein entiteite is nie. CICA argumenteer dat die belastingowerhede in 'n posisie is om addisionele inligting te verkry en dat belasbare inkomste ingevolge die Kanadese belastingwetgewing nie net op AARP netto wins gebaseer word nie, maar dat belastingowerhede ook nie-AARP finansiële state as 'n vertrekpunt aanvaar vir die berekening van belasbare inkomste.

Cleminson en Rabin (2002:338) bevind dat die finansiële state van klein entiteite nuttige inligting aan die SAID voorsien. Inligting wat aan die behoeftes van die SAID voldoen, is relevante inligting vir die korrekte berekening van betaalbare belasting. Die SAID konsentreer egter op inligting wat in die inkomstestaat (staat van omvattende inkomste) voorsien word. Die bogenoemde skrywers identifiseer egter ook verskeie behoeftes van die SAID waaraan die finansiële state nie voldoen nie:

- Die SAID vereis die voltooiing van 'n inkomstebelastingopgawe; dit is 'n duidelike aanduiding dat finansiële state nie toepaslik vir hul behoeftes is nie.
- Die SAID verwys selde na inligting in die res van die finansiële state (hulle konsentreer op die inkomstestaat (staat van omvattende inkomste)).
- Die SAID versoek gereeld addisionele inligting, byvoorbeeld inligting oor regsdinge en herstel-, onderhouds- en reiskoste.

Kruger (2004:34) kom tot die gevolgtrekking dat die SAID steeds addisionele inligting sal verlang om aan hul spesifieke inligtingsbehoefte vir belastingaanslagdoeleinde te voldoen, ongeag of die finansiële state van beslote korporasies ooreenkomstig die vereistes van AARP opgestel is, al dan nie. Dit is ook die mening van Hattingh (2001:35) dat entiteite se finansiële state wat ooreenkomstig die vereistes van AARP opgestel is, nie nuttig is vir aanslag ten opsigte van belasting nie.

Uit die bogenoemde bespreking van die verskillende gebruikers van finansiële state van klein entiteite en hulle inligtingsbehoefte, blyk dit duidelik dat verskillende gebruikers verskillende inligtingsbehoefte het en dat finansiële state 'n belangrike rol speel in die voorsiening van inligting aan hierdie gebruikers. Die behoeftes van die verskillende gebruikers van finansiële state behoort gevolglik in ag geneem te word in die bepaling van 'n toepaslike rekeningkundige verslagdoeningstelsel vir klein entiteite. Hierdie gebruikers van finansiële state, naamlik eienaars/bestuur, leners (finansiële instellings) en die SAID, verteenwoordig dan ook die respondentgroepe wat in die empiriese ondersoek in hoofstuk 6 van hierdie navorsingstudie ingesluit is.

3.5 Koste-voordeel kriteria

Aangesien klein entiteite wesenlik minder gebruikers van finansiële state het as groot entiteite, sal die voordele wat verkry word uit rekeningkundige inligting wat in die finansiële state vervat is, noodwendig minder wees (verwys ook na hoofstuk 2.4). In die bespreking van die inligtingsbehoefte van gebruikers van finansiële state van klein entiteite, speel die deurlopende beperking, dat koste die voordele daarvan moet regverdig, 'n belangrike rol. Die moontlikheid dat die koste om rekeningkundige inligting te voorsien die voordele daarvan sal oorskry, is groter wanneer die aantal gebruikers minder is en dit 'n klein entiteit is. Opstellers van standarde moet die voordele en koste van nuttige rekeningkundige inligting vir besluitneming oorweeg. Die balans tussen gebruikersbehoefte en ekonomiese besluitneming vir klein entiteite verskil van ander groter verslagdoeningsentiteite (CICA, 2002:36). In die verband beklemtoon CICA (2002:38) die belangrikheid van die koste-voordeel beperking in die volgende stelling:

“The cost/benefit constraint is a fundamental component of financial statement concepts and therefore should not be ignored, even though it may be difficult to quantify the costs and benefits of financial information.”

In die publikasie, *Improving Business Reporting - A customer focus*, is 'n praktiese benadering ontwikkel om die voordele en koste van nuttige besluitnemingsinligting te identifiseer (AICPA, 1994). Die benadering is gebaseer op 'n studie van gebruikers van finansiële state en hulle inligtingsbehoefte, en is die mees omvattende opname van die inligtingsbehoefte van gebruikers. Die belangrikste voordele en koste van nuttige inligting ten opsigte van openbaarmaking behels die volgende:

Figuur 3.1: Voordele en koste van inligting vir besluitneming

MAIN BENEFITS AND COST OF INFORMATIVE DISCLOSURE	
BENEFITS	
• Investors	- Reduced likelihood that they will misallocate their capital
• The economy	- More effective allocation of capital - The investment effect of a lower cost of capital - More liquid capital markets - Enhanced efficiency from competition
• Entities	- Lower average cost of capital - Access to more liquid markets - Reduced likelihood that they will misallocate their capital - Avoided litigation alleging inadequate informative disclosure - Better defences when such suits are brought - Competitive advantage obtained through other entities' informative disclosure - Competitive advantage obtained from their own informative disclosure - Bargaining advantage from customers' and suppliers' informative disclosure - Instances where new disclosure is truly informative and previously underappreciated by enterprise management
• Society	- Consumer protection provided by informative disclosure
COST	
• Owners	- Cost of developing and presenting disclosure
• Entities	- Competitive disadvantage from their own informative disclosure - Bargaining disadvantage from their own disclosure to customers and suppliers - Litigation from meritless suits attributable to informative disclosure
• The economy	- The drag on growth from meritless suits attributable to informative disclosure - Competitive disadvantage from lower disclosure requirements in foreign competitors' home countries - Developing, presenting, understanding, and analysing informative disclosure

Bron: American Institute of Certified Public Accountants (AICPA). 1994. *The Jenkins report - Improving business reporting: a customer focus - meeting the information needs of investors and creditors*. New York: AICPA, 45.

Figuur 3.1 lys eerstens die voordele van openbaarmaking van nuttige inligting vir beleggers, die ekonomie, entiteite en die gemeenskap. Tweedens word die koste wat verbonde is aan die inligting vir eienaars, entiteite en die ekonomie uitgelig. Die belangrikste voordele wat aangedui word, behels die volgende:


- Die prestasie van die entiteit kan bepaal word (meer effektiewe toewysing van kapitaal, die effek van 'n laer koste van kapitaal);
- Die solvabiliteit en likwiditeit van die entiteit (vermoë om skuld terug te betaal) kan bepaal word;
- Inligting word gebruik vir beplanning en bestuursdoeleindes (verminder die waarskynlikheid dat kapitaal en hulpbronne foutiewelik toegewys word);
- Die resultate kan vergelyk word met die resultate van ander entiteite (kompeterende voordeel wat verkry word); en
- Inligting word gebruik vir die verkryging van finansiering (meer likiede kapitaalmarkte).

Ander voordele van finansiële state, wat nie in die bogenoemde figuur ingesluit is nie, is dat die finansiële state op 'n onafhanklike basis voorberei word en dat die opstel daarvan op goeie dissipline dui. Laastens word finansiële state ook vir belastingdoeleindes opgestel.

Die belangrikste koste wat in figuur 3.1 ingesluit is, is die koste van die ontwikkeling en aanbidding van openbaarmaking (verwys na die koste van rekeningkundige dienste, koste van rekeningkundige sagtewarepakkette, algemene boekhouprobleme, koste rakende die opleiding van rekeningkundige personeel, koste van ouditdienste, en die koste wat verbonde is aan die voldoening aan finansiële verslagdoeningstandaarde); en sekere openbaarmaking wat die kompeterende voordeel kan benadeel (ICAEW, 1981:49).

ICAEW (1981:49) meld dat die evaluering van die voordele van inligting/openbaarmaking hoofsaaklik gedoen word ten einde die potensiele nuttigheid daarvan te beoordeel. Baie van die betrokke koste is egter moeilik meetbaar, spesifiek in die geval van nuwe openbaarmakingsvereistes en metingsmetodes. Die koste en voordele kan verder ook aan verskillende gebruikers toegeskryf word, wat tot konflik van belange lei. Daar sal slegs 'n voordeel vir die gebruikers wees mits die voordele die koste oorskry. AICPA (1994:47) het 'n vloeddiagram opgestel ten einde koste-voordeel kriteria te beoordeel en op grond daarvan te bepaal welke tipes inligting in rekeningkundige verslagdoening voorsien behoort te word; hierdie vloeddiagram word in figuur 3.2 getoon en vervolgens bespreek.

Figuur 3.2: Koste-voordeel kriteria



Bron: American Institute of Certified Public Accountants (AICPA). 1994. *The Jenkins report - Improving business reporting: a customer focus - meeting the information needs of investors and creditors*. New York: AICPA, 47.

Die vloeddiagram in figuur 3.2 identifiseer inligting wat entiteite deur middel van besigheidsverslagdoening behoort te voorsien. Verder word inligting geïdentifiseer wat uitgesluit kan word van finansiële state deur die toepassing van sekere kriteria, aangesien ander meer betroubare en onafhanklike bronne van inligting reeds beskikbaar is.

Die eerste kriterium, naamlik of die inligting oor die entiteit handel, is beide 'n voordeel- en kostekriterium. Gebruikers van finansiële state vereis entiteit-spesifieke inligting en dit is duurder om inligting oor eksterne aangeleenthede aan te bied.

Die tweede kriterium, naamlik of die entiteit die beste bron van inligting verteenwoordig, is hoofsaaklik 'n kostekriterium. Dit sal oneffektief wees indien 'n entiteit inligting verkry of ontwikkel wat deur meer kundige partye ontwikkel en aangebied kan word (tipies aangeleenthede wat ekstern tot die entiteit is). Vanuit die gebruikersperspektief is dit egter 'n voordeelkriterium, omdat dit in die gebruiker se belang is om inligting uit die beste beskikbare bronne te gebruik.

Die derde kriterium, naamlik of die inligting wel nuttig is om die entiteit te waardeer en ander risiko's te beoordeel, is primêr 'n voordeelkriterium. Die eliminasië van nieverwante inligting het egter ook 'n kostebeperkende funksie.

Die laaste drie kriteria is kostekriteria. Die navorsing toon dat nuttige rekeningkundige inligting (openbaarmaking) verskeie voordele vir verskillende gebruikers het. Daar word egter ook bevestig dat gebruikers sekere behoeftes vir inligting het waaraan daar nie voldoen word nie. Gebruikers se behoeftes is verskillend en dit is belangrik om vas te stel watter finansiële inligting gebruikers werklik benodig om ingeligte besluite te kan neem (CICA, 1980a:74).

3.6 Samevatting

Die aard van klein entiteite en die ekonomiese omgewing waarin hulle funksioneer, verskil van dié van groot entiteite, wat noodwendig tot gevolg het dat die gebruikers van finansiële state van klein entiteite sal verskil van dié van groot entiteite. Gebruikers van finansiële state wat in die rekeningkundige raamwerk gedefinieer is, sowel as in verskeie ander verslae (wat deur erkende internasionale liggame/organisasies gepubliseer is), is onder andere werknemers, die gemeenskap, beleggers, leners, verskaffers/krediteure en die owerhede. Die primêre gebruikers van finansiële state van klein entiteite is egter normaalweg die

eienaars/bestuur, finansiële instellings (banke) en inkomstedienste (owerhede). Die verslagdoeningsbehoefte van hierdie primêre gebruikers van finansiële state van klein entiteite is voorts bespreek. Daar is bevestig dat gebruikers van finansiële state van klein entiteite wel inligting verlang wat nuttig is vir besluitneming. Klein entiteite het egter wesenlik minder gebruikers van finansiële state as groot entiteite en gevolglik sal die voordele wat verkry word uit rekeningkundige inligting noodwendig minder wees. 'n Praktiese benadering om die voordele en koste van nuttige besluitnemingsinligting te identifiseer, is bespreek.

In die volgende hoofstuk word die aard en kenmerke van klein entiteite ondersoek. Klein entiteite word gedefinieer kragtens plaaslike- en internasionale wetgewing ten einde 'n onderskeid tussen klein en groot entiteite vir rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes te tref.

HOOFSTUK 4

IDENTIFISERING VAN KLEIN ENTITEITE

“... small and large firms are as fundamentally different from each other as a caterpillar is from a butterfly”. (Wynarczyk in Nieman, 2006:17)

4.1 Inleiding

In die vorige hoofstukke is die doel van finansiële state en die behoeftes en verwagtinge van gebruikers van finansiële state bespreek. Ten einde die doel van hierdie studie te bereik, is dit nodig om die behoeftes van gebruikers van finansiële state van klein entiteite te bepaal, en gevolglik is die identifisering van ’n klein entiteit noodsaaklik. Alvorens die rekeningkundige verslagdoening van klein entiteite bespreek word, behoort die aard en kenmerke van hierdie entiteite oorweeg te word, aangesien die rede vir gedifferensieerde verslagdoening vir hierdie entiteite juis uit hul aard spruit. Die belangrikheid van klein entiteite as ’n meganisme vir werkskepping, innovasie en die langtermyn ontwikkeling van ’n land se ekonomie, moet nie onderskat word nie. Die volgende stelling is reeds in die tydperk 385-322 B.C. deur Demosthenes (in Baumbach, 1988:1) gemaak: “Small opportunities are often the beginning of great enterprises.”

’n Verskeidenheid terme (verwys na hoofstuk 1) word in die literatuur gebruik om na ’n klein entiteit te verwys, byvoorbeeld klein onderneming, klein besigheid of klein maatskappy. Hierdie hoofstuk is ’n ontleding van die verskillende plaaslike, sowel as internasionale, toepaslike definisies van ’n klein entiteit en sluit gevolglik verskeie terme in wat na ’n klein entiteit verwys. Die verskillende terme wat gebruik word om ’n klein entiteit te identifiseer, word vir doeleindes van hierdie studie as sinoniem beskou en verwys na die konsep van ’n klein besigheid; daar moet op gelet word dat die verskillende terme wat gebruik word om ’n klein entiteit te omskryf, wel toepaslik vir doeleindes van hierdie studie is.

In *The Three Worlds Framework* (verwys na bespreking in hoofstuk 1), verteenwoordig wêreld 1 die werklikheid, dit wil sê “... the ordinary social and physical reality that we exist in” (Mouton, 2001:138) en “... the everyday world in which we live, perceive and experience things and perform our daily life tasks ...” (Babbie & Mouton, 2001:15). Klein entiteite bedryf hulle besighede in wêreld 1 en ervaar verskeie praktiese, rekeningkundige probleme. Die

toepassing van omvangryke rekeningkundige verslagdoeningstandaarde is veral problematies vir klein entiteite wanneer hulle finansiële state opgestel word. In hierdie hoofstuk, word die aard en kenmerke van klein entiteite, asook die redes vir die bestaan van hierdie entiteite, bespreek. Die belangrikheid van klein entiteite in Suid-Afrika word uitgewys, en die verskillende probleme wat klein besighede ondervind, word aangespreek. Die verskillende probleme wat klein entiteite ondervind, word in wêreld 1 geïdentifiseer, waarna dit deur wêreld 2 aangespreek word deur middel van die empiriese studie (verwys na hoofstukke 6 en 7). Die geïdentifiseerde probleme is ingesluit in die vraelys aan die eienaars/bestuur van klein entiteite, asook die vraelys aan klein praktisyns (as opstellers van finansiële state van klein entiteite), ten einde vas te stel welke probleme klein entiteite in Suid-Afrika in praktyk ondervind.

Wêreld 2 sluit die inhoud van rekeningkundige kennis (*Body of accounting knowledge*) in. Die identifisering en omskrywing van 'n klein entiteit is noodsaaklik, alvorens gedifferensieerde verslagdoening toegepas kan word. Die tweede gedeelte van die hoofstuk fokus op die omskrywing van 'n klein entiteit op grond van die toepassing van gedifferensieerde rekeningkundige verslagdoening, met inagneming van die doel van finansiële state soos in hoofstuk 2 bespreek. Die definisies wat aangespreek word, is dié van 'n klein entiteit in Suid-Afrika, sowel as internasionale definisies van 'n klein entiteit, en is spesifiek van toepassing op gedifferensieerde verslagdoeningsdoeleindes. Die faktore wat die identifisering van 'n klein entiteit vir rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes bewerkstellig, is ingesluit in die vraelyste (empiriese studie) aan die verskillende gebruikers van klein maatskappy finansiële state, ten einde te bepaal watter faktore gebruikers in Suid-Afrika wil gebruik om 'n klein entiteit vir gedifferensieerde verslagdoeningsdoeleindes te identifiseer. Sodoende kan 'n toepaslike definisie van *klein maatskappy* in Suid-Afrika geformuleer word, en kan dit gebaseer word op grond van die behoeftes van die gebruikers van klein maatskappy finansiële state.

4.2 Die aard van 'n klein besigheid

Klein besighede sluit 'n wye verskeidenheid van besigheidsvorme in, soos byvoorbeeld privaatmaatskappye, beslote korporasies, vennootskappe, eenmansake, en word normaalweg onafhanklik besit, bedryf en gefinansier. Klein besighede geniet tans meer aansien as ooit tevore; die groot aantal publikasies wat aan hierdie besighede gewy word, is

'n duidelike bewys hiervan. Die sogenaamde *White House Conference on Small Business* is reeds in 1980 in die Verenigde State van Amerika, op versoek van President Jimmy Carter, gehou. Die sukses van die kongres het daartoe aanleiding gegee dat verskeie wetgewing rakende klein besighede later aanvaar is, byvoorbeeld *The Small Business Innovation Research Act*, wat die aandeel ten opsigte van klein besighede se navorsingsbydrae drasties verhoog het. Klein besighede lewer 'n wesenlike bydrae tot die ekonomie, en word soos volg deur Siropolis (1986:4) beskryf:

“Small businesses enjoy a tradition of infinite variety and solid achievement. It thrives everywhere. So vital are small businesses that few, if any, parts of our economy could go on without its products and services. Small business is also a civilizing influence, rising above dollars and cents to enrich the lives of men and women the world over.”

Alhoewel groot korporasies en massaproduksie-besighede belangrik is in terme van produktiwiteit en kapitaalbeleggings, vorm klein besighede die ruggraat van 'n land se ekonomie. Volgens Baumbach (1988:1), het 'n klein besigheid verskillende eienskappe wat, onder andere, insluit dat die eienaars hul besigheid aktief bestuur en dat die besigheid se area van bedrywighede grotendeels plaaslik is. 'n Klein besigheid is verder ook afhanklik van interne bronne van kapitaal om groei te finansier.

'n Klein besigheid beskik ook oor die volgende eienskappe, naamlik besit 'n relatiewe klein aandeel van die mark waarin dit bedryf word; die besigheid word deur die eienaars bestuur; die bestuur is persoonlik betrokke; daar is geen formele bestuurstrukture nie en die besigheid is nie deel van 'n groter groep nie (Australiese Buro vir Statistieke in Holmes & Nicholls, 1990:4).

Uit die bogenoemde bespreking blyk dit duidelik dat een van die belangrikste eienskappe van 'n klein besigheid die onafhanklike eienaarskap en bestuur daarvan is. Hierdie eienskap onderskei die klein besigheid van groot besighede en word dikwels gebruik om 'n klein besigheid te identifiseer. Die unieke eienskappe van 'n klein besigheid gee egter aanleiding tot die bepaalde probleme, asook die spesiale behoeftes van hierdie besighede.

4.2.1 Redes vir die bestaan van klein besighede

Klein besighede maak 'n wesentliche bydrae tot die ekonomie van 'n land. Volgens Nieman (2006:9), bestaan klein besighede, onder andere, weens die volgende redes:

- Klein besighede skep 'n platform vir die oprigting van nuwe besighede, sowel as vir opkomende entrepreneurs. Potensiële entrepreneurs kan die ekonomie betree deur middel van 'n klein besigheidsonderneming wat relatief min finansiering en ander hulpbronne vereis. 'n Klein onderneming kan deur middel van 'n proses van beplanning en groei, in 'n groot onderneming ontwikkel; baie huidige groot ondernemings het aanvanklik as klein ondernemings begin.
- 'n Nuwe verhouding kan met klante en die gemeenskap gehandhaaf word.
- Klein besighede vorm 'n noodsaaklike skakel in die verskaffingsketting.
- Werknemers word voorsien van 'n omvattende leerervaring; in 'n klein besigheid kry werknemers die geleentheid om 'n groter verskeidenheid van ervaring op te doen in vergelyking met 'n groot besigheid met meer gespesialiseerde werkseleenthede. Die besigheidsumgewing is van so 'n aard dat werknemers alle besigheidspesesse en besigheidsfunksies kan aanleer.
- Nuwe werkseleenthede word geskep. Toetreders tot 'n klein besigheid is redelik maklik en toetreders word daarom gou blootgestel aan die risiko's en vergoeding van die besigheidsumgewing. Die eienaar van 'n klein besigheid het die vryheid om 'n besigheid te begin of te beëindig, klein te begin en te groei, en sukses te bereik of te faal; dit vorm die basis van die vryemarkstelsel.
- Gapings wat deur groot besighede gelaat word, word gevul. Hierdie gapings maak dit vir klein besighede maklik om geleenthede in die mark te identifiseer.

Baumbach (1988:7) beklemtoon dat die bestaan van klein besighede in 'n funksionele wyse veral belangrik vir die ekonomie is, op grond van (i) die interafhanklikheid van besighede, (ii) die handhawing van kompetisie en (iii) innovasie. 'n Basiese realiteit van die moderne ekonomie is dat alle besighede interafhanklik is; geen moderne besigheid is 'n geïsoleerde entiteit nie. Die interafhanklikheid verwys na die komplementêre aard (d.w.s. die funksies en aktiwiteite) van groot en klein besighede. Die besigheid doen aankope vanaf ander besighede, en verkoop aan verskeie ander besighede of verbruikers. Klein besighede speel 'n belangrike rol om groot ondernemings in staat te stel om te konsentreer op hul meer koste-effektiewe aktiwiteite. Die belangrikheid van kompetisie in die ekonomie kan ook nie ontken

word nie. In 'n tydperk waarin baie veranderinge plaasvind, kan kompetisie instrumenteel wees vir verandering deur middel van innovasie en verbetering. Moderne kompetisie kom in verskeie vorme voor, byvoorbeeld kompetisie in terme van pryse, kredietterme, dienste en produkverbetering. Baumbach (1988:9) beskryf die rol van kompetisie soos volg:

“If a truly free competitive economy is the desired goal of the nation, the continued existence of independent enterprises is imperative. Competitive capitalism insures freedom of enterprise and provides an outlet for individual creative impulses and abilities ... It is the best insurance that our economy will remain dynamic and provide a continuous stream of innovations, new ideas, experiments, and pioneering efforts.”

Uit die bogenoemde aanhaling blyk die belangrikheid van innovasie ook duidelik. Individue en klein besighede is gewoonlik die grootste bron van nuwe idees en uitvindings. Innovasie is noodsaaklik vir groei, en die belangrikheid van klein besighede in die ekonomie moet nie onderskat word nie. Vanweë die kritiese rol van klein besighede in 'n ekonomie is dit belangrik dat 'n omgewing geskep word waarin hierdie besighede kan floreer. Dit vereis onder andere dat die besigheidsomgewing nie oorgereguleer, ontoeganklik en duur vir toetrede van nuwe klein besighede moet wees nie. In hierdie verband is die omvattende vereistes van IFRSs vir rekeningkundige verslagdoening van klein besighede 'n voorbeeld van 'n beperkende en duur faktor wat die vestiging en groei van klein besighede belemmer.

4.2.2 Die belangrikheid van klein besighede in Suid-Afrika

Die redes vir die bestaan van klein besighede is, tot 'n groot mate, 'n aanduiding van die belangrikheid van hierdie entiteite vir 'n land en die ekonomie van die betrokke land. Klein besighede is belangrik vanweë die volgende redes (Malagas in Nieman, 2006:12):

- 'n Klein besigheid kan vinniger as groter besighede by veranderende neigings aanpas.
- Plaaslike, hergebruikte hulpbronne word dikwels benut.
- Klein besighede bied geleenthede aan entrepreneurs.
- Werknemers benodig beperkte (of geen) vaardighede en/of opleiding; vaardighede word aangeleer tydens diens.
- Subkontraktering deur groot besighede verleen buigsaamheid aan produksieprosesse.
- Klein besighede speel 'n belangrike rol in tegnologiese en ander innovasie.
- Klein besighede veroorsaak meer kompeterende markte.
- Die gemiddelde kapitale koste van 'n werksgeleentheid is laer in die kleinsake-sektor as in die groot besigheidsektor.

Die onderstaande statistieke met betrekking tot klein besighede in Suid-Afrika, is 'n duidelike aanduiding van die belangrike bydrae wat hierdie tipe besighede tot die Suid-Afrikaanse ekonomie lewer (Nieman, 2006:12). Die statistieke tref 'n onderskeid tussen die verskillende ekonomiese sektore en toon die volgende inligting:

- Tabel 4.1: geraamde bydrae van klein besighede tot Bruto Binnelandse Produk (BBP).
- Tabel 4.2: geraamde verspreiding van indiensneming in die privaat sektor.
- Tabel 4.3: verspreiding van entiteite in die privaat sektor volgens hul grootte.

Tabel 4.1: Geraamde bydrae van klein besighede tot Bruto Binnelandse Produk (BBP)

Sector	Micro %	Small %	Medium %	Large %	Total %
Agriculture, forestry and fishing	3,4	9,2	43,8	43,6	100
Mining and quarrying	1,6	1,9	2,8	93,7	100
Manufacturing	4,9	7,5	21,2	66,4	100
Construction	2,8	32,5	14,7	50,0	100
Trade, catering and accommodation	4,2	24,6	12,1	59,1	100
Transport, storage and communication	8,8	19,1	20,2	51,9	100
Community, social and other personal services, and finance and business services	15,7	13,9	2,6	67,8	100
Total	5,9	14,8	15,4	63,9	100

Bron: Nieman, G. 2006. *Small business management. A South African approach*. Pretoria: Van Schaik, 12.

Tabel 4.2: Geraamde verspreiding van indiensneming in die privaat sektor

Sector	Micro %	Small %	Medium %	Large %	Total %
Agriculture, forestry and fishing	47,6	16,3	17,6	18,5	100
Mining and quarrying	9,5	6,9	4,9	78,7	100
Manufacturing	31,5	9,3	14,4	44,8	100
Construction	49,6	12,7	12,0	15,2	100
Wholesale trade	49,6	17,1	5,3	28,0	100
Retail trade	74,0	8,3	7,2	10,5	100
Catering and accommodation	26,7	35,1	14,8	23,4	100
Transport, storage and communication	46,9	7,5	11,2	34,4	100
Finance and business services	41,0	13,5	14,9	30,6	100
Community, social and other personal services	31,1	16,6	20,7	31,6	100
Total	41,6	14,3	12,3	31,8	100

Bron: Nieman, G. 2006. *Small business management. A South African approach*. Pretoria: Van Schaik, 13 - aangepas.

Tabel 4.3: Verspreiding van entiteite in die privaat sektor volgens hul grootte

Size-class	% of total private sector enterprises	Cumulative %
Micro	37,0	37,0
Small	14,6	51,6
Medium	14,6	66,2
Large	33,8	100,0

Bron: Nieman, G. 2006. *Small business management. A South African approach*. Pretoria: Van Schaik, 13 - aangepas.

Tabel 4.1 toon aan dat klein besighede (mikro-, klein- en mediumgrootte entiteite) 'n wesenlike bydrae (36,1%) tot die Bruto Binnelandse Produk (voortaan na verwys as BBP) lewer. Klein besighede is, volgens die tabel, verantwoordelik vir ten minste die helfte van die BBP in die sektore van landbou en konstruksie, en vir meer as 40% van die BBP in die sektor van handel, spyseniering en akkommodasie, en die sektor van vervoer, berging en kommunikasie.

Tabel 4.2 toon aan dat klein besighede 'n beduidende bydrae (68,2%) tot indiensneming in die privaat sektor lewer. Dit blyk dat klein besighede die grootste bydrae tot indiensneming lewer in al die sektore, behalwe die mynbou-sektor.

Tabel 4.3 toon die verspreiding van entiteite in die privaat sektor volgens hul grootte. Die meerderheid entiteite is mikro-grootte entiteite (37,0%), terwyl groot entiteite 33,8% en klein- en mediumgrootte entiteite 66,2% verteenwoordig van alle privaat sektor entiteite in Suid-Afrika. Die noue verband (op grond van tabel 4.2 en 4.3) tussen die verspreiding van entiteite in die privaat sektor volgens hul grootte en die bydrae tot indiensneming deur verskillende entiteite, is ook interessant. Klein besighede verteenwoordig 66,2% van entiteite in die privaat sektor, terwyl hul bydrae tot indiensneming 68,2% is.

Uit bogenoemde bespreking is dit duidelik dat klein besighede 'n baie belangrike rol in die verskillende sektore van die Suid-Afrikaanse ekonomie speel. Dit is dus noodsaaklik dat 'n klein besigheid se rekeningkundige verslagdoeningstelsel nuttige inligting voorsien aan die gebruikers van hul finansiële state, dat hierdie inligting aan die gebruikers se spesifieke behoeftes voldoen, en dat dit die gebruikers in staat stel om ingeligte besluite te neem (verwys na hoofstuk 2, punt 2.3.1). Die voorsiening van rekeningkundige inligting, soos vervat in finansiële state, behoort dus nie 'n beswarende las op klein besighede te plaas nie. Die aard en kenmerke van klein besighede het tot gevolg dat hierdie besighede bepaalde probleme ondervind wat 'n direkte of indirekte uitwerking op die rekeningkundige verslagdoeningstelsel van die entiteit het. Die verskillende probleme wat klein besighede ondervind, soos geïdentifiseer deur middel van die literatuurstudie (verwys na hoofstuk 3), word vervolgens kortliks bespreek.

4.2.3 Probleme wat klein besighede ondervind

4.2.3.1 Bestuursvaardighede

Die basiese beginsels van bestuur is op ondernemings van alle groottes, asook alle tipes organisasies van toepassing, naamlik beplanning, organisasie, leierskap en beheer. Die sukses van enige besigheid, ongeag die grootte, is afhanklik van die mate waarin hierdie beginsels op 'n gebalanseerde wyse, toegepas word. Die hoë mislukningskoers van nuwe besighede en klein besigheidsondernemings dui egter daarop dat die bestuur van 'n klein besigheid wel verskil van dié van 'n groot besigheid. (Siropolis, 1986:12).

Hierdie verskil tussen die bestuur van 'n klein besigheid en 'n groot besigheid, lê daarin dat bestuurders in klein besighede op bestuurstake, veelvuldige funksies en toegang tot hulpbronne moet fokus. Daar is verskillende vlakke van bestuur in 'n groot besigheid, naamlik laervlak-, middelvlak- en topvlakbestuur. Die werkslading in die organisasie word op 'n burokratiese wyse versprei deur middel van middelvlak- en laervlakbestuurders.

Daar is drie sentrale aspekte waarin 'n klein besigheid verskil van 'n groot besigheid, naamlik onsekerheid, innovasie en ontwikkeling (Nieman, 2006:17). Die onsekerheidsaspek waaraan die klein besigheid blootgestel word, verwys, onder andere, na die onsekerheid met betrekking tot die groter verskeidenheid van doelwitte vir die eienaars/bestuur van klein besighede in vergelyking met groot besighede, en die groter eksterne onsekerheid van die omgewing waarin die klein besigheid sake doen. Klein besighede wat groei, ondergaan 'n aantal veranderinge wat die rol en styl van bestuur asook die struktuur van die organisasie beïnvloed.

Longenecker, Moore en Petty (in Nieman, 2006:17) identifiseer die volgende tipiese eienskappe van die bestuur van 'n klein besigheid:

- Klein besighede se bestuurders het gereeld 'n tekort aan professionalisme;
- Oneffektiewe bestuur is algemeen;
- Bestuurders neig om aksie-georiënteerd en minder analities te wees as professionele bestuurders;
- Bestuurders ondervind finansiële en personeelbeperkings;
- Nuwe toesigvlakke en 'n meer formele bestuur word benodig namate die besigheid groei;

- Die eienaar moet met verloop van tyd meer betrokke wees by die bestuur van die besigheid en minder by die bedryf daarvan; en
- Dit is belangrik dat die bestuurder oor uitsonderlike onderhandelingsvaardighede beskik, ten einde die besigheidsomgewing (intern sowel as ekstern) te kan beïnvloed.

Groot en klein besighede word ooreenkomstig dieselfde beginsels bestuur, maar sekere bestuursomstandighede verskil. In 'n klein besigheid, is die eienaar gewoonlik die bestuurder. Die eienaar moet elke aspek van die besigheid verstaan en bestuur, en dus by al die verskillende aspekte betrokke wees, van koördinasie en kommunikasie tot delegasie en motivering. Siropolis (1986:13) meld dat probleme wat uniek is aan 'n klein besigheid hoofsaaklik verantwoordelik is vir die mislukking van hierdie tipe besigheid. Die belangrikste oorsake van die mislukking van besighede is die volgende:

- Onbevoegdheid van die bestuur (onvermoë om die besigheid fisies, moreel en intellektueel te bestuur);
- 'n Tekort aan bestuursondervinding;
- Ongebalanseerde ondervinding in bemarking, finansies, aankope en produksie;
- Bedrog; en
- Verwaarlosing (gee nie genoeg aandag aan die besigheid nie).

Al die bogenoemde redes vir die mislukking van klein besighede dui op swak bestuur en 'n tekort aan bestuursvaardighede. Volgens Siropolis (1986:13), is die maklike toetrede tot die mark die werklike rede vir mislukking; swak bestuur is slegs die gevolg daarvan.

4.2.3.2 Kontantvloei

'n Verdere probleem wat klein besighede ondervind, is die toegang tot hulpbronne. Hulpbronne sluit, onder andere, die volgende in: beskikbare kapitaal om in die besigheid te belê; kapitaalinvestering in fisiese bates, byvoorbeeld toerusting, masjinerie, geboue en voertuie; asook kapitaalinvestering in ontasbare bates, byvoorbeeld handelsmerke en patente. 'n Tekort aan hulpbronne, en spesifiek kontantvloei, is van die redes waarom baie klein besighede misluk; dit is ook 'n belangrike beperkende faktor in die groei van hierdie besighede. Die eienaar van die klein besigheid moet deurentyd die hulpbronne en beweging in kontant, personeel en bates bestuur. Die toepassing van 'n meer formele rekeningkundige stelsel, asook kundigheid sal tot gevolg hê dat hulpbronne beter toegewys word (Nieman, 2006:22). Beperkte kennis en ervaring in finansies van eienaars het tot gevolg dat daar nie 'n

behoorlike rekeningkundige stelsel is om te verseker dat hulpbronne behoorlik toegewys word nie.

Volgens Nieman (2006:229), is ongereëde kontantvloei en negatiewe kontantvlakke oor lang tydperke, een van die belangrikste redes waarom klein besighede misluk. Kontantvloei word deur verskeie faktore beïnvloed, insluitende te hoë vaste uitgawes (meestal arbeidskoste), te lae verkoopsvlakke, hoë afleweringkoste, stadige betaling deur debiteure, verhoogde aantal debiteure, stadige voorraadomsetsnelheid, verlenging van skuld en hoë rentekoerse, en foutiewe finansieringsmetodes.

Kontantvloei het 'n belangrike uitwerking op groei (of die afwesigheid daarvan) in klein besighede. Groei is 'n dinamiese proses wat daarop dui dat die klein besigheid nie staties is nie, maar deurlopend ontwikkel. Groei sal nie plaasvind tensy die bestuur oor die behoefte en visie om te groei en die nodige hulpbronne beskik nie. Groei moet, deur middel van toepaslike navorsing en behoorlike beplanning, bestuur word. Volgens Nieman (2006:24), dui verskeie studies aan dat bestuurders van klein besighede 'n beperkte vermoë het om groei te bewerkstellig, ten spyte daarvan dat groei uitvoerbaar is en winsgewend vir die besigheid sal wees. Groei is 'n faktor wat grotendeels deur die eienaar/bestuurder beheer kan word. Die bestuur van groei behels egter meer as die vermoë om 'n voortgesette besigheid te bestuur; dit vereis die vermoë van effektiewe bestuur van veranderinge oor 'n relatiewe kort tydperk.

4.2.3.3 Kompetisie

Volgens Ligthelm en Cant (2003:41), is kompetisie 'n ekonomies-gebaseerde, sowel as industrie-gebaseerde probleem vir klein besighede. Ekonomies-gebaseerde probleme is nie beheerbaar nie, en die eienaar van 'n klein besigheid moet aanpas by hierdie veranderinge in die ekonomie deur gebruik te maak van effektiewe bestuursvaardighede. Bestuur het min (of geen) beheer oor markfaktore; sukses word gereeld bepaal deur die bestuur se vermoë om vinnig op hierdie veranderende omstandighede te reageer. Industrie-gebaseerde probleme is meer beheerbaar indien goeie oordeel tydens die besluitnemingsproses toegepas word. 'n Ontleding van die rol van kompetisie is noodsaaklik vir die voortbestaan van 'n klein besigheid.

Dit is die klein besigheid se vermoë om op veranderinge te reageer en aan te pas in die eksterne omgewing, wat hierdie besigheid 'n kompeterende voordeel bo groter, meer

dominante mededingers in die besigheidswêreld gee.

4.2.3.4 Winsgewendheid

Daar bestaan onomkeerbare bewyse dat 'n klein besigheid 'n groter risiko loop om te misluk of onsuksesvol te wees. Die mislukking van klein besighede word hoofsaaklik toegeskryf aan faktore wat met die aard en eienskappe van 'n klein besigheid verband hou. Daar is gewoonlik, voordat 'n klein besigheid misluk, verskillende aanduidings dat die besigheid moontlik in die moeilikheid kan wees en dat winsgewendheid 'n probleem is. Die bestuur behoort ag te slaan op hierdie aanduidings en verdere ondersoek in te stel, alhoewel hierdie aanduidings deur verskeie eksterne faktore beïnvloed kan word. Probleme wat tot die mislukking van 'n besigheid lei, ontwikkel gewoonlik met verloop van tyd en is tipies die gevolg van die akkumulering van fundamentele foute. Nieman (2006:229) identifiseer, onder andere, die volgende faktore wat die winsgewendheid van 'n klein besigheid kan beïnvloed en tot die mislukking van hierdie besigheid kan lei:

- Afname in bruto winspersentasie;
- Afname in netto winspersentasie;
- Kompeterende voordeel wat nie gehandhaaf kan word nie;
- Afname in verkope en markaandeel;
- Afname in vertroue (vertroue in die besigheid is noodsaaklik vir sukses en wanneer daar nie meer vertroue is nie, bereik die besigheid gewoonlik 'n krisistydperk wat moeilik is om reg te stel); en
- Bedanking van sleutelpersoneel.

4.2.3.5 Onvoldoende rekeningkundige stelsels

Die belangrikheid van behoorlike rekeningkundige stelsels vir klein besighede word beklemtoon deur verskeie studies wat aantoon dat 'n groot persentasie van klein besighede wat misluk, oor onvoldoende rekeningkundige rekords en stelsels beskik (Baumback, 1988:410). Rekeningkundige rekords is 'n wyse waarop besigheidseienaars en -bestuur "... figure out where they have been, where they are going, and possibly how to get where they want to go ..." (Baumback, 1988:409). Behoorlike rekeningkundige stelsels is noodsaaklik vir die effektiewe funksionering van die klein besigheid. Onvoldoende rekeningkundige stelsels en kontroles het 'n direkte invloed op die besluitneming en bestuur van 'n klein besigheid, en gee aanleiding tot die volgende:

- Swak prys- en kredietbeleid;
- 'n Tekort aan kontantbegrotings en kontantvloeiprojeksies;
- Die afwesigheid van 'n behoorlike kosteberekeningstelsel; en
- Swak rekeningkundige verslagdoening (inligting wat nuttig is vir besluitneming word nie verskaf nie).

'n Behoorlike rekeningkundige stelsel stel die klein besigheid in staat om probleme vroegtydig te identifiseer, insluitende lae verkoopsomset, swak voorraadomset, hoë bedryfsuitgawes en onvoldoende bedryfskapitaal. Die rekeningkundige stelsel moet egter nie net goed ontwerp en bedryf word nie, maar "... unless the entrepreneur takes action based on the information generated by the system, the system is useless" (Siropolis, 1986:323). Volgens hierdie skrywer, beskik 'n behoorlike rekeningkundige stelsel oor die volgende eienskappe: verslae word tydig gegeneer en die stelsel verseker 'n hoë graad van akkuraatheid en volledigheid, versamel en verwerk inligting teen 'n lae koste en minimaliseer die voorkoms van bedrog en diefstal. Die stelsel behoort vir die spesifieke behoeftes van die besigheid ontwerp te word en veranderinge moet aangebring word namate die besigheid groei. Siropolis (1986:337) beklemtoon die belangrikheid van behoorlike rekeningkundige rekordhouding vir klein besighede in die volgende stelling:

"Accounting has its limitations. It cannot, for example, measure what a venture is really worth; it can only report its paper value. Nor can it measure such intangible assets as teamwork, morale, incentives, and the entrepreneur's health. In short, accounting cannot give a precise and complete picture of the entrepreneur's venture. Still, accounting is an important and remarkable tool."

4.2.3.6 Omgewingskwessies

Omgewingskwessies is faktore van die makro omgewing wat die besigheid se markomgewing beheer, en kan politieke, ekonomiese, sosiale, tegnologiese en fisiese faktore insluit. Volgens Baumbach (1988:19), behels die omgewingsprobleme wat 'n groot effek het op klein besighede, die volgende:

- *Personeelwerwing*: klein besighede het die nadeel dat hulle nie met die salarisse kan kompeteer wat groot ondernemings betaal nie, en selde indiensneming kan waarborg. 'n Verdere probleem is die aanstelling van bevoegde bestuurspersoneel. 'n Hoë omset in sleutel-bestuurspersoneel kan die besigheid benadeel, veral wanneer operasionele en finansiële aktiwiteite van sleutelbestuur geraak word.

- *Finansiering*: dit is problematies om voldoende finansiële reserwes op te bou en te handhaaf. 'n Wesenlike probleem is die onvermoë van 'n klein besigheid om voldoende finansiering te bekom (as gevolg van 'n gebrek aan kapitaal of te hoë rentekoerse wat gehef word).
- *Belastingwetgewing*: die klein besigheid word swaar belas deur belastingwetgewing en is ook verantwoordelik vir verkoopbelasting (Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW)) en werknemersbelasting.
- *Regulering*: die klein besigheid is, onder andere, verantwoordelik vir die invordering en oorbetaling van verkoopbelasting en werknemersbelasting. Finansiële state moet op 'n jaarlikse basis opgestel word.

4.3 Definiëring van 'n klein besigheid

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit duidelik dat die aard en kenmerke van klein entiteite wesenlik verskil van dié van groot entiteite. Hierdie eienskappe moet oorweeg word wanneer 'n klein entiteit geïdentifiseer en omskryf word; veral ook vir die toepassing van gedifferensieerde verslagdoening.

4.3.1 Die behoefte vir 'n definisie van klein besigheid

Daar bestaan nie 'n enkele eenvormige, aanvaarbare definisie van *klein besigheid* nie (Nieman, 2006:4). Die definisie van *klein besigheid* is afhanklik van die kriteria wat bepaal wat *klein* is en wat kwalifiseer as *besigheid*. Volgens Hatten (1997:6), beskou die meeste navorsers en akademici 'n besigheid as klein indien dit

- onafhanklik besit, bedryf en gefinansier word (een persoon of 'n klein aantal persone bestuur dit);
- 'n relatiewe klein aandeel van die mark besit, of 'n relatiewe klein effek op die betrokke industrie het;
- onafhanklik en nie deel van 'n groot entiteit is nie.

Staats- en niestaatsorganisasies wat klein besigheidsbelange het, benodig 'n definisie van 'n tipiese klein besigheid in verskillende sektore van die ekonomie, met die doel om die grootte en beduidendheid van die klein besigheid sektor te meet en vergelykings, ontledings en voorspellings rakende hierdie sektor te maak (BMR, 1992:5). 'n Definisie van *klein besigheid*

sal nuttig wees vir die volgende entiteite (BMR, 1992:5):

- *Inkomstedienste*: spesiale belastingtoegewings (ten opsigte van 'n klein besigheid as 'n gedefinieerde entiteit) sal groei bevorder;
- *Finansiële instellings en ontwikkelingskorporasies*: vir die bepaling van rentekoerse en kriteria vir die toestaan van lenings, sowel inisiatiewe vir die bevordering van klein besigheidsontwikkeling;
- *Handel en nywerheid*: vir die evaluering van markte en aanmoediging van die ontwikkeling van klein besighede;
- *Klein besighede (vir eie gebruik)*: vir evaluering van hul rol in die ekonomie; en
- *Sentrale Statistiekdiens (SSD)*: vir identifisering van klein besighede vir die SSD-databasis.

Daar is nie ooreenstemming oor wat 'n klein besigheid behels nie en spesifiek nie oor die kriteria om die klein besigheid sektor te ontleed nie. Die kwessie van 'n gepaste definisie is wêreldwyd sentraal in die ondersoek van klein besighede. Die wyse waarop 'n klein besigheid gedefinieer word, sal noodwendig 'n invloed hê op die betroubaarheid van inligting wat verkry word. Daar is egter nie konsekwentheid tussen internasionale definisies van *klein besigheid* nie; verskillende definisies word gebruik vir verskillende doeleindes. Hertz (1982:3) beskryf die probleem soos volg:

“The small business is one of those phenomena which, though existing everywhere and frequently in the public eye, mean different things to different people in different places. Any such subject that provokes variations of meaning and interpretation is one in need of clarification and therefore worthwhile researching.”

Moolman en Pretorius (in BMR, 1992:7) is van mening dat 'n wêreldwye, eenvormige definisie die ontwikkeling van klein besighede weens die volgende redes sal bevorder:

- 'n Standaard definisie is nodig om die rol van klein besighede in die ekonomie van 'n land te meet. Die bydrae van klein besighede tot die ekonomie is moeilik kwantifiseerbaar, omdat die besighede swak gedefinieer word.
- 'n Definisie is noodsaaklik vir beleidsdoeleindes ten opsigte van ontwikkeling; dit is veral toepaslik in die Suid-Afrikaanse konteks met beide 'n ontwikkelende element en 'n goed ontwikkelde element.
- Die rol van die klein besigheid sektor in die ekonomie is so beduidend dat dit duidelik gedefinieer moet wees om prestasie teen bepaalde doelwitte te kan meet.

- Probleme en geleenthede wat uniek aan die klein besigheid sektor is, sal beter hanteer word.
- Groottestandaarde bepaal welke entiteite vir staats- en ander hulp kwalifiseer.

Uit die bogenoemde blyk dit duidelik dat daar 'n behoefte vir 'n definisie van 'n klein besigheid is.

4.3.2 Kwalitatiewe en kwantitatiewe kriteria

Die term *klein besigheid* kan gedefinieer word deur gebruik te maak van kwalitatiewe of ekonomiese kriteria, sowel as kwantitatiewe kriteria of statistiese riglyne. 'n Groot aantal faktore kan oorweeg word, insluitende die mate van publieke belang in die entiteit, die kompleksiteit van die besigheid, die skeiding van bestuur en eienaarskap, en die grootte van die entiteit.

Vanuit 'n kwalitatiewe perspektief, word sekere kenmerke wat sinoniem is met 'n klein besigheid gebruik om die term *klein besigheid* te omskryf, byvoorbeeld individuele eienaarskap, onafhanklike bestuur sonder betrokkenheid van eksterne partye, eienaars se betrokkenheid by die dag-tot-dag bedrywighede, 'n eenvoudige organisasiestruktuur, en die besigheid se posisie in die betrokke marksektor (BMR, 1992:12). Hoewel kwalitatiewe definisies van klein besighede inherent subjektief is, word die belangrike bedryfsverskille tussen klein en groot besighede beklemtoon. Die meeste kwalitatiewe kriteria verwys na eienaarskap en bestuur.

Kwalitatiewe kriteria hou verband met die eenaarstruktuur van die besigheid; volgens Nieman (2006:5), moet die besigheid

- 'n aparte en afsonderlike besigheidsentiteit wees;
- alle filiale (bv. takkantore) insluit wanneer die grootte van die besigheid beoordeel word;
- deur die eenaar(s) bestuur word; en
- 'n natuurlike persoon, vennootskap of regspersoon (bv. 'n beslote korporasie of maatskappy) wees.

Kwantitatiewe kriteria verwys na duidelik gedefinieerde statistiese aanwysers. Die feit dat die bepaling en toepassing van kwantitatiewe kriteria op 'n spesifieke teikengroep gerig is,

bemoelijk vergelykings met ander groepe. Hailey (in BMR, 1992:13) maak die volgende stelling: "... quantitative definitions are marked by their range and diversity, and accordingly are of little use for purposes of international comparison". Die teenstrydigheid tussen kwantitatiewe definisies kan duidelik gesien word waar die aantal werknemers gebruik word om die grootte van 'n besigheid te bepaal; in Wes-Samoa sluit die definisie van *klein besigheid* byvoorbeeld besighede met minder as 10 werknemers in, terwyl dieselfde definisie in Japan besighede met minder as 300 werknemers insluit (BMR, 1992:13).

Kwantitatiewe kriteria verwys na verskillende faktore wat, onder andere, die volgende insluit:

- Aantal voltydse werknemers;
- Totale jaarlikse omset;
- Bruto of netto wins;
- Totale batewaarde of kapitaalinvestering;
- Eienaarsbelang; en
- Personeelvergoeding.

4.3.3 Voor- en nadele van kwalitatiewe en kwantitatiewe kriteria

Die belangrikste voor- en nadele van die gebruik van kwalitatiewe kriteria is die volgende:

Tabel 4.4: Kwalitatiewe kriteria

VOORDELE	NADELE
<ul style="list-style-type: none"> • Verwys na aard en kenmerke van 'n klein besigheid wat toepaslik is vir die definisie wat vereis word • Beklemtoon bedryfsverskille tussen klein en groot besighede • Vergelykbaar 	<ul style="list-style-type: none"> • Subjektief aangesien oordeel toegepas word • Moeilik om in praktyk toe te pas

Bron: Eie waarneming

Die belangrikste voor- en nadele van die gebruik van kwantitatiewe kriteria is die volgende:

Tabel 4.5: Kwantitatiewe kriteria

VOORDELE	NADELE
<ul style="list-style-type: none"> • Eenvoudig om toe te pas • Goeie aanduiding vir die beoordeling van koste-voordeel effektiwiteit • Kriteria word algemeen gebruik 	<ul style="list-style-type: none"> • Kwantitatiewe drempels is arbitrêr • Entiteit kan resultate manipuleer om te kwalifiseer • Bemoeilik vergelykbaarheid • Moet effek van inflasie in ag neem • Kriteria moet gereeld hersien word • Geen verwysing na die aard van die entiteit nie • Tref geen onderskeid tussen entiteite wat groei en dié wat klein bly nie

Bron: Eie waarneming

4.4 Definiëring van 'n klein besigheid in Suid-Afrika

Daar is 'n verskeidenheid van kriteria (aanwysers en verwysings) in die literatuur wat spesifiek ten doel het om 'n klein besigheid in Suid-Afrika te definieer. Die term *klein besigheid* is egter ten behoeve van verskillende redes gedefinieer, byvoorbeeld toepassing van wetgewing, ondersteuning van kleinsake besighede, allokering van fondse, navorsingsdoeleindes en rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes. 'n Klein besigheid in Suid-Afrika word, onder andere, op grond van die volgende gedefinieer:

4.4.1 Maatskappywet No. 61 van 1973

In artikel 19 van die Maatskappywet (61/1973), word 'n onderskeid getref tussen twee tipes maatskappye wat kragtens die wet opgerig en ingelyf word, naamlik 'n maatskappy met 'n aandeelkapitaal en 'n maatskappy sonder 'n aandeelkapitaal. 'n Maatskappy met 'n aandeelkapitaal kan óf 'n publieke óf 'n privaatmaatskappy wees.

'n Privaatmaatskappy word in artikel 20 omskryf as 'n maatskappy met 'n aandeelkapitaal; hierdie maatskappy se statute beperk die reg om aandele oor te dra, beperk die ledetal tot 50, en verbied 'n aanbod aan die publiek vir inskrywing op aandele of skuldbriewe van die

maatskappy. Die definisie van *privaatmaatskappy* verwys dus na kwalitatiewe kriteria, naamlik beperking op oordrag van aandele en publieke inskrywing op aandele, sowel as kwantitatiewe kriteria, naamlik die aantal lede.

Die Maatskappywet (61/1973) is egter sederdien onttrek met die uitreiking van die nuwe Maatskappywet (71/2008).

4.4.2 Buro vir Marknavorsing (1992)

Die Buro vir Marknavorsing se navorsingstudie wat in 1992 as 'n navorsingsverslag, *Defining a Small Enterprise in South Africa*, gepubliseer is, het ten doel om die kriteria te bepaal wat 'n klein besigheid van ander entiteite onderskei, en 'n algemeen aanvaarbare, standaard definisie van *klein besigheid* in Suid-Afrika te formuleer (BMR, 1992). Verskeie definisies van 'n klein entiteit in Suid-Afrika (soos geformuleer vir verskeie doeleindes) is deur die Buro vir Marknavorsing oorweeg in die bepaling van hierdie standaard definisie. Enkele van hierdie definisies word kortliks bespreek.

Nasionale Mannekragkommissie (1984): Die verslag, *Report of an investigation into the small business sector in the Republic of South Africa, with specific reference to the factors that may retard the growth and development thereof*, is in 1984 deur die Departement van Mannekrag gepubliseer (BMR, 1992:17). Die Departement van Mannekrag is van mening dat dit nie moontlik is om 'n presiese of akkurate definisie van *klein besigheid* te formuleer nie, maar dat dit slegs moontlik is om riglyne neer te lê wat nie in isolasie beskou moet word nie, maar met inagneming van die ekonomiese beskrywing en eienskappe. Die riglyne is verder ook afhanklik van die doel waarvoor die klein besigheid omskryf word. 'n Kwalitatiewe definisie van *klein besigheid*, sowel as 'n vereenvoudigde definisie wat kwantitatiewe kriteria insluit, word gebruik. Die definisies is soos volg:

“A small business firm can be regarded as an independent economic unit whose aim it is to account profitably for the capital and risk attached thereto and which manifests distinctive characteristics such as independent ownership, independent management, a simple organisational structure, and a relatively small influence on the market; and whose owners can be identified with the entrepreneurs, the part suppliers of capital, the management of the business, the decision makers and those who share in profit.

The simplified definition:

A small business is an independent enterprise having no more than 50 employees and

an annual turnover of not more than R1 million.”

Die kwalitatiewe kriteria wat in die definisie ingesluit is, verwys na verskeie eienskappe van ’n klein besigheid, byvoorbeeld onafhanklike eienaarskap en bestuur, eenvoudige organisasiestruktuur en relatiewe klein invloed op die mark. Volgens die kommissie, is die aantal werknemers en jaarlikse omset die twee mees aanvaarbare kwantitatiewe kriteria. Daar word ook erken dat die wye verskeidenheid van aktiwiteite in die verskillende ekonomiese sektore waarskynlik verskillende riglyne vir verskillende ekonomiese sektore sal regverdig.

Presidentsraad (1985): Die *Report of the Committee for economic affairs on a strategy for small business development and for deregulation*, ’n verslag waarin verskeie aanbevelings gemaak word, is in 1985 opgestel (BMR, 1992:18). Die raad erken dat kwantitatiewe kriteria verskil van een ekonomiese aktiwiteit tot die volgende, byvoorbeeld vervaardiging, mynbou, konstruksie en kleinhandel, asook van land tot land. Die raad se gevolgtrekking is dat daar nie ’n aanvaarbare statistiese of kwantitatiewe definisie van *klein besigheid* bestaan nie en beskou gevolglik ’n kwalitatiewe definisie as meer toepaslik vir die doeleindes van die raad. Eenstemmigheid is bereik oor die volgende kwalitatiewe elemente wat in die raad se definisie opgeneem is:

- *Onafhanklike ekonomiese eenheid:* die besigheid word onafhanklik besit en bestuur, met eienaarskap wat in een persoon of ’n klein aantal persone gevestig is.
- *Eenvoudige bestuurstruktuur:* gewoonlik ’n informele bestuurstruktuur met verskeie funksies en verantwoordelikhede wat in een persoon gevestig is.
- *Klein invloed op die mark:* die besigheid oefen nie beduidende invloed uit op die pryse of hoeveelhede van produkte wat gelewer word nie.
- *Eienaarskap wat met die entrepreneursfunksie geïdentifiseer word:* die eienaar is betrokke by die finansiering, sowel as die bestuur van die besigheid en deel in die winste. Groot besighede tref gewoonlik ’n onderskeid tussen die funksies van eienaarskap en bestuur.

Klein Besigheidsadviesburo (1990): Die Klein Besigheidsadviesburo (*Small Business Advisory Bureau*) se definisie van *klein besigheid* vir hul spesifieke doeleindes, soos omskryf in 1990, maak voorsiening vir die kwalitatiewe kriterium van eienaarskap en bestuur, sowel as kwantitatiewe kriteria gebaseer op omset, aantal eenhede of takkantore, batewaarde en aantal werknemers (BMR, 1992:19). ’n Entiteit hoef aan slegs enige vier van die kriteria te

voldoen om as 'n klein besigheid beskou te word, ten einde voorsiening te maak vir enige buitengewone omstandighede. Die definisie behoort op 'n gereelde grondslag hersien te word om ekonomiese veranderinge (byvoorbeeld inflasie) in ag te neem.

Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika (1991): Die Ontwikkelingsbank meld dat daar nie 'n enkele algemeen aanvaarde definisie van *klein besigheid* in Suid-Afrika bestaan nie, en dat hulle eenstemmigheid bereik het dat kwalitatiewe kriteria die bepalende faktor moet wees om die grootte van 'n besigheid te bepaal wat vir bystand ingevolge die *Small Business Programme* sal kwalifiseer. Die volgende riglyne is neergelê (BMR, 1992:20):

- "... the enterprise is owned and run independently with ownership vested in one or two persons or a family;
- ownership is identified with the entrepreneurial function, supplying capital, managing the business and sharing in profits and risks;
- the small business does not normally employ more than 50 employees".

Daar word in die definisie verwys na die kwalitatiewe kriterium van eienaarskap en bestuur en die een kwantitatiewe kriterium van aantal werknemers. Daar word egter vermeld dat die feit dat die besigheid groot of klein, of formeel of informeel is, nie die bank se ondersteuning aan klein besighede bepaal nie, maar dat die kategorie waarbinne die besigheid val, dit wil sê, of dit 'n opkomende besigheid of 'n gevestigde besigheid is, eerder 'n bepalende faktor is.

Anglo American en De Beers Klein Besigheidsinisiatief (1991): Die definisie van *klein besigheid* wat in 1991 deur Anglo American en De Beers vir hul gesamentlike besigheidsinisiatief vir klein besighede geïdentifiseer is, verwys na die kwalitatiewe kriterium van eienaarskap en bestuur en die kwantitatiewe kriteria van bates (< R1,5miljoen), aantal werknemers (<200) en aantal takkantore (nie meer as vyf nie) (BMR, 1992:22). 'n Entiteit hoef aan slegs vier van die vereistes te voldoen om as 'n klein besigheid te kwalifiseer.

Klein Besigheidsontwikkelingskorporasie (1992): 'n Dokument, *Notes on a comprehensive SME-definition and other unpublished documents*, wat in Januarie 1992 gepubliseer is, verwys na 'n klein besigheid as 'n *small and medium-sized enterprise* (BMR, 1992:21). Die definisie verwys na die kwalitatiewe kriteria van bestuur (eienaars is direk betrokke by bestuur) en die kwantitatiewe kriteria van aantal werknemers (<200) en totale bates (<R2 miljoen). 'n Entiteit hoef egter aan slegs een van die gestelde kriteria te voldoen om as 'n klein- of mediumgrootte entiteit te kwalifiseer.

Die Buro vir Marknavorsing kom tot die gevolgtrekking dat 'n besigheid as 'n klein besigheid gedefinieer word indien daar aan een verpligte kwalitatiewe kriterium voldoen word, en enige twee van drie verpligte kwantitatiewe kriteria per ekonomiese sektor. Die kwalitatiewe kriterium verwys na die eienaarskap en bestuur van die entiteit, terwyl die kwantitatiewe kriteria na die totale jaarlikse omset, totale batewaarde en totale aantal voltydse werknemers verwys. Verskillende ekonomiese sektore of subsektore word onderskei, naamlik: landbou, jag, bosbou en vissery; vervoer, berging en kommunikasie; finansies, versekering, eiendoms- en besigheidsdienste; gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste; mynbou en steengroefwerk; vervaardiging; elektrisiteit, gas en water; konstruksie; groot- en kleinhandel, handel en spyseniering- en akkommodasiedienste. Die gestelde kriteria vir die definisie van *klein besigheid* word in tabel 4.6 aangetoon.

Tabel 4.6: Definisie van *klein besigheid* in Suid-Afrika

One obligatory qualitative criterion for all economic sectors			
The business must be privately (sole proprietorship, partnership, close corporation or private company) and independently owned and managed (the business does not form part of, nor is it controlled by, a larger enterprise or group, but may have more than one branch or unit).			
Any two of the following three obligatory quantitative criteria per sector			
Sector	Criteria		
	Total annual turnover	Total asset value	Total number of full-time employees
Group A			
Agriculture, hunting, forestry and fishing Transport, storage and communication Financing, insurance, real estate and business services	Less than R1,5 m	Less than R1,0 m	Less than 30
Group B			
Mining and quarrying Manufacturing Electricity, gas and water Construction Wholesale and retail, trade, and catering and accommodation services	Less than R2,5 m	Less than R2,0 m	Less than 50

Bron: Bureau of Market Research (BMR). 1992. *Research report no. 191 - Defining a small business enterprise in South Africa*. Pretoria: University of South Africa, 48.

'n Toepaslike definisie van *klein besigheid* behoort dus, op grond van die Buro vir Marknavorsing se studie, beide kwalitatiewe en kwantitatiewe kriteria in te sluit. Veranderinge in ekonomiese faktore, byvoorbeeld inflasie, vereis egter dat die kwantitatiewe aspekte van die definisie op 'n gereelde basis hersien moet word om dit op datum te bring. Die studie bevind ook duidelik dat die kriteria verskil van een ekonomiese sektor tot 'n volgende, maar dat 'n afsonderlike definisie vir elke ekonomiese sektor nie wenslik is nie; 'n saamgestelde definisie, waarin ekonomiese sektore gekombineer word, is meer toepaslik. Daar word vermeld dat oordeel toegepas behoort te word wanneer 'n besigheid geklassifiseer word, met inagnome van die unieke eienskappe van die ekonomiese sektor waarbinne hierdie besigheid val, asook die geografiese ligging. Kwantitatiewe kriteria moet ook as aanpasbare riglyne, eerder as bepalende faktore, vir die bepaling van die grootte van 'n besigheid gesien word.

4.4.3 Nasionale Klein Besigheidswysigingswet (2004)

Die *National Small Business Act* is aanvanklik in 1996 uitgereik, waarna dit in 2004 gewysig is tot die *National Small Business Amendment Act (29/2004)*. Die hoofdoel van hierdie wet is die bevordering van klein besighede in Suid-Afrika. 'n Raad, die *Small Enterprise Development Agency (SEDA)*, is deur hierdie wet tot stand gebring; die doelwitte van SEDA is onder meer die ontwerp en implementering van ontwikkelings- en ondersteuningsprogramme vir klein entiteite, en die bevordering van 'n dienslewingsnetwerk wat klein entiteite se bydrae tot die Suid-Afrikaanse ekonomie bevorder en ekonomiese groei en werkskepping aanmoedig. SEDA se doel is ook om die kapasiteit van klein entiteite te versterk om suksesvolle plaaslike en internasionale kompetisie te verseker.

Die ontwerp en implementering van ontwikkelings- en ondersteuningsprogramme vir klein entiteite behels spesifiek die volgende:

- Vergemakliking van die totstandkoming van 'n kompeterende entiteit en die handhawing van hierdie entiteit;
- Bevordering van entrepreneurskap;
- Skepping van 'n bedryfsomgewing vir klein entiteite;
- Vergemakliking van toegang, vir klein entiteite, tot niefinansiële hulpbronne, en produkte en dienste;

- Vergemakliking van toegang tot internasionale en nasionale markte ten opsigte van klein entiteite se produkte en dienste;
- Koördinerings van navorsing rakende ondersteuningsprogramme vir klein entiteite;
- Voorsiening van advies, inligting, ontledings en ondersteuning rakende die implementering van 'n ontwikkelingsbeleid vir klein entiteite;
- Ondersoeking van, en advies- en kommentaarlewering oor die effek van huidige en voorgestelde wetgewing vir klein entiteite; en
- Bevordering van die publiek se begrip rakende die bydrae wat klein besighede lewer tot ekonomiese groei, werkskepping en die algemene welvaart.

Artikel 1 van die *National Small Business Amendment Act (29/2004)* vervat die volgende definisie van *klein entiteit* (verwys na tabel 4.6):

“Small enterprise means a separate and distinct business entity, together with its branches or subsidiaries, if any, including co-operative enterprises, managed by one owner or more, predominantly carried on in any sector or sub-sector of the economy ... and classified as micro-, a very small, a small or medium enterprise by satisfying the criteria mentioned in columns 3, 4 and 5 of the Schedule.”

'n Bylae tot hierdie wet, vervat 'n skedule waarin mikro, baie klein, klein en medium entiteite geïdentifiseer word vir 11 verskillende sektore of subsektore van die ekonomie. Daar word verwys na die volgende sektore: landbou; mynbou en steengroefwerk; vervaardiging; elektrisiteit, gas en water; konstruksie; kleinhandel, motorhandel en -hersteldienste; groothandel, handelsagente en verwante dienste; spyseniering, akkommodasie en ander handel; vervoer, berging en kommunikasie; finansies en besigheidsdienste; en gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste. Klein entiteite word soos volg geïdentifiseer:

Tabel 4.7: Klein entiteite ingevolge die *National Small Business Amendment Act, 2004*

Sector or sub-sector	Size or class	Total full-time paid employees Less than	Total annual turnover Less than	Total gross asset value Less than
Agriculture	Medium	100	R5.00 m	R5.00 m
	Small	50	R3.00 m	R3.00 m
	Very small	10	R0.50 m	R0.50 m
	Micro	5	R0.20 m	R0.10 m
Mining and quarrying	Medium	200	R39.00 m	R23.00 m
	Small	50	R10.00 m	R6.00 m
	Very small	20	R4.00 m	R2.00 m
	Micro	5	R0.2 m	R0.10 m
Manufacturing	Medium	200	R51.00 m	R19.00 m
	Small	50	R13.00 m	R5.00 m
	Very small	20	R5.00 m	R2.00 m
	Micro	5	R0.20 m	R0.10 m
Electricity, gas and water	Medium	200	R51.00 m	R19.00 m
	Small	50	R13.00 m	R5.00 m
	Very small	20	R5.10 m	R1.90 m
	Micro	5	R0.20 m	R0.10 m
Construction	Medium	200	R26.00 m	R5.00 m
	Small	50	R6.00 m	R1.00 m
	Very small	20	R3.00 m	R0.50 m
	Micro	5	R0.20 m	R0.10 m
Retail, motor trade and repair services	Medium	100	R39.00 m	R6.00 m
	Small	50	R19.00 m	R3.00 m
	Very small	10	R4.00 m	R0.60 m
	Micro	5	R0.20 m	R0.10 m
Wholesale trade, commercial agents and allied services	Medium	100	R64.00 m	R10.00 m
	Small	50	R32.00 m	R5.00 m
	Very small	10	R6.00 m	R0.60 m
	Micro	5	R0.20 m	R0.10 m
Catering, accommodation and other trade	Medium	100	R13.00 m	R3.00 m
	Small	50	R6.00 m	R1.00 m
	Very small	10	R5.10 m	R1.90 m
	Micro	5	R0.20 m	R0.10 m

Sector or sub-sector	Size or class	Employees Less than	Turnover Less than	Asset value Less than
Transport, storage and communications	Medium	100	R26.00 m	R6.00 m
	Small	50	R13.00 m	R3.00 m
	Very small	10	R3.00 m	R0.60 m
	Micro	5	R0.20 m	R0.10 m
Finance and business services	Medium	100	R26.00 m	R5.00 m
	Small	50	R13.00 m	R3.00 m
	Very small	10	R3.00 m	R0.50 m
	Micro	5	R0.20 m	R0.10 m
Community, social and personal services	Medium	100	R13.00 m	R6.00 m
	Small	50	R6.00 m	R3.00 m
	Very small	10	R1.00 m	R0.60 m
	Micro	5	R0.20 m	R0.10 m

Bron: South Africa. 2004. *National Small Business Amendment Act, No.29 of 2004*. Johannesburg: Lex Patria.

Hierdie definisie van *klein entiteit* sluit beide kwalitatiewe en kwantitatiewe kriteria in; die kwantitatiewe kriteria onderskei ook tussen verskillende ekonomiese sektore. Die wysigingswet is egter nie duidelik of daar aan slegs een, twee of al drie die gestelde kriteria van aantal werknemers, omset en bruto batewaarde voldoen moet word nie.

4.4.4 CLAA No. 24 van 2006

Die *Corporate Laws Amendment Act (24/2006)* (voortaan na verwys as die CLAA) maak voorsiening vir die aanbring van verskeie voorgestelde wysigings in die Maatskappywet (61/1973). Kragtens die Maatskappywet (61/1973), word onderskeid getref tussen publieke en privaatmaatskappye, terwyl daar egter nou, kragtens die CLAA, onderskei word tussen maatskappye met verspreide aandeelhouding (*widely held company*) en maatskappye met beperkte belang (*limited interest companies*); die toepaslike definisies is soos volg:

“A company is a *widely held company* if:

- (i) its articles provide for an unrestricted transfer of its shares;
- (ii) it is permitted by its articles to offer shares to the public;
- (iii) it decides by special resolution to be a widely held company; or
- (iv) it is a subsidiary of a company described in (i), (ii) or (iii).

A company is a *limited interest company* if it is not a widely held company.

Public interest company means –
(a) a widely held company; or
(b) a closely held company, or not for profit company, that, in either case, satisfies the criteria set out in section 9 (1).”

Die Departement van Handel en Nywerheid meld spesifiek, kragtens die CLAA, dat die doel van die gewysigde wetgewing is om maatskappywetgewing voor te stel wat die mededingendheid en ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse ekonomie sal bevorder. Entrepreneurskap sal aangemoedig word en addisionele werksgeleenthede skep deur die vereenvoudiging van die prosedures om 'n maatskappy op te rig en die gepaardgaande koste te verminder. Innovasie en belegging in Suid-Afrikaanse markte en maatskappye sal bevorder word deur die daarstelling van 'n aanpasbare ontwerp en organisasie van maatskappye, en 'n effektiewe reguleringssomgewing. 'n Aanpasbare ontwerp verwys spesifiek na die voorsiening wat die maatskappywetgewing moet maak vir 'n toepaslike verskeidenheid van korporatiewe strukture.

Die definisies van 'n maatskappy met verspreide aandeelhouding en 'n maatskappy met beperkte belang, kragtens die CLAA, is baie meer omvattend as die definisies van 'n publieke en 'n privaatmaatskappy in die Maatskappywet (61/1973). Die definisies van 'n maatskappy met verspreide aandeelhouding en 'n maatskappy met beperkte belang sluit beide kwalitatiewe en kwantitatiewe kriteria in. Die kwalitatiewe kriteria om as 'n publieke belang maatskappy te kwalifiseer, verwys eerstens na die kenmerke van die maatskappy se aandele, naamlik, die aanbod van aandele aan die publiek is toelaatbaar, die oordrag van aandele is onbeperk en die reg van die aandeelhouer om uitgereikte aandele op te neem, is beperk. Dit verwys tweedens na aspekte van die ekonomiese aktiwiteite wat die maatskappy beoefen, naamlik, dit het 'n beduidende invloed op die omgewing, lewer 'n bydrae tot publieke gesondheid, en verskaf noodsaaklike goedere, dienste of 'n infrastruktuur, en deposito's word van die publiek geneem.


Die kwantitatiewe kriteria verwys na die monetêre batewaarde, jaarlikse omset en aantal werknemers van die maatskappy. Die wet maak ook voorsiening vir die hersiening van die gestelde kriteria om dit op datum te bring (minstens elke vyf jaar). 'n Maatskappy kwalifiseer as 'n publieke belang maatskappy indien daar aan enige twee van die drie gestelde kriteria voldoen word, naamlik 'n batewaarde van meer as R25 miljoen, 'n jaarlikse omset van meer as R50 miljoen en meer as 200 werknemers.

Die Maatskappywet (61/1973) onderskei tussen 'n publieke en 'n privaatmaatskappy, maar die rekeningkundige verslagdoening van die maatskappye is nie daardeur beïnvloed nie. Die CLAA se doel is egter ook spesifiek om 'n klein maatskappy, vir rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes, van 'n groot maatskappy te onderskei; dit het die toepassing van gedifferensieerde verslagdoening tot gevolg. Daar word slegs van maatskappye met wye aandeelhouding verwag om aan internasionale verslagdoeningstandaarde (IFRSs) te voldoen. Maatskappye met beperkte belang moet aan die rekeningkundige vereistes wat spesifiek vir hierdie maatskappye ontwikkel is, voldoen. Verder word daar ook vereis dat die finansiële state van 'n maatskappy met beperkte belang 'n redelike weergawe verstrek van die maatskappy se finansiële posisie en die resultate van die maatskappy se bedrywighede. Die CLAA is egter sederdien onttrek met die uitreiking van die nuwe Maatskappywet (71/2008).

4.4.5 Maatskappywet No. 71 van 2008

Kragtens die Maatskappywet (71/2008), word voorsiening gemaak vir die oprigting van verskillende tipes maatskappye, naamlik winsgewende maatskappye en nuwingsgewende maatskappye. Delport (2009:9) stel die verskillende maatskappye skematies soos volg voor:

Figuur 4.1: Tipes maatskappye



Bron: Delport, P. 2009. *The New Companies Act Manual*. LexisNexis: Durban, 9 - aangepas.

Die onderskeid wat getref word tussen publieke en privaatmaatskappye, stem ooreen met die vereistes in die Maatskappywet (61/1973). Die omvattende definisies wat in die CLAA ingesluit is, is dus nie in die nuwe Maatskappywet (71/2008) ingesluit nie, maar voorsiening word egter wel gemaak vir die toepassing van verskillende rekeningkundige verslagdoeningstandaarde op winsgewende en niewinsgewende maatskappye, asook op die verskillende kategorieë van winsgewende maatskappye (Delpont 2009:75). Die nuwe Maatskappywet (71/2008) maak dus voorsiening vir die toepassing van gedifferensieerde verslagdoeningsvereistes in Suid-Afrika.

Uit die bogenoemde bespreking blyk dit dat klein besighede in Suid-Afrika vir verskeie doeleindes gedefinieer word. Die identifisering van 'n klein entiteit vereis meestal 'n kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe kriteria; die kwalitatiewe kriterium van onafhanklike eienaarskap en bestuur is in die meeste definisies ingesluit, terwyl die kwantitatiewe kriteria van aantal werknemers, totale omset en totale batewaarde vereis word. Daar bestaan 'n groot aantal internasionale definisies van *klein besigheid*, wat vervolgens bespreek word.

4.5 Internasionale definisie van 'n klein entiteit

Die onderwerp van hierdie studie fokus op rekeningkundige verslagdoening en spesifiek gedifferensieerde verslagdoening, en daarom word die bespreking van internasionale definisies beperk tot die definisies wat 'n klein besigheid vir gedifferensieerde verslagdoeningsdoeleindes identifiseer. Die belangrike rolspelers in die definiëring van 'n klein besigheid vir rekeningkundige doeleindes met die doel om gedifferensieerde rekeningkundige verslagdoening te implementeer, is Kanada, die Verenigde Koninkryk, Nieu-Seeland, Australië en die Internasionale Rekeningkundige Praktykeraad (IASB).

4.5.1 Kanada

In *Section 1300 - Differential Reporting* wat aanvanklik in Februarie 2002 deur die *Canadian Institute of Chartered Accountants* (CICA) gepubliseer is, word 'n klein entiteit soos volg gedefinieer (CICA, 2002:par.02-06):

“Definitions:

Non-publicly accountable enterprises are enterprises other than public enterprises, co-operative business enterprises, regulated financial institutions and

regulated financial institution holding companies, rate-regulated enterprises, government business enterprises and government business type organizations.

Public enterprises are those enterprises that have issued debt or equity securities that are traded in a public market (a domestic or a foreign stock exchange or an over the counter market, including local and regional markets), that are required to file financial statements with securities commission, or that provide financial statements for the purpose of issuing any class of securities in a public market.

Qualifying enterprises

An enterprise is a qualifying enterprise for purposes of differential reporting options ... when and only when:

- it is a non-publicly accountable enterprise; and
- its owners unanimously consent to the application of differential reporting options.”

Geen kwantitatiewe kriteria is in die definisie van *kwalifiserende entiteit* vir gedifferensieerde verslagdoeningsdoeleindes ingesluit nie. Die kwalitatiewe kriteria wat gestel word, vereis dat die entiteit nie publieke rekenpligtigheid het nie en dat al die eienaars eenparig goedkeuring vir die toepassing van gedifferensieerde verslagdoening gee.

Publieke entiteite het 'n groot verskeidenheid van aandeelhouers wat hoofsaaklik op die finansiële state vertrou om ekonomiese besluite te neem, aangesien hulle nie enige kontraktuele reg het om addisionele inligting te verkry nie. Hierdie gebruikers sal waarskynlik groot baat vind by gedetailleerde inligting in die finansiële state (CICA, 2002:par.07). Publieke rekenpligtigheid behels dus die volgende:

- Daar is 'n hoë graad van buite-aandeelhouersbelang in die entiteit.
- Die entiteit het 'n sosiale verantwoordelikheid om finansiële state te publiseer weens die aard van bedrywighede.
- Die oorgrote meerderheid van aandeelhouers vertrou op eksterne finansiële verslagdoening.

Gedifferensieerde verslagdoening is gevolglik nie van toepassing op publieke entiteite nie. Eienaars wat deel is van die bestuur van 'n entiteit of op die direksie van die entiteit dien, is in 'n posisie om die finansiële inligting wat hulle benodig, tydig te bekom. Eienaars wat egter nie by die bestuur of direksie betrokke is nie, kan die inligting hoofsaaklik deur middel van die finansiële state verkry; in sekere gevalle kan die eienaars egter toegang verkry tot die inligting wat hulle benodig, of hulle kan tot die gevolgtrekking kom dat die koste wat verbonde is aan die toepassing van sekere rekeningkundige vereistes, die voordele daarvan vir die gebruikers en die entiteit oorskry. CICA (2002:par.07) poog om die posisie van hierdie

eienaars (wat nie by die bestuur of direksie betrokke is nie) te beskerm, deurdat al die eienaars eenparig moet toestemming gee vir die toepassing van gedifferensieerde verslagdoening; op hierdie manier kan CICA dus probeer om te verseker dat dit slegs toegepas sal word indien dit aan al die eienaars se behoeftes voldoen. Dit kan egter moeilik wees om hierdie vereiste in die praktyk toe te pas, veral wanneer dit van toepassing is op entiteite met 'n relatiewe groot aantal aandeelhouders.

CICA beklemtoon egter dat kriteria ten opsigte van grootte (kwantitatiewe kriteria) spesifiek uitgesluit is, aangesien alle niepublieke entiteite, ongeag hul grootte, 'n gemeenskaplike eienskap besit wat hulle van publieke entiteite onderskei, naamlik 'n baie kleiner verskeidenheid van gebruikers van finansiële state. Gedifferensieerde verslagdoening word dus eerder geregverdig deur die gebruikers se eienskappe as die entiteit se eienskappe.

CICA se navorsingsprojek, soos onderneem gedurende 2007, fokus op die identifisering van die behoeftes van eksterne gebruikers van privaat entiteite en die bepaling van die spesifieke inligtingsbehoefte van hierdie gebruikers (CICA, 2007). Die resultaat van hierdie projek is 'n geopenbaarde konsep, *Exposure draft: Generally Accepted Accounting Principles for Private Enterprises*, wat gedurende Mei 2009 deur CICA uitgereik is.

Hierdie geopenbaarde konsep is slegs van toepassing op privaat entiteite, terwyl nuwingsgewende organisasies spesifiek uitgesluit word. 'n Privaat entiteit word gedefinieer as 'n wins-georiënteerde entiteit met geen publieke aanspreeklikheid nie. Geen verdere vereistes ten opsigte van grootte of die toestemming van die lede word vereis om as privaat entiteit te kwalifiseer nie.

4.5.2 Die Verenigde Koninkryk

Die aanvanklike rekeningkundige standaard, die *Financial Reporting Standard for Smaller Entities* (voortaan na verwys as die FRSSE), is in November 1997 deur die *Institute of Chartered Accountants in England and Wales* (ICAEW) uitgereik. Die FRSSE is verskeie kere sedertdien opgedateer (verwys ook na hoofstuk 5). 'n Klein entiteit word soos volg geïdentifiseer (ICAEW, 2006:par.7):

“The FRSSE may be applied to all financial statements intended to give a true and fair view of the financial position and profit or loss (or income and expenditure) of all entities that are:

- (a) small companies or small groups as defined in companies legislation, Companies Act, preparing individual or group accounts; or
- (b) entities that would also qualify if they had been incorporated under companies legislation, with the exception of building societies.

Accordingly, the FRSSE does not apply to:

- (i) large or medium-sized companies, groups and other entities;
- (ii) public companies;
- (iii) banks, building societies or insurance companies;
- (iv) certain authorised persons under the Financial Services and Markets Act 2000;
- (v) members of groups that contain companies falling under (ii) - (iv);
- (vi) companies preparing individual or group accounts in accordance with international accounting standards; or
- (vii) companies preparing individual or group accounts in accordance with the fair value accounting rules for certain assets and liabilities set out in Part D of Schedule 8 to the 1985 Companies Act.”

Kragtens die bepalings van artikels 247-249 van die Maatskappywet van 1985, behels ’n klein maatskappy die volgende (ICAEW, 2006:Appendix I):

- “1. The qualifying conditions are met by a company in a year in which it does not exceed two or more of the following criteria:

Turnover	£5,600,000;
Balance sheet total	£2,800,000;
Average number of employees	50.
2. Certain companies are excluded by section 247A from the small company criteria for reasons of public interest.
3. A parent company shall not be treated as qualifying as a small company in relation to a financial year unless the group headed by it qualifies as a small group.
4. The qualifying conditions are met by a group in a year in which it does not exceed two or more of the following criteria:

Aggregate turnover	£5,600,000 net or £6,720,000 gross;
Aggregate balance sheet total	£2,800,000 net or £3,360,000 gross;
Aggregate number of employees	50.”

’n Nuwe maatskappy moet vir twee opeenvolgende jare aan die kwalifiserende kriteria voldoen voordat die maatskappy as klein kwalifiseer. ’n Maatskappy sal ophou om as klein te kwalifiseer indien die maatskappy vir twee opeenvolgende jare nie aan die kwalifiserende

vereistes voldoen nie. Die toepassing van die FRSSE deur klein maatskappye is nie verpligtend nie en kwalifiserende klein maatskappye kan dus steeds die keuse uitoefen om nie die FRSSE toe te pas nie.

Die bogenoemde definisie van *klein maatskappy* sluit beide kwalitatiewe en kwantitatiewe kriteria in. Jackson (1997:95) kritiseer die FRSSE soos volg:

“It is my belief that the criteria for the FRSSE should be based on the composition of the entities’ membership and management, rather than size ... The reason that the ASB has used a size-based criterion for the FRSSE is that it believes it would be difficult to define an owner-managed company. In reality, I do not believe that this would be a problem in the majority of cases ... The onus could be placed on the company to demonstrate that it was owner-managed, and in most cases this would be quite simple.”

Volgens Wild en Carter (1995:80), oorweeg die opstellers van die FRSSE wel ’n aantal faktore om kwalifiserende entiteite te identifiseer, insluitende die mate van publieke belang in die entiteit, die kompleksiteit van die entiteit, die skeiding van eienaarskap en beheer, en die vereistes ten opsigte van grootte. Daar is egter erken dat die toepassing van die grootte-faktor die eenvoudigste is, alhoewel grootte nie die belangrikste faktor is nie. Volgens Murphy (1997:12), is die FRSSE irrelevant en behoort dit onttrek te word. Wilson (1995:93) kritiseer die FRSSE soos volg:

“Although the proposals concede that size is an arbitrary test, the working party has adopted size as a surrogate for lack of complexity ... It is therefore unfortunate that the CCAB working party has put forward its recommendations for differential reporting on the basis of size of entity, thereby passing up the opportunity for real and meaningful reform.”

Die definisie is wyd gekritiseer, maar ’n opname van lede in praktyk in die Verenigde Koninkryk dui aan dat meer as 80% van die lede in die opname, wel die FRSSE toepas; die opname is in 2000 gedoen deur die *Association of Chartered Certified Accountants* (CICA, 2002:Background Information).

4.5.3 Nieu-Seeland

’n Raamwerk vir gedifferensieerde verslagdoening is in 1994 deur die *Institute of Chartered Accountants of New Zealand* gepubliseer. Die raamwerk, wat verskeie kere sedertdien opgedateer is, identifiseer ’n klein entiteit soos volg (ICANZ, 2005:par.3.1-3.12):

“Framework for Differential Reporting

3.11 An entity qualifies for differential reporting exemptions (is a qualifying entity) when the entity does not have public accountability, and:

- (i) at balance sheet date, all of its owners are members of the entity’s governing body; or
- (ii) the entity is not large in terms of paragraph 3.9.

3.9 An entity is large if it exceeds any two of the following:

- (a) total income of \$20.0 million;
- (b) total assets of \$10.0 million;
- (c) 50 employees.”

’n Klein entiteit word geïdentifiseer met verwysing na die kwalitatiewe kriteria wat vereis dat die entiteit nie publieke rekenpligtigheid het nie, en dat al die eienaars lede van die entiteit se bestuursliggaam moet wees. Kwantitatiewe kriteria word ook gestel om die grootte van die entiteit te bepaal, naamlik totale omset, totale bates en aantal werknemers. Daar word vermeld dat die vereistes ten opsigte van grootte op ’n gereelde basis hersien word. Let wel dat daar nie aan al drie die gestelde kriteria voldoen moet word nie, maar slegs aan die kriterium wat vereis dat die entiteit nie publieke rekenpligtigheid het nie en een van die twee oorblywende kriteria, naamlik dat al die eienaars lede van die entiteit se bestuursliggaam moet wees of die vereistes ten opsigte van grootte. ’n Entiteit wat dus nie aan die vereistes ten opsigte van grootte voldoen nie, kan steeds vir gedifferensieerde verslagdoening kwalifiseer, mits die entiteit nie publieke rekenpligtigheid het nie en al die eienaars lede is van die bestuursliggaam.

In Nieu-Seeland word ’n derde kategorie van enteite ooreenkomstig die *Financial Reporting Act 2006* geïdentifiseer, naamlik:

“ 6A Meaning of exempt company

In this Act, exempt company means a company, other than an overseas company or an issuer, if-

(a) at least 2 of the following apply:

- (i) as at the balance sheet date of the accounting period for which financial statements are required, the value of the total assets of the company (including intangible assets) reported in the statement of financial position did not exceed \$1,000,000;
- (ii) in the accounting period for which financial statements are required, the turnover of the company did not exceed \$2,000,000;
- (iii) as at the balance sheet date of the accounting period for which financial statements are required, the company has five or fewer full-time equivalent employees; and

- (b) as at the balance sheet date of the accounting period for which financial statements are required, the company-
- (i) was not a subsidiary of another body corporate or association of persons; and
 - (ii) did not have any subsidiaries.”

Bogenoemde poog om entiteite wat baie klein is, te identifiseer. Daar word ook soms in die literatuur na hierdie entiteite as *mikro entiteite* verwys. Daar moet aan minstens twee van die drie gestelde kwantitatiewe kriteria ten opsigte van grootte voldoen word en die entiteit mag nie deel wees van 'n groep nie (kwalitatiewe kriteria). Hierdie entiteite kwalifiseer nie vir gedifferensieerde verslagdoening nie, maar kan aan verder vereenvoudigde verslagdoeningsreëls voldoen kragtens die Wet op Finansiële Verslagdoening.

4.5.4 Australië

Die *Business Practice Guide: Financial Statements of Non-Reporting Entities* (BPG), is 'n publikasie waarin 'n klein entiteit vir rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes geïdentifiseer word; dit is in September 2004 uitgereik deur die *Institute of Chartered Accountants in Australia* (voortaan na verwys as ICAA) (ICAA, 2004). Die BPG stel die volgende vereistes vir nie-verslagdoeningsentiteite (klein entiteite) (ICAA, 2004:par.1.4-1.5):

“NREs (nonreporting entities) are those entities which in accordance with Statement of Accounting Concepts 1 (SAC 1) 'Definition of Reporting Entity' are not reporting entities as there is:

- (a) No dependant user.
- (b) Minimal separation of management and owners.
- (c) No significant impact on external parties.
- (d) No significant financial characteristics i.e. size or indebtedness.

Broadly, NREs fall into three groups:

Small operations, typically sole traders, partnerships and small proprietary companies. These fall outside the scope of the Corporations Act and their financial reporting is largely tax driven.

Larger businesses that are not constituted as companies, for example trading trusts.

Large proprietary companies which are not reporting entities.

This guidance is primarily designed for the latter two categories, but that is not to say it is irrelevant to very small businesses, particularly if they are growing.”

Kragtens die *Australian Corporation Act*, word klein niepublieke maatskappye as klein geklassifiseer indien daar voldoen word aan minstens twee van die volgende vereistes:

- Bruto bedryfsomset van minder as A\$ 10,000,000;

- Bruto bates van minder as A\$ 5,000,000; en
- Minder as 50 werknemers op jaareinde.

'n Klein entiteit word dus geïdentifiseer deur beide kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe vereistes te stel. Die bogenoemde definisie van *verslagdoeningsentiteit* beklemtoon die aard van 'n klein entiteit, naamlik minimale skeiding van eenaars en bestuur, en fokus op die tipe gebruikers van klein maatskappy finansiële state. Volgens Goodwin en Newitt (1990:48), oorkom die konsep van 'n verslagdoeningsentiteit die probleme wat geassosieer word met differensiasie op grond van grootte of eienaarskap in die volgende stelling:

“The reporting entity criterion is a broad-based concept that has considerable merit ... it can be argued that the strength of the reporting entity concept lies in its flexibility - the avoidance of imposing stringent and arbitrary rules.”

Boymal (2006:110) erken egter dat bogenoemde definisie nie meer toepaslik is nie, deur die volgende stelling te maak:

“The debate actually focuses around what is general purpose financial statements rather than what is a reporting entity. I think the reporting entity approach/ concept is possibly reaching its use-by date, and our past attitudes and approaches might no longer be workable.”

Die *Australian Accounting Standards Board* (voortaan na verwys as die AASB) se gevolgtrekking gedurende 2009, vestig die aandag daarop dat 'n klemverskuiwing in die rekeningkundige verslagdoeningstelsel van Australië moet plaasvind en dat die fokus voortaan nie meer op die *verslagdoeningsentiteit-beginsel* moet wees nie, maar op *algemene-doel finansiële state* (AASB, 2009). Die *IFRS for SMEs* wat deur die IASB uitgereik is, is deur die AASB uitgereik as die *IFRS for Non-Publicly Accountable Entities* (NPAEs) en gedurende 2009 in Australië aanvaar; hiervolgens word 'n onderskeid getref tussen publieke en niepublieke verslagdoeningsentiteite (kwalitatiewe kriteria).

4.5.5 Internasionale Rekeningkundige Praktykeraad (IASB)

'n Geopenbaarde konsep, *Exposure Draft of a proposed IFRS for Small and Medium-sized Entities*, is in Februarie 2007 deur die *International Accounting Standards Board* (IASB) uitgereik (IASB, 2007b). Dié geopenbaarde konsep is die resultaat van 'n projek om

rekeningkundige standaard, wat toepaslik vir klein- en mediumgrootte entiteite is, te ontwikkel. Die IASB se spesifieke doel is om die spesiale behoeftes van klein- en mediumgrootte entiteite in die ontwikkeling van internasionale finansiële verslagdoeningstandaarde te oorweeg.

Klein- en mediumgrootte entiteite word soos volg omskryf in afdeling 1, wat handel oor die omvang van die geopenbaarde konsep (IASB, 2007:par.1.1-1.2):

“*Small and medium-sized entities* are entities that:

- (a) do not have public accountability; and
- (b) publish general purpose financial statements for external users. Examples of external users include owners who are not involved in managing the business, existing and potential creditors, and credit rating agencies.”

Die definisie sluit slegs kwalitatiewe kriteria in (afwesigheid van publieke rekenpligtigheid en die publikasie van algemene-doel finansiële state), terwyl geen kwantitatiewe maatstawwe gestel word nie. Die definisie dien egter slegs as ’n riglyn en die IASB meld dat elke jurisdiksie afsonderlik verantwoordelik is vir die opstel van ’n toepaslike definisie (m.a.w. die aanpassing van bogenoemde definisie vir elke jurisdiksie se eie behoeftes). Die IASB se gevolgtrekking is verder ook dat dit nie prakties is om kwantitatiewe maatstawwe te stel nie, aangesien hul rekeningkundige standaard deur verskillende lande gebruik word en kwantitatiewe maatstawwe nie toepaslik (vergelykbaar) vir verskillende lande is nie. Daar word vermeld dat jurisdiksies wel addisionele kwantitatiewe kriteria ten opsigte van grootte kan stel.

Ander faktore wat deur die IASB oorweeg is, maar nie ingesluit is in die definisie van *klein- en mediumgrootte entiteit* nie, is die ekonomiese beduidendheid van die entiteit in sy jurisdiksie en die goedkeuring van die eienaars om gedifferensieerde verslagdoening toe te pas. Die IASB was aanvanklik van mening dat ’n entiteit wel publieke rekenpligtigheid het indien dit ekonomies beduidend is op grond van sekere kriteria, byvoorbeeld totale bates, totale inkomste, aantal werknemers, graad van markdominansie, en die aard en omvang van eksterne lenings. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat ekonomiese beduidendheid nie outomaties publieke rekenpligtigheid tot gevolg het nie. Publieke rekenpligtigheid verwys na die rekenpligtigheid aan huidige en potensiële verskaffers van hulpbronne en ander eksterne partye wat ekonomiese besluite neem, maar nie in ’n posisie is om inligting, wat aan hul spesifieke behoeftes sal voldoen, te vereis nie. Ekonomiese beduidendheid is waarskynlik meer relevant vir die politieke en sosiale rekenpligtigheid van ’n entiteit.

Die IASB was oorspronklik van mening dat die vereiste, naamlik die goedkeuring van 'n 100 persent van die eienaars van 'n entiteit om die voorgestelde rekeningkundige standaard toe te pas, ingesluit moet word in die definisie van *klein- en mediumgrootte entiteit*. Bevindings dui egter daarop dat die eienaar of aandeelhouers se goedkeuring of beswaar nie die publieke rekenpligtigheid van 'n entiteit beïnvloed nie.

4.5.6 Opsomming van internasionale definisies

Bogenoemde internasionale definisies, wat spesifiek van toepassing is op rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes, kan soos volg opgesom word:

Tabel 4.8: Opsomming van internasionale definisies

LAND	KWALITATIEWE KRITERIA	KWANTITATIEWE KRITERIA
1. Kanada	<ul style="list-style-type: none"> • Geen publieke rekenpligtigheid 	GEEN
2. Nieu-Seeland	<ul style="list-style-type: none"> • Geen publieke rekenpligtigheid • Al die eienaars deel van bestuursliggaam 	<ul style="list-style-type: none"> • Totale inkomste (omset) • Totale bates • Aantal werknemers
3. Australië	<ul style="list-style-type: none"> • Nie-verslagdoeningsentiteit 	<ul style="list-style-type: none"> • Bruto omset • Bruto bates • Aantal werknemers
4. Die Verenigde Koninkryk	<ul style="list-style-type: none"> • Geen publieke rekenpligtigheid 	<ul style="list-style-type: none"> • Bruto omset • Balansstaat totaal (bates) • Aantal werknemers
5. IASB	<ul style="list-style-type: none"> • Geen publieke rekenpligtigheid • Publiseer algemene-doel finansiële state vir eksterne gebruikers 	GEEN

Bron: Eie waarneming

Die kwantitatiewe kriteria wat in die internasionale definisies van 'n klein entiteit ingesluit word, is (i) omset, (ii) batewaarde, en (iii) aantal werknemers. Hierdie kriteria stem ook ooreen met die kwantitatiewe kriteria wat meestal in die Suid-Afrikaanse definisies toegepas is om 'n klein entiteit te identifiseer, alhoewel die Suid-Afrikaanse definisies wat bespreek is, nie slegs vir rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes omskryf is nie. Twee van die vyf internasionale definisies sluit geen kwantitatiewe kriteria in nie. Die IASB stel egter dat jurisdiksies soos individuele lande wel kwantitatiewe kriteria mag instel.

Die belangrikste kwalitatiewe kriteria vir die identifisering van 'n klein entiteit vir rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes, blyk die kenmerk van *geen publieke rekenpligtigheid* te wees ('n vereiste van vier definisies). In die Suid-Afrikaanse definisies, is die belangrikste kwalitatiewe kriterium dié van onafhanklike eienaarskap en bestuur.

Die doel van finansiële state, soos in hoofstuk 2 bespreek, is die voorsiening van inligting oor die finansiële stand, prestasie en kontantvloei van 'n onderneming; hierdie inligting is nuttig vir gebruikers van finansiële state wanneer ekonomiese besluite geneem word. Die gebruikers van 'n klein entiteit se finansiële state verskil van dié van groot entiteite (verwys na hoofstuk 3) as gevolg van die aard van 'n klein entiteit en die omgewing waarin hierdie entiteit funksioneer. Dit dui op 'n beduidende onderskeid tussen die doel van rekeningkundige verslagdoening vir die twee tipes entiteite. Dit is dus duidelik dat die behoeftes van gebruikers van finansiële state die doelwitte van rekeningkundige verslagdoening behoort te bepaal, en uiteindelik die vorm en inhoud van finansiële state.

Die kwantitatiewe kriteria wat in bogenoemde definisies ingesluit is, hou nie verband met die doel van finansiële state en die gebruikers daarvan nie, alhoewel die kwalitatiewe kriteria in 'n mindere mate na die gebruikers van finansiële state verwys; die spesifieke behoeftes van die gebruikers van 'n klein entiteit se finansiële state word egter nie oorweeg nie. Davies, Paterson en Wilson (1997:30) bevestig die belangrikheid van die behoeftes van gebruikers wanneer die volgende stelling gemaak word:

“It is clear that the needs of users of financial statements should determine the objectives of financial reporting. Although this general principal is becoming widely acknowledged, the uses of small companies' accounts need to be adequately researched in order that appropriate reporting practice for them can be developed.”

CICA verwerp ook enige kwantitatiewe kriteria en lê klem op die behoeftes van gebruikers van 'n klein entiteite se finansiële state:

“The AcSB decided to examine the needs of users of private enterprise financial statements and then to determine the most appropriate financial reporting approach to meet those needs.” (CICA, 2007:4).

In die empiriese navorsing van hierdie studie word die spesifieke behoeftes van die gebruikers van 'n klein maatskappy se finansiële state in Suid-Afrika bepaal, en daaropvolgend word daar gefokus op die identifisering van die faktore wat in ag geneem behoort te word wanneer 'n klein entiteit vir rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes omskryf word.

4.6 Samevatting

Klein besighede word onafhanklik besit, bedryf en gefinansier. Hierdie besighede beskik oor verskeie unieke eienskappe, byvoorbeeld onafhanklike eienaarskap en bestuur, persoonlike bestuur sonder formele bestuurstrukture, en die besit van 'n relatiewe klein aandeel van die mark. Hierdie besighede maak 'n wesenlike bydrae tot die ekonomie van 'n land en daar is verskeie redes vir die belangrikheid van 'n klein besigheid; die skep van nuwe werksgeleenthede is een van die belangrikste redes. Individue en klein besighede is ook die grootste bron van nuwe idees en uitvindings (innovasie) wat noodsaaklik is vir 'n land se ekonomiese groei. Klein entiteite in Suid-Afrika verteenwoordig die meerderheid van entiteite in die privaat sektor en lewer 'n wesenlike bydrae tot indiensneming.

Die bestuursomstandighede van groot en klein besighede verskil, wat tot gevolg het dat klein besighede verskeie probleme ondervind. Hierdie probleme, wat uniek is aan 'n klein besigheid, is ook hoofsaaklik verantwoordelik vir die mislukking van sekere klein besighede; die belangrikste probleme is die onbevoegdheid van bestuur en 'n tekort aan bestuurservaring.

Daar bestaan nie 'n enkele eenvormige, aanvaarbare definisie van *klein besigheid* nie, ten spyte van die feit dat so 'n definisie nuttig sal wees vir 'n groot aantal instansies, sowel as vir die klein besigheid se eie behoeftes. Wanneer 'n klein besigheid gedefinieer word, kan kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe kriteria gebruik word. Vanuit 'n kwalitatiewe perspektief, word sekere kenmerke wat sinoniem is met 'n klein besigheid gebruik om die term *klein*

besigheid te omskryf, byvoorbeeld individuele eienaarskap en onafhanklike bestuur sonder betrokkenheid van eksterne partye. Kwantitatiewe kriteria verwys na duidelik gedefinieerde statistiese aanwysers, insluitende totale omset, batewaarde of aantal werknemers. Klein besighede in Suid-Afrika word vir verskillende doelwitte gedefinieer. Die meerderheid van hierdie definisies is 'n kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe kriteria wat gebruik is om *klein entiteit* te identifiseer. Die kwalitatiewe kriterium van onafhanklike eienaarskap en bestuur blyk die belangrikste kriterium te wees. Die kwantitatiewe kriteria wat die meeste gebruik is, is aantal werknemers, totale omset en totale batewaarde.

Die internasionale definisies van *klein entiteit* is omskryf met die spesifieke doel om 'n klein entiteit vir rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes te identifiseer. Die belangrike rolspelers in die omskrywing van 'n klein besigheid, spesifiek vir gedifferensieerde rekeningkundige verslagdoening, is Kanada, Nieu-Seeland, Australië, die Verenigde Koninkryk en die Internasionale Rekeningkundige Praktykeraad (IASB). Die kwantitatiewe kriteria van omset, batewaarde en aantal werknemers, is ingesluit in die internasionale definisies van 'n klein entiteit; dit stem ooreen met die kwantitatiewe kriteria wat meestal in die Suid-Afrikaanse definisies toegepas is vir die identifisering van 'n klein entiteit. Die belangrikste kwalitatiewe kriterium wat toegepas word om 'n klein entiteit vir rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes te identifiseer, blyk die kenmerk van geen publieke rekenpligtigheid te wees. Die belangrikste kwalitatiewe kriterium in die Suid-Afrikaanse definisies is dié van onafhanklike eienaarskap en bestuur.

Die doel van finansiële state, soos in hoofstuk 2 bespreek, is die voorsiening van finansiële inligting wat nuttig is vir gebruikers van finansiële state wanneer ekonomiese besluite geneem word. Die gebruikers van 'n klein entiteit se finansiële state verskil van dié van groot entiteite (verwys na hoofstuk 3), wat dui op 'n beduidende onderskeid tussen die doel van finansiële verslagdoening vir die twee tipes entiteite. Dit is dus duidelik dat die behoeftes van gebruikers van finansiële state die doelwitte van finansiële verslagdoening behoort te bepaal, en uiteindelik die vorm en inhoud van finansiële state. In die empiriese navorsing van hierdie studie, word die spesifieke behoeftes van gebruikers van 'n klein entiteit se finansiële state in Suid-Afrika bepaal, waarna die definisie van *klein entiteit* krities geëvalueer word deur middel van die huidige Suid-Afrikaanse wetgewing.

In die volgende hoofstuk word 'n historiese en internasionale oorsig ten opsigte van die ontwikkeling van gedifferensieerde rekeningkundige verslagdoening bespreek. Gedifferen-

sieerde verslagdoeningstandaarde in toonaangewende lande, asook die huidige Suid-Afrikaanse posisie met betrekking tot gedifferensieerde verslagdoening, word bespreek. Alternatiewe verslagdoeningspraktyke word oorweeg, insluitende gewysigde openbaarmakingsvereistes en gewysigde erkennings- en metingskriteria, en die voordele en nadele van die onderskeie basisse van rekeningkundige verantwoording word ook krities geëvalueer.

HOOFSTUK 5

GEDIFFERENSIEERDE VERSLAGDOENING

“The debate concerning differential reporting requirements for small business entities involves two principle issues: the irrelevance to users of the information in the financial statements of small business entities; and the costs of unnecessary compliance.” (Gibson, 1987:18)

5.1 Inleiding

Die behoefte vir gedifferensieerde rekeningkundige verslagdoening is reeds in 1974 deur Burton (1974:9) geïdentifiseer, asook die verskillende behoeftes van die gebruikers van inligting wat in finansiële state vervat word. Kent en Munro (1999:359) meld dat “... differential reporting is proposed as a means of alleviating a perceived accounting standards overload problem”. Die kwessie van gedifferensieerde verslagdoening is in verskeie lande gedebatteer en verskillende oplossings vir die voorgestelde probleem is aanvaar. Omvattende gedifferensieerde verslagdoeningsbenaderings word in Kanada, die Verenigde Koninkryk, Nieu-Seeland en Australië toegepas.

In die raamwerk, *The Three Worlds Framework* (verwys na hoofstuk 1), word die inhoud van rekeningkundige kennis (*Body of accounting knowledge*) in wêreld 2 ingesluit, wat Rekeningkunde as ’n sosiale wetenskap, asook wetenskaplike navorsing in Rekeningkunde verteenwoordig. In hierdie hoofstuk, word rekeningkundige kennis rakende gedifferensieerde verslagdoening uitgebrei. Die internasionale harmonisering van rekeningkundige standaarde word eerstens bespreek; daarna volg ’n historiese oorsig van die ontwikkeling van gedifferensieerde verslagdoening. Alternatiewe verslagdoeningspraktyke word oorweeg, insluitende gewysigde openbaarmakingsvereistes en gewysigde erkennings- en metingskriteria. Gedifferensieerde verslagdoeningstandaarde in toonaangewende internasionale lande word bespreek, gevolg deur ’n evaluering van die Suid-Afrikaanse posisie met betrekking tot gedifferensieerde verslagdoening. Laastens word die regsraamwerk waarbinne gedifferensieerde verslagdoening toegepas word in Suid-Afrika kortliks bespreek.

Die literatuurstudie in hierdie hoofstuk omskryf die rekeningkundige kennis wat nodig is om die empiriese studie oor gedifferensieerde verslagdoening (verwys na hoofstukke 6 en

7) te begrond. In die studie word rekeningkundige standaarde wat van toepassing is op gedifferensieerde verslagdoening beoordeel. Die empiriese studie bepaal, onder andere, in welke mate elke afsonderlike rekeningkundige standaard (IFRS) deur klein maatskappye in Suid-Afrika toegepas word en wat die spesifieke inligtingsbehoefte is van gebruikers van 'n klein maatskappy se finansiële state. Aanbevelings vir 'n toepaslike stelsel van gedifferensieerde verslagdoening word in hoofstuk 8 op die resultate van die empiriese studie en die literatuurstudie gebaseer.

5.2 Harmonisering

Soos in hoofstuk 2 bespreek, is Rekeningkunde deur die jare aangepas by die vereistes wat deur 'n snel veranderende omgewing gestel word, om te verseker dat rekeningkundige inligting wat aan die gebruikers van finansiële state gekommunikeer word, redelike weergawe van transaksies, omstandighede en gebeure bied. Daar is 'n beduidende toename in die kompleksiteit en omvang van rekeningkundige vereistes, en dit beïnvloed die koste wat verbonde is aan die voorbereiding van finansiële state (Chigbo, 1998:30). Volgens Walton (1998:2), het hierdie veranderinge in rekeningkundige vereistes tot gevolg dat "... the mood of the times is that of international harmonization of accounting". Die laasgenoemde skrywer argumenteer verder dat rekenmeesters en die opstellers van rekeningkundige standaarde erken dat daar 'n behoefte in wêreldwye kapitaalmarkte bestaan vir maatskappye om vergelykbare finansiële state te verskaf; dus 'n beweging in die rigting van harmonisering. Hierdie proses het egter ook 'n negatiewe gevolg: die vlak van openbaarmaking en kompleksiteit van die erkennings- en metingsvereistes is nie toepaslik vir klein entiteite wat nie aktief in kapitaalmarkte is nie. Die harmonisering van rekeningkundige standaarde word vervolgens kortliks bespreek.

Die harmonisering van rekeningkundige standaarde is die afgelope aantal jare 'n fokuspunt; nie net internasionaal nie, maar ook in Suid-Afrika. *Harmonisering* verwys na die graad van koördinasie of ooreenstemming tussen die verskillende nasionale rekeningkundige standaarde, raamwerke, asook die metodes en formate van finansiële verslagdoening (Wolk *et al.*, 1992:577). Die term harmonisering en standaardisering word egter soms verwar. Belkaoui (2000:487) tref die volgende onderskeid tussen harmonisering en standaardisering:

"The term harmonization as opposed to standardization implies a reconciliation of different points of view. This is a more practical and conciliatory approach than standardization, particularly when standardization means that the procedures of

one country should be adopted by all others. Harmonization becomes a matter of better communication of information in a form that can be interpreted and understood internationally.”

Die bogenoemde definisie van *harmonisering* is meer realisties en het 'n groter moontlikheid van internasionale aanvaarding as dié van standaardisering. Elke land het 'n bepaalde stel wette, reëls, filosofieë en doelwitte op 'n nasionale vlak, wat uiteindelik ook hierdie land se rekeningkundige stelsel beïnvloed. Harmonisering behels eerstens die erkenning van hierdie nasionale vereistes en prioriteite sodat 'n poging aangewend kan word om dit met ander lande se doelwitte te rekonsilieer. Tweedens word sekere hindernisse verwyder of geëlimineer om 'n aanvaarbare vlak van harmonisering te bewerkstellig. (Belkaoui, 2000:487; Deegan & Unerman 2006:106).

Die harmonisering van rekeningkundige standaarde het verskeie voordele; Belkaoui (2000:487) beklemtoon die volgende voorbeelde:

- Daar is verskeie lande wat nie toepaslike rekeningkundige standaarde het nie. Internasionale rekeningkundige standaarde sal nie net die ontwikkelingskoste vir sodanige lande elimineer nie, maar ook tot gevolg hê dat hulle onmiddellik deel word van die hoofstroom van internasionaal aanvaarde, rekeningkundige standaarde.
- Die toenemende harmonisering van die wêreld-ekonomie en interafhanklikheid van lande ooreenkomstig handel en beleggings, is 'n wesenlike argument vir 'n vorm van internasionaal aanvaarde, rekeningkundige standaarde.
- Die behoefte van ondernemings om finansiering te bekom en die beskikbaarheid van buitelandse lenings, verhoog die behoefte vir rekeningkundige harmonisering.

Die *Canadian Institute of Chartered Accountants* (CICA) kom tot die gevolgtrekking dat die harmonisering van rekeningkundige standaarde in Kanada op publieke maatskappye fokus en vermeld die volgende:

“... different solutions have been used by different standard setters to address the issue of standards overload on small and non-public enterprises and these solutions are significantly influenced by a country's regulatory environment. The focus of international harmonization is today on public companies, and a focus on harmonization of financial reporting requirements for non-public companies is unlikely in the short term. Canada is therefore in a position to develop a solution that best fits its own circumstances” (CICA, 2002:par.26).

Daarenteen bevestig Cummings *et al.* (2007:60) dat die harmonisering van rekeningkundige standaarde ook klein- en mediumgrootte entiteite beïnvloed. Die

voordele van die harmonisering van rekeningkundige standaarde is dus nie net beperk tot entiteite waarvan sekuriteite in kapitaalmarkte verhandel nie, maar klein- en mediumgrootte entiteite sal ook daarby baat vind weens die volgende redes (IASB, 2007c:BC16):

- Finansiële instellings ken lenings internasionaal toe en word multinasionaal bedryf. Banke gebruik finansiële state wanneer leningsbesluite geneem word en kredietterme en rentekoerse bepaal word;
- Verkopers wil die finansiële vermoëns van kopers in ander lande evalueer voordat goedere en dienste op krediet verskaf word;
- Kredietagentskappe poog om eenvormige waardering internasionaal te ontwikkel;
- Kapitaalondernemings voorsien befondsing internasionaal aan klein entiteite; en
- Baie van die klein entiteite het buitelandse beleggers wat nie direk by die bestuur van die entiteit betrokke is nie.

Uit die bogenoemde bespreking blyk dit dat die harmonisering van rekeningkundige standaarde wel verskeie voordele vir klein maatskappye inhou, alhoewel dit indirek tot meer omvattende en komplekse rekeningkundige verslagdoeningsvereistes lei en waarskynlik bydra tot die probleem van die oorklading van rekeningkundige standaarde vir klein maatskappye. Met die uitreiking van die internasionale rekeningkundige standaard vir klein- en mediumgrootte entiteite, is 'n beweging in die rigting van die harmonisering van rekeningkundige standaarde vir klein entiteite duidelik deur die IASB aangetoon (IASB, 2007b:BC15). Hierdie rekeningkundige standaard is reeds in Suid-Afrika en Australië aanvaar en daar is aanduidings dat Nieu-Seeland ook in die nabye toekoms die aanvaarding van die betrokke rekeningkundige standaard gaan oorweeg.

5.3 Gedifferensieerde verslagdoeningsbenaderings

Gedifferensieerde verslagdoening dien as oplossing vir kleiner maatskappye vir die probleem van omvattende en uitgebreide vereistes van rekeningkundige standaarde, wat onvanpas is vir kleiner maatskappye en 'n inligtingsoorklading tot gevolg kan hê (Hepp & McRae, 1982:53; Abdel-Khalik & Ajinkya, 1983:375; McCahey & Ramsay, 1989:14; Holmes *et al.*, 1991:127; Kent & Munro, 1999:359). Hierdie probleem is die resultaat van die toename in kompleksiteit en omvang van rekeningkundige standaarde om tred te hou met die vinnig ontwikkelende wêreldwye ekonomie. Een van die gevolge hiervan is dat die koste om aan rekeningkundige standaarde te voldoen, enige verbandhoudende voordele vir klein maatskappye oorskry. Holmes en Lambert (in Kent & Munro, 1999:359) som die

probleem soos volg op:

“The potential problem exists because accounting standards are perceived to be excessive in number and unduly complex, which results in the belief that the costs of full GAAP compliance are significantly greater than any resulting benefits for certain categories of entities. Differential reporting is allowed to reduce the burden of accounting service fees for these categories of entities.”

Die kwessie van gedifferensieerde rekeningkundige verslagdoening is deur baie lande gedebateer en alternatiewe verslagdoeningstelsels is aanvaar ten einde die probleem aan te spreek. Omvattende gedifferensieerde verslagdoeningstelsels is in beide Nieu-Seeland en Australië geïmplementeer, terwyl die Verenigde Koninkryk ook sekere gedifferensieerde verslagdoeningsvereistes toepas (Kent & Munro, 1999:359-360).

In die ontwikkeling van 'n omvattende gedifferensieerde verslagdoeningstelsel, moet twee belangrike probleemareas aangespreek word, naamlik:

1. Die identifisering van klein entiteite vir gedifferensieerde verslagdoeningsdoelendes; en
2. Die bepaling van 'n toepaslike rekeningkundige praktyk vir hierdie entiteite.

Die identifisering van klein entiteite vir gedifferensieerde verslagdoeningsdoelendes is reeds in hoofstuk 4 bespreek. 'n Toepaslike rekeningkundige praktyk vir klein entiteite behoort verligting te bied vir hul las van verslagdoening deur die vermindering van die openbaarmakingsvereistes, asook die vereenvoudiging van die erkennings- en metingsvereistes. Verskillende benaderings kan gevolg word in die ontwikkeling van gedifferensieerde verslagdoeningstandaarde vir klein maatskappye. Die mees algemene benaderings wat tans internasionaal gevolg word, behels die volgende (CICA, 2007:par.58):

- Onafhanklik ontwikkelde standaard vir klein maatskappye;
- Vereenvoudiging van bestaande rekeningkundige standaard; of
- 'n Afsonderlike standaard gebaseer op IFRS.

Elk van die bogenoemde benaderings word vervolgens kortliks bespreek, terwyl die voordele en nadele van die toepassing van elke benadering geïdentifiseer word.

5.3.1 Onafhanklik ontwikkelde standaarde

Volgens hierdie benadering, ontwikkel 'n standaardstellingsliggaam in 'n land 'n afsonderlike standaard of stel standaarde vir klein maatskappye, deur die toepassing van die beginsels wat in die konseptuele raamwerk vervat is. Die beginsels van die konseptuele raamwerk wat toegepas behoort te word, sluit die basiese definisies van bates, laste, inkomste en uitgawes in, sowel as die erkennings- en metingskriteria. Ander beginsels wat ook toegepas behoort te word, sluit die kwalitatiewe eienskappe van finansiële state in, naamlik verstaanbaarheid, betroubaarheid, toepaslikheid en vergelykbaarheid, en koste-voordeel oorwegings (verwys na hoofstuk 2). CICA (2007:par.43) meld egter die volgende rakende die gebruik van 'n eenvormige raamwerk vir die ontwikkeling van nuwe standaarde:

“Sharing the same framework does not mean that certain suggestions for modifying current standards could not be accommodated ... However, the conceptual framework has a considerable amount of flexibility in terms of its application.”

Die aard en inhoud van onafhanklik ontwikkelde stel standaarde kan gevolglik beduidend van mekaar verskil. Hierdie benadering het dus tot gevolg dat individuele lande se standaarde vir kleiner entiteite beduidend van mekaar kan verskil, terwyl die uiteindelijke doel van harmonisering juis is om verslagdoeningstandaarde meer in ooreenstemming met mekaar te bring.

Buiten die konseptuele raamwerk, kan 'n ander bron, byvoorbeeld 'n belastingbasis of 'n kontantbasis, ook as 'n alternatiewe benadering gebruik word in die ontwikkeling van 'n nuwe standaard vir klein maatskappye. Die FRSSSE wat in die Verenigde Koninkryk ontwikkel is, is 'n voorbeeld van die toepassing van hierdie benadering, naamlik onafhanklik ontwikkelde standaarde, waar 'n nuwe standaard vir klein maatskappye ontwikkel is.

Die *voordele* van hierdie benadering is die volgende:

- Die benadering bied 'n heeltemal nuwe oorsig van die rekeningkundige standaarde wat op klein maatskappye van toepassing is.
- Daar word op rekeningkundige- en verslagdoeningskwessies gefokus vanuit 'n plaaslike perspektief.
- Meer klem word op beginselgebaseerde standaarde en vertrou op professionele oordeel geplaas, terwyl minder klem op uitgebreide reëls val (CICA, 2007:par.81).

Die *nadele* van hierdie benadering sluit die volgende in (CICA, 2007:par.81; IASB, 2002:3; IASB, 2007b):

- 'n Internasionale standaard vir klein maatskappye is reeds deur die IASB ontwikkel; hierdie benadering kan dus gesien word as 'n onnodige herontwerp van die wiel.
- Indien daar slegs enkele areas is wat afwykings van rekeningkundige standaarde vir groot maatskappye regverdig, behoort daar gevolglik 'n groot ooreenkoms met standaarde wat op groot maatskappye van toepassing is (IFRSs), te wees.
- Dit kan 'n lang en duur proses wees, terwyl die instandhouding van die standaard ook duur en tydrowend is.
- Met verloop van tyd kan daar beduidende verskille tussen die IFRSs en die standaard vir klein maatskappye ontstaan. Dit kan die vergelykbaarheid van finansiële state beïnvloed en tot gevolg hê dat professionele rekenmeesters verdere opleiding in twee verskillende stelle rekeningkundige standaarde benodig.
- Alternatiewe benaderings, byvoorbeeld die gebruik van 'n belastingbasis, fokus op die behoeftes van 'n entiteit en nie noodwendig op die behoeftes van gebruikers van finansiële state nie.
- Alternatiewe benaderings kan op bestaande verslagdoeningstandaarde gebaseer wees, sonder die oorweging van toepaslike addisionele inligting.
- Alternatiewe benaderings kan verskeie bedekte koste insluit.

Die benadering van onafhanklik ontwikkelde standaarde het verskeie nadele, en slegs beperkte voordele. Soos in punt 5.2 bespreek, is daar internasionaal 'n beweging in die rigting van die harmonisering van rekeningkundige standaarde ook vir klein entiteite, wat tot gevolg sal hê dat die toepassing van hierdie benadering waarskynlik nie in die toekoms volhoubaar is nie.

5.3.2 Vereenvoudiging van bestaande rekeningkundige standaarde

Volgens hierdie benadering, gebruik opstellers van standaarde in 'n bepaalde jurisdiksie die volledige rekeningkundige standaarde wat op groot maatskappye van toepassing is, as basis vir die finansiële verslagdoening van klein maatskappye, met insluiting van gedifferensieerde vereistes, wat slegs op klein maatskappye van toepassing is (IASB, 2002:3). Die gedifferensieerde vereistes kan 'n kombinasie van die volgende insluit:

- Volle uitsluiting van 'n rekeningkundige standaard;
- Vrystelling van sommige openbaarmakingsvereistes; en

- Gedeeltelike uitsluiting van sekere erkennings- en metingsvereistes.

Die gedifferensieerde vereistes vir klein maatskappye kan op twee verskillende wyses aangebied word. Eerstens kan die gedifferensieerde vereistes deel vorm van die volledige stel rekeningkundige standaarde, byvoorbeeld *Section 1300: Differential reporting* wat in 2002 in Kanada uitgereik is (CICA, 2002). Tweedens kan die gedifferensieerde vereistes in 'n afsonderlike gedifferensieerde verslagdoeningsraamwerk ingesluit word, byvoorbeeld die voorgestelde standaard, *Exposure draft: Generally Accepted Accounting Principles for Private Enterprises*, wat onlangs in Kanada uitgereik is (CICA, 2009). CICA motiveer hul keuse vir 'n afsonderlike gedifferensieerde verslagdoeningsraamwerk soos volg:

“The AcSB decided that the application of cost/benefit considerations, as set out in the conceptual framework, would result in accounting that was largely similar for the two sectors but appropriately addressed their differences. This proposition was widely accepted by respondents who agreed that it would be too confusing to stakeholders to have fundamental differences in the building blocks of financial reporting for different categories of reporting entities.” (CICA, 2009:par.9).

Die *voordele* van hierdie benadering is die volgende:

- Die geloofwaardigheid van IFRSs finansiële state word behou.
- Enige verwarring wat kan ontstaan as gevolg van twee stelde standaarde word vermy.
- Die risiko van verskillende interpretasies van standaarde wat op beide groot- en klein entiteite van toepassing is, word verminder; daar is geen vereenvoudiging van sodanige standaarde nie.
- Die spesifieke behoeftes en omstandighede van klein maatskappye word in 'n enkele stel rekeningkundige standaarde vervat, wat die konsekwentheid en vergelykbaarheid tussen groot- en klein maatskappye bevorder.
- Dit is nie nodig vir 'n wesenlike herstrukturering van standaarde nie; daar is slegs beperkte omstandighede wat gedifferensieerde verslagdoeningstandaarde regverdig.
- Daar is vermindering van die infrastruktuur en hulpbronne wat benodig word om rekeningkundige standaarde in stand te hou.
- Daar is wel 'n mate van ooreenstemming met die IFRSs waar sommige klein maatskappye wel betrokke is by internasionale transaksies.
- Die koste is beduidend minder.
- Klein maatskappye kan voordeel trek uit die kennis en ondervinding wat verkry is deur die huidige toepassing van die IFRSs (CICA, 2007:par.62).

Die *nadele* van hierdie benadering sluit die volgende in:

- Die kwessie van oorlading as gevolg van die uitgebreide vereistes van rekeningkundige standaarde, word nie behoorlik aangespreek nie. Huidige rekeningkundige standaarde kan onderwerpe en opsies insluit wat nie noodwendig toepaslik is vir klein maatskappye nie. Die rekeningkundige standaarde moet rekeningkundige aangeleenthede aanspreek wat internasionaal relevant is en nie noodwendig plaaslik van toepassing is nie; verder moet die rekeningkundige standaarde ook ingewikkelde rekeningkundige kwessies, wat selde toepaslik is vir klein maatskappye, aanspreek. Die volume van huidige rekeningkundige standaarde sal nie beduidend deur die toepassing van hierdie benadering verminder word nie.
- Gedifferensieerde verslagdoening plaas 'n las op klein maatskappye om die gebruik van gedifferensieerde standaarde te regverdig. Dit blyk egter, op grond van die toepassing van die gedifferensieerde verslagdoeningsmodel, dat dit soms moeilik is om verskille te regverdig.
- Persone wat slegs betrokke is by klein maatskappye, behoort ook op hoogte van die volledige stel rekeningkundige standaarde te wees, ten einde gedifferensieerde verslagdoening in perspektief te kan plaas.
- Die vergelykbaarheid van finansiële state tussen groot- en klein maatskappye en tussen klein maatskappye onderling kan bemoeilik word (CICA, 2007:par.63).

Die benadering van die vereenvoudiging van bestaande rekeningkundige standaarde (GAAP of IFRSs), hou verskeie voordele en beperkte nadele in. Die belangrikste voordele van hierdie benadering is waarskynlik die feit dat IASB verantwoordelik is vir die voortgesette instandhouding van die rekeningkundige standaarde (IFRSs), indien toepaslik, en die feit dat beduidend minder koste volgens hierdie benadering aangegaan word. Hierdie benadering behoort die harmonisering van rekeningkundige standaarde te bevorder, indien dit op die IFRSs gebaseer is.

5.3.3 Afsonderlike standaard gebaseer op IFRS

'n Projek is in 2003 deur die *International Accounting Standards Board* (IASB) geloods om 'n rekeningkundige standaard vir klein- en mediumgrootte entiteite te ontwikkel (verwys na punt 5.5 vir die volledige bespreking). Die fokus van hierdie projek, vir die bepaling van die inhoud van die rekeningkundige standaard, is gerig op tipiese klein- en mediumgrootte entiteite (CICA, 2007:par.19). Die *Exposure draft of an IFRS for SMEs*, is gedurende Februarie 2007 uitgereik as resultaat van hierdie IASB-projek; daarna ook die

International Financial Reporting Standard for Small and Medium-sized entities (IFRS for SMEs) wat gedurende Julie 2009 gepubliseer is.

Die rekeningkundige standaard, *IFRS for SMEs*, is 'n afsonderlike en onafhanklike dokument wat alle rekeningkundige standaarde insluit wat klein- en mediumgrootte entiteite normaalweg vereis. Die rekeningkundige standaard is op die IFRSs gebaseer en die beginsels, volgens die toepaslike konseptuele raamwerk, is in ooreenstemming met die beginsels wat in die IFRSs toegepas word. Die gedifferensieerde vereistes wat in die rekeningkundige standaard ingesluit is, is 'n kombinasie van die volgende:

- Die uitsluiting van sekere rekeningkundige standaarde;
- Die vermindering van sommige openbaarmakingsvereistes; en
- Die vereenvoudiging van sekere erkennings- en metingskriteria.

Volgens hierdie benadering, word die *IFRS for SMEs* as rekeningkundige praktyk vir klein-mediumgrootte entiteite aanvaar en kan verdere wysigings of vereenvoudigings, indien toepaslik, aangebring word. Vir beide hierdie benadering en die vorige benadering dien die IFRSs as grondslag vir die rekeningkundige standaard vir klein maatskappye. Hierdie benadering verskil egter van die vorige benadering (vereenvoudiging van bestaande rekeningkundige standaarde), deurdat 'n bestaande internasionale standaard vir klein maatskappye aanvaar word, terwyl 'n standaard vir klein maatskappye in die vorige benadering self ontwikkel moet word.

Die *voordele* van hierdie benadering is die volgende (CICA, 2007:par.71):

- Die benadering fokus op rekeningkundige kwessies wat op die meeste klein maatskappye van toepassing is.
- Opstellers van standaarde word gedwing om die verskillende rekeningkundige kwessies in die konteks van 'n klein maatskappy te oorweeg.
- Persone wat slegs betrokke is by klein entiteite, kan slegs op die *IFRS for SMEs* fokus.
- Die bestuur en eksterne gebruikers van klein maatskappy finansiële state wat nie noodwendig 'n sterk finansiële agtergrond het nie, word voorsien van 'n meer beheerbare verwysingsdokument.
- Meer klem word op beginselgebaseerde standaarde en professionele oordeel gelê, terwyl minder vertrouwe op uitgebreide reëls geplaas word.
- Die standaard het internasionale geloofwaardigheid en bevorder vergelykbaarheid.
- Die wiel word nie herontwerp nie, aangesien 'n weldeurdagte dokument, wat die

resultaat van 'n omvattende proses is, toegepas word.

- Die instandhouding van die rekeningkundige standaard is verder primêr die verantwoordelikheid van die IASB.

Die *nadele* van hierdie benadering sluit die volgende in (CICA, 2007:par.72):

- Verkorte en vereenvoudigde standaarde sal nie noodwendig alle kwessies en gebeure wat klein maatskappye kan ondervind, aanspreek nie.
- 'n Verkorte standaard kan verskillend van die oorspronklike volledige standaard (IFRS) geïnterpreteer word. Verskillende interpretasies kan verskillende praktyke tot gevolg hê, wat die kwalitatiewe eienskappe van vergelykbaarheid en konsekwentheid kan beïnvloed.
- Die IFRS vir klein- en mediumgrootte entiteite sluit nie 'n vereiste in wat maatskappye verplig om aan die volle IFRSs-vereistes te voldoen vir aangeleenthede wat nie in die IFRS vir klein- en mediumgrootte entiteite aangespreek word nie. Dit kan ook onkonsekwente interpretasies en praktyke tot gevolg hê, wat die vergelykbaarheid van finansiële state kan beïnvloed.

Die benadering van die IASB tot gedifferensieerde verslagdoening is deur CICA verwerp en hulle meld spesifiek die volgende:

“... the AcSB tentatively conclude that the positions taken on some important technical issues in the proposed IFRS-SME are unlikely to find general acceptance in Canada”.

Hierdie benadering, naamlik afsonderlike standaard gebaseer op die IASB-standaard, *IFRS for SMEs*, word tans in Suid-Afrika gevolg vir die rekeningkundige verslagdoening van klein maatskappye. Die voorgestelde internasionale verslagdoeningstandaard, *IFRS for Small and Medium-sized Entities (IFRS for SMEs)*, wat deur die IASB uitgereik is, is reeds gedurende Mei 2007 in Suid-Afrika aanvaar en as ED 225 uitgereik. Verskeie redes is deur SAICA aangevoer vir die aanvaarding van die *IFRS for SMEs* in Suid-Afrika en die beskouing dat hierdie benadering die beste opsie vir klein entiteite in Suid-Afrika is (verwys na punt 5.6.3 vir die volledige bespreking).

Hierdie benadering word ook vanaf 2009 in Australië gevolg; gedurende 2009 is die internasionale standaard vir klein- en mediumgrootte entiteite (*IFRS for SMEs*) in Australië aanvaar en vorm die standaard deel van die Australiese hersiene gedifferensieerde verslagdoeningstelsel (verwys na punt 5.4.4 vir die volledige

bespreking). Die *Australian Accounting Standards Board* is van mening dat verskeie lande/jurisdiksies hierdie rekeningkundige standaard in die toekoms gaan aanvaar en dat hierdie benadering die beste is rakende die toepassing van 'n gedifferensieerde verslagdoeningstelsel (AASB, 2009). Die AASB meld ook dat dit ontoepaslik sal wees om entiteite in Australië van die gebruik van hierdie standaard te ontnem (AASB, 2009).

Uit die bogenoemde bespreking blyk dit dat hierdie benadering in die toekoms waarskynlik deur verskeie lande gevolg gaan word. Hierdie benadering dien dan ook as vertrekpunt vir 'n beweging in die rigting van die internasionale harmonisering van rekeningkundige standaarde vir klein entiteite. Die belangrikste voordele van hierdie benadering is waarskynlik die feit dat die rekeningkundige standaard 'n weldeurdagte dokument is as gevolg van 'n omvattende navorsingsproses, asook die feit dat die IASB verantwoordelik is vir die instandhouding van die rekeningkundige standaard.

Die gebruik van die verskillende benaderings tot gedifferensieerde verslagdoening word verder ontleed, deur vervolgens die toepassing van gedifferensieerde verslagdoening in verskillende toonaangewende lande te bespreek.

5.4 Internasionale toepassing van gedifferensieerde rekeningkundige verslagdoening

Gedifferensieerde verslagdoening is reeds internasionaal in verskillende formate/vorms deur 'n aantal lande geïmplementeer. Die internasionale definisies van 'n klein besigheid, spesifiek vir doeleindes van gedifferensieerde rekeningkundige verslagdoening, is reeds in hoofstuk 4 bespreek. Die internasionale toepassing van gedifferensieerde rekeningkundige verslagdoening word vervolgens bespreek, insluitende 'n kort historiese oorsig oor die ontwikkeling van gedifferensieerde verslagdoening. Die volgende lande speel internasionaal 'n belangrike rol in die toepassing van gedifferensieerde rekeningkundige verslagdoening:

1. Kanada
2. Die Verenigde Koninkryk
3. Nieu-Seeland
4. Australië

5.4.1 Kanada

Die kwessie van gedifferensieerde verslagdoening is reeds in 1980 vir die eerste keer in Kanada oorweeg. Navorsing deur Ashby (1980:29) identifiseer die koste van voorbereiding van finansiële state en die kompleksiteit van rekeningkundige standaarde as die belangrikste probleme wat klein besighede ondervind. Ander probleme rakende die toepassing van gedifferensieerde verslagdoening is, onder andere, die identifisering van 'n klein besigheid, die oorgang van 'n besigheid van klein tot groot, die vergelykbaarheid van finansiële state, en die vraag of verskillende rekeningkundige hanterings beperk moet word tot openbaarmakingsvereistes, of uitgebrei moet word na die erkennings- en metingsvereistes. Die kwessie van gedifferensieerde verslagdoening is ook deur die *Canadian Institute of Chartered Accountants* (CICA) ondersoek en gedurende Desember 1980 is die gevolgtrekking deur die *CICA Special Committee on Standard Setting* gemaak dat "... no separate body of accounting principles for small or closely held companies should be developed" (CICA, 1980b:31).

'n Taakgroep, *Task Force on Disclosure Differences*, is in 1982 deur CICA saamgestel ten einde te bepaal of finansiële verslagdoeningsvereistes 'n onderskeid tussen groot- en klein entiteite behoort te tref. Die taakgroep het aanbeveel dat die vereenvoudiging van rekeningkundige vereistes vir klein entiteite verder ondersoek behoort te word, met die klem op die volgende geïdentifiseerde probleme: uitgestelde belasting, kapitalisering van hure, verwanteparty-transaksies en konsolidasies. Daar is verder ook aanbeveel dat

"... caution be exercised in the future to avoid over-regulation and unnecessary complexity and that the impact of future pronouncements on small and closely held enterprises be separately considered" (CICA, 1982:5).

In Mei 1984 is 'n verslag, *Financial Reporting by Small Businesses*, uitgereik op grond van 'n ondersoekprojek wat gedurende 1983 deur die *Accounting Standards Committee* onderneem is om die aanbevelings van die taakgroep verder te ondersoek; die volgende is bevind:

"... there is little support in Canada for the development of a separate set of measurement or recognition standards for small businesses, but that differential disclosure requirements may be appropriate" (CICA, 1999).

'n Navorsingsprojek is in 1998 deur die *Accounting Standards Board* (voortaan na verwys as die AcSB) onderneem met die doel om weereens die las van verslagdoening van klein entiteite in Kanada te ondersoek. Die bevindings van die projek is in 1999 in 'n verslag,

Financial Reporting by Small Business Enterprises, gepubliseer; die volgende aanbevelings is, onder andere, gemaak:

“A differential reporting principle should be established within GAAP. According to this principle, accounting rules governing SBEs would be permitted to differ from accounting rules applicable to public enterprises when such rules do not meet the financial reporting needs of SBEs or when the cost of applying the rules would outweigh their potential benefits for these enterprises. Normally these differences would apply only to disclosure and presentation rules. It is not impossible, however, that some future recognition and measurement rules will not meet the needs of SBEs or the cost/benefit effectiveness test.” (CICA, 1999).

Die bogenoemde verslag het gelei tot verdere debattering deur die AcSB en 'n uitgebreide ondersoek van die betrokke kwessie. Die geopenbaarde konsep, *Exposure draft: Differential Reporting*, is as gevolg hiervan gedurende 2001 uitgereik (CICA, 2001), en uiteindelik ook, gedurende Februarie 2002, die rekeningkundige standaard, *Differential Reporting, Section 1300 and related amendments to other Sections* (CICA, 2002).

5.4.1.1 Gedifferensieerde verslagdoening, Afdeling 1300 en verwante wysigings

Ooreenkomstig hierdie rekeningkundige standaard, *Differential Reporting, Section 1300 and related amendments to other Sections*, is gedifferensieerde verslagdoeningsopsies wel beskikbaar vir kwalifiserende entiteite, dit wil sê, entiteite

- wat nie publieke aanspreeklikheid het nie; en
- waarvan die eienaars eenparig (skriftelik) toestemming verleen tot die toepassing van gedifferensieerde verslagdoeningsopsies.

Die basis vir onderskeid as kwalifiserende entiteit is dus op aandeelhouding en aanspreeklikheid gebaseer, eerder as die grootte van die entiteit. Kwalifiserende entiteite kan kies welke van die gedifferensieerde verslagdoeningsopsies hulle wil toepas indien hul finansiële state opgestel word binne die raamwerk van algemeen aanvaarde rekeningkundige beginsels. Wanneer 'n kwalifiserende entiteit 'n gedifferensieerde verslagdoeningsopsie toepas, behoort die entiteit die opsie op alle soortgelyke items of transaksies toe te pas. Indien die entiteit nie meer kwalifiseer vir gedifferensieerde verslagdoening nie, behoort die entiteit die toepassing van alle gedifferensieerde verslagdoeningsopsies te staak en enige verandering as 'n verandering in rekeningkundige beleid te verantwoord (CICA, 2002:par.06-09).

Die gedifferensieerde rekeningkundige verslagdoeningsopsies sluit die volgende in rakende die volgende onderwerpe:

Tabel 5.1: *Differential Reporting, Section 1300*

Section	Topic
Section 1590	Subsidiaries
Section 3050	Long-term Investments
Section 3240	Share Capital
Section 3465	Income Taxes
Section 3860	Financial Instruments

Filiale (Subsidiaries) kan rekeningkundig volgens die ekwiteits- of die kostemetode verantwoord word, in stede van konsolidering van die filiale. Toepaslike openbaarmaking van die gekose beleid moet egter in die finansiële state ingesluit word. Die kosprysmetode kan toegepas word ten opsigte van *beleggings (Long-term Investments)* waarin die entiteit 'n beduidende invloed het; dit sal andersins volgens die ekwiteitsmetode verantwoord word. Alle beleggings wat onderhewig is aan beduidende invloed, moet rekeningkundig volgens dieselfde metode verantwoord word. Beleggings in gesamentlike ondernemings kan rekeningkundig volgens die ekwiteits- of die kostemetode verantwoord word, in stede van die eweredige konsolidasiemetode. Alle beleggings in gesamentlike ondernemings behoort rekeningkundig volgens dieselfde metode verantwoord te word. Die toepaslike openbaarmaking van die gekose beleid in die finansiële state word egter vereis. Waardedalingstoetse vir klandisiewaarde en ander ontasbare bates kan volgens 'n grondslag van gebeure en omstandighede uitgevoer word. Inligting rakende *aandelekapitaal (Share Capital)* hoef slegs openbaar gemaak te word rakende klasse van aandele wat uitgereik is. *Inkomstebelasting (Income Taxes)* kan verantwoord word op die grondslag van *belasting betaalbaar*; gevolglik word geen voorsiening vir uitgestelde belasting gemaak nie. Toepaslike openbaarmaking van die belastinguitgawe word wel vereis. Vir doeleindes van *finansiële instrumente (Financial Instruments)*, word finansiële bates wat beskikbaar is vir verkoop, teen kosprys in stede van billike waarde gemeet. Sekere voorkeuraandele wat as 'n las geklassifiseer behoort te word, mag steeds as ekwiteit geklassifiseer word. Die openbaarmakingsvereistes is ook verminder.

Die bogenoemde gedifferensieerde verslagdoeningsopsies vereenvoudig beide die openbaarmakingsvereistes, sowel as die erkennings- en metingsvereistes vir kwalifiserende entiteite.

Gedurende Januarie 2006, is 'n besluit geneem deur die AcSB om die behoeftes van gebruikers van privaat entiteite se finansiële state verder te ondersoek, met die doel om die mees toepaslike finansiële verslagdoeningsbenadering te bepaal wat aan die behoeftes van hierdie gebruikers sal voldoen (CICA, 2007:par.6; Maingot & Zeghal, 2006:513). Die AcSB beklemtoon ook spesifiek in hul strategiese plan vir 2006 dat 'n onderskeid tussen verskillende kategorieë verslagdoeningsentiteite getref moet word, en meld die volgende:

“... one size does not necessarily fit all; it may not be possible to address the divergent needs of different categories of reporting entities properly within a single strategy. Each category deserves a strategy that specifically addresses the particular needs of users of financial statements of entities in that category” (CICA, 2007:Executive summary).

Die besprekingsdokument, *Discussion Paper: Financial Reporting by Private Enterprises*, is voortspruitend uit die bogenoemde, gedurende Mei 2007 gepubliseer (CICA, 2007). Die besprekingsdokument het spesifiek ten doel om die volgende te bepaal:

- Die inligtingsbehoefte van gebruikers van privaatentiteit finansiële state en of hierdie inligtingsbehoefte gedifferensieerde rekeningkundige standaarde regverdig.
- Die basis van rekeningkundige standaarde vir privaatentiteite, en antwoorde op die volgende vrae:
 - Moet die algemene konseptuele raamwerk as basis dien vir die ontwikkeling van rekeningkundige standaarde vir beide publieke en privaatentiteite?
 - Moet rekeningkundige standaarde vir privaatentiteite op alle privaatentiteite van toepassing wees?
 - Moet rekeningkundige standaarde vir privaatentiteite verwys na soortgelyke standaarde vir publieke entiteite?

Die fokus van die projek konsentreer op die identifisering van behoeftes van eksterne gebruikers van privaat entiteite en die bepaling van spesifieke inligtingsbehoefte van hierdie gebruikers. Hierdie inligting dien as grondslag vir wysigings aan die huidige gedifferensieerde verslagdoeningstelsel. Die resultaat van die projek is gedurende Mei 2009 uitgereik as die geopenbaarde konsep, *Exposure draft: Generally Accepted Accounting Principles for Private Enterprises* (Geopenbaarde konsep: Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Beginsels vir Privaatentiteite).

5.4.1.2 Geopenbaarde konsep: Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Beginsels vir Privaatentiteite

Die geopenbaarde konsep, *Exposure draft: Generally Accepted Accounting Principles for Private Enterprises*, fokus op die behoeftes van die gebruikers van privaat entiteit finansiële state. Die volgende benadering is gevolg in die ontwikkeling van die konsep (CICA, 2009:par.5):

- Die bestaande CICA-handleiding vir Rekeningkunde is as vertrekpunt gebruik;
- Die standaard is beginsel-gebaseer en moedig die toepassing van professionele oordeel aan;
- Die meerderheid van die erkennings- en metingsvereistes in die bestaande CICA-handleiding veroorsaak nie beduidende probleme vir privaat entiteite nie en is dus behou, en slegs enkele wysigings is aangebring; en
- Openbaarmakingsvereistes is herevalueer, gebaseer op die behoeftes van eksterne gebruikers van privaat entiteit finansiële state, met die verwagting dat aansienlik minder openbaarmaking vereis sal word.

Die geopenbaarde konsep is slegs van toepassing op privaat entiteite, terwyl nuwingsgewende organisasies spesifiek uitgesluit word. 'n Privaat entiteit word gedefinieer as 'n wins-georiënteerde entiteit wat geen publieke aanspreeklikheid het nie. Daar is geen verdere vereistes ten opsigte van grootte of die toestemming van lede, om as privaat entiteit te kwalifiseer nie.

Die geopenbaarde konsep sluit die volgende wysigings en vereenvoudings in van die erkennings- en metingsvereistes rakende die volgende onderwerpe (CICA 2009):

Tabel 5.2: Exposure draft – GAAP for Private Enterprises

Section	Topic
Section 3856	Financial instruments
Section 3461	Employee future benefits
Section 3110	Asset retirement obligations (Provisions, contingent liabilities and –assets)
Section 3064	Internally developed intangible assets (Goodwill and intangible assets)
Section 3064	Impairment testing (Goodwill and intangible assets)
Section 3870	Stock-based compensation
Section 3465	Future income taxes (Income taxes)
Section 1590	Investments (Subsidiaries)
Section 3051	Investments
Section 3055	Interest in joint ventures
Section 1582	Business combinations
Section 1601	Consolidated financial statements
Section 1602	Non-controlling interest

Die AcSB se gevolgtrekking dui ook daarop dat 'n aantal onderwerpe nie op privaat-entiteite van toepassing is nie; die volgende onderwerpe is spesifiek uitgesluit: *Differential reporting (Section 1300*, wat met die uitreiking van die nuwe standaard nie meer van toepassing sal wees nie), *Segment disclosures, Interim financial statements, Extraordinary items, Earnings per share, Pension plans, Life insurance enterprises, Future-oriented financial information, Financial reporting by property and casualty insurance companies, The management report, Actuarial liabilities of life insurance enterprises, Financial reporting by life insurance enterprises, Enterprises in the development stage.*

Die AcSB verwag dat die voorgestelde standaard vir privaatentiteite teen die einde van 2009 gefinaliseer sal word, met 'n effektiewe datum van toepassing vanaf 1 Januarie 2011.

5.4.1.3 Kommentaar

CICA bevestig dat gedifferensieerde verslagdoening wel in Kanada toegepas word. Die aanvanklike gedifferensieerde verslagdoeningsmodel (*Differential reporting, Section 1300*) is egter gekritiseer. Vir 'n entiteit om vir gedifferensieerde verslagdoening te kwalifiseer, moes al die eienaars eenparig skriftelik daartoe instem. Hierdie eenparige

toestemming is egter as beswarend beskou, aangesien dit onprakties is om al die eienaars se toestemming te bekom; verder is daar geargumenteer dat bestuur besluite oor verskeie ander beleidsaangeleenthede kan neem sonder die eenparige toestemming van al die eienaars en dat die toepassing van gedifferensieerde verslagdoening geen uitsondering behoort te wees nie. Eenparige toestemming is aanvanklik deur CICA beskou as 'n manier om die belange van die minderheidsaandeelhouers te beskerm, aangesien hulle nie deel van bestuur is nie en gevolglik nie in 'n posisie is om addisionele inligting, bo en behalwe inligting ingesluit in die finansiële state, te bekom nie (CICA, 2002:BC47). Met die hersiening van die gedifferensieerde verslagdoeningstelsel in Kanada en die uitreiking van die geopenbaarde konsep vir privaat entiteite in 2009, is hierdie eenparige toestemmingsvereiste, soos deur CICA bepaal, uitgeskakel; gevolglik is die toestemming van lede nie meer 'n voorvereiste om as 'n privaate entiteit vir verslagdoeningsdoeleindes te kwalifiseer nie (CICA, 2009).

Geen vereistes ten opsigte van grootte-kriteria word gestel nie, wat tot potensiële probleme by die toepassing van die gedifferensieerde verslagdoening se koste-voordeel besluitnemingsmodel lei, aangesien koste en voordele beduidend kan verskil na gelang die grootte van entiteite verskil. Die kwantifisering van voordele is spesifiek problematies (CICA, 2002:Appendix B).

Die Kanadese gedifferensieerde verslagdoeningsopsies is buigsaam, en kwalifiserende entiteite kan opsies kies wat op hul eie spesifieke behoeftes en koste-voordeel beperkinge gebaseer is. Hierdie buigsaamheid is waarskynlik die rede waarom gedifferensieerde verslagdoening wel in die praktyk toegepas word; sonder hierdie buigsaamheid in die keuse van opsies, sou entiteite 'n alles-of-niks benadering tot gedifferensieerde verslagdoening moes volg. Sommige gebruikers kritiseer hierdie opsionele benadering weens die negatiewe effek wat dit op die vergelykbaarheid van finansiële state het. CICA beklemtoon egter dat vergelykbaarheid nie 'n kritiese faktor vir die gebruikers van klein entiteit finansiële state is nie (CICA, 2002:Appendix B). Verskeie gedifferensieerde opsies vereis addisionele openbaarmakingsvereistes. Sommige opstellers van finansiële state ondersteun egter nie hierdie addisionele openbaarmaking nie en argumenteer dat dit nie die opstel van die finansiële state vergemaklik nie.

Volgens Jeffrey (2007:26), is daar ook voorstelle om die gedifferensieerde verslagdoeningstelsel binne die IFRSs in drie verslagdoeningsvlakke te verdeel, naamlik vlak 1 vir groot maatskappye, vlak 2 vir medium maatskappye en vlak 3 vir klein entiteite.

Die skrywer meld egter dat verskillende verslagdoeningsvlakke binne die IFRSs verwarrend kan wees, naamlik:

“The possibility of IFRSs for micro-entities is now a possibility, as it is argued their needs are different than those of SMEs ... more than 85% of Canadian businesses being in the SME and micro categories, we must be careful not to overwhelm users with different variations of IFRS. This could impose onerous costs on these businesses.” (Jeffrey, 2007:26)

Die gedifferensieerde verslagdoeningsmodel in Kanada maak voorsiening vir die vermindering van die openbaarmakingsvereistes, sowel as die vereenvoudiging van die erkennings- en metingskriteria. Die aanvanklike model is verder ook suksesvol in praktyk geïmplementeer. Dit bevestig nie net die behoefte aan 'n gedifferensieerde rekeningkundige verslagdoeningstelsel nie, maar dui ook op die toepaslikheid daarvan.

5.4.2 Die Verenigde Koninkryk

Die toepassing van rekeningkundige standaarde vir klein maatskappye in die Verenigde Koninkryk, is sedert 1994 reeds 'n probleem vir die opstellers van standaarde (ASB, 2008:Appendix IV). Die resultate van die *Accounting Standards Board* (voortaan na verwys as die ASB) se opdrag aan die *Consultative Committee of Accountancy Bodies* (CCAB) om die kwessie te ondersoek, is gedurende November 1994 gepubliseer; hierin word voorgestel dat klein maatskappye van sekere rekeningkundige standaarde vrygestel word. Die *Consultative Document, Accounting Simplifications*, is gedurende Mei 1995 gepubliseer op grond van die kommentaar en terugvoer wat op hierdie dokument ontvang is. Met inagnome van die voorstelle in hierdie dokument en die CCAB se fokus op die behoeftes van klein entiteite, is 'n dokument, *Design to fit*, gedurende Desember 1995 deur die komitee gepubliseer, waarin 'n spesifieke finansiële verslagdoeningstandaard vir klein entiteite, naamlik *Financial Reporting Standard for Smaller Entities* (FRSSE), aanbeveel word. Ten einde te demonstreer dat hierdie benadering prakties en uitvoerbaar is en voordele vir klein entiteite insluit, is 'n konsepdokument van die voorgestelde FRSSE daarby ingesluit (ASB, 2008:Appendix IV).

Die geopenbaarde konsep van die voorgestelde FRSSE is in Desember 1996 gepubliseer op grond van die voorstelle wat in *Design to fit* gemaak is, asook die kommentaar wat op hierdie dokument gelewer is; gevolglik is die FRSSE ook op grond hiervan in November 1997 uitgereik.

5.4.2.1 FRSSSE

Die FRSSSE, *Financial Reporting Standard for Smaller Entities*, is ontwerp met die doel om kleiner entiteite van 'n enkele rekeningkundige standaard te voorsien wat op hul spesifieke omstandighede fokus (ASB, 2008:Appendix IV). Kleiner entiteite wat die keuse uitoefen om die FRSSSE toe te pas, is vrygestel van alle ander rekeningkundige standaarde. Die FRSSSE is ook gekoppel aan Bylae 8 van die Maatskappywet 1985, wat die toepaslike wetgewing in die Verenigde Koninkryk is.

Met die opstel van die FRSSSE, asook in oorweging van toepaslike rekeningkundige standaarde vir klein entiteite, is die volgende kriteria gestel deur die ASB (ASB, 2002:115):

- Dit is waarskynlik dat die standaard (FRSSSE) algemeen toegepas gaan word en 'n element van algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk van alle entiteite sal wees.
- Dit is waarskynlik dat die standaard aanleiding sal gee tot die hantering van 'n transaksie op sodanige wyse dat dit ooreenstem met die bestuur se begrip van die transaksie.
- Die standaard sal na verwagting voldoen aan die inligtingsbehoefte van die gebruikers van klein entiteite se finansiële state.
- Die openbaarmakingsvereistes wat gestel word, is betekenisvol en omvattend vir die gebruikers daarvan.
- Die vereistes van die FRSSSE bevorder die toepassing van voorgeskrewe wetgewing.
- Die voorgeskrewe hantering van transaksies is verenigbaar met die berekening van belasbare inkomste.
- Die FRSSSE is die maklikste metode van voldoening aan die rekeningkundige hantering wat vereis word en/of openbaarmaking van klein entiteite.
- Die FRSSSE voorsien riglyne wat relevant is vir die transaksies wat klein entiteite aangaan, en is sodanig geformuleer dat dit maklik verstaanbaar is vir hierdie besighede.
- Die voorgeskrewe metingsvereistes in die standaard behoort prakties te wees vir klein entiteite.

Met die uitreiking van die FRSSSE is daar erken dat dit nodig sou wees om die dokument op 'n gereelde grondslag te hersien om dit op datum te bring ten einde ontwikkelings in rekeningkundige verslagdoening in ag te neem; gevolglik is die FRSSSE verskeie kere

hersien sedert die aanvanklike uitreiking daarvan in 1997. Die hersiening sluit die volgende in:

- **Eerste hersiening, Maart 1999:** die FRSSE is hersien en op datum gebring met alle relevante aspekte en toepaslike vereenvoudigings rakende die rekeningkundige standaard *FRS 10: Goodwill and Intangible Assets* en *FRS 11: Impairment of Fixed Assets and Goodwill*, wat sedert die aanvanklike uitreiking van die FRSSE uitgereik is.
- **Tweede hersiening, Maart 2000:** die FRSSE is hersien en op datum gebring rakende die rekeningkundige standaard wat gedurende die tydperk Julie 1998 tot Junie 1999 uitgereik is, naamlik *FRS 12: Provisions, Contingent liabilities and Contingent assets* en *FRS 15: Tangible fixed assets*. Twee standaard, *FRS 13: Financial instruments* en *FRS 14: Earnings per share*, is nie in die FRSSE ingesluit nie.
- **Derde hersiening, Junie 2002:** die vier rekeningkundige standaard wat gedurende die tydperk Julie 1999 tot Junie 2001 uitgereik is, is in die FRSSE ingesluit, naamlik *FRS 16: Current tax*, *FRS 17: Retirement benefits*, *FRS 18: Accounting policies* en *FRS 19: Deferred tax*.
- **Vierde hersiening, Januarie 2005:** die FRSSE is bygewerk vir wysigings wat gedurende die tydperk Junie 2001 tot November 2004 aan twee bestaande rekeningkundige standaard, naamlik *FRS 5* en *FRS 17*, aangebring is, sowel as die nuwe rekeningkundige standaard, *FRS 21: Post balance sheet events*. *FRS 20: Share-based payment* is nie in die FRSSE ingesluit nie.
- **Vyfde hersiening, Januarie 2007:** die FRSSE is hersien om dit op datum te bring rakende die rekeningkundige standaard wat sedert November 2004 uitgereik is, naamlik *FRS 22* tot *FRS 29* (ASB, 2007).
- **Sesde hersiening, April 2008:** die FRSSE is bygewerk om wysigings wat gedurende 2006 aan die Maatskappywet aangebring is, in te sluit (ASB, 2008).

Die inhoud van die FRSSE en onderwerpe wat daarin aangespreek word, word in tabel 5.3 weergegee.

Tabel 5.3: FRSSE

Section	Topic
B	Statement of Accounting Practice, including: Profit and loss account Revenue recognition Statement of total recognised gains and losses Fixed assets and goodwill Leases Financial instruments, share capital and share-based payment Foreign currency translation Post balance sheet events Related party disclosures Consolidated financial statements Directors' remuneration The directors' report Transitional arrangements

In afdeling A, 'n bespreking van die doel van die FRSSE, word die voorsiening van nuttige finansiële inligting beklemtoon en spesifiek vermeld dat die ekonomiese besluitnemingsproses van klein entiteite verskil van dié van ander verslagdoeningsentiteite, naamlik:

“The objective of the FRSSE is to ensure that reporting entities falling within its scope provide in their financial statements information about the financial position, performance and financial adaptability of the entity that is useful to users in assessing the stewardship of management and for making economic decisions, recognising that the balance between users' needs in respect of stewardship and economic decision-making for smaller entities is different from that for other reporting entities.” (ASB, 2008:par.1).

Die gedifferensieerde vereistes wat in afdeling B van die FRSSE ingesluit is, is 'n kombinasie van die volgende:

- Die uitsluiting van sekere rekeningkundige standaarde;
- Die vermindering van sommige openbaarmakingsvereistes; en
- Die vereenvoudiging van sekere erkennings- en metingskriteria.

Afdeling C sluit sekere definisies in, terwyl afdeling D na vrywillige openbaarmaking (dus nie verpligtend nie) van inligting rakende kontantvloei verwys.

5.4.2.2 Kommentaar

Die FRSSE word reeds vir langer as 'n dekade in die Verenigde Koninkryk deur klein entiteite gebruik en volgens King (1997:69), is die FRSSE ontwerp om aan bykans al die gebruikersbehoefte van klein entiteite te voldoen; verder voorsien die FRSSE ook 'n enkele verwysingspunt vir verslagdoening vir die oorgrote meerderheid van klein entiteite. Die vermindering van die openbaarmakingsvereistes verlig ook die las van rekeningkundige verslagdoening van klein entiteite (Johnson, 1996:54). Shearer en Sleigh-Johnson (2006:76) beskryf die sukses van die FRSSE soos volg:

“The FRSSE is widely used in the UK by eligible companies. Its success reflects a number of admirable qualities, including its clarity, relative brevity and its status as a *one stop shop* – enhanced by the recent importation of the relevant requirements of company law. To a considerable degree, the standard has established the credibility of simplified financial reporting both in the UK and internationally.” (Shearer & Sleigh-Johnson, 2006:76).

Uit bogenoemde blyk dit dat die toepassing van die FRSSE in die Verenigde Koninkryk 'n bewys is dat gedifferensieerde verslagdoening vir klein entiteite wel suksesvol geïmplementeer kan word.

Die FRSSE is egter sedert die uitreiking daarvan in 1997 deurlopend gekritiseer vir verskillende redes (Murphy & Page, 1998:64; Perrin, 1997:1). Eerstens is die *openbaarmakingsvereistes* gekritiseer: volgens Sharp en Stewart (1998:73), is die finansiële state van klein entiteite nie beduidend korter as gevolg van die verminderde openbaarmakingsvereistes nie, aangesien baie van hierdie vereistes selde of nooit vir klein entiteite toepaslik is nie.

Tweedens is die *erkennings- en metingsvereistes* gekritiseer: volgens Davies, Paterson en Wilson (1997:28), is daar geen wesenlike wysigings aan die metingsvereistes in die FRSSE aangebring nie, alhoewel die besprekings daarvan in 'n mate vereenvoudig is. Die bogenoemde skrywers kom tot die volgende gevolgtrekking:

“Essentially, therefore, this represents a pragmatic relaxation of disclosure rules rather than any new form of financial reporting tailored to the needs of small businesses. This is none the less welcome, because there is no doubt that the panoply of disclosure requirements imposed on UK companies is onerous, but it should not be seen as a development based on any great principle.” (Davies, Paterson & Wilson, 1997:28).

Die erkennings- en metingsvereistes wat in die FRSSE ingesluit is, is volgens Paterson

(2001:96) nie wesenlik vereenvoudig nie, en dit is "... more cosmetic than real". Hy argumenteer verder dat, gebaseer op die aanname dat klein entiteite selde sodanige transaksies aangaan, van die meer komplekse onderwerpe wat in sekere standarde aangespreek word, nie in die FRSSE ingesluit is nie.

Derdens is die *periodieke hersiening* waaraan die FRSSE onderhewig is, problematies. Weens die aard van finansiële verslagdoening word rekeningkundige standarde deurlopend hersien; nuwe standarde word ook uitgereik. Die invloed hiervan op die rekeningkundige verslagdoening van klein entiteite behoort gevolglik oorweeg te word, en die FRSSE moet dienoreenkomstig hersien word. Volgens Morley (2001:104), veroorsaak die gereelde hersiening van die FRSSE 'n groter las en sal dit eenvoudiger en meer betekenisvol wees as elke rekeningkundige standaard 'n paragraaf insluit rakende die relevansie en toepaslikheid daarvan vir klein entiteite.

Vierdens word *geen kostebesparing* deur die toepassing van die FRSSE bewerkstellig nie. Volgens Malvern (2001), is rekenmeestersfirmas van mening dat die koste van rekeningkundige dienste en fooie wat vir klein kliënte gehef word, geensins deur die toepassing van die FRSSE verminder is nie.

Die toepaslikheid van die FRSSE is gedurende 2001 deur die *Institute of Chartered Accountants in England and Wales* (ICAEW) beoordeel en die bevindings wat gemaak is, sluit die volgende in (ICAEW, 2001:2):

- Die FRSSE word baie gebruik en praktisyns heg baie waarde daaraan.
- Dit is waarskynlik dat die aantal klein entiteite wat die FRSSE aanvaar, steeds sal toeneem.
- Ten spyte daarvan dat 'n afsonderlike verslagdoeningstelsel addisionele koste tot gevolg het, is die voordele wat die FRSSE inhou beduidend meer as hierdie koste.
- Die FRSSE word in die algemeen beskou as 'n groot sukses; gevolglik is geen beduidende veranderinge aan die inhoud daarvan nodig nie. 'n Aantal algemene verbeteringe word egter voorgestel (bv. omvattende en toepaslike voorbeelde).
- Die sukses van die FRSSE word verder aan die sleuteldoelwitte daarvan toegeskryf, naamlik om die toepassing van die vereistes van rekeningkundige standarde te vereenvoudig en openbaarmakingsvereistes tot 'n minimum te beperk, terwyl die erkennings- en metingsvereistes gehandhaaf word; gevolglik behoort die ASB nie hierdie doelwitte te wysig nie.
- Daar word verder tot die gevolgtrekking gekom dat die FRSSE aan hul primêre

gebruikers finansiële state met meer verstaanbare inligting voorsien. Die inligting is ook makliker en goedkoper om te produseer. Terselfdertyd word die integriteit van klein maatskappye se verslagdoening nie beïnvloed nie. Daar word egter erken dat die toenemende kompleksiteit van rekeningkundige standaarde in die toekoms veranderinge aan die formaat en struktuur van die FRSSE kan beïnvloed.

- Daar behoort konsekwentheid te wees tussen die bewoording van die FRSSE en dié van GAAP, ten einde onsekerhede of verskille in die betekenis of interpretasie van bewoordinge te verhoed.

Die opinies van rekeningkundige praktisyns in Ierland rakende die gebruik van die FRSSE, is op grond van 'n studie deur die *Irish Accountancy Educational Trust* bepaal (McAleese, 2001:18); die resultate van hierdie studie bevestig egter nie die bevindings van die ICAEW nie. In die studie, word tot die gevolgtrekking gekom dat die FRSSE daarin faal om die las van verslagdoening van klein entiteite en klein praktisyns te verlig. Die opsomming van die resultate van hierdie studie is soos volg (McAleese, 2001:18):

- Rekeningkundige firmas vind dit moeilik om op datum te bly met die steeds toenemende aantal rekeningkundige standaarde, en dit plaas 'n groter las op kleiner firmas as op groter firmas.
- Die toepassing van die FRSSE het nie enige veranderinge in die koste om aan rekeningkundige standaarde te voldoen, of die koste wat vir rekeningkundige dienste gehef word, tot gevolg nie.
- Praktisyns sien geen voordeel daarin om die standaard toe te pas nie, aangesien die koste- en tydsbesparing minimaal is en die toepassing van die FRSSE opsioneel is.
- Die las van die groot aantal rekeningkundige standaarde is die mees beduidende faktor in praktisyns se besluit rakende die toepassing van die FRSSE.
- Die meerderheid van die praktisyns is ontevrede met die huidige formaat van rekeningkundige verslagdoening vir klein entiteite.
- Die studie bevind egter dat gebruikers van die FRSSE nie enige probleme ondervind in die toepassing van die FRSSE nie.
- Die belangrikste redes waarom sekere praktisyns wel besluit om die FRSSE toe te pas, is die vermindering van die openbaarmakingsvereistes, gevolg deur die eenvoudige gebruik daarvan.

Die toepassing van die FRSSE in die Verenigde Koninkryk verlig die las van rekeningkundige verslagdoening vir klein entiteite, en is 'n duidelike aanduiding dat gedifferensieerde verslagdoening wel suksesvol in die praktyk geïmplementeer word, ten

spyte van deurlopende kritiek teenoor die FRSSE. Volgens Shearer en Sleigh-Johnson (2006:79), het die uitreiking van die *IFRS for SMEs* tot gevolg dat dit waarskynlik is dat die Verenigde Koninkryk in die toekoms na drie vlakke van rekeningkundige verslagdoening sal beweeg en dat die FRSSE steeds behou sal word.

5.4.3 Nieu-Seeland

Gedifferensieerde verslagdoening word sedert 1994 in Nieu-Seeland toegepas (Santoro, 1997:23). Die *Framework for Differential Reporting* is gedurende Februarie 1994 uitgereik deur die *Institute of Chartered Accountants in New Zealand* (voortaan na verwys as ICANZ). Sedert die aanvanklike uitreiking van die raamwerk, is dit verskeie kere hersien om dit op datum te bring, met die laaste hersiening gedurende Januarie 2007 (ICANZ, 2007:par.1).

Die rekeningkundige verslagdoeningstelsel in Nieu-Seeland maak voorsiening vir vier verskillende verslagdoeningsopsies (ICANZ, 2007:par.4). Die eerste verslagdoeningsopsie is van toepassing op entiteite wat kwalifiseer as vrygestelde maatskappye kragtens die vereistes van die *Financial Reporting Act 1993*. 'n Maatskappy kwalifiseer as 'n vrygestelde maatskappy, mits daar aan sekere grootte-kriteria (omset, bates en aantal werknemers) voldoen word. Hierdie maatskappye hoef nie aan die vereistes van GAAP te voldoen nie en die vereiste van redelike weergawe van finansiële state is nie van toepassing nie. Die opsie is beskikbaar vir klein maatskappye (mikro entiteite) met minimum rekeningkundige verslagdoeningsvereistes.

Die tweede verslagdoeningsopsie is van toepassing op maatskappye wat algemene-doel finansiële state produseer en vir gedifferensieerde verslagdoening kwalifiseer. Maatskappye kwalifiseer vir gedifferensieerde verslagdoening indien die maatskappy nie publieke aanspreeklikheid het nie, daar geen skeiding van eienaars en bestuur van die entiteit is nie en die maatskappy aan sekere grootte-kriteria voldoen (met verwysing na omset, bates en aantal werknemers). Die *Framework for Differential Reporting* is op hierdie maatskappye van toepassing.

Die derde verslagdoeningsopsie geld vir maatskappye wat algemene-doel finansiële state publiseer, publieke aanspreeklikheid het en nie vir gedifferensieerde verslagdoening kwalifiseer nie. Hierdie maatskappye moet aan die vereistes van alle toepaslike finansiële verslagdoeningstandaarde voldoen.


Die vierde verslagdoeningsopsie is van toepassing op entiteite wat nie algemene-doel finansiële state publiseer nie. Hierdie entiteite produseer spesiale-doel finansiële state op grond van hul spesifieke verslagdoeningsbehoefte.

Die raamwerk vir gedifferensieerde verslagdoening in Nieu-Seeland word skematies soos volg voorgestel (ICANZ, 2007:par.4):

Figuur 5.1: Raamwerk vir gedifferensieerde verslagdoening in Nieu-Seeland

Figure 1: Framework for Differential Reporting

Note: material in the dotted box indicates the Framework for Differential Reporting



Bron: Institute of Chartered Accountants of New Zealand (ICANZ). 2007. *Framework for Differential Reporting*. ICANZ: Wellington. (<http://www.nzica.com>).

5.4.3.1 Raamwerk vir Gedifferensieerde Verslagdoening

Volgens ICANZ, het die toepassing van gedifferensieerde verslagdoening tot gevolg dat entiteite in verskillende omstandighede, verskillende rekeningkundige praktyke kan toepas. Gedifferensieerde verslagdoening word vereis, omdat die voordele en koste om aan rekeningkundige verslagdoeningstandaarde te voldoen, tussen verslagdoeningsentiteite verskil (ICANZ, 2007:par.3). Die *Framework for Differential Reporting* is ontwikkel op die grondslag van die volgende aannames:

- Voldoening aan finansiële verslagdoeningstandaarde het koste (gewoonlik vir die verslagdoeningsentiteit), sowel as voordele (gewoonlik vir die gebruikers van die finansiële state) tot gevolg.
- Voldoening aan finansiële verslagdoeningstandaarde behoort slegs vereis te word wanneer die voordele die koste oorskry.
- Finansiële verslagdoeningstandaarde sal meer aanvaarbaar wees indien dit slegs toegepas word wanneer daar ooreenstemming is dat die voordele die koste oorskry.

Volgens ICANZ (2007:par.4), is die voordele van finansiële verslagdoening moeiliker om te bepaal as die koste wat daaraan verbonde is. Die voordele van finansiële verslagdoening weerspieël die waarde van die inligting aan die gebruikers van finansiële state, en word beïnvloed deur die aantal en verskeidenheid gebruikers, die inligtingsbehoefte van gebruikers en die kwalitatiewe eienskappe van rekeningkundige inligting, naamlik betroubaarheid, toepaslikheid en tydigheid.

Aangesien die meting van koste en voordele van finansiële verslagdoening moeilik is, word koste-voordeel kriteria in die raamwerk bepaal deur die publieke aanspreeklikheid, skeiding van eienaars en bestuur van die entiteit, en die grootte van die entiteit (met verwysing na omset, bates en aantal werknemers) (ICANZ, 2007:par.4).

Die gedifferensieerde rekeningkundige verslagdoeningsvereistes wat in die raamwerk ingesluit is, maak voorsiening vir die uitsluiting van sekere rekeningkundige standaarde, die gedeeltelike uitsluiting van sekere rekeningkundige standaarde, sowel as geen uitsluiting van rekeningkundige standaarde.

Die vereistes van die raamwerk word in tabel 5.4 opgesom.

Tabel 5.4: Framework for Differential Reporting

Reference	Topic
	Full Exemption
FRS-10	Statement of Cash Flows
SSAP-12	Accounting for Income Taxes
SSAP-23	Financial Reporting for Segments
FRS-31	Disclosure of Information about Financial Instruments
	Partial Exemption
FRS-3	Accounting for Property, Plant and Equipment
FRS-4	Accounting for Inventories
FRS-9	Information to be disclosed in Financial Statements
FRS-13	Accounting for Research and Development Activities
FRS-14	Accounting for Construction Contracts
FRS-15	Provisions, Contingent Liabilities and Contingent Assets
SAAP-17	Accounting for Investment Properties
SSAP-18	Accounting for Leases
FRS-19	Accounting for Goods and Services Tax (GST)
FRS-21	Accounting for the Effects of Changes in Foreign Currency Exchange
SSAP-22	Rates
FRS-24	Related Party Disclosures
FRS-30	Interim Financial Statements
	Reporting Share Ownership Arrangements including Employee Share Ownership Plans

In hierdie raamwerk, word vier rekeningkundige standaarde uitgesluit, terwyl sekere rekeningkundige standaarde gedeeltelik uitgesluit word, naamlik die vermindering van sommige openbaarmakingsvereistes, sowel as die vereenvoudiging van sekere erkennings- en metingskriteria.

Ingevolge die raamwerk mag kwalifiserende entiteite die vereistes van die rekeningkundige verslagdoeningstandaarde waarvan hulle vrygestel is, selektief toepas, mits die erkennings- en metingsvereistes nie beïnvloed word nie (ICANZ, 2007:par.5). Indien 'n entiteit nie aan die grootte-kriteria voldoen het nie (d.w.s., indien 'n entiteit nie vir gedifferensieerde verslagdoening kwalifiseer nie, en wel later aan die grootte-kriteria voldoen), word daar ook vereis dat die entiteit vir twee opeenvolgende verslagdoeningstydperke aan die kriteria moet voldoen, voordat gedifferensieerde

verslagdoening toegepas mag word (ICANZ, 2007:par.4).

5.4.3.2 Kommentaar

Volgens Baskerville en Simpkins (1997:14), is die *Framework for Differential Reporting* 'n integrale deel van die vereistes vir die voorbereiding van finansiële verslae in Nieu-Seeland en is die raamwerk "... a key function in the engine room of regulation and financial reporting standards which govern financial reporting in New Zealand".

Die benadering wat in die *Framework for Differential Reporting* gevolg word, is die vereenvoudiging van bestaande rekeningkundige standaarde. Volgens hierdie benadering, word omvattende vereistes vir groot entiteite voorgeskryf, waarna sekere vereistes vir klein entiteite geëlimineer word. Baskerville en Simpkins (1997:14) argumenteer dat hierdie raamwerk waarskynlik die mees omvattende metode van gedifferensieerde verslagdoening is, weens die volgende redes:

- Groot entiteite met beperkte belange (*closely-held entities*) kan kwalifiseer vir vrystellings;
- Metingsvereistes is ingesluit in sommige vrystellings; en
- Kontantvloei-state word nie vir kwalifiserende entiteite vereis nie.

Die skrywers meld verder die volgende rakende hierdie raamwerk:

"Compared with frameworks in other jurisdictions, it provides proof of pragmatic and clear thinking about what constitutes necessary reporting requirements for small and closely-held entities." (Baskerville & Simpkins 1997:14).

Die bogenoemde word bevestig deur die feit dat hierdie raamwerk reeds, vir bykans 15 jaar, in Nieu-Seeland toegepas word en verskeie kere hiersien en op datum gebring is.

'n Opname deur Campbell en Rainsbury gedurende Desember 1995, bevestig dat hierdie raamwerk wel die finansiële verslagdoeningsvereistes vir 'n groot aantal entiteite verminder (Baskerville & Simpkins, 1997:15). Die toepassing van hierdie raamwerk verlig dus die las van finansiële verslagdoening van klein entiteite. Dit is ook die opinie van Ernst & Young (1997:85) dat die *Framework for Differential Reporting* suksesvol in Nieu-Seeland toegepas word en dat kwalifiserende entiteite voordeel uit die openbaarmakingsvrystellings trek.

Gill (2008:1) beklemtoon die belangrikheid van klein besighede in Nieu-Seeland in die volgende stelling:

“New Zealand is a nation of small businesses. There are about 120 000 small business owners ... It is in all our interests that their businesses are successful. They provide employment ... It's not just the financial report that is important, it's the discussion, getting focus on the right thing, and being able to provide practical help.”

Klein besighede speel 'n belangrike rol in die Nieu-Seelandse ekonomie; die rekeningkundige verslagdoening van hierdie entiteite is dus noodwendig belangrik en kan bydra tot die suksesvolle implementering van gedifferensieerde verslagdoening om die koste van verantwoording vir klein entiteite te verlig.

Na aanleiding van die onlangse uitreiking van die internasionale standaard, *IFRS for SMEs* (verwys na punt 5.5.3 vir die bespreking), is dit volgens Sealy-Fisher (2009:32) waarskynlik dat die *Institute of Chartered Accountants in New Zealand* die aanvaarding van die standaard in Nieu-Seeland, sal ondersoek, sowel as die gebruik en toepassing daarvan. Tydens die *Financial Reporting Standards Board* (FRSB) vergadering op 16 Julie 2009 in Wellington, is daar bevestig dat die FRSB die aanvaarding van die *IFRS for SMEs* in Nieu-Seeland gaan oorweeg, sodra die Minister van Ekonomiese Ontwikkeling die besprekingsdokument rakende die hersiening van die finansiële verslagdoeningsraamwerk uitreik (ICANZ, 2009).

5.4.4 Australië

Gedifferensieerde verslagdoening is gedurende 1992 in Australië geïmplementeer met die uitreiking van die *Statement of Accounting Concepts 1 (SAC 1): Definition of the Reporting Entity; Accounting Standard AASB 1025: Application of the Reporting Entity Concept and Other Amendments*; sowel as wysiging van die *Corporations Law of 1989*. Die benadering vir gedifferensieerde verslagdoening wat in Australië aanvaar is in SAC 1 en AASB 1025, is op 'n tweeledige *verslagdoenings/nie-verslagdoeningsentiteit-beginsel* gebaseer (Kent & Munro, 1999:360).

Entiteite wat as verslagdoeningsentiteite geklassifiseer word, moet aan al die rekeningkundige standaarde voldoen. 'n Verslagdoeningsentiteit word ooreenkomstig AASB 1025, paragraaf 27, soos volg gedefinieer:

“... an entity (including an economic entity) in respect of which it is reasonable to expect the existence of users dependent on general purpose financial reports for information which will be useful to them for making and evaluating decisions about the allocation of scarce resources ...” (Kent & Munro, 1999:360).

Ten einde die bestaan van eksterne gebruikers te bepaal, vereis SAC 1 inagname van die volgende faktore:

- Skeiding van eienaarskap en bestuur;
- Die aantal eienaars/aandeelhouers;
- Die ekonomiese of politieke belangrikheid van die entiteit; en
- Die finansiële eienskappe van die entiteit, insluitende grootte met verwysing na omset, aantal werknemers of bates.

Entiteite wat as nieverslagdoeningsentiteite geklassifiseer word, kan afwyk van rekeningkundige standaarde en verskaf 'n redelik laer vlak van openbaarmaking in hul finansiële state in vergelyking met verslagdoeningsentiteite (Kent & Munro, 1999:360). Die skrywers meld verder dat “... effectively, non-reporting entities can selectively choose the accounting standards they adopt when preparing financial reports”. Volgens Govey (1995:58), is die verslagdoeningsentiteit-beginsel egter subjektief.

Die *Corporations Law* tref 'n onderskeid tussen verskillende tipes entiteite, naamlik verslagdoeningsentiteite, nieverslagdoeningsentiteite, openbaarmakingsentiteite, publieke maatskappye, groot privaatmaatskappye en klein privaatmaatskappye. Verskillende gedifferensieerde verslagdoeningstandaarde geld vir die verskillende tipes entiteite, wat die gedeeltelike voldoening aan rekeningkundige standaarde insluit, sowel as geen voldoening aan rekeningkundige standaarde (Campbell, 1996:22).

Volgens Boymal (2006:107), is 'n nuwe gedifferensieerde verslagdoeningstelsel voorgestel op grond van die IASB se projek vir klein- en mediumgrootte entiteite (verwys ook na punt 5.5) en is die toepassing van gedifferensieerde verslagdoening in Australië daardeur beïnvloed. Die skrywer meld die volgende:

“All of a sudden, differential reporting has become the most controversial and interesting topic in the Australian financial reporting scene.” (Boymal, 2006:107).

Boymal (2006:110) kom tot die gevolgtrekking dat die verslagdoeningsentiteit-beginsel waarskynlik verouderd is en dat 'n gewysigde gedifferensieerde verslagdoeningstelsel,

met verwysing na koste-voordeel ontledings, toegepas behoort te word. Die skrywer is van mening dat dit sinvol sal wees om toepassing te oorweeg van die voorgestelde internasionale standaard vir klein- en mediumgrootte entiteite (*IFRS for SMEs* van die IASB) in Australië.

5.4.4.1 Besprekingsdokument: Finansiële Verslagdoening vir Klein- en Mediumgrootte Entiteite

Die AASB se besprekingsdokument, *Discussion paper: Financial Reporting for Small and Medium-sized Entities*, is gedurende Mei 2007 gepubliseer (ICAA, 2007a). Die besprekingsdokument sluit die *Invitation to Comment* (ITC 12) in, met verwysing na die IASB se voorgestelde standaard vir klein- en mediumgrootte entiteite (*IFRS for SMEs*).

Die hoofbesprekingspunte in die dokument waaroor die AASB inligting wou bekom, is (i) die rekeningkundige aangeleentheid rakende die voorgestelde *IFRS for SMEs* waaroor aan die IASB kommentaar gelewer moes word, (ii) die inligting rakende die toepassing van die *IFRS for SMEs* in Australië en (iii) die oorweging van 'n alternatiewe verslagdoeningsraamwerk vir entiteite wat nie algemene-doel finansiële verslae opstel nie.

Met inagneming van die verskeie kommentaar wat op ITC 12 ontvang is, is die betrokke aangeleentheid verder bespreek deur die AASB. Na aanleiding hiervan, is die internasionale rekeningkundige standaard vir klein- en mediumgrootte entiteite in Australië, gedurende 2009 aanvaar (AASB, 2009).

5.4.4.2 IFRS vir Niepublieke Entiteite

Volgens die AASB se gevolgtrekking gedurende 2009, moet daar 'n klemverskuiwing in die rekeningkundige verslagdoeningstelsel in Australië plaasvind en moet die fokus voortaan nie meer op die *verslagdoeningsentiteit-beginsel* wees nie, maar op *algemene-doel finansiële state* (AASB, 2009). Die AASB motiveer hul besluit deur te meld dat die IFRSs, wat van toepassing is op algemene-doel finansiële state eerder as verslagdoeningsentiteite, reeds gedurende 2005 deur Australië aanvaar is vir alle verslagdoeningsentiteite (ICAA, 2007b). Die verslagdoeningsentiteit-beginsel word ook nie internasionaal gebruik om die toepassing van rekeningkundige standaarde te bepaal nie. Die AASB bevestig dat die huidige gedifferensieerde verslagdoeningstelsel in

Australië verskillende interpretasies rondom die verslagdoeningsentiteit-beginsel tot gevolg het, wat aanleiding gee tot onkonsekwente resultate.

Die *IFRS for SMEs* wat deur die IASB uitgereik is, is deur die AASB as die *IFRS for Non-Publicly Accountable Entities* (NPAEs) uitgereik en gedurende 2009 in Australië aanvaar weens die volgende redes (AASB, 2009):

- Die AASB is van mening dat die *IFRS for SMEs* in die toekoms deur verskeie oorsese lande/jurisdiksies aanvaar gaan word en dat dit onvanpas sal wees om entiteite in Australië van die gebruik van hierdie standaard te ontnem;
- Dit is in ooreenstemming met die IASB se benadering rakende winsgewende entiteite;
- Dit is in ooreenstemming met die IASB se beleid rakende neutraliteit;
- 'n Australiese filiaal van 'n buitelandse maatskappy behoort die keuse te hê om die *IFRS for NPAEs* toe te pas, aangesien die moedermaatskappy of ander filiale moontlik die internasionale rekeningkundige standaard toepas; en
- Die verslagdoeningsvereistes van die *IFRS for NPAEs* is minder beswarend in vergelyking met die vereistes van die volledige IFRSs.

'n Twee-vlak gedifferensieerde verslagdoeningstelsel is deur die AASB goedgekeur vir winsgewende entiteite, soos gedefinieer in die *Corporations Act*, naamlik (AASB, 2009):

- **Vlak 1** is van toepassing op algemene-doel finansiële state van publieke verslagdoeningsentiteite en behels die toepassing van die volledige IFRSs.
- **Vlak 2** is van toepassing op algemene-doel finansiële state van niepublieke verslagdoeningsentiteite en sluit 'n keuse in om die *IFRS for NPAEs* (soos aanvaar in Australië) toe te pas, of 'n alternatiewe stelsel wat die toepassing van die volledige erkennings- en metingsvereistes van die volledige IFRSs behels, asook beperkte, spesifieke openbaarmakings (wat bepaal sal word).

Niepublieke maatskappye kan ook die keuse uitoefen om aan die volledige IFRSs te voldoen.

'n Voorlopige besluit is deur die AASB geneem dat 'n derde vlak van verslagdoening nie vereis word nie, aangesien wysiging van die *Corporations Act*, wat die las van verslagdoening van klein maatskappye kan verlig, binne die afsienbare toekoms verwag word; verder word daar geargumenteer dat 'n derde verslagdoeningsvlak nie deur respondente as 'n vereiste geïdentifiseer is nie en dat die keuses wat volgens vlak 2 beskikbaar is, voldoende is. Die rekeningkundige verslagdoeningstelsel in Australië maak

egter wel indirek voorsiening vir 'n derde vlak van verslagdoening vir entiteite wat volgens die *Australian Corporations Act* nie verslagdoeningsentiteite is nie. Daar word ook na hierdie entiteite verwys as *small companies limited by guarantee*. Entiteite kwalifiseer as nieverslagdoeningsentiteite, mits hulle aan sekere gestelde grootte-kriteria voldoen. Daar word vereis dat die finansiële state van hierdie entiteite, i.e. spesiale-doel finansiële verslae, slegs moet voldoen aan die volgende drie rekeningkundige standaarde (AASB, 2009):

1. AASB 101: *Presentation of Financial Statements*;
2. AASB 107: *Cash Flow Statements*; en
3. AASB 108: *Accounting Policies, Changes in Accounting Estimates and Errors*.

Die ICAA se *Business Practice Guide: Financial Statements of Non-Reporting Entities* is in Augustus 2004 uitgereik, en dien as riglyn vir die rekeningkundige verantwoording van nieverslagdoeningsentiteite. Die gids is in 2005 hersien om voorsiening te maak vir die IFRSs en die hersiene gids is gedurende Desember 2006 uitgereik (ICAA, 2006:Appendix G). In 'n artikel, *Help for NREs*, meld die skrywer dat die verslagdoeningsentiteit-beginsel nie verander is deur die omskakeling na die IFRSs nie, maar dat dit die geleentheid bied om die huidige verslagdoeningstelsel in Australië te hersien:

“The changeover to IFRS is an ideal opportunity to review the nature of the financial reports being produced and to formally document why particular accounting policies and presentations best meet the needs of users, especially since what constitutes Australian Generally Accepted Accounting Practice (GAAP) is undergoing fundamental change.” (Charter, 2005:69).

In die bogenoemde stelling word daar verder ook klem gelê op die spesifieke behoeftes van die gebruikers van finansiële state.

5.4.4.3 Kommentaar

Uit die bogenoemde bespreking blyk dit dat 'n omvattende gedifferensieerde rekeningkundige verslagdoeningstelsel suksesvol in Australië geïmplementeer is.

Die AASB meld in hul kommentaar aan die IASB dat hulle eenvoudiger erkennings- en metingskriteria in die voorgestelde standaard (*IFRS for SMEs*) ondersteun; verder is die AASB van mening dat daar nie voldoende oorweging aan die behoeftes van die gebruikers van klein- en mediumgrootte entiteite se finansiële state gegee is, om die toepaslikheid van die erkennings-, metings- en openbaarmakingsvereistes te bepaal nie

(ICAA, 2007c). Die toepassing van billikewaarde-wysigings is ook spesifiek gekritiseer, naamlik:

“We consider that the users of SME financial statements are interested in information regarding short term stewardship rather than for long term investment decision making, therefore consider the use of fair value as not relevant in this context.” (ICAA, 2007c).

Ten spyte van hierdie kritiek, is die internasionale rekeningkundige standaard vir klein- en mediumgrootte entiteite wel in Australië aanvaar, en vorm dié standaard deel van die Australiese hersiene gedifferensieerde verslagdoeningstelsel.

Geoff Rankin, die uitvoerende hoof van die instituut, CPA Australia, bevestig egter dat die voorstelle vir gedifferensieerde verslagdoening deur CPA Australia verwerp is, dat die verslagdoeningsentiteit-beginsel 'n belangrike rol in rekeningkundige verslagdoening in Australië speel en dat die beginsel behou moet word (Accountant, 2007:3). Rankin argumenteer verder dat die verwydering van die verslagdoeningsentiteit-beginsel addisionele koste, sonder enige verbandhoudende voordele, vir entiteite tot gevolg sal hê, en beveel aan dat die AASB die verslagdoeningsentiteit-beginsel behoort te verbeter.

Volgens Cummings *et al.* (2007:60), sal die internasionale rekeningkundige standaard vir klein- en mediumgrootte entiteite meer formele verslagdoeningsvereistes vir hierdie entiteite tot gevolg hê. Die skrywers meld ook die volgende:

“Changes to the financial reporting system are coming at a time of rapid structural and technological changes for the SME sector, including greater competition, labour shortages, workforce flexibility and administrative burdens ... As the SME environment continues to be more challenging and dynamic from a regulatory and market standpoint, IFRS for SMEs will provide much needed clarity to a sector that has in the past, largely been left adrift.” (Cummings *et al.* 2007:60).

Die laasgenoemde skrywers beklemtoon egter dat duidelike riglyne gestel moet word rakende die identifisering van klein entiteite in Australië waarop die nuwe verslagdoeningstelsel van toepassing sal wees.

5.5 Internasionale Rekeningkundige Praktykeraad (IASB)

Gedurende Desember 2000, is die *International Accounting Standards Board* (IASB) gevorm om die *International Accounting Standards Committee* (IASC) te vervang. Die doel van die IASB is om internasionale rekeningkundige standaarde uit te reik “and working generally for the improvement and harmonisation of regulations, accounting standards and procedures relating to the presentation of financial statements” (Deegan & Unerman, 2006:109). In ’n verslag aan die IASB, is daar spesifiek erken dat “... a demand exists for a special version of International Accounting Standards for Small Enterprises”. Kort na die ontstaan van die IASB in 2001, is ’n projek deur dié raad geloods om toepaslike rekeningkundige standaarde vir klein- en mediumgrootte entiteite te ontwikkel. Die doelwitte van die *Trustees of the IASC Foundation*, waaronder die IASB funksioneer, is in Julie 2005 formeel soos volg gewysig:

“... in developing IFRSs, the IASB should take account of, as appropriate, the special needs of small and medium-sized entities and emerging economies” (IASB, 2007c).

Die besprekingsdokument, *Preliminary Views on Accounting Standards for Small and Medium-sized Entities*, is as gevolg van die bogenoemde, in Junie 2004 gepubliseer.

5.5.1 Besprekingsdokument: Voorlopige Menings oor Rekeningkundige Standaarde vir Klein- en Mediumgrootte Entiteite

Die IASB vermeld die doelwitte van die IASB-standaarde vir klein- en mediumgrootte entiteite in die besprekingsdokument, *Discussion paper: Preliminary Views on Accounting Standards for Small and Medium-sized Entities*, as die volgende (IASB, 2004:18):

- Die voorsiening van hoë kwaliteit, verstaanbare en afdwingbare rekeningkundige standaarde wat internasionaal toepaslik is vir klein- en mediumgrootte entiteite;
- ’n Fokus op die behoeftes van die gebruikers van klein- en mediumgrootte entiteite se finansiële state;
- Die bevestiging dat standaarde op dieselfde konseptuele raamwerk as die IFRSs gebaseer is;
- Die verligting van die las van finansiële verslagdoening op klein- en mediumgrootte entiteite; en

- Die voorsiening van 'n eenvoudige oorgang na die volledige IFRSs, indien klein- en mediumgrootte entiteite dit nodig sou ag.

Die besprekingsdokument identifiseer die volgende rekeningkundige kwessies rakende rekeningkundige standaarde vir klein- en mediumgrootte entiteite (IASB, 2004:28):

- Enige wysigings aan die konsepte of beginsels in die IFRSs moet op die geïdentifiseerde *behoefte van die gebruikers* van klein- en mediumgrootte entiteite se finansiële state, of op *koste-voordeel ontledings* gebaseer word.
- Dit is waarskynlik dat enige aanbieding en openbaarmakingswysigings geregverdig sal word op die grondslag van gebruikersbehoefte of koste-voordeel ontledings.
- Daar is 'n weerlegbare aanname dat geen wysigings aan die erkennings- en metingskriteria gemaak word nie; sodanige wysigings kan slegs geregverdig word op die grondslag van gebruikersbehoefte of koste-voordeel ontledings.
- Die IFRSs moet as 'n basis dien vir die ontwikkeling van 'n IASB-standaard vir klein- en mediumgrootte entiteite.
- Indien die IASB-standaard vir klein- en mediumgrootte entiteite nie 'n spesifieke rekeningkundige erkennings- of metingskwessie aanspreek nie, moet die entiteit terugval op die IFRS wat slegs op daardie spesifieke kwessie van toepassing is. Hierdie verpligte terugval op die IFRS moet duidelik deur elke IASB-standaard vir klein- en mediumgrootte entiteite vermeld word.
- Waar die IASB-standaard vir klein- en mediumgrootte entiteite voorsiening maak vir die vrystelling of vereenvoudiging van 'n erkennings- of metingsvereiste in die verwante IFRS, word 'n entiteit nie verbied om steeds die volledige IFRS toe te pas nie.
- Die IASB-standaard vir klein- en mediumgrootte entiteite moet afsonderlik gepubliseer word met dieselfde numeringstelsel as die IFRSs.

Die IASB se voorstel rakende die definisie van *klein- en mediumgrootte entiteite*, is dat dit entiteite moet wees wat geen publieke aanspreeklikheid het nie. Geen kwantitatiewe kriteria is gestel nie, en daar word vereis dat die toestemming van al die eienaars verkry moet word voordat daar aan die definisie van *klein- en mediumgrootte entiteite* voldoen word (verwys na hoofstuk 4 vir die identifisering van klein entiteite) (IASB, 2004:21).

Gedurende Desember 2004 en Januarie 2005, is 120 voorstelle op die besprekingsdokument terugontvang; vandaar die volgende gevolgtrekking deur die IASB:

“The responses to the Discussion Paper showed a clear demand for an International Financial Reporting Standard for SMEs (IFRS for SMEs) and a preference, in many countries, to adopt the IFRS for SMEs rather than locally or regionally developed standards.” (IASB 2007c).

Die publikasie van ’n geopenbaarde konsep, *Exposure draft of an IFRS for SMEs*, is deur die IASB geïdentifiseer as die volgende stap.

5.5.2 Geopenbaarde konsep: IFRS vir Klein- en Mediumgrootte Entiteite

Voortspruitend uit die bogenoemde besprekingsdokument, is ’n vraelys aan belangegroepe opgestel deur die IASB om die volgende twee kwessies verder te ondersoek, naamlik om te bepaal (i) vir welke areas die erkennings- en metingsbeginsels moontlik verder vereenvoudig kan word ten opsigte van klein- en mediumgrootte entiteite, en (ii) watter onderwerpe, wat deur die IFRSs aangespreek word, van die standaard vir klein- en mediumgrootte entiteite uitgesluit kan word, omdat dit onwaarskynlik is dat dit binne die konteks van ’n klein entiteit toepaslik is. ’n Totaal van 101 antwoorde is op die vraelyste ontvang en verwerk, en 43 verskillende belangegroepe was deelnemers aan die besprekings rakende ’n rekeningkundige standaard vir klein entiteite gedurende Oktober 2005. Die resultaat van hierdie ondersoek is gedurende Februarie 2007 uitgereik as die geopenbaarde konsep, *Exposure draft of an IFRS for SMEs*.

Hierdie geopenbaarde konsep is gedurende Mei 2007 in Suid-Afrika uitgereik as ED 225 (verwys na punt 5.6 vir ’n bespreking van die Suid-Afrikaanse posisie rakende gedifferensieerde verslagdoening). Dit is vervolgens nodig om die inhoud van die geopenbaarde konsep breedvoerig te bespreek, aangesien hierdie voorgestelde verslagdoeningstandaard in Suid-Afrika aanvaar is en toegepas word, en omdat die doel van hierdie empiriese studie (soos in hoofstuk 1 beskryf), die identifisering van die behoeftes van gebruikers van klein maatskappy finansiële state in Suid-Afrika behels. Die volgende aspekte en standaard word aangespreek deur die geopenbaarde konsep (soos toegelig in tabel 5.4):

Tabel 5.5: Exposure draft of an IFRS for SMEs

Section	Topic
1	Scope
2	Concepts and Pervasive Principles
3	Financial Statement Presentation
4	Balance Sheet
5	Income Statement
6	Statement of Changes in Equity and Statement of Income and Retained Earnings
7	Cash Flow Statement
8	Notes to the Financial Statements
9	Consolidated and Separate Financial Statements
10	Accounting Policies, Estimates and Errors
11	Financial Assets and Financial Liabilities
12	Inventories
13	Investments in Associates
14	Investments in Joint Ventures
15	Investment Property
16	Property, Plant and Equipment
17	Intangible Assets other than Goodwill
18	Business Combinations and Goodwill
19	Leases
20	Provisions and Contingencies
21	Equity
22	Revenue
23	Government Grants
24	Borrowing Costs
25	Share-based Payment
26	Impairment of Non-financial Assets
27	Employee Benefits
28	Income Taxes
29	Financial Reporting in Hyperinflationary Economies
30	Foreign Currency Translation
31	Segment Reporting
32	Events after the End of the Reporting Period
33	Related Party Disclosure
34	Earnings per Share
35	Specialised Industries
36	Discontinued Operations and Assets Held for Sale
37	Interim Financial Reporting
38	Transition to the <i>IFRS for SMEs</i>

Afdeling 1 stel die *omvang* van die standaard en meld dat die *IFRS for SMEs* bedoel is vir klein- en mediumgrootte entiteite wat nie publieke aanspreeklikheid het nie en wel algemene-doel finansiële state vir eksterne gebruikers publiseer. Die omvang van die standaard is egter algemeen, aangesien dit slegs publieke aanspreeklikheid as kriteria insluit en nie verdere kwantitatiewe vereistes vir die identifisering van klein- en mediumgrootte entiteite vereis nie. Uit die IASB se redes vir hul gevolgtrekkings, blyk dit dat die IASB die mening huldig dat internasionale verslagdoeningstandaarde in meer as 100 lande toegepas word en dat dit elke jurisdiksie/land se eie verantwoordelikheid is om 'n toepaslike definisie vir die toepassing van die *IFRS for SMEs* te formuleer (IASB, 2007c:BC33-BC54). Daar word ook geargumenteer dat die term *klein- en mediumgrootte*

entiteit algemeen erken word; gevolglik word daar na die standaard verwys as die IFRS vir klein- en mediumgrootte entiteite (Pacter, 2007:76).

In die oorweging van die inhoud van die geopenbaarde konsep, fokus die IASB op 'n tipiese entiteit met ongeveer 50 werknemers. Die 50-werknemers riglyn is nie 'n kwantitatiewe maatstaf vir die omskrywing van *klein- en mediumgrootte entiteite* nie, maar is slegs gebruik om die tipe transaksies, gebeure en toestande aan te dui wat in die voorgestelde rekeningkundige standaard aangespreek behoort te word. Die IASB huldig die opinie dat die voorgestelde rekeningkundige standaard ook vir entiteite met minder as 50 werknemers (die sogenaamde mikro entiteite) toepaslik is (IASB, 2007c:BC45).

Daar word geargumenteer dat mikro entiteite 'n baie vereenvoudigde en verkorte stel rekeningkundige vereistes benodig. Die IASB verwerp egter hierdie argumente en is van mening dat die voorgestelde rekeningkundige standaard vir alle klein- en mediumgrootte entiteite, sowel as mikro entiteite toepaslik is. Die IASB motiveer hul besluit soos volg:

“However, the Board concluded that the resulting statements would not meet the objective of decision-usefulness because they would not provide useful information about the entity’s financial position, performance and changes in financial position that is useful to a wide range of users in making economic decisions ... such a simple and brief set of accounting requirements might not serve SMEs by improving their ability to obtain capital.” (IASB, 2007c:BC49).

Die *openbaarmakingsvereistes* in al die afdelings van die geopenbaarde konsep is wesenlik verminder in vergelyking met die openbaarmakingsvereistes van die volledige Internasionale Finansiële Rekeningkundige Standaarde (*IFRSs*). Die volgende beginsels is deur die IASB toegepas vir vermindering van die openbaarmakingsvereistes (IASB, 2007c:BC119):

- Sommige openbaarmakings is uitgesluit omdat dit verband hou met onderwerpe wat in die volledige IFRSs ingesluit is, maar uitgesluit is in die geopenbaarde konsep.
- Sommige openbaarmakings is uitgesluit omdat dit verband hou met erkennings- en metingskriteria wat in die geopenbaarde konsep vereenvoudig is.
- Sommige openbaarmakings is uitgesluit omdat dit verband hou met keuses wat nie in die geopenbaarde konsep ingesluit is nie, maar wel beskikbaar is vir klein- en mediumgrootte entiteite by wyse van kruisverwysing tussen die konsep en die volledige IFRSs.
- Sommige openbaarmakings is uitgesluit op die grondslag van gebruikersbehoefte of koste-voordeel oorwegings.

Die IASB meld dat dit nie maklik is om openbaarmakingsvereistes op die grondslag van gebruikersbehoefte te evalueer nie, omdat gebruikers van finansiële state geneig is om ten gunste te wees van meer openbaarmaking, eerder as minder openbaarmaking. Die volgende is enkele van die riglyne rakende gebruikersbehoefte wat toegepas word deur die IASB (IASB, 2007c:BC120):

- Gebruikers van finansiële state van klein- en mediumgrootte entiteite stel spesifiek in inligting oor korttermyn kontantvloei en verpligtinge of voorwaardelike aanspreeklikheid belang.
- Gebruikers van finansiële state van klein- en mediumgrootte entiteite stel belang in inligting oor likwiditeit en solvabiliteit.
- Inligting oor die meting van onsekerhede is belangrik vir klein- en mediumgrootte entiteite.
- Inligting oor rekeningkundige beleidskeuses is belangrik vir klein- en mediumgrootte entiteite.
- Sommige openbaarmakings in die volledige IFRSs is meer toepaslik vir beleggingsbesluite in kapitaalmarkte as vir die transaksies en ander gebeure en toestande wat tipiese klein- en mediumgrootte entiteite ondervind.

Die *erkennings- en metingsvereistes* in sommige van die afdelings in die geopenbaarde konsep is vereenvoudig, naamlik:

- Finansiële instrumente: vereenvoudiging van die klassifikasie en ontferking van finansiële instrumente, sowel as die verskansingsvereistes;
- Waardedaling van klandisiewaarde;
- Alle navorsings- en ontwikkelingskoste wat as uitgawe erken is;
- Die kosprysmetode vir geassosieerde en gesamentlike ondernemings word gebruik;
- Inkomstebelasting: vereenvoudiging van die berekening van uitgestelde belasting;
- Werknemersvoordele: omskrewesvoordeel-planne;
- Aandeelgebaseerde betaling; en
- Huur.

Waar *keuses in die rekeningkundige beleid* in die volledige IFRSs ingesluit is, aanvaar die IASB dat klein- en mediumgrootte entiteite waarskynlik die eenvoudiger keuse sal aanvaar as rekeningkundige beleid; gevolglik is slegs die eenvoudiger opsies in die geopenbaarde konsep ingesluit, met die alternatiewe steeds beskikbaar by wyse van kruisverwysing tussen die konsep en die volledige IFRSs. Kruisverwysing tussen die volledige IFRSs en die geopenbaarde konsep kan gemaak word in die afdelings rakende

beleggingseiendom, eiendom, aanleg en toerusting, ontasbare bates, leenkoste, kontantvloeistate en verantwoording van staatstoekennings.

Die volgende *onderwerpe is uitgesluit* in die geopenbaarde konsep, maar kan steeds toegepas word by wyse van kruisverwysing tussen die konsep en die volledige IFRSs, indien nodig: hiperinflasie; ekwiteitsvereffende, aandeelgebaseerde betalingstransaksie; landbou; tussentydse finansiële verslagdoening; verantwoording van verhuurders vir finansieringsbruikhure; verdienste per aandeel; segmentverslagdoening; en versekering.

Die IASB se sluitingsdatum vir alle kommentaar op die geopenbaarde konsep, is vasgestel as 30 September 2007, maar verleng tot 30 November 2007; 162 briewe met kommentaar op die geopenbaarde konsep is ontvang en op die IASB-webwerf beskikbaar gestel. Die belangrikste kwessies wat in die kommentaar aangespreek word, kan opgesom word onder die volgende afdelings (IASB, 2009b:BC26):

- *Afsonderlike dokument*: die versoek dat die rekeningkundige standaard, *IFRS for SMEs*, 'n afsonderlike dokument moet wees met geen kruisverwysings tussen die konsep en die volledige IFRSs nie, is deur meer as 60% van die respondente beaam.
- *Keuses in rekeningkundige beleid*: baie kommentaar is gelewer oor die insluiting van keuses in rekeningkundige beleid.
- *Verwagte veranderinge aan die IFRS*: die mening dat die *IFRS for SMEs* op die huidige IFRSs gebaseer behoort te word, en dat verwagte veranderinge aan die IFRSs nie oorweeg behoort te word nie, is deur baie respondente gehuldig.
- *Openbaarmakings*: 'n verdere aanduiding deur respondente, is dat die openbaarmakingsvereistes verder verminder en vereenvoudig kan word; geen spesifieke openbaarmakings is egter geïdentifiseer nie.
- *Omvang*: die toepaslikheid van die standaard vir mikro entiteite (entiteite met minder as 10 werknemers) en klein genoteerde entiteite, is deur verskeie respondente bespreek.
- *Billike waarde-meting*: die voorstel dat die meting van billike waarde in die *IFRS for SMEs* beperk moet word, is deur baie respondente beaam.
- *Implementeringsgids*: die behoefte vir 'n implementeringsgids is geïdentifiseer en die IASB is deur respondente aangemoedig om sodanige gids te voorsien.
- *Kommentaar op spesifieke afdelings*: onderwerpe waarop die meeste kommentaar (ten gunste van verdere vereenvoudiging) gelewer is, onder andere konsolidasies, amortisasie van klandisiewaarde en ontasbare bates met 'n onbeperkte nutsduur,

finansiële instrumente, vereistes vir 'n staat van kontantvloei en 'n staat van veranderinge in ekwiteit, meting van waardedaling, meting van finansiering vir bruikhure, aandeelgebaseerde betalings, werknemersvoordele en inkomstebelasting.

Die bogenoemde kommentaar is in ag geneem deur die IASB en verdere besprekings is gedurende 2008/2009 gehou; die *International Financial Reporting Standard for Small and Medium-sized entities (IFRS for SMEs)* is as gevolg hiervan gedurende Julie 2009 as 'n standaard gepubliseer (IASB, 2009a).

5.5.3 IFRS vir Klein- en Mediumgrootte Entiteite

Die volgende persverklaring is op 9 Julie 2009 deur Sir David Tweedie, voorsitter van die IASB, gemaak, nadat die IASB se internasionale verslagdoeningstandaard vir klein- en mediumgrootte entiteite (*IFRS for SMEs*) uitgereik is:

“The publication of IFRS for SMEs is a major breakthrough for companies throughout the world. For the first time, SMEs will have a common high quality and internationally respected set of accounting requirements. We believe the benefits will be felt in both developed and emerging economies.” (IASB, 2009c).

Paul Pacter, direkteur van IASB-standaarde vir klein- en mediumgrootte entiteite, se kommentaar op die bogenoemde persverklaring is as volg:

“The IFRS for SMEs will provide businesses with a passport to raise capital on a national or an international basis.” (IASB, 2009c).

Daar word in die persverklaring vermeld dat die standaard baie eenvoudiger is as die volledige IFRSs en spesifiek dat dit eerstens die vergelykbaarheid vir gebruikers van finansiële state sal bevorder, tweedens die algehele vertroue op die finansiële state van klein- en mediumgrootte entiteite sal verhoog en derdens die koste van handhawing van standaarde op 'n nasionale grondslag, sal verminder.

Die IFRS stem grootliks ooreen met die geopenbaarde konsep, maar sluit verdere vereenvoudigings van die erkennings-, metings- en aanbiedingsvereistes in. Die belangrikste veranderinge is, onder andere, die volgende (IASB, 2007b:BC34):

- Uitskakeling van kruisverwysings tussen die finale dokument en die volledige IFRSs, met die uitsondering van een verwysing; die finale IFRS vir klein- en mediumgrootte entiteite is 'n afsonderlike dokument;

- Uitsluiting van alle komplekse rekeningkundige beleidsopsies (kruisverwysings tussen die volledige IFRSs en geopenbaarde konsep is verwyder);
- Uitsluiting van onderwerpe wat waarskynlik nie toepaslik is vir tipiese klein- en mediumgrootte entiteite nie (kruisverwysings tussen die volledige IFRSs en geopenbaarde konsep is verwyder);
- Uitsluiting van enige verwagte, moontlike, toekomstige veranderinge aan die IFRSs;
- Omskakeling na die aanbiedingsvereistes van IAS 1, *Presentation of Financial Statements*;
- Herstrukturering van afdeling 11 (Finansiële instrumente) van die geopenbaarde konsep tot twee afdelings, naamlik afdeling 11 (Basiese finansiële instrumente) en afdeling 12 (Ander aangeleenthede rakende finansiële instrumente);
- Vereenvoudiging van verskeie waardedalingsvereistes;
- Uitskakeling van die eweredige konsolidasiemetode vir gesamentlike ondernemings;
- Insluiting van die vereiste dat die rekeningkundige beleid vir beleggingseiendom gebaseer moet word op die grondslag van omstandighede;
- Uitsluiting van die vereiste rakende jaarlikse hersiening van reswaardes; nuttige lewensduur; en metodes van waardevermindering ten opsigte van eiendom, aanleg en toerusting, asook ontasbare bates;
- Amortisasie van alle ontasbare bates met 'n onbeperkte leeftyd, insluitende klandisiewaarde;
- Vereenvoudiging van die erkenning van staatstoekennings;
- Erkenning van alle leenkoste as 'n uitgawe;
- Verdere vereenvoudiging ten opsigte van aandeelgebaseerde betalings;
- Vereenvoudiging van die meting van 'n omskrewedydrae-pensioenverpligting;
- Insluiting van IFRS 1, *First-time Adoption of International Financial Reporting Standards*;
- Insluiting van die volgende Interpretasies: IFRIC 2, *Members' Shares in Co-operative Entities and Similar Instruments*; IFRIC 4, *Determining whether an Arrangement Contains a Lease*; IFRIC 8, *Scope of IFRS 2*; IFRIC 12, *Service Concession Arrangements*; IFRIC 13, *Customer Loyalty Programs*; IFRIC 15, *Arrangements for the Construction of Real Estate*; IFRIC 17, *Distribution of Non-cash Assets to Owners*; SIC 12, *Consolidation, Special Purpose Entities*.

5.5.4 Kommentaar

Die IFRS vir klein- en mediumgrootte entiteite is die resultaat van 'n vyf-jaar ontwikkelingsproses wat onderneem is deur die IASB (IASB, 2009b). Die voorgestelde rekeningkundige standaard is reeds in 2007 in Suid-Afrika aanvaar. Gebruikers en opstellers van klein maatskappy finansiële state in Suid-Afrika se menings rakende die toepaslikheid van hierdie standaard word in die empiriese studie ondersoek. Die IFRS vir klein- en mediumgrootte entiteite is ook reeds in Australië aanvaar as deel van hul gedifferensieerde verslagdoeningstelsel. Daar is ook aangetoon dat die rekeningkundige standaard waarskynlik in die toekoms deur verskeie ander lande aanvaar gaan word. Volgens Shearer en Sleigh-Johnson (2007:79), is die *IFRS for SMEs* baie meer kompleks as die FRSSSE in die Verenigde Koninkryk en is die ICAEW van mening dat die FRSSSE as 'n derde vlak van rekeningkundige verslagdoening behou moet word. Mackintosh bevestig dat die ICAEW die volgende verslagdoeningstelsel oorweeg:

“Maybe we will consider 1. IFRS for large companies; 2. IFRS for SMEs for medium companies; and 3. Leave our FRSSSE for the littlies.” (in Shearer & Sleigh-Johnson, 2007:79).

Uit die bogenoemde blyk dit dat 'n derde vlak van rekeningkundige verslagdoening waarskynlik in die toekoms onderskei gaan word.

5.6 Gedifferensieerde verslagdoening in Suid-Afrika

Die eerste voorstel vir gedifferensieerde verslagdoening in Suid-Afrika, *Discussion Paper (DP) 16, Limited purpose financial statements*, is in Mei 2000 deur SAICA uitgereik met die doel om, onder andere, te bepaal of respondente gedifferensieerde verslagdoening ondersteun, al dan nie. Gunstige kommentaar is oor die algemeen ontvang op die voorstelle, soos vervat in die besprekingsdokument, en 'n beweging in die rigting van gedifferensieerde verslagdoening is deur al die respondente verwelkom (Hattingh, 2002:23; Heymans, 2000:31).

ED 163, Framework for the preparation and presentation of limited purpose financial statements, 'n geopenbaarde konsep wat hoofsaaklik die openbaarmakingsvereistes vir klein maatskappye vereenvoudig, is in Junie 2003 deur SAICA uitgereik.

Gedurende Mei 2007, is *ED 225, Financial reporting for small and medium-sized entities* –

Proposed process, ook deur SAICA uitgereik. Hierdie geopenbaarde konsep is presies dieselfde as die voorgestelde IFRS vir klein- en mediumgrootte entiteite (*IFRS for SMEs*) wat deur die IASB uitgereik is.

Die raamwerk, *ED 257, Framework for non-public entities*, is in Februarie 2009 deur SAICA uitgereik om 'n rekeningkundige raamwerk daar te stel vir entiteite wat nie volgens wet vereis word om aan enige ander rekeningkundige raamwerk te voldoen nie.

Die vereistes en inhoud van elk van die bogenoemde Suid-Afrikaanse dokumente word vervolgens kortliks bespreek.

5.6.1 Besprekingsdokument 16: Beperkte-doel finansiële state

Die besprekingsdokument, *Discussion Paper 16: Limited purpose financial statements*, is in Mei 2000 uitgereik, en spreek die volgende aan in die oorweging van 'n vereenvoudigde verslagdoeningstandaard vir klein maatskappye:

5.6.1.1 Gebruikers en hul behoeftes

Die gebruikers van finansiële state word in twee groepe geklassifiseer, naamlik (i) gebruikers wat 'n reg het om addisionele inligting, bo en behalwe die inligting wat in die finansiële state ingesluit is, te ontvang of te vereis ten einde aan hul behoeftes vir besluitnemingsdoeleindes te voldoen, en (ii) gebruikers wat nie in 'n posisie is om hierdie addisionele inligting te bekom nie. Daar word geargumenteer dat die meerderheid van entiteite in Suid-Afrika deur hul eienaars bestuur word, en dat die finansiële state van hierdie entiteite nie vir algemene doeleindes versprei word nie, maar slegs aan die aandeelhouders beskikbaar gestel word wat in 'n posisie is om verdere inligting te bekom ten einde aan hul spesifieke inligtingsbehoefte te voldoen. Hierdie gebruikers vereis gevolglik nie die uitgebreide inligting wat in algemene-doel finansiële state verskaf word nie; dus behoort daar tussen algemene- en beperkte-doel finansiële state onderskei te word. Daar word spesifiek vermeld dat die standaard vir beperkte-doel finansiële state nie afsonderlik nie, maar 'n integrale deel van standarde van algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk behoort te wees.

5.6.1.2 Kwalifiserende entiteite

Die twee alternatiewe metodes wat oorweeg is ten einde 'n entiteit vir beperkte-doel verslagdoeningsdoeleindes te definieer is (i) kwantitatiewe kriteria, gekombineer met kwalitatiewe vereistes en (ii) slegs kwalitatiewe vereistes, met beklemtoning van die beoogde gebruikers van die finansiële inligting. DP16 beveel aan dat slegs kwalitatiewe vereistes gebruik word om kwalifiserende entiteite te identifiseer en meld die volgende:

“It is uneconomic to gather, formulate and communicate information that will not be of use to anyone. The focus should, therefore, be on the user’s needs rather than on the entity presenting the financial statements.”
(SAICA, 2000:2).

5.6.1.3 Erkennings- en metingsvereistes

In die besprekingsdokument is voorgestel dat beperkte-doel finansiële state aan al die erkennings- en metingsvereistes van die uitgereikte rekeningkundige standaard moet voldoen, en dat slegs die openbaarmakingsvereistes verminder en vereenvoudig moet word.

5.6.1.4 Openbaarmakingsvereistes

DP16 stel die volgende kriteria vir bepaling van die moontlike insluiting of uitsluiting van openbaarmakingsvereistes:

- Indien die koste duidelik die voordele van die voorsiening van die inligting oorskry, behoort die openbaarmaking opsioneel te wees.
- Waar openbaarmaking slegs vereis word om gebruikers in staat te stel om risiko’s te evalueer, behoort die openbaarmaking opsioneel te wees.
- Waar openbaarmaking slegs vereis word om gebruikers in staat te stel om toekomstige prestasie te evalueer, behoort die openbaarmaking opsioneel te wees.
- Openbaarmaking wat vereis word om gebruikers in staat te stel om die werklike prestasie van die entiteit te evalueer, behoort steeds gemaak te word.

Alhoewel die kommentaar op die bogenoemde besprekingsdokument gunstig was, het dit nie aanleiding gegee tot die uitreiking van 'n rekeningkundige standaard nie; gevolglik is gedifferensieerde verslagdoening nie in Suid-Afrika in praktyk geïmplementeer nie.

5.6.2 GK 163, Raamwerk vir die voorbereiding en aanbieding van beperkte-doel finansiële state

'n Voorstel is deur die King-verslag gemaak dat die Maatskappywet gewysig moet word om voorsiening te maak dat privaatmaatskappye in spesifieke omstandighede finansiële state mag opstel in ooreenstemming met beperkte-doel finansiële verslagdoeningstandaarde. Hierdie verslagdoeningstandaarde behoort deur 'n voorgestelde Raad vir Finansiële Verslagdoeningstandaarde opgestel te word. 'n Voorgestelde wetsontwerp oor finansiële verslagdoening maak voorsiening vir die vestiging van 'n Raad vir Finansiële Verslagdoeningstandaarde wat verantwoordelik is vir die opstel van beperkte-doel finansiële verslagdoeningstandaarde; verder word daar ook voorsiening gemaak dat die Raad vir Finansiële Verslagdoeningstandaarde 'n subkomitee kan aanstel om hierdie standaarde te ontwikkel. Die *Small Enterprises Financial Reporting Committee* is na aanleiding van hierdie voorstelle, deur SAICA aangestel as die subkomitee wat moes bepaal wat ingesluit behoort te word by beperkte-doel finansiële verslagdoeningstandaarde; gevolglik is ED 163, *Framework for the preparation and presentation of limited purpose financial statements*, in Junie 2003 uitgereik. (Vorster *et al.*, 2007:6).

5.6.2.1 Erkennings- en metingsvereistes

In die konsepdokument word spesifiek vermeld dat die erkennings- en metingsvereistes van beperkte-doel finansiële state nie van die erkennings- en metingsvereistes van die IFRSs behoort af te wyk nie. Daar word egter tot die slotsom gekom dat die koste om aan sekere erkennings- en metingskriteria te voldoen, die voordele daarvan oorskry (SAICA, 2003:par.22). In ED 163, word die erkennings- en metingskriteria gevolglik gewysig vir die volgende rekeningkundige standaarde:

- IAS 12: *Income taxes*
- IAS 39: *Financial instruments: Recognition and measurement*

5.6.2.2 Openbaarmakingsvereistes

Ten einde die openbaarmakingsvereistes vir klein entiteite te verminder, is die volgende rekeningkundige standaarde aangepas vir beperkte-doel finansiële state:

- IAS 2: *Inventory*

- IAS 7: *Cash flow statements*
- IAS 12: *Income taxes*
- IAS 14: *Segment reporting*
- IAS 16: *Property, plant and equipment*
- IAS 17: *Leases*
- IAS 21: *The effect of changes in foreign exchange rates*
- IAS 27: *Consolidated financial statements and investments in subsidiaries*
- IAS 28: *Accounting for investments in associates*
- IAS 31: *Financial reporting of interests in joint ventures*
- IAS 32: *Financial instruments: Disclosure and presentation*
- IAS 33: *Earnings per share*
- IAS 34: *Interim financial reporting*
- IAS 36: *Impairment of assets*
- IAS 37: *Provisions, contingent liabilities and contingent assets*
- IAS 39: *Financial instruments: Recognition and measurement*

Ten spyte daarvan dat die geopenbaarde konsep die las van rekeningkundige verslagdoening van klein maatskappye in Suid-Afrika sou verlig, is die geopenbaarde konsep nooit as 'n rekeningkundige standaard uitgereik nie; gevolglik is dit nooit in praktyk toegepas nie.

5.6.3 GK 225, Finansiële verslagdoening van klein- en mediumgrootte entiteite – Voorgestelde proses

ED 181, *Preliminary views on accounting standards for small and medium-sized entities*, is gedurende Junie 2004 deur die IASB uitgereik, asook 'n geopenbaarde konsep, in Februarie 2007, vir die voorgestelde internasionale finansiële verslagdoeningstandaard, *IFRS for small and medium-sized entities (IFRS for SMEs)* (verwys na punt 5.4.5 vir die volledige bespreking). Hierdie voorgestelde internasionale finansiële verslagdoeningstandaard, *IFRS for small and medium-sized entities*, is gedurende Mei 2007 as ED 225 in Suid-Afrika uitgereik (SAICA, 2007a). Die volgende is van die redes wat deur SAICA aangevoer word ten gunste van aanvaarding van die *IFRS for SMEs* in Suid-Afrika:

- Die besluit is reeds in die verlede geneem om nie plaaslike standaarde te ontwikkel nie, maar internasionale standaarde te volg, "... in order to enhance the credibility of

South African reporting in the global arena” (SAICA 2007a:par.07); gevolglik is die aanvaarding van die voorgestelde IFRS vir klein maatskappye toepaslik.

- Die tydsraamwerk van die IASB-projek voldoen nie aan die dringende behoefte in Suid-Afrika vir eenvoudiger rekeningkundige standaarde, kragtens die Wysingswet (CLAA, 24/2006), nie.
- Die geopenbaarde konsep kan toepaslike verligting bied vir Suid-Afrikaanse beperkte-doel maatskappye, aangesien die geopenbaarde konsep die openbaarmakingsvereistes verminder, die erkennings- en metingskriteria vereenvoudig, keuses tussen verskillende rekeningkundige beleide verwyder en onderwerpe uitskakel wat gewoonlik nie op klein maatskappye van toepassing is nie.
- Die vereiste van die voorgestelde IFRS vir klein maatskappye, dat klein maatskappye aan die volledige IFRSs-vereistes moet voldoen indien ’n aangeleentheid nie in die voorgestelde IFRS vir klein maatskappye aangespreek word nie, sal nie van toepassing wees op Suid-Afrika nie (m.a.w., hierdie vereiste is verwyder).
- Die Suid-Afrikaanse vereistes kan steeds in die toekoms gewysig word om addisionele verligting vir beperkte-doel maatskappye te bied.
- Dit is onbillik om op ’n laer verslagdoeningsvereiste-vlak te begin en die vereistes later te verhoog; die teenoorgestelde hiervan is wel aanvaarbaar en die voorstelle maak voorsiening vir verdere verligting in die toekoms.
- Die toepassing van ’n internasionaal erkende rekeningkundige standaard vir klein maatskappye sal ontwikkeling en buitelandse belegging in die Suid-Afrikaanse ekonomie bevorder.

Die *Corporate Laws Amendment Bill* (24/2006) is op 11 April 2007 onderteken. Hierdie Wysigingswetsontwerp is algemeen bekend as die Wysigingswet op Korporatiewe Wette (24/2006), en omskryf ’n maatskappy met beperkte belang as ’n maatskappy wat nie wye aandeelhouding het nie. Volgens die breë omskrywing, beteken dit ’n maatskappy is ’n maatskappy met beperkte belang indien dit voldoen aan die volgende kenmerke:

- Die statute van die maatskappy maak nie voorsiening vir die onbeperkte oordrag van die maatskappy se aandele nie;
- Die statute van die maatskappy laat nie toe dat die maatskappy aandele aan die publiek aanbied nie; en
- Daar is nie by wyse van ’n spesiale besluit deur die maatskappy ’n besluit geneem om ’n maatskappy met wye aandeelhouding te wees nie.

Bykomend tot die bogenoemde, voeg artikel 34 van die Wysigingswetsontwerp 'n nuwe artikel, 285A, by tot die Maatskappywet. Hierdie artikel vereis, onder andere, dat maatskappye met beperkte belang aan die rekeningkundige standaardde moet voldoen wat kragtens artikel 440S(1)(b) vir maatskappye met beperkte belang ontwikkel is. Aangesien rekeningkundige standaardde egter nog nie op daardie stadium ontwikkel is vir maatskappye met beperkte belang nie, is die volgende oorgangsmatreël kragtens artikel 56(3)(a) van die Wysigingswetsontwerp toegepas: "... a limited interest company must prepare financial statements in accordance with the framework for the preparation and presentation of financial statements included in financial reporting standards". Ten einde 'n raamwerk vir die opstel en aanbieding van finansiële state daar te stel, is 'n voorstel deur ED 225 gemaak dat die *IFRS for SMEs* as geopenbaarde konsepvorm in Suid-Afrika aanvaar word; dus bevestig dit SAICA se opinie dat die vroeëre aanvaarding van die internasionale *IFRS for SMEs* die beste opsie vir klein maatskappye bied, tot tyd en wyl die Raad vir Finansiële Verslagdoeningstandaarde gevestig is.

5.6.4 GK 257, Raamwerk vir niepublieke entiteite

Gedurende 2008, is 'n werkgroep deur SAICA saamgestel om 'n afsonderlike stel finansiële verslagdoeningstandaarde te ontwikkel vir entiteite wat nie algemene-doel finansiële state opstel nie. Die doelwit van die werkgroep was die ontwikkeling van 'n raamwerk vir entiteite wat nie volgens wet verplig word om enige ander raamwerk (bv. die IFRSs of *IFRS for SMEs*) toe te pas nie, of wat volgens wet verplig word om hierdie raamwerk toe te pas. Die primêre gebruikers van hierdie finansiële state is geïdentifiseer as die eienaars, finansiële instellings en die SAID (SAICA, 2009). ED 257, *Framework for non-public entities*, is gevolglik gedurende Februarie 2009 uitgereik. Die volgende voordele (onder andere) van 'n afsonderlike stel finansiële verslagdoeningstandaarde, word vermeld in die geopenbaarde konsep:

- Die instelling van 'n koste-effektiewe proses om betroubare en betekenisvolle finansiële verslae vir hierdie entiteite te skep;
- Ondersteuning aan die regering vir fasilitering van regeringsdoelwitte ten opsigte van werkskepping en entrepreneurskap;
- Die ontwikkeling van 'n toepaslike verslagdoeningstandaard ooreenkomstig rekeningkundige toepassings en interpretasies;
- Ondersteuning aan finansiële instellings en ander partye in die proses van risiko-ontleding met betrekking tot verslagdoeningsentiteite; en
- 'n Toename in die vertroue wat die SAID op gerapporteerde inligting kan plaas.

Die raamwerk bestaan uit die volgende:

- *Chapter 1: Purpose, objective and scope*
- *Chapter 2: Transitional provisions and effective date*
- *Chapter 3: Principles, recognition and measurement*
- *Chapter 4: Accounting principles and policies*
- *Chapter 5: Presentation of financial statements*
Components of financial statements
- *Chapter 6: Balance sheet*
- *Chapter 7: Statement of income and retained earnings*
- *Chapter 8: Cash flow statement*
- *Chapter 9: Notes to the financial statements*

Daar word geen vergelyking tussen die vereistes van ED 257 en dié van die IFRSs getref nie, en daar is geen aanduiding in welke mate die ED ooreenstem of afwyk van die bestaande IFRSs-vereistes nie. Die omvang van die raamwerk is nie duidelik gedefinieer nie; daar word slegs in paragraaf 4 vermeld dat “... the Framework is applicable to entities that are not required by any other law to apply an existing framework (such as IFRS, SA GAAP or Statement of GAAP for SME’s), or any entity that is required by law to apply this Framework”. Daar word egter spesifiek genoem dat “... the scope of the Framework will, over time, be extended to cater for the specific and unique needs of certain entities, by providing for these in addendums to the Framework”. (SAICA 2009:par.4).

Dit blyk gevolglik dat die bedoeling met ED 257 nie is om die *IFRS for SMEs* te vervang nie, maar om van toepassing te wees op ander entiteite (bv. eenmansake, vennootskappe, trusts en beslote korporasies); ED 257 is dus nie op privaatmaatskappye van toepassing nie. Bogenoemde ontwikkeling van ’n afsonderlike rekeningkundige standaard, is egter teenstrydig met die argumente wat deur SAICA in ED 225 aangevoer is as redes vir die aanvaarding van die *IFRS for SMEs* in Suid-Afrika. SAICA meld spesifiek in ED 225 dat die besluit reeds in die verlede geneem is om nié plaaslike standaarde te ontwikkel nie, maar internasionale standaarde te volg. Daar word verder geargumenteer dat die Suid-Afrikaanse vereistes steeds in die toekoms gewysig kan word om addisionele verligting vir beperkte-doel maatskappye te bied; dus, by implikasie, die verdere vereenvoudiging van die *IFRS for SMEs* om aan die behoeftes van Suid-Afrikaanse klein maatskappye te voldoen.

Daar blyk dus uiteenlopende benaderings in Suid-Afrika rakende 'n toepaslike gedifferensieerde verslagdoeningstel te wees. Uit die bogenoemde blyk dit ook dat 'n derde vlak van verslagdoening in die toekoms waarskynlik in Suid-Afrika toegepas gaan word, maar dat daar tans onsekerheid bestaan of hierdie derde verslagdoeningsvlak 'n verdere vereenvoudiging van IFRSs moet behels, of 'n nuwe verslagdoeningsraamwerk (met geen verwysing na IFRSs nie) moet wees.

5.7 Die Suid-Afrikaanse regsraamwerk

In Suid-Afrika is daar verskillende regs vorme vir besigheidsentiteite wat deur verskillende wette en regulasies beheer word. Die rekeningkundige verslagdoeningsvereistes waaraan maatskappye in Suid-Afrika moet voldoen, val binne die Suid-Afrikaanse regsraamwerk en word onder andere deur die maatskappywetgewing bepaal. Die empiriese navorsing in hierdie studie fokus op maatskappye in Suid-Afrika en gevolglik is dit gepas om die Suid-Afrikaanse regsraamwerk kortliks toe te lig.

Kragtens die Maatskappywet (61/1973) word 'n onderskeid getref tussen publieke en privaatmaatskappye; verder vereis Artikel 286(3) van die Maatskappywet (61/1973) dat finansiële jaarstate van maatskappye op die grondslag van algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk opgestel moet word.

Hierdie algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk is vervat in die rekeningkundige standaard, soos deur SAICA uitgereik. In Omsendbrief 8/99 van SAICA, word daar egter 'n onderskeid getref tussen *AARP*, wat verwys na rekeningkundige praktyke wat in standaard gekodeer is, en *aarp*, wat verwys na daardie praktyke wat algemene aanvaar word deurdat dit deur 'n beduidende groep maatskappye toegepas word, hoewel dit nie in enige AARP-standaard beskryf word nie (SAICA, 1999). In 'n regs mening wat in September 1999 deur SAICA aangevra is, word verklaar dat finansiële state ooreenkomstig *aarp* opgestel moet word, ten einde aan die vereistes van die Maatskappywet (61/1973) te voldoen; indien dit in beduidende opsigte van AARP afwyk, moet besonderhede van die afwyking, die redes daarvoor en die uitwerking daarvan op die finansiële state geopenbaar word.

Die erkenning van niegepromulgeerde *aarp* as verslagdoeningsraamwerk, kan meebring dat ongewenste rekeningkundige praktyke aanvaar word, bloot weens die feit dat dit algemeen toegepas word; wat vanselfsprekend nie aanvaarbaar is nie. Klein

maatskappye voldoen nie aan die toepaslike rekeningkundige standaard nie; dit is 'n aanduiding dat aarp se ontstaan die gevolg is van 'n gebrek aan gedifferensieerde verslagdoening. Gebruikers van finansiële state vereis die nakoming van rekeningkundige standaard, sodat hulle seker kan wees dat die finansiële state wel 'n redelike weergawe van die bedrywighede van die entiteit toon. Regssteun van rekeningkundige standaard, waardeur die nakoming van standaard wetlik verplig word, is noodsaaklik ten einde sodanige versekering te kan bied. Dit sal ook die integriteit van rekeningkundige verslagdoening verseker en enige afwykings van IFRSs beperk. Regssteun van so 'n aard is reeds in sekere lande, byvoorbeeld die VSA, Kanada, die Verenigde Koninkryk, Australië en Nieu-Seeland ingestel (Vorster *et al.*, 2005:3-5).

Die *Corporate Law Amendments Act* (24/2006) tref 'n onderskeid tussen maatskappye met beperkte belang en maatskappye met verspreide aandeelhouding. Kragtens artikel 440P van die wysigingswetsontwerp, word 'n entiteit met 'n regspersoonlikheid, wat as die *Financial Reporting Standards Council* (FRSC) bekend sal staan, in die lewe geroep. Die doel van die FRSC is om finansiële verslagdoeningstandaarde te ontwikkel en suiwer en konsekwente rekeningkundige praktyke te bevorder. Die FRSC is, meer spesifiek, verantwoordelik vir die vestiging van finansiële verslagdoeningstandaarde, in ooreenstemming met die IFRSs, vir maatskappye van openbare belang (maatskappye met verspreide aandeelhouding), en die ontwikkeling van rekeningkundige standaard vir maatskappye met beperkte belang in samewerking met verteenwoordigers van sodanige maatskappye. Volgens Delpont (2008:45), stel die CLAA 'n nuwe stelsel van standaardstelling en toepassing van rekeningkundige standaard voor.

Die nuwe Maatskappywet (71/2008) is aan die einde van 2008 uitgereik en sal na verwagting gedurende 2010 in werking tree; volgens Delpont (2009:v), is dit 'n beduidende stap in die Suid-Afrikaanse maatskappywetgewing en dié skrywer meld die volgende:

“While it was perhaps necessary to rewrite the antiquated Companies Act 61 of 1973, the new Companies Act will, due to its eclectic nature, pose many new problems, which will, given the shift from the basis used for the 1973 Companies Act, cause uncertainty in its application ... The way ahead is therefore uncertain, but also exciting, as new law can be interpreted and created.”

Die doel van die nuwe Maatskappywet (71/2008) is om die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse ekonomie te bevorder deur die aanmoediging van entrepreneurskap, die vereenvoudiging van die vorming en handhawing van maatskappye, en die bevordering van innovasie en belegging in Suid-Afrikaanse markte. Die nuwe wet bevestig ook die

beginsel van die maatskappy as wyse waarop ekonomiese en sosiale voordele bereik kan word, en bevorder die ontwikkeling van maatskappye binne alle sektore van die ekonomie deur die aktiewe deelname aan ekonomiese organisasie, bestuur en produktiwiteit. Die nuwe wet bevorder die effektiewe en verantwoordelike bestuur van maatskappye, en skep 'n doeltreffende omgewing vir die effektiewe regulering van maatskappye (Delpont, 2009:2).

Soos reeds in hoofstuk 4 bespreek, onderskei die nuwe Maatskappywet (71/2008) tussen vier verskillende winsgewende maatskappye, naamlik staatsbeheerde maatskappye, privaatmaatskappye, persoonlike aanspreeklikheidsmaatskappye en publieke maatskappye (verwys ook na figuur 4.1).

Kragtens Artikel 29(4) en (SAICA 2009:par.4).29(5) van die nuwe Maatskappywet (71/2008), sal die *Financial Reporting Standards Council* (FRSC) finansiële verslagdoeningstandaarde voorskryf. Die finansiële verslagdoeningstandaarde moet suiwer en konsekwente rekeningkundige praktyke bevorder en in ooreenstemming met die IFRS wees. Verskillende standaarde kan op winsgewende en niewinsgewende maatskappye, asook die verskillende kategorieë van winsgewende maatskappye toegepas word (Delpont, 2009:75). Kragtens die nuwe Maatskappywet (71/2008), word daar dus voorsiening gemaak vir die toepassing van gedifferensieerde verslagdoeningsvereistes in Suid-Afrika. Regssteun van rekeningkundige standaarde in Suid-Afrika dryf tans die Suid-Afrikaanse debat oor gedifferensieerde verslagdoening tot 'n punt, aangesien 'n oortreding van rekeningkundige standaarde in die toekoms 'n oortreding van die Maatskappywet gaan behels.

5.8 Samevatting

Die verskillende benaderings wat gevolg kan word in die ontwikkeling van gedifferensieerde verslagdoeningstandaarde vir klein maatskappye, is breedvoerig in hierdie hoofstuk bespreek. Gedifferensieerde rekeningkundige vereistes wat toegepas word, sluit normaalweg 'n kombinasie in van (i) die uitsluiting van sekere rekeningkundige standaarde, (ii) die vermindering van sommige openbaarmakingsvereistes en (iii) die vereenvoudiging van sekere erkennings- en metingskriteria. Hierdie benaderings sal in ag geneem word wanneer die resultate van die empiriese studie ontleed word en toepaslike gedifferensieerde verslagdoeningstelsels vir klein maatskappye in Suid-Afrika voorgestel word.

Die internasionale toepassing van gedifferensieerde verslagdoeningstelsels toon dat daar

verskillende opsies bestaan vir die toepassing van gedifferensieerde verslagdoening en dat dit wel suksesvol geïmplementeer kan word. Gedifferensieerde verslagdoening is suksesvol geïmplementeer in Kanada, die Verenigde Koninkryk, Nieu-Seeland en Australië. Uit die literatuurstudie, blyk dit dat verskeie kriteria-vereistes vir gedifferensieerde verslagdoening gestel word, ten einde te verseker dat die gedifferensieerde verslagdoeningstelsel suksesvol geïmplementeer sal word. Hierdie kriteria-vereistes is 'n aanduiding van die eienskappe waaraan 'n suksesvolle gedifferensieerde verslagdoeningstelsel behoort te voldoen, gebaseer op die ervaring in ander jurisdiksies waar hierdie verslagdoeningstelsel meer gevestig is. Die onderstaande tabel is 'n opsomming van hierdie geïdentifiseerde kriteria met betrekking tot gedifferensieerde verslagdoening.

Tabel 5.6: Kriteria vir gedifferensieerde verslagdoening

Kanada	<ul style="list-style-type: none"> • Neem behoeftes van gebruikers van finansiële state in ag • Buigsaamheid van die gedifferensieerde verslagdoeningsmodel gebaseer op eie spesifieke behoeftes en kostevoordeel beperkinge • Voorstelle vir drie verslagdoeningsvlakke in die toekoms binne IFRSs
Verenigde Koninkryk	<ul style="list-style-type: none"> • Praktiese uitvoerbaarheid van rekeningkundige vereistes • Neem behoeftes van gebruikers van finansiële state in ag • Rekeningkundige standaard is maklik verstaanbaar, duidelik • Eenvoudige rekeningkundige vereistes vir klein entiteite • Rekeningkundige verslagdoeningsvereistes moet maklike hersien en opgedateer kan word • Konsekwentheid tussen verskillende verslagdoeningstelsels vir groot- en klein entiteite
Nieu-Seeland	<ul style="list-style-type: none"> • Voordeel van inligting moet koste daaraan verbonde oorskry • Bestaande rekeningkundige standaarde word vereenvoudig

Australië	<ul style="list-style-type: none"> • Harmonisering van rekeningkundige standaarde; verskillende rekeningkundige verslagdoeningsvlakke binne IFRSs • Verlig die las van rekeningkundige verslagdoening
IASB	<ul style="list-style-type: none"> • Hoë kwaliteit, verstaanbare rekeningkundige standaarde • Harmonisering van rekeningkundige standaarde binne die IFRSs-raamwerk • Verlig die las van rekeningkundige verslagdoening • Maklike oorgang na volle IFRSs; akkommodeer natuurlike groei van klein entiteit na medium/groot entiteit

Regssteun ten opsigte van rekeningkundige standaarde ooreenkomstig nuwe wetgewing plaas verdere druk op die rekeningkundige verslagdoening van klein maatskappye en verhoog die behoefte aan 'n toepaslike gedifferensieerde verslagdoeningstelsel in Suid-Afrika. Die doel van hierdie navorsingstudie is, soos reeds in hoofstuk 1 vermeld, om vas te stel wat die rekeningkundige inligtingsbehoefte van die gebruikers van klein maatskappy finansiële state in Suid-Afrika is. Die studie behels 'n omvattende meningsopname van die behoeftes van gebruikers en opstellers van privaatmaatskappy finansiële state. In die volgende twee hoofstukke volg 'n beskrywing van die meningsopname, as deel van 'n empiriese studie, van die gebruikers van 'n klein maatskappy se finansiële state in Suid-Afrika, asook die ontleding van die resultate.

HOOFSTUK 6

EMPIRIESE STUDIE: BESKRYWING VAN DIE ONDERSOEK

6.1 Inleiding

In die voorafgaande hoofstuk is die toepassing van gedifferensieerde rekeningkundige verslagdoening in toonaangewende lande, sowel as die Suid-Afrikaanse posisie, bespreek. Uit die bespreking het dit duidelik geblyk dat gedifferensieerde verslagdoening 'n belangrike en noodsaaklike uitbreiding van die tradisionele verslagdoeningsraamwerk is. Die probleemstelling, soos omskryf in hoofstuk 1, is die onvermoë van rekeningkundige inligting in finansiële state om aan die spesifieke behoeftes van die gebruikers van klein maatskappy finansiële state in Suid-Afrika te voldoen. Om die kennis van die onderwerp in Suid-Afrika uit te brei en 'n basis vir verdere navorsing oor die betrokke kwessie daar te stel, fokus die empiriese gedeelte van hierdie studie op die menings van gebruikers, die probleme wat gebruikers van klein maatskappy finansiële state in die praktyk ervaar, sowel as hulle spesifieke inligtingsbehoefte. Die empiriese studie is beperk tot privaatmaatskappye in Suid-Afrika en ander vorme van klein besighede is nie by die studie ingesluit nie.

Om die doel van die studie te bereik, is daar eerstens 'n literatuurstudie (verwys na hoofstukke 2 tot 5) gedoen om die teoretiese onderbou van die onderwerp te bepaal; hierdie omvattende oorsig dien as agtergrond vir die empiriese gedeelte van die studie. Tweedens is 'n empiriese studie, wat die onderwerp van hierdie en die volgende hoofstuk behels, by wyse van vraelyste onderneem. Die doel van die vraelyste is om (1) die toepaslikheid van gedifferensieerde rekeningkundige verslagdoening in Suid-Afrika te ondersoek en (2) vas te stel tot welke mate aan die behoeftes van die verskillende gebruikers van klein maatskappy finansiële state voldoen word. Die studie behoort die spesifieke gebruikersbehoefte, asook ooreenkomste en verskille tussen die persepsies van die verskillende gebruikersgroepe, toe te lig. Kennis en begrip van die onderwerp kan sodoende uitgebrei word om verdere insigte aangaande die betrokke rekeningkundige kwessie aan te dui en aanbevelings rakende die verdere ontwikkeling van die onderwerp van gedifferensieerde verslagdoening in Suid-Afrika te regverdig.

Hierdie hoofstuk is 'n bespreking van die ontwerp van die empiriese ondersoek, dit wil sê, die identifisering van potensiële respondente, die ontwerp en toetsing van die verskillende vraelyste, die keuse van die steekproef en die insameling van die data.

6.2 Identifisering van potensiële respondente

6.2.1 Gebruikers van klein maatskappy finansiële state

Soos reeds in hoofstuk 2 bespreek, is die primêre doel met die opstel van finansiële state om inligting aan eksterne gebruikers te voorsien (verwys na hoofstuk 2.3.1). Die verskillende gebruikers van finansiële state word in die rekeningkundige raamwerk gedefinieer, sowel as in verskeie ander verslae wat deur erkende internasionale instansies gepubliseer is. Hierdie gebruikers is breedvoerig in hoofstuk 3 bespreek; tabel 3.1 bevat 'n lys van die verskillende geïdentifiseerde gebruikers wat die belangrikste gebruikers van finansiële state aandui.

Die aard van klein maatskappye en die ekonomiese omgewing waarin hierdie maatskappye funksioneer, verskil van dié van groot maatskappye, en daarom is dit logies dat die gebruikers van klein maatskappy finansiële state en die behoeftes van hierdie gebruikers, verskil van dié van groot maatskappye. Uit die literatuurstudie (verwys na hoofstuk 3.4), blyk dit dat die belangrikste gebruikers van klein maatskappy finansiële state die volgende is:

- Eienaars/bestuur
- Leners (finansiële instellings/banke)
- Owerhede (die SAID)

'n Onderskeid is verder getref tussen eienaars wat by die bestuur van 'n klein maatskappy betrokke is en gevolglik in 'n posisie is om addisionele inligting te bekom sonder om op gepubliseerde finansiële state te steun, en eienaars wat nie by die bestuur betrokke is nie. Eienaars wat nie by die bestuur betrokke is nie, sal dus op die inligting in finansiële state steun. In hoofstuk 3 is daar egter aangedui dat dit kenmerkend van 'n klein maatskappy is dat die aandeelhouers (eienaars) gewoonlik ook by die bestuur van die maatskappy betrokke is. Daar is verder ook bevind dat die bestuur wel die finansiële state vir ekonomiese besluitneming (spesifiek besluite rakende lenings, direkteursvergoeding, die bepaling van dividende en kapitaalbestedings) gebruik (Barker, 1996:19).

Leners (finansiële instellings/banke) vereis dat klein maatskappye finansiële state voorlê wanneer hulle aansoek doen om vir lenings en oortrokke fasiliteite te kwalifiseer. Leners vereis egter ook ander addisionele inligting, afgesien van gepubliseerde finansiële state. Finansiële state is egter steeds 'n belangrike faktor wanneer leningsbesluite rakende klein maatskappye geneem word (McCahey, 1989:38).

Die SAID word as 'n primêre gebruiker van 'n klein maatskappy se finansiële state beskou; addisionele inligting word egter verkry wanneer 'n belastingopgawe voltooi word.

6.2.2 Keuse van respondentgroepe

Die verskillende kategorieë van gebruikers van finansiële state is as respondentgroepe vir die steekproef ingedeel, aangesien die doel van hierdie studie is om die behoeftes van gebruikers en opstellers van klein maatskappy finansiële state te bepaal. Alternatiewe metodes is gebruik om die gebruikers te bereik, aangesien sommige van die gebruikersgroepe baie groot is en daar geen betroubare databasis vir die groepe in Suid-Afrika beskikbaar is nie. Die volgende verteenwoordig die respondentgroepe wat vir die steekproef gekies is:

6.2.2.1 Eienaars/bestuur

In die literatuurstudie (verwys na hoofstuk 3.4.1) word aangedui dat dit kenmerkend van 'n klein maatskappy is dat die eenaar en die bestuur gewoonlik dieselfde persoon is, of dat daar 'n noue verwantskap tussen hierdie persone is. Eenaars van klein maatskappye se belang by die finansiële state is dus nie bloot beperk tot die bepaling van die waarde van hul belegging nie, maar hulle is self ook, as bestuur, verantwoordelik vir die voorbereiding van die finansiële state.

Daar bestaan nie tans 'n beskikbare, betroubare databasis van eenaars (aandehouers) van al die klein maatskappye in Suid-Afrika nie, en gevolglik is die eenaars indirek bereik, deur middel van hulle ouditeure/rekenmeesters (praktisyns; verwys na punt 6.2.2.2 hieronder). Die praktisyns is versoek om die vraelys wat vir eenaars/bestuur ontwerp is aan drie van hul klein privaatmaatskappy kliënte te stuur.

6.2.2.2 Klein praktisyne

Hoewel eienaars/bestuur van 'n klein maatskappy verantwoordelik is vir die opstel van die maatskappy se finansiële state, maak meeste klein maatskappye gebruik van hulle ouditeure/rekenmeesters om hierdie rekeningkundige funksies te vervul. Klein maatskappy praktisyne word as 'n belangrike kategorie van deelnemers in hierdie empiriese ondersoek beskou, aangesien hulle verantwoordelik is vir die opstel van die finansiële state, asook die toepassing van toepaslike rekeningkundige standaarde. Die eienaars/bestuur van klein maatskappye het soms 'n tekort aan rekeningkundige kennis en is gevolglik nie die beste bron om inligting rakende die toepassing van rekeningkundige standaarde te bekom nie. Die praktisyne beskik oor die nodige akademiese kwalifikasies en ervaring om sinvolle menings rakende die klein maatskappye se toepassing van rekeningkundige standaarde te gee. Die praktisyne het gewoonlik ook 'n goeie verhouding met hul kliënte (eienaars/bestuur van klein maatskappye) en 'n goeie begrip van die verskillende probleme wat eienaars/bestuur van klein maatskappye in die praktyk ondervind. Die praktisyne bespreek dikwels die klein maatskappy se finansiële state met die eienaars/bestuur en sal gevolglik ook waardevolle inligting rakende die eienaars/bestuur se gebruik van finansiële state kan gee.

Die praktisyne is geregistreer by die *South African Institute of Chartered Accountants* (SAICA), wat 'n belangrike rol speel in die ontwikkeling van rekeningkundige standaarde in Suid-Afrika. Alhoewel SAICA nie die enigste professionele liggaam in Suid-Afrika is nie, is dit een van die professionele liggame met die hoogste ledetal in Suid-Afrika. Al die lede van SAICA is gekwalifiseerde geakkrediteerde rekenmeesters. SAICA laat lede toe om ook as klein praktisyne, wat vir rekeningkundige dienste aan klein maatskappye verantwoordelik is, te registreer. SAICA stel egter geen kriteria van vereistes waaraan lede moet voldoen om as klein praktisyne te registreer nie; enige lid kan dus as 'n klein praktisyne registreer. Lede wat hoofsaaklik verantwoordelik is vir die opstel van klein maatskappy finansiële state, registreer gewoonlik as klein praktisyne.

SAICA se databasis van klein praktisyne is gebruik as die populasie vir hierdie respondentgroep; daar is nie gebruik gemaak van statistiese steekproefneming nie, en die toepaslike vraelys is via e-pos aan die hele populasie uitgestuur.

6.2.2.3 Leners (finansiële instellings/banke)

Hierdie groep verteenwoordig Suid-Afrikaanse finansiële instellings/banke. Klein maatskappye moet finansiële state aan finansiële instellings/banke voorlê wanneer hulle aansoek doen om vir lenings en oortrokke fasiliteite te kwalifiseer. In Suid-Afrika is hierdie een van die belangrikste bronne van finansiering van klein entiteite. Finansiële instellings/banke word gevolglik as 'n primêre gebruiker van klein maatskappy finansiële state geïdentifiseer en het gewoonlik 'n spesifieke afdeling wat met klein besighede sake doen; die vraelys is spesifiek aan hierdie afdelings gerig.

6.2.2.4 Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens

Die SAID, wat as 'n primêre gebruiker van klein maatskappy finansiële state geïdentifiseer is (McCahey, 1989:37), volg 'n vaste beleid rakende die hantering van alle klein maatskappye in Suid-Afrika. Die vraelys aan die SAID is gevolglik nie aan die verskillende kantore van die SAID gesirkuleer nie, maar 'n enkele onderhoud is met die betrokke SAID amptenaar gevoer ten einde die SAID se beleid rakende klein maatskappye vas te stel, en te bepaal watter inligting, soos vervat in die finansiële state van hierdie maatskappye, nuttig is vir gebruik.

6.3 Ontwerp van die vraelyste

6.3.1 Doel van die vraelyste

Die vraelyste is ontwerp met die doel om die behoeftes van die gebruikers van klein maatskappy finansiële state (wat in terme van die toepaslike rekeningkundige standaarde opgestel is) in Suid-Afrika te ondersoek, en spesifiek vir die volgende redes:

- Die identifisering van probleme wat klein maatskappye en praktisyns van klein maatskappye in die praktyk ondervind.
- Die identifisering van 'n klein maatskappy, vir rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes.
- Die bepaling van die gebruike en voordele van klein maatskappy finansiële state vir die gebruikers daarvan.
- Die bepaling van die koste en beswarende faktore met betrekking tot die opstel van klein maatskappy finansiële state.

- Die beoordeling van die toepaslikheid van rekeningkundige standaarde op klein maatskappye.
- Die oorweging van die moontlike effek van die vermindering van toepaslike rekeningkundige standaarde op klein maatskappye.

Volgens Steyn, Smit, Du Toit en Strasheim (2004:43), is 'n weldeurdagte vraelys onontbeerlik en is dit belangrik om aandag te skenk aan die inhoud en bewoording van vrae, die beplanning van die tipe vrae, die voorkoms en uitleg van die vraelys, die tipe onderhoud wat gevoer moet word, die organisering van die veldwerk, en die redigering en kodering van die ingesamelde data. Die vraelyste is gevolglik opgestel en getoets ten einde te verseker dat daar aan die volgende aspekte voldoen word (Steyn, *et al.*2004:43):

- Die verlangde inligting moet so akkuraat moontlik uit die populasie verkry word;
- Die maksimum samewerking van die respondente in die teikenpopulasie moet verkry word; en
- Die data-insameling en -ontleding moet gefasiliteer word.

In die volgende afdelings word verskillende aspekte rakende die ontwerp van die vraelyste bespreek, naamlik die inhoud van die vraelyste, redes vir die keuse van vrae, die dekbrief wat die vraelyste vergesel, asook die voorlopige toetsing van vraelyste.

6.3.2 Inhoud van die vraelyste

Vier vraelyste is opgestel: 'n vraelys aan elk van die verskillende gebruikers van klein maatskappy finansiële state (verwys na bylaes A tot D vir die volledige vraelyste). 'n Verskeidenheid van verskillende tipes vrae is in die vraelyste ingesluit. Die vraelyste bestaan hoofsaaklik uit gestruktureerde vrae wat voorsiening maak vir gestruktureerde en/of ongestruktureerde antwoorde; gestruktureerde terugvoer op gestruktureerde vrae word ook na verwys as geslote terugvoer (close-ended responses). 'n Kombinasie van, onder andere, tweeledige vrae, meervoudige keusevrae met enkele of veelvuldige antwoorde, en Likertskaal-vrae is in die vraelyste gebruik. Gestruktureerde vrae met ongestruktureerde terugvoer of oop terugvoer (open-ended responses), is ook ingesluit om voorsiening te maak vir respondente se eie opinie (Tustin, Ligthelm, Martins & van Wyk, 2005:394). Met die opstel van die vrae en toetsing van die vraelyste is daar verseker dat daar as volg aan die gestelde vereistes voldoen is (Tustin *et al.*, 2005:389):

- Die vrae is so bondig as moontlik gestel.
- Die vrae is eenvoudig bewoord om verstaanbaarheid te vergemaklik.
- Vrae wat die respondente se antwoorde kan beïnvloed of lei, is vermy. Daar is verseker dat die inligting wat in die vrae ingesluit is, nie 'n subjektiewe invloed op die respondente se terugvoer het nie.
- Daar is oorweeg of respondente oor die relevante inligting beskik en wel bevoeg is om die vrae te beantwoord.
- Vrae wat die respondente kan verneder en/of sensitiewe vrae, is sover moontlik vermy.

Die vraelyste aan die klein praktisyns en eienaars/bestuur bestaan uit sewe afdelings, met verwysing na die doelwitte van die studie soos in hoofstuk 1 bespreek, naamlik:

1. Probleme wat klein entiteite en praktisyns van klein maatskappye ondervind.
2. Die identifisering van 'n klein entiteit vir rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes.
3. Gebruike en voordele van klein maatskappy finansiële state.
4. Koste en beswarende faktore met betrekking tot die opstel van klein maatskappy finansiële state.
5. Die toepaslikheid van rekeningkundige standaarde.
6. Voorstelle vir die vermindering van toepaslike rekeningkundige standaarde.
7. Die profiel van die respondente.

Die vraelyste aan die finansiële instellings en die SAID is 'n vereenvoudiging van die bogenoemde vraelyste en bestaan uit die volgende afdelings:

1. Die identifisering van 'n klein entiteit vir rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes (punt 2 in bogenoemde lys).
2. Vereistes vir 'n leningsaansoek (slegs van toepassing op finansiële instellings).
3. Die toepaslikheid van rekeningkundige standaarde (punt 5 in bogenoemde lys).
4. Vermindering van toepaslike rekeningkundige standaarde (punt 6 in bogenoemde lys).

Die verskillende vrae wat in die sewe afdelings van die vraelyste ingesluit is, word vervolgens kortliks bespreek (elke vraag word afsonderlik aangetoon en bespreek). Die redes en motivering vir die insluiting van die vrae word ook aangespreek.

6.3.2.1 Probleme wat klein entiteite en praktisyns van klein maatskappye ondervind

Volgens Steyn *et al.*(2004:46), is die volgorde van die vrae in 'n vraelys van groot belang en moet die eerste vraag interessant wees, sodat dit die respondent se belangstelling prikkel. Die praktisyns was gretig om die probleme wat hulle in die praktyk ondervind tydens die toetsing van die vraelys te bespreek. Die eerste vraag in die vraelys is gerig op die probleme wat klein praktisyns en eienaars/bestuur ondervind, ten einde te verseker dat die respondente belangstel om die vraelys te beantwoord en te voltooi.

Figuur 6.1: Uittreksel uit vraelyste (1)

Rate the following problems faced by smaller accountancy/audit practices on a scale of 1 (not a problem) to 5 (major problem).

	1	2	3	4	5
Competition from big audit firms					
Keeping up to date with accounting and auditing developments					
Office and practice management					
Profitability and cash flow					
Regulation and compliance					
Staffing issues					
Tax burdens					
Other - please specify					

Figuur 6.2: Uittreksel uit vraelyste (2)

Rate the following business difficulties experienced by your SME clients on a scale of 1 (not a problem) to 5 (major problem).

	1	2	3	4	5
Competition in the market					
Compliance with regulations					
Profitability and cash flow					
Inadequate accounting system					
Lack of technical skills on accounting standards					
Lack of management skills					
Obtaining finance					
Personnel recruiting					
Tax burdens					
Other - please specify					

Figuur 6.3: Uittreksel uit vraelyste (3)

Do you think that these problems have significantly increased during the last 5 years?

Yes No Don't know

Die bogenoemde vrae is in die vraelyste aan klein praktisyns en eienaars/bestuur ingesluit (slegs figuur 6.2 en 6.3). Die eerste gedeelte van die vraelyste aan klein praktisyns en eienaars/bestuur handel oor die spesifieke probleme wat hulle in die praktyk ervaar. Die vraelyste maak voorsiening vir geringe verskille tussen die probleme wat klein praktisyns en eienaars/bestuur ervaar, aangesien die praktisyns verantwoordelik is vir die opstel van die klein entiteit se finansiële state. Die vraag maak gebruik van 'n vyfpunt-Likertskaal (waar 1 nie 'n probleem is nie en 5 'n wesenlike probleem is) om die geïdentifiseerde probleme te beoordeel. Daar is ook voorsiening gemaak indien die respondente ander probleme wat hulle ondervind wil identifiseer en kommentaar daarop wil lewer.

Die probleme wat in die vraag geïdentifiseer is, spruit voort uit die literatuurstudie (verwys na hoofstuk 4) oor klein besighede. Die hoofstuk spreek spesifiek die aard en kenmerke van 'n klein besigheid aan, en beklemtoon dat die unieke eienskappe van 'n klein besigheid tot die probleme en spesiale behoeftes (insluitende rekeningkundige verslagdoeningsbehoefte) van hierdie besighede aanleiding gee. Die probleme wat klein besighede ondervind is breedvoerig in punt 4.2.3 bespreek. Die doel met hierdie vraag is dus om ook eerstens vas te stel of hierdie geïdentifiseerde probleme wel in die praktyk ervaar word en tweedens te bepaal hoe groot die probleem is, met ander woorde, of dit 'n wesenlike probleem is al dan nie. Hierdie probleme kan 'n direkte of indirekte uitwerking op die rekeningkundige verslagdoeningstelsel van die entiteit hê, en behoort in ag geneem te word wanneer 'n toepaslike rekeningkundige stelsel vir klein entiteite ondersoek word.

In die volgende vraag is respondente versoek om aan te dui of hierdie probleme beduidend oor die afgelope vyf jaar toegeneem het.

6.3.2.2 Die identifisering van 'n klein entiteit vir rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes

Figuur 6.4: Uittreksel uit vraelyste (4)

Indicate whether the following factors should be used to identify a SME for financial reporting purposes.

	Yes	No
Complexity of the entity (nature of business and transactions)		
Number of employees		
Public accountability of the entity		
Ownership structure		
Risk assessment profile		
The number of users of financial statements		
Total turnover		
Total assets		
Whether the users need and understand financial statements (users' needs and financial literacy of users)		
Other – please specify		

Die bogenoemde vraag is aan al vier respondentgroepe gestel. Wanneer 'n klein besigheid gedefinieer word (ook vir rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes), kan daar van kwantitatiewe of ekonomiese kriteria, sowel as kwalitatiewe kriteria of statistiese riglyne gebruik gemaak word. Bogenoemde faktore speel dus 'n belangrike rol in die omskrywing van 'n klein entiteit vir rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes (spesifiek met die oog op die toepassing van gedifferensieerde verslagdoening). Die kwalitatiewe en kwantitatiewe kriteria, sowel as die voordele en nadele van elk, is in hoofstuk 4 (verwys na punt 4.3.2) bespreek. Die omskrywing van 'n klein besigheid in Suid-Afrika, sowel as internasionale definisies van 'n klein besigheid, word later in die hoofstuk bespreek.

6.3.2.3 Gebruike en voordele van klein maatskappy finansiële state

Figuur 6.5: Uittreksel uit vraelyste (5)

Indicate whether the following potential users are users of the financial statements of your SME clients.

	Yes	No	Occasionally	Don't know
Customers				
Employees				
Financial institutions (banks, credit providers and insurers)				
Government (other than SARS)				
Investors				
Owners/managers				
Prospective investors/analysts				
Public				
SARS				
Suppliers				
Other – please specify				

Hierdie vraag is in die vraelyste aan klein praktisyns en eienaars/bestuur ingesluit. In hoofstuk 2 is aangetoon dat die doel van finansiële state is om inligting te voorsien oor die finansiële stand, prestasie en kontantvloei van 'n entiteit, wat nuttig is vir 'n wye verskeidenheid van gebruikers van finansiële state sodat hulle ekonomiese besluite kan neem. Finansiële inligting word gevolglik deur 'n verskeidenheid van gebruikers en vir verskillende doeleindes benut. Die behoeftes en verwagtinge van gebruikers bepaal watter tipe finansiële inligting vereis word, en gevolglik is dit belangrik om die gebruikers van 'n klein entiteit se finansiële state te identifiseer. Die verskillende gebruikers van finansiële state is in hoofstuk 3 bespreek en in tabel 3.1 (gebruikers van finansiële state) opgesom.

Figuur 6.6: Uittreksel uit vraelyste (6)

Rate the following benefits of financial statements (of your SME clients) for their users on a scale of 1 (not beneficial at all) to 5 (very beneficial).

	1	2	3	4	5
Financial statements are prepared on an independent basis					
Preparing annual financial statements indicates good discipline					
Planning and management decisions depend on financial statements					
Review of performance of the entity					
Tax purposes					
To determine solvency/liquidity (ability to repay debt) of the entity					
To obtain finance from financial institutions					
To compare results with other entities					
Other benefits - please specify					

Die bogenoemde vraag is in die vraelyste aan klein praktisyns en eienaars/bestuur ingesluit. Gebruikers van finansiële state het verskillende inligtingsbehoefte. Verskillende kategorieë van gebruikersbehoefte is in hoofstuk 3 (verwys na punt 3.3) geïdentifiseer. Die doel van die vraag is spesifiek om vas te stel wat die behoeftes van gebruikers van klein maatskappy finansiële state is; gebruikers moet, met behulp van 'n vyfpunt-skaal, aandui of hulle die geïdentifiseerde behoeftes voordelig vind of nie.

Figuur 6.7: Uittreksel uit vraelyste (7)

Rate the influence of financial statements on the following economic decisions made by owners and managers of your SME clients on a scale of 1 (no influence at all) to 5 (major influence).

	1	2	3	4	5
Borrowing/financing decisions					
Cash management					
Capital expenditure					
Directors' remuneration					
Dividend decisions					
Staff remuneration (including bonuses)					

Hierdie vraag is in die vraelyste aan klein praktisyns en eienaars/bestuur ingesluit. Eienaars/bestuur is as 'n primêre gebruiker van klein maatskappy finansiële state geïdentifiseer en daar is bevind dat die bestuur wel die finansiële state vir ekonomiese besluitneming gebruik. Die gebruikers van klein maatskappy finansiële state is in hoofstuk 3 (verwys na punt 3.4) bespreek. Die vraag poog om vas te stel in welke mate finansiële state die eienaars/bestuur se ekonomiese besluite beïnvloed rakende finansiering, kontantbestuur, kapitaalbesteding, direkteursvergoeding, uitkeer van dividende en personeelvergoeding. Daar kan gevolglik bepaal word of klein maatskappy finansiële state wel voldoen aan die hoofdoel van rekeningkundige inligting, naamlik die voorsiening van inligting wat nuttig is vir die besluitnemingsproses (verwys na hoofstuk 2.3.1).

6.3.2.4 Koste en beswarende faktore rakende die opstel van finansiële state

Figuur 6.8: Uittreksel uit vraelyste (8)

Indicate whether your SME clients found the following aspects of producing annual accounts burdensome or not.

	Yes	No	Don't know
Certain disclosures may hurt competitive advantages			
Cost of accounting services			
Cost of audit services (if applicable)			
Cost of accounting software			
Compliance with financial reporting requirements			
General bookkeeping problems			
Training of accounting staff			
Other - please specify			

Die bogenoemde vraag is in die vraelyste aan klein praktisyns en eienaars/bestuur ingesluit.

In die bespreking van die inligtingsbehoefte van gebruikers van klein maatskappy finansiële state, speel die deurlopende beperking dat koste die voordele daarvan moet regverdig, 'n belangrike rol. Daar is aangetoon dat die moontlikheid dat die koste om finansiële inligting te voorsien die voordele daarvan sal oorskry, groter is wanneer daar 'n kleiner aantal gebruikers is. Dit is belangrik dat die opstellers van standarde die voordele en koste van nuttige finansiële inligting vir besluitneming oorweeg. Die balans tussen voordele en koste vir klein maatskappye verskil van ander verslagdoeningsentiteite; die koste-voordeel kriteria is in hoofstuk 3 (verwys na punt 3.5) bespreek. Die doel van hierdie vraag is om te bepaal welke aspekte rakende die opstel van finansiële state beswarend is.

Figuur 6.9: Uittreksel uit vraelys (9)

Rate, in terms of expense, the elements of your total fee to SME clients on a scale of 1 (not expensive) to 5 (very expensive).

	1	2	3	4	5
Accounting work / preparation of financial statements					
Annual audit					
General financial advice					
PAYE work					
Tax returns and correspondence					
VAT work					
Other - please specify					

Hierdie vraag is slegs in die vraelys aan klein praktisyns ingesluit, aangesien die praktisyns normaalweg verantwoordelik is vir die rekeningkundige funksie en die opstel van finansiële state van klein maatskappye . Die verskillende dienste wat praktisyns aan klein maatskappye lewer, is in die vraag ingesluit. Die praktisyns is versoek om op 'n vyfpunt-skaal aan te toon in welke mate die verskillende dienste hul totale fooie beïnvloed.

6.3.2.5 Die toepaslikheid van rekeningkundige standaarde

Figuur 6.10: Uittreksel uit vraelyste (10)

Do the financial statements of your SME clients comply with all current IFRSs (International Financial Reporting Standards)?

Yes No Don't know

Do you feel that there is still too great a burden for SMEs to comply with accounting standards?

Yes No Don't know

Are you up to date with current IFRSs?

Yes No Don't know

Are you up to date with the new IFRS for Small and Medium-sized Entities that was issued during 2007?

Yes No Don't know

Die eerste twee vrae is aan klein praktisyns, sowel as eienaars/bestuur gerig, terwyl die laaste twee vrae slegs in die vraelys aan die klein praktisyns ingesluit is, aangesien dit onwaarskynlik is dat die eienaars/bestuur self verantwoordelik sal wees vir die opstel van die klein maatskappy se finansiële state en hulle gevolglik nie noodwendig oor kennis aangaande die toepaslike rekeningkundige standaarde sal beskik nie.

Die behoefte vir gedifferensieerde rekeningkundige verslagdoening, wat die verskillende behoeftes van gebruikers van finansiële state beklemtoon, is in die literatuurstudie in hoofstuk 5 geïdentifiseer en bespreek. Die doel van die bogenoemde vrae aan die onderskeie respondente, is om te bepaal of die finansiële state van klein maatskappye in Suid-Afrika tans, in praktyk, wel voldoen aan die internasionale finansiële verslagdoeningstandaarde (IFRSs) wat vereis word, en om vas te stel in welke mate die persone wat verantwoordelik is vir die opstel van hierdie finansiële state, beskik oor die rekeningkundige kennis wat vereis word.

Die tweede vraag, naamlik of respondente vind dat daar steeds 'n te groot las op klein maatskappye is om te voldoen aan rekeningkundige standaarde, is baie belangrik vir doeleindes van hierdie studie, wat ten doel het om te bepaal wat die gebruikers van klein maatskappy finansiële state se behoeftes in praktyk is. Indien hierdie vraag bevestig dat die las op klein maatskappye om te voldoen aan rekeningkundige standaarde steeds te groot is, behoort die rekeningkundige vereistes vir klein maatskappye gewysig en vereenvoudig te word en 'n gedifferensieerde verslagdoeningstelsel in Suid-Afrika gevestig word.

Die laaste vraag, met betrekking tot respondente se mening oor die rekeningkundige standaard vir klein- en mediumgrootte ondernemings, behoort waardevolle inligting in te win oor die praktiese toepassing van die relatief nuwe rekeningkundige standaard in Suid-Afrika.

Figuur 6.11: Uittreksel uit vraelys (11)

The following is a complete list of current International Financial Reporting Standards. Please indicate how often the specific standard is currently used in practice by small entities.

ACCOUNTING STANDARD		Regularly	Occasionally	Never
IAS 1	Presentation of Financial Statements			
IAS 2	Inventories			
IAS 7	Cash Flow Statements			
IAS 8	Accounting Policies, Changes in Accounting Estimates and Errors			
IAS 10	Events after the Balance Sheet Date			
IAS 11	Construction Contracts			
IAS 12	Income Taxes			
IAS 16	Property, Plant and Equipment			
IAS 17	Leases			
IAS 18	Revenue			
IAS 19	Employee Benefits			
IAS 20	Accounting for Government Grants and Disclosure of Government Assistance			
IAS 21	The Effects of Changes in Foreign Exchange Rates			
IAS 23	Borrowing Costs			
IAS 24	Related Party Disclosure			
IAS 26	Accounting and Reporting by Retirement Benefit Plans			
IAS 27	Consolidated and Separate Financial Statements			
IAS 28	Investments in Associates			

ACCOUNTING STANDARD		Regularly	Occasionally	Never
IAS 29	Financial Reporting in Hyperinflationary Economies			
IAS 31	Interests in Joint Ventures			
IAS 32	Financial Instruments: Presentation			
IAS 33	Earnings per Share			
IAS 34	Interim Financial Reporting			
IAS 36	Impairment of Assets			
IAS 37	Provisions, Contingent Liabilities and Assets			
IAS 38	Intangible Assets			
IAS 39	Financial Instruments: Recognition and Measurement			
IAS 40	Investment Property			
IAS 41	Agriculture			
IFRS 1	First-time Adoption of IFRS			
IFRS 2	Share-based Payment			
IFRS 3	Business Combinations			
IFRS 4	Insurance Contracts			
IFRS 5	Non-current Assets Held for Sale and Discontinued Operations			
IFRS 6	Exploration and Evaluation of Mineral Resources			
IFRS 7	Financial Instruments: Disclosure			
IFRS 8	Operating Segments			

Bogenoemde vraag is slegs in die vraelys aan klein praktisyne ingesluit. Die praktisyne beskik eerstens oor die rekeningkundige kennis wat vereis word (al die praktisyne waaraan die vraelys gesirkuleer is, is gekwalifiseerde geoktrooieerde rekenmeesters en dus professioneel gekwalifiseerd) en is tweedens verantwoordelik vir die rekeningkundige funksie (naamlik die

opstel van finansiële state van klein maatskappye), en daarom kan hulle sinvolle/ betekenisvolle terugvoer oor die toepassing van rekeningkundige standaarde (IFRSs) gee.

Die volledige lys van rekeningkundige standaarde van die IASB (soos in hoofstuk 5 bespreek) is in die vraelys ingesluit, sodat inligting rakende alle rekeningkundige standaarde ingewin kan word. Die terugvoer op die bogenoemde vraag is belangrik ten opsigte van die volgende:

- Die bepaling van rekeningkundige standaarde wat wel in Suid-Afrika toegepas word.
- Die bepaling van rekeningkundige standaarde wat selde in Suid-Afrika toegepas word.
- Die identifisering van rekeningkundige standaarde wat op klein maatskappye van toepassing behoort te wees.
- Die uitwysing van tekortkominge van die rekeningkundige standaarde wat op klein- en mediumgrootte ondernemings van toepassing is, nadat die resultate van hierdie navorsing met hierdie rekeningkundige standaarde vergelyk is.
- Die identifisering van spesifieke inligtingsbehoefte van gebruikers van klein maatskappy finansiële state in Suid-Afrika.
- Die bepaling van wat as grondslag moet dien sodat sinvolle aanbevelings gemaak kan word om die rekeningkundige praktyk rakende klein maatskappy rekeningkundige verslagdoening in Suid-Afrika te verbeter.

Figuur 6.12: Uittreksel uit vraelyste (12)

Indicate whether the information included in the components of financial statements is very useful, of limited use or of no use.

	Very useful	Limited use	No use
Income statement (statement of comprehensive income)			
Balance sheet (statement of financial position)			
Cash flow statement (statement of cash flow)			
Statement of changes in equity			
Notes to the financial statements			

Bogenoemde vraag is aan die eienaars/bestuur, finansiële instellings en die SAID gestel. Dit is onwaarskynlik dat hierdie respondente oor die nodige kennis van rekeningkundige standaarde (IFRSs) sal beskik om die voorafgaande vraag oor die toepassing van IFRSs te kan beantwoord, want alhoewel hulle primêre gebruikers van klein maatskappy finansiële state is, is hulle nie self verantwoordelik vir die opstel van die finansiële state nie. Die vraag is gevolglik vereenvoudig deur slegs na die onderskeie komponente van finansiële state te verwys, naamlik die inkomstestaat (staat van omvattende inkomste), balansstaat (staat van finansiële posisie), kontantvloeistaat (staat van kontantvloei) en aantekeninge tot die finansiële state. Daar kan sodoende vasgestel word in welke mate die eienaars/bestuur die finansiële state gebruik en watter komponente daarvan nuttig is; hierdie gebruikers se behoeftes vir finansiële inligting kan voorts ook geïdentifiseer word.

6.3.2.6 Vermindering van toepaslike rekeningkundige standaarde

Figuur 6.13: Uittreksel uit vraelyste (13)

Indicate whether the following could reduce the burden of producing financial statements for SMEs.

	Yes	No
Complete exemption from adherence to a specific accounting framework		
Reduce disclosure requirements		
Reduce number of applicable accounting standards		
Remove the audit requirement for (Pty) Ltd companies		
Simplification of measurement requirements		
Special standards for SMEs		
Other - please specify		

Do you believe that the IFRS for Small and Medium-sized Entities that was issued during 2007 will reduce the burden of producing financial statements for SMEs in future?

Yes No Don't know

Do you believe there is a need for an additional financial reporting framework specifically for SMEs (more simplified than IFRS for Small and Medium-sized Entities)?

Yes No Don't know

Bogenoemde vrae is in die vraelyste aan klein praktisyns en eienaars/bestuur ingesluit met die doel om vas te stel hoe die las op klein maatskappye rakende die opstel van finansiële state, in praktyk verminder kan word; op grond hiervan sal voorstelle vir die vereenvoudiging van die rekeningkundige vereistes vir klein maatskappye gemaak kan word deur die toepassing van gedifferensieerde rekeningkundige verslagdoening. Die verskillende opsies van wysiging van die rekeningkundige praktyk (gedifferensieerde rekeningkundige verslagdoening) is breedvoerig in hoofstuk 5 bespreek.

Die tweede vraag bepaal die gebruikers se opinie rakende die nuwe IFRS vir klein- en mediumgrootte entiteite en ook of gebruikers van mening is dat hierdie standaard die las op klein maatskappye rakende die opstel van finansiële state sal verminder.

Die derde vraag bepaal of daar 'n behoefte bestaan om die rekeningkundige praktyk verder te vereenvoudig en fokus meer op die vraag of daar 'n derde vlak van gedifferensieerde verslagdoening vereis word. 'n Positiewe antwoord op hierdie vraag sal gevolglik ook voorstelle vir 'n raamwerk vir die toepassing van gedifferensieerde rekeningkundige verslagdoening in Suid-Afrika ondersteun.

Figuur 6.14: Uittreksel uit vraelyste (14)

Indicate if you would be concerned, unconcerned or of no opinion about the following potential issues arising from the relaxation of accounting standards for SMEs.

	Concerned	Unconcerned	No Opinion
Application of a differential accounting system			
Increased confusion for preparers of financial statements			
Loss of comparability of financial statements			
Loss of credibility for the accounting profession			
Loss of true and fair view of financial statements			
Lowering of accounting standards			
Non-acceptance of financial statements by financial institutions			
Non-acceptance of financial statements by SARS			
Reduction in financial statements' reliability			
Other - please specify			

Hierdie vraag is aan al die respondente gestel. Die doel van die vraag is om faktore te identifiseer waaroor gebruikers van klein maatskappy finansiële state besorg of bekommerd sou wees indien die toepaslike rekeningkundige standaarde verminder word en gedifferensieerde rekeningkundige verslagdoening gevolglik uitgebrei word (verwys na hoofstuk 5 vir die teoretiese bespreking).

6.3.2.7 Profiel van die respondente

Afgesien van die bogenoemde inligting, is sekere agtergrondinligting oor die klein praktisyns en eienaars/bestuur ook verkry. Die volgende vrae, met betrekking tot die profiel van die respondente, is aan die klein praktisyns gestel:

Figuur 6.15: Uittreksel uit vraelys (15)

Number of years in practice

0-10 11-20 20+

Number of partners in your firm in South Africa

<5 5-10 11-20 20+

% of total annual fees earned from SMEs

0-25% 26-50% 51-75% 75%+

Bogenoemde vrae is aan die praktisyne, as opstellers van finansiële state, gerig om inligting te verkry rakende die praktisyne se ondervinding (aantal jare in praktyk), die grootte van die ouditfirma (aantal vennote in die firma) en die belangrikheid van klein entiteite vir die firma (% van jaarlikse fooie wat uit klein entiteite verdien word).

Die volgende vrae, met betrekking tot die profiel van die respondente, is aan die eienaars/bestuur, as gebruikers van finansiële state, gestel:

Figuur 6.16: Uittreksel uit vraelys (16)

Number of years in business

0-10 11-20 20+

Total turnover of the business in prior year

< R 1 million R1 – 5 million R5 – 20 million R20+ million

Category of employment

Director and shareholder Director Shareholder Other

Number of employees

0-10 11-20 20-50 50+

Do you have external funding?

Yes No Don't know

Bogenoemde vrae het die volgende bepaal: of die besigheid gevestig is en of dit 'n relatief nuwe besigheid is (aantal jare in besigheid), die grootte van die besigheid (jaarlikse omset), die kategorie van werknemer wat die vraelys voltooi het (direkteur en/of aandeelhouer of ander persoon), die aantal werknemers in die besigheid, of die besigheid van eksterne befondsing gebruik maak, en of daar enige eienaars is wat nie deel van die bestuur van die besigheid is nie.

6.3.2.8 Vereistes vir 'n leningsaansoek (slegs finansiële instellings)

Figuur 6.17: Uittreksel uit vraelys (17)

Indicate which aspects are considered for a loan application of a small entity.

	Yes	No
Financial statements		
Knowledge of the business		
Knowledge of the business' management		
Past experience (credit history)		
Security		
Size of the business		
Size of the loan		
Other - please specify, if possible		

Klein entiteite moet hulle finansiële state aan finansiële instellings voorlê wanneer hulle aansoek doen om vir lenings en oortrokke fasiliteite te kwalifiseer. Finansiële instellings kan ook ander addisionele inligting vereis, afgesien van finansiële state. Die bogenoemde vraag

oorweeg die faktore wat finansiële instellings in ag neem wanneer 'n klein entiteit aansoek doen vir finansiering en sluit die volgende addisionele inligting in: kennis van die besigheid en bestuur, kredietgeskiedenis, sekuriteite, grootte van die besigheid, en grootte van die lening waarvoor aansoek gedoen word (die vraag maak ook voorsiening vir enige ander aspekte wat oorweeg word). Finansiële instellings is as 'n primêre gebruiker van klein maatskappy finansiële state in hoofstuk 3 (verwys na punt 3.4.2) bespreek.

Figuur 6.18: Uittreksel uit vraelys (18)

Identify the factors considered when examining the financial statements of small entities		
	Yes	No
Audit report		
Capacity to repay		
Directors' fees		
Liquidity		
Performance trends		
Profitability		
Reputation of auditor		
Security		
Stability		
Other information in financial statements - please specify		
Additional information requested		

Die bogenoemde vraag bepaal watter aspekte in finansiële state oorweeg word wanneer 'n klein entiteit aansoek doen vir finansiering, en identifiseer dus watter inligting in finansiële state nuttig is vir die besluitnemingsproses van finansiële instellings (verwys ook na hoofstuk 3.4).

Respondente is in 'n opvolg-vraag versoek om aan te dui of addisionele inligting wat versoek word wel geredelik deur die klein entiteite voorsien word.

6.3.3 Dekbrief wat vraelyste vergesel

Elke vraelys is vergesel van 'n toepaslike dekbrief, waarin die volgende beklemtoon is:

- Die aard van die onderwerp wat ondersoek word.
- Die belangrikheid van die navorsing vir klein maatskappy finansiële verslagdoening in Suid-Afrika.
- Die belangrikheid van die tydige voltooiing en terugstuur van die vraelys.
- Die feit dat die vraelys nie langer as 10 tot 15 minute in beslag sal neem om te voltooi nie.
- Die vertroulikheid waarmee terugvoer hanteer sal word.
- Die kontakbesonderhede van die persoon waaraan enige navrae gerig kan word.

6.3.4 Toetsing van die vraelyste

Die vraelyste is gemeet aan die hand van vooraftoetsing voordat dit aan die onderskeie gebruikers gestuur is. Die vooraftoetsing van vraelyste is noodsaaklik om te verseker dat die vraelyste wel die beoogde funksie sal vervul (Tustin *et al.*, 2005:413). Churchill (in Tustin *et al.*, 2005:413) beklemtoon die belangrikheid van die vooraftoetsing van vraelyste in die volgende stelling:

“The researcher who avoids a questionnaire pre-test and tabulation of replies is either naïve or a fool. The pre-test is the most inexpensive insurance the researcher can buy to assure the success of the questionnaire and the research project.”

Die voorafgetoetste vraelyste het al die beoogde vrae in dieselfde bewoording, formaat en volgorde ingesluit, dit wil sê, in ooreenstemming met die finale vraelyste. Die vooraftoetsing is gedoen om te verseker dat

- die respondente die vrae verstaan;
- die bewoording van die vrae duidelik, bekend, onpartydig en ondubbelsinnig gestel is;
- die vraelyste maklik leesbaar is;
- die vrae en die verskillende kategorieë van antwoorde sinvol is;
- die uitleg eenvoudig is om te volg en maklik is om te gebruik;
- die voltooiing van die vraelyste so eenvoudig as moontlik is; en
- die vraelyste nie te lank is nie.

Die voorafgetoetste vraelyste is deur drie klein praktisyns, drie akademici en een eienaar/bestuurder van 'n klein besigheid voltooi. Die akademici het die vraelyste wat ontwerp is vir die klein praktisyns, sowel as dié vir eienaars/bestuur, voltooi. Alle partye wat die vraelyste getoets het, is gekwalifiseerde geoktrooieerde rekenmeesters en hulle praktiese en/of akademiese betrokkenheid by finansiële rekeningkundige verslagdoening het hulle in staat gestel om voorstelle te maak wat die verbetering van die vraelyste tot gevolg gehad het. Die volgende blyk duidelik uit die opvolg-gesprekke met die partye wat die vraelyste voltooi het:

- Die uiteensetting van die vraelyste in die formaat van afsonderlike afdelings vergemaklik die beantwoording daarvan.
- Die vrae is duidelik gestel (waar kommentaar gelewer is oor enige onduidelikhede, is die finale vraelyste aangepas en die kommentaar bygewerk).
- Die vraelyste neem ongeveer 15 tot 20 minute om te voltooi.
- Die feit dat daar bloot van die respondent verwag word om tussen alternatiewe te besluit, vereenvoudig die beantwoording van die vrae.
- Die vraelyste lewer gunstige terugvoer.

Die vraelyste wat vir finansiële instellings en die SAID ontwerp is, is nie getoets nie, aangesien die meeste van die vrae in hierdie vraelyste ooreenstem met vrae in die vraelyste aan klein praktisyns en eienaars/bestuur, en daardie vrae wel getoets is. Die vraelys aan die SAID is voltooi nadat 'n onderhoud met die senior werknemer gevoer is. Tustin *et al.* (2005:414) meld spesifiek dat dit nie nodig is om aspekte te hertoets wat suksesvol in vorige of ander vraelyste getoets is nie.

6.4 Keuse van die steekproef

Die potensiële respondente van die empiriese studie bestaan uit die verskillende gebruikers en opstellers van klein maatskappy finansiële state, soos in punt 6.2.1 bespreek. Slegs Suid-Afrikaanse gebruikers is in die steekproef ingesluit, aangesien dit 'n Suid-Afrikaanse studie is. Die verskillende populasies is geïdentifiseer, en die steekproewe is soos volg gekies:

6.4.1 Klein praktisyns

Die populasie van die klein praktisyns respondentgroep bestaan uit alle praktisyns wat volgens SAICA se klein praktisyn databasis van April 2008 by SAICA geregistreer is. SAICA het ingestem om hierdie klein praktisyn databasis, wat uit 1 700 geregistreeerde klein praktisyns bestaan, vir doeleindes van hierdie studie beskikbaar te stel. SAICA stuur oor die algemeen vraelyste elektronies, per e-pos, aan die praktisyns en gevolglik is besluit om nie 'n steekproef uit hierdie populasie te selekteer nie; die toepaslike vraelys is dus aan die hele populasie van 1 700 praktisyns gestuur.

Die wyse waarop SAICA 'n onderskeid tussen lede tref, is egter subjektief van aard. Geregistreeerde lede behou die reg om self die keuse uit te oefen in welke kategorie, byvoorbeeld klein praktisyn, hul praktyk val, al dan nie. Hierdie tekortkoming word in 'n groot mate aangespreek deur besonderhede omtrent die profiel van die respondent wat by die vraelys ingesluit is, met spesifieke verwysing na die aantal vennote in die praktyk en die omvang van die fooie wat uit klein entiteite verdien word.

6.4.2 Eienaars/bestuur

Daar is 'n groot aantal klein maatskappye in Suid-Afrika, maar daar bestaan nie tans 'n betroubare databasis waaruit inligting omtrent eienaars/bestuur van hierdie klein besighede verkry kan word nie. Gerief-steekproefneming is gevolglik gebruik om inligting rakende hierdie gebruikersgroep te verkry. Volgens Steyn *et al.* (2004:39), bestaan gerief-steekproefneming uit daardie populasie-elemente wat met die grootste gerief deur die navorser ondersoek kan word. In die vraelys aan klein praktisyns (verwys na punt 6.4.1) is die praktisyns versoek om die vraelys wat vir eienaars/bestuur ontwerp is aan drie van hul kliënte (klein maatskappye) te stuur; die eienaars/bestuur van elke kliënt moes dan 'n vraelys voltooi en dit direk aan SAICA terugstuur. Baie van die praktisyns wat die vraelys aan klein praktisyns voltooi het, was egter nie bereid om die vraelys wat vir eienaars/bestuur ontwerp is aan hulle kliënte te versprei nie. Die praktisyns het aangedui dat hulle van mening is dat hul kliënte nie oor die nodige rekeningkundige kennis beskik om die vraelys te voltooi nie; die kleinsake afdelings van 'n aantal groot ouditfirmas het hierdie standpunt bevestig. Daar is gevolglik volstaan met die voltooide vraelyste wat die eienaars/bestuur aan SAICA teruggestuur het.

Gedifferensieerde rekeningkundige verslagdoening is, soos in hoofstuk 1 aangedui, nuut in

Suid-Afrika; die navorsing moet dus as verkennend van aard beskou word en bevindings sal as basis dien vir verdere navorsing oor die onderwerp. Al die respondente in die eienaars/bestuur groep beskik wel oor die basiese eienskappe van die groter populasie van hierdie gebruikersgroep, naamlik alle klein maatskappye in Suid-Afrika, en gevolglik kan hierdie eienskappe deur middel van hierdie studie nagevors word. Kerlinger (1986:110) argumenteer dat gerief-steekproefneming op grond van die bogenoemde wel in 'n mate verteenwoordigend van die populasie is. Verteenwoordiging is egter nie gewaarborg nie en veralgemening van hierdie populasie as 'n geheel behoort met sorg gedoen te word.

6.4.3 Finansiële instellings

Daar is tans agt groot genoteerde banke op die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSE - Mcgregor BFA) in Suid-Afrika. Ses van hierdie banke is geïdentifiseer as banke wat spesifiek oor 'n kleinsake afdeling beskik wat finansiering aan klein besighede gee; die vraelys aan finansiële instellings is gevolglik aan hierdie ses banke gestuur. Die banke beskik oor 'n vaste kredietbeleid en daarom is slegs een vraelys aan elke bank uitgestuur; dit sou nie sinvol wees om meer as een vraelys per bank vir doeleindes van hierdie navorsing te gebruik nie.

Die vraelys is verder ook deur een kredietburo (soos geïdentifiseer deur SAICA) voltooi. Hierdie kredietburo, wat aktief betrokke is by die finansiering van klein besighede in Suid-Afrika, is in die steekproef ingesluit omdat hulle nuttige inligting behoort te verskaf.

6.4.4 Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens

Die SAID volg 'n vaste beleid, kragtens die Inkomstebelastingwet, rakende die hantering van alle klein maatskappye in Suid-Afrika; gevolglik is die vraelys nie aan die verskillende kantore van die SAID gesirkuleer nie, maar 'n enkele onderhoud is met die betrokke SAID-amptenaar (verantwoordelik vir klein besighede) gevoer.

6.5 Data-insameling

Die data is na afloop van die identifisering van die steekproefpopulasies, soos volg per respondentgroep ingesamel:

- SAICA het die vraelys wat ontwerp is vir die klein praktisyns elektronies, per e-pos, aan elke geregistreerde klein praktisyn gestuur. Die praktisyns moes dan die vraelys voltooi en dit aan SAICA terugstuur. 'n Opvolg e-pos (via SAICA) het 'n maand na die versending van die vraelyste gevolg; die praktisyns is weereens versoek om die vraelys te voltooi (indien hulle dit nog nie gedoen het nie). 'n Tweede opvolg is 'n paar weke later gedoen waarin die toepaslike vraelys weereens aan al die praktisyns gestuur is met die versoek om dit te voltooi (indien hulle dit nog nie gedoen het nie). Die e-pos is vergesel van 'n brief waarin die belangrikheid van die studie beklemtoon is, sowel as die belangrikheid van die praktisyns se insette vir die toepassing van gedifferensieerde rekeningkundige verslagdoening in Suid-Afrika. Die voltooide vraelyste, wat aan SAICA teruggestuur is, is deur SAICA se rekenaarafdeling verwerk en die finale resultate/data is elektronies vir doeleindes van hierdie studie beskikbaar gestel. Hierdie elektroniese data is voorts deur die Departement Statistiek aan die Universiteit van Pretoria verwerk.
- Die klein praktisyns is in bogenoemde e-pos, sowel as die twee opvolg e-posse, versoek om die vraelys wat vir eienaars/bestuur ontwerp is aan drie van hul kliënte (privaatmaatskappye) te stuur; die eienaars/bestuur van elke kliënt moes dan 'n vraelys voltooi en dit direk aan SAICA terugstuur. Die voltooide vraelyste wat ontvang is, is ook deur SAICA se rekenaarafdeling verwerk en die finale resultate/data is elektronies vir doeleindes van hierdie studie beskikbaar gestel. Hierdie elektroniese data is weereens, ten slotte, deur die Departement Statistiek aan die Universiteit van Pretoria verwerk.
- Die vraelys aan finansiële instellings is elektronies, per e-pos, aan die toepaslike persone by die instellings gestuur. Die voltooide vraelyste is deur die betrokke persone teruggefaks, waarna die resultate verwerk is.
- 'n Onderhoud is met die toepaslike werknemer by die SAID gevoer om die verlangde inligting in te samel.

Die terugvoer rakende die verskillende vraelyste kan soos volg opgesom word:

Tabel 6.1: Terugvoer van vraelyste

Gebruikersgroep	Populasie	Grootte van steekproef	Terugvoer	
			Aantal	%
1. Klein praktisyns (opstellers van finansiële state)	1 700	1 700	434	26%
2. Eienaars/bestuur (gerieflikheid-steekproef)	-	-	212	-
3. Finansiële instellings	7	7	5	71%
4. Suid-Afrikaanse Inkomstediens	1	1	1	100%

'n Responskoers van 15% is normaalweg aanvaarbaar vir vraelyste wat elektronies, per e-pos, uitgestuur is. Die responskoers van 26% ten opsigte van die klein praktisyns, is dus baie goed en aanvaarbaar. Die hoë responskoers kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die volgende:

- SAICA se ondersteuning van hierdie navorsingstudie en die beskikbaarstelling van hul databasis van klein praktisyns, sowel as hul rekenaarafdeling;
- Die twee opvolg e-posse wat uitgestuur is, waarin die belangrikheid van die praktisyns se insette vir die bepaling van die behoeftes van gebruikers van klein maatskappy finansiële state en gevolglik ook die toepassing van gedifferensieerde rekeningkundige verslagdoening in Suid-Afrika beklemtoon is;
- Die feit dat die vraelyste relatief eenvoudig is om te voltooi binne 'n kort tydverloop; en
- Die respondente se belangstelling in die onderwerp.

Die responskoers van die eienaars/bestuur kan nie bepaal word nie, omrede daar van gerief-steekproefneming gebruik gemaak is om inligting vanaf hierdie gebruikersgroep in te samel. Die 212 voltooide vraelyste wat terugontvang is, word as aanvaarbaar beskou, gesien in die lig van verskeie aanduidings dat eienaars/bestuur nie oor die nodige rekeningkundige kennis beskik nie en nie belang sou stel om die vraelys te voltooi nie.

Die responskoers van die finansiële instellings (71%) en die SAID (100%) is aanvaarbaar, alhoewel die populasie klein is; dit bied egter beperkte geleentheid vir verdere statistiese ontleding.

6.6 Samevatting

Hierdie hoofstuk beskryf die identifisering van die respondentgroepe, die ontwikkeling van die vraelyste, die keuse van die steekproef en die uitstuur en opvolg van die vraelyste. Vir doeleindes van hierdie studie, verteenwoordig die respondentgroepe die gebruikers wat geïdentifiseer is as die belangrikste gebruikers van klein maatskappy finansiële state. Die proses waarvolgens die steekproef gekies is, het verseker dat die steekproef en die finale terugvoer verteenwoordigend van die verskillende respondentgroepe is. Die ondersoek het gevolglik terugvoer ontvang wat nuttig is vir die insameling van inligting oor die gebruikers van klein maatskappy finansiële state in Suid-Afrika; sinvolle en betekenisvolle afleidings kan uit hierdie terugvoer gemaak word. In die volgende hoofstuk word die resultate van die empiriese studie aangebied en ontleed.

HOOFSTUK 7

EMPIRIESE STUDIE: ONTLEDING VAN RESULTATE

7.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk is die ontwerp van die empiriese ondersoek beskryf. In hierdie hoofstuk word die resultate van die empiriese studie aangebied en ontleed. Die resultate word op so 'n wyse ontleed dat die opinies en behoeftes van die verskillende gebruikersgroepe en opstellers van klein maatskappy finansiële state op 'n individuele, sowel as 'n vergelykende basis bepaal kan word.

Die evaluasie is daarop gemik om die navorsingsdoelwit te bereik, naamlik om vas te stel wat die behoeftes van gebruikers van klein maatskappy finansiële state in Suid-Afrika is (verwys na hoofstuk 1). In die raamwerk, *The Three Worlds Framework*, wat in hoofstuk 1 bespreek is, bedryf klein entiteite hulle besighede in wêreld 1, waar hulle verskeie praktiese probleme ervaar. Die probleme wat die klein entiteite ondervind, hou ook verband met die toepassing van rekeningkundige verslagdoeningstandaarde wanneer finansiële state opgestel word. Die empiriese studie, wat by wyse van vraelyste uitgevoer is, identifiseer hierdie probleme wat klein entiteite in die praktyk ervaar, asook die spesifieke inligtingsbehoefte van gebruikers van klein maatskappy finansiële state in Suid-Afrika; gevolglik kan aanbevelings op grond hiervan gemaak word vir 'n toepaslike rekeningkundige stelsel vir gedifferensieerde verslagdoening in Suid-Afrika.

Die resultate word onder die volgende afdelings bespreek, wat ooreenstem met die indelings volgens die vraelyste:

- Probleme wat klein entiteite en praktisyns van klein maatskappye ondervind;
- Identifisering van 'n klein entiteit vir rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes;
- Gebruike en voordele van klein maatskappy finansiële state;
- Koste en laste met betrekking tot die opstel van klein maatskappy finansiële state;
- Die toepaslikheid van huidige rekeningkundige standaarde; en
- Vermindering van toepaslike rekeningkundige standaarde.

Die resultate word verder per respondentgroep, naamlik klein praktisyne, eienaars/bestuur, finansiële instellings en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens ontleed, waarna 'n vergelyking (indien toepaslik) van die verskillende respondentgroepe gedoen word. Soos reeds in hoofstuk 6 bespreek, is die eienaars/bestuur van 'n klein maatskappy verantwoordelik vir die opstel van die maatskappy se finansiële state. Die meeste klein maatskappye maak egter gebruik van hulle ouditeure/rekenmeesters (klein praktisyne) om hierdie rekeningkundige funksies te vervul. Die klein praktisyne word as 'n belangrike respondentgroep in hierdie empiriese ondersoek beskou, aangesien hulle verantwoordelik is vir die opstel van klein maatskappy finansiële state, asook die toepassing van toepaslike rekeningkundige standaarde. Die klein praktisyne beskik gevolglik oor die nodige kennis om sinvolle menings rakende klein maatskappye se toepassing van finansiële rekeningkundige standaarde te gee.

7.2 Probleme wat klein entiteite en praktisyne van klein maatskappye ondervind

In hierdie gedeelte word die spesifieke probleme wat klein praktisyne en eienaars/bestuur in die praktyk ervaar, geïdentifiseer. Die probleme spruit voort uit die aard en kenmerke van 'n klein maatskappy (verwys ook na hoofstuk 4). Hoewel hierdie probleme nie die probleemstelling van hierdie navorsingstudie direk aanspreek nie, gee die unieke eienskappe van 'n klein besigheid aanleiding tot die probleme en spesiale behoeftes, wat spesifiek ook rekeningkundige verslagdoeningsbehoefte insluit. Hierdie probleme kan dus 'n direkte of indirekte uitwerking op die rekeningkundige verslagdoeningstelsel van klein maatskappye hê, en behoort in ag geneem te word wanneer 'n toepaslike rekeningkundige stelsel vir klein maatskappye ondersoek word.

7.2.1 Klein praktisyne

Soos in hoofstuk 1 vermeld, is die doel van rekeningkundige verslagdoening om inligting te verskaf oor die finansiële stand, prestasie en veranderinge in die finansiële stand van 'n entiteit wat nuttig is vir 'n verskeidenheid van gebruikers om rasonale ekonomiese besluite te kan neem. Die probleem wat ondervind word met die toepassing van huidige rekeningkundige praktyke op klein maatskappye, spruit voort uit die omvattendheid van rekeningkundige standaarde wat tot gevolg het dat die koste (wat verbonde is aan die voorbereiding van inligting) die voordeel (wat behaal sal word deur die verskaffing van

rekeningkundige inligting) mag oorskry. Klein maatskappye het beperkte personeel en hulpbronne, en moet wesenlike addisionele koste aangaan in 'n poging om aan huidige rekeningkundige praktyke te voldoen. Dit is gevolglik nodig om te bepaal watter probleme hierdie gebruikers werklik in praktyk in Suid-Afrika ondervind, sodat hierdie probleme in ag geneem kan word wanneer die rekeningkundige vereistes vir klein maatskappye bepaal word.

Die eerste gedeelte van die vraelys fokus op die praktiese probleme wat klein entiteite en praktisyns, as opstellers van finansiële state van klein maatskappye, ondervind. Met die toetsing van die vraelys het die klein praktisyns beklemtoon dat klein entiteite asook praktisyns van klein maatskappye verskeie unieke probleme ondervind; gevolglik is die vraelys uitgebrei ten einde voorsiening te maak vir hierdie probleme. Die probleme wat die klein praktisyns van klein maatskappye in die praktyk ondervind, word in rangorde in tabel 7.1 weergegee. Die Friedman-toets het statisties betekenisvolle verskille op die 1% peil getoon (p -waarde < 0.0001).

Tabel 7.1: Probleme wat klein praktisyne ondervind

Rang-orde	Probleem	Gemiddelde	Standaard-afwyking	Mediaan	Frekwensies							
					Geen probleem (1-2)		Nie-wesentliche probleem (3)		Wesentliche probleem (4-5)		Totaal	
1	Regulering	4.09677 ^a	1.0261	4.0000	6	1%	107	25%	321	74%	434	100%
2	Op datum bly met rekeningkundige- en auditontwikkelings	3.84332 ^a	1.1446	4.0000	22	5%	129	30%	283	65%	434	100%
3	Personeelkwesties	3.57604 ^b	1.3404	4.0000	41	9%	146	34%	247	57%	434	100%
4	Belastingverpligtinge	3.12212 ^b	1.2555	3.0000	47	11%	223	51%	164	38%	434	100%
5	Wingsgewendheid en kontantvloei	3.09677 ^b	1.2099	3.0000	54	12%	216	50%	164	38%	434	100%
6	Kantoor- en praktykbestuur	2.93088 ^b	1.1573	3.0000	67	15%	230	53%	137	32%	434	100%
7	Kompetisie van groot firmas	1.76498 ^c	1.0767	1.0000	247	57%	154	35%	33	8%	434	100%

(Vraelys 1 - Vraag 1.1)

Friedman-toets (p-waarde < 0.0001);

Verskillende boskrifte (^a – ^c) dui betekenisvolle verskille op die 5% peil aan

Tabel 7.2: Het bogenoemde probleme die afgelope 5 jaar beduidend toegeneem?

Ja	393	92%
Nee	24	6%
Geen opinie	12	2%
Totaal beantwoord	429	100%
Onbeantwoord	5	
Totaal	434	

(Vraelys 1 - Vraag 1.2)

Tabel 7.1 toon dat 74% van die respondente van opinie is dat regulering, en voldoening aan hierdie regulasies, 'n wesenlike probleem vir die klein praktisyns is, terwyl 65% aangedui het dat om op datum te bly met rekeningkundige- en ouditontwikkelings, 'n wesenlike probleem is. Die meerderheid van die respondente (57%) het aangedui dat kompetisie van groot oudit firmas geen probleem vir praktisyns van klein besighede is nie. Tabel 7.2 toon dat 92% van die respondente van mening is dat hierdie probleme gedurende die afgelope 5 jaar beduidend toegeneem het.

Uit die bogenoemde blyk dit dat regulering en voldoening aan hierdie regulasies die grootste probleem vir praktisyns van klein maatskappye is. Regulering en voldoening aan hierdie regulasies, sluit onder andere die vereiste in om jaarliks finansiële state te lewer (verwys na hoofstuk 4.2.3.6); die klein praktisyns is normaalweg verantwoordelik vir die opstel van hierdie finansiële state. Verskeie wysigings, wat gedurende die afgelope 5 jaar aangebring is aan rekeningkundige standaarde, asook die uitreiking van nuwe rekeningkundige standaarde, het daartoe bygedra dat dit selfs vir die respondente, wat almal geoktrooieerde rekenmeesters is, problematies is om op hoogte te bly van ontwikkelings in rekeningkunde.

Die klein praktisyns het verskeie addisionele kommentaar oor bogenoemde probleme gelewer, wat verder beklemtoon dat die rekeningkundige vereistes vir klein maatskappye 'n wesenlike probleem in die praktyk is. Die addisionele kommentaar wat gelewer is, sluit onder andere die volgende in:

- “Compliance with accounting standards has become extremely onerous for small businesses, without adding any value to the business.
- Too much time wasted on non-value producing formalities, giving client useless details, at costs that are not necessary.
- Why all IFRS compliance, nobody uses it; IFRS is a total over kill.
- Not enough time and money and resources to keep up to date with changes that have no effect on my clients.
- Paper work is a major problem with no benefit to practitioner or client.
- There have been so many changes in the last few years that small practitioners and one man practices are severely stretched to keep up to date, with the (virtually daily) developments.”

Uit die twee belangrikste probleme (rangorde 1 en 2 in tabel 7.1) wat die klein praktisyns geïdentifiseer het, blyk dit duidelik dat die omvattende rekeningkundige vereistes waaraan klein maatskappye tans moet voldoen, problematies is en dat hierdie vereistes nie aan die behoeftes van die spesifieke gebruikers voldoen nie; gevolglik huldig die klein praktisyns die mening dat die rekeningkundige vereistes vir klein maatskappye gewysig en vereenvoudig behoort te word.

Die probleme wat die klein praktisyns ondervind, is verder ontleed ten einde vas te stel of daar enige verband is tussen die onderskeie probleme en die aantal jare wat die klein praktisyns in praktyk is, die aantal vennote in die firma en die persentasie van fooie wat die praktisyns van klein entiteite verdien. Die aantal jare wat die klein praktisyns in praktyk is, is 'n aanduiding van die praktisyns se ervaring, terwyl die aantal vennote in die firma 'n aanduiding van die grootte van die firma is. Die persentasie van fooie wat die praktisyns van klein entiteite verdien, dui op die belangrikheid van 'n klein maatskappy-portefeulje vir die firma. Die Kruskal-Wallis-toets is 'n uitbreiding van die rangsomtoets vir twee onafhanklike streekproewe (Steyn, Smit, Du Toit & Strasheim, 2004:604). Die Kruskal-Wallis-toets is toegepas op die statistiese data van hierdie studie om te bepaal of daar enige statisties beduidende verband is tussen die probleme wat die klein praktisyns ondervind en (i) die aantal jare wat die praktisyn in praktyk is, (ii) die aantal vennote in die firma en (iii) die persentasie van jaarlikse fooie wat die praktisyn van klein entiteite verdien. Die inligting rakende die aantal jare in praktyk, die aantal vennote in die firma en die persentasie van fooie wat die praktisyns van klein entiteite verdien, is ingesluit in die laaste gedeelte van die vraelys aan die klein praktisyns, naamlik afdeling 7, die profiel van die respondente.

Die resultate van die Kruskal-Wallis-toets word in tabel 7.3 weergegee. Hoewel die probleem, *kompetisie van groot firmas*, deur slegs 8% van die klein praktisyns as 'n wesenlike probleem geïdentifiseer is, is daar statisties hoogs beduidende verwantskappe

tussen hierdie probleem en die aantal jare wat die klein praktisyne praktiseer. *Winsgewendheid en kontantvloei* is deur 38% van die klein praktisyne as 'n wesenlike probleem geïdentifiseer, en *kantoor- en praktykbestuur* deur 32%. Daar is statisties beduidende verskille tussen hierdie probleme en die aantal jare wat die klein praktisyne in praktyk is. Al drie probleme, naamlik kompetisie van groot firmas; kantoor- en praktykbestuur; en winsgewendheid en kontantvloei, blyk 'n groter probleem te wees vir praktisyne wat minder jare praktiseer as vir praktisyne wat langer as 21 jaar in praktyk is. *Personeelkwessies* is vir die meerderheid klein praktisyne (57%) 'n wesenlike probleem en daar is statisties ook hoogs beduidende verskille tussen hierdie probleem en die aantal vennote in die firma. Die probleem is meer beduidend vir firmas met meer as 11 vennote; waarskynlik omdat die firmas groter is en gevolglik meer personeel in diens het. Daar is statisties beduidende verskille tussen die personeelkwessies en die persentasie van fooie wat die klein praktisyne uit besigheid met klein entiteite verdien. Die redes en moontlike oplossings vir hierdie probleme is 'n area wat in die toekoms verder ondersoek en nagevors kan word.

Tabel 7.3: Verband tussen probleme wat klein praktisyne ondervind en die (i) aantal jare in praktyk, (ii) aantal vennote in firma en (iii) % fooie verdien

Probleme	Aantal jare in praktyk				Aantal vennote in firma				% Fooie verdien			
	Gemiddelde			p-waarde	Gemiddelde			p-waarde	Gemiddelde			p-waarde
	0-10	11-20	21+		1-5	6-10	11+		0-50%	51-75%	76%+	
1	1.96599	1.66434	1.66901	0.0080**	1.75956	2.06060	1.57576	0.0909	1.73077	1.84043	1.75385	0.4189
2	3.86395	3.90210	3.76761	0.7074	3.83060	3.81818	4.03030	0.5496	3.83333	3.68085	3.90769	0.3104
3	3.14285	2.93007	2.71127	0.0150*	2.90984	2.81818	3.27273	0.1051	3.14103	2.85106	2.89615	0.1042
4	3.31293	3.05594	2.90141	0.0313*	3.09563	3.24242	2.90909	0.5200	3.15385	3.13830	3.05769	0.8262
5	4.06803	4.11189	4.11972	0.7529	4.06830	4.09091	4.45455	0.0574	4.15385	4.06383	4.09615	0.7399
6	3.55102	3.72027	3.45775	0.2512	3.46995	4.24242	4.09091	0.0011**	3.88462	3.71277	3.43462	0.0306*
7	3.09524	3.09090	3.17606	0.6587	3.11202	3.03030	3.30303	0.5143	3.05128	3.17021	3.12308	0.8692

* $p < 0.05$ is 'n aanduiding dat die verskil statisties beduidend is

** $p < 0.01$ is 'n aanduiding dat die verskil statisties hoogs beduidend is

Sleutel: Probleme

1	Kompetisie van groot firmas
2	Op datum bly met rekeningkundige- en ouditontwikkelings
3	Kantoor- en praktykbestuur
4	Wingewendheid en kontantvloei
5	Regulering en voldoening
6	Personeelkwessies
7	Belastingverpligtinge

Tabel 7.4: Klein praktisyns se mening oor probleme wat hul kliënte (eienaars/bestuur van klein besighede) ondervind

Rang-orde	Probleem	Gemiddelde	Standaard-afwyking	Mediaan	Frekwensies							
					Geen probleem (1-2)		Nie-wesentliche probleem (3)		Wesentliche probleem (4-5)		Totaal	
1	Voldoening aan regulasies	4.19124 ^a	0.9649	4.0000	8	2%	88	20%	338	78%	434	100%
2	Gebrek aan tegniese vaardighede in rekeningkundige standaarde	4.18894 ^a	1.0708	5.0000	14	3%	81	19%	339	78%	434	100%
3	Belastingverpligtinge	3.66359 ^b	1.0428	4.0000	12	3%	167	38%	255	59%	434	100%
4	Wingsgewendheid en kontantvloei	3.32258 ^c	1.0021	3.0000	18	4%	244	56%	172	40%	434	100%
5	Werwing van personeel	3.26498 ^c	1.0132	3.0000	15	3%	245	56%	174	40%	434	100%
6	Verkryging van finansiering	3.11521 ^c	1.1616	3.0000	41	9%	230	53%	163	38%	434	100%
7	Onvoldoende rekeningkundige stelsel	3.06912 ^d	1.2308	3.0000	59	14%	210	48%	165	38%	434	100%
8	Gebrek aan bestuursvaardighede	2.97465 ^{d/e}	1.0818	3.0000	41	9%	256	59%	137	32%	434	100%
9	Kompetisie in die mark	2.72581 ^e	1.0489	3.0000	56	13%	291	67%	87	20%	434	100%

(Vraelys 1 - Vraag 1.3)

Friedman-toets (p-waarde < 0.0001);

Verskillende boskrifte (^a – ^e) dui betekenisvolle verskille op die 5% peil aan

In tabel 7.4 word die klein praktisyne se mening oor probleme wat hul kliënte (eienaars/bestuur van klein besighede) ondervind, getoon. Die klein praktisyne het aangedui dat die grootste probleme vir die eienaars/bestuur van klein maatskappye die voldoening aan regulasies (78%) en 'n gebrek aan tegniese vaardighede in rekeningkundige standaarde (78%) is. Geen van die genoemde probleme is deur die meerderheid van die klein praktisyne as *geen probleem* geïdentifiseer nie; slegs 14% van die respondente het aangedui dat 'n onvoldoende rekeningkundige stelsel geen probleem is nie, en 13% kompetisie in die mark.

Tabel 7.5: Het genoemde probleme die afgelope 5 jaar beduidend toegeneem?

Ja	362	86%
Nee	45	11%
Geen opinie	14	3%
Totaal beantwoord	421	100%
Onbeantwoord	13	
Totaal	434	

(Vraelys 1 - Vraag 1.4)

Die meerderheid van die respondente (86%) het aangedui dat die probleme wat hul kliënte (eienaars van klein besighede) tans ondervind, die afgelope 5 jaar beduidend toegeneem het.

Verwys na punt 7.2.3 vir 'n vergelyking tussen die mening van klein praktisyne rakende die probleme wat kliënte (eienaars/bestuur van klein besighede) ondervind, en die probleme wat die eienaars/bestuur van klein besighede self geïdentifiseer het.

7.2.2 Eienaars/bestuur

Die unieke eienskappe van 'n klein maatskappye gee aanleiding tot die probleme en spesiale behoeftes van hierdie besighede (verwys na hoofstuk 4). Die eienaars/bestuur van klein maatskappye het die probleme wat hulle in praktyk ervaar, soos volg geïdentifiseer (verwys na tabel 7.6):

Tabel 7.6 toon dat die voldoening aan regulasies deur 66% van die eienaars/bestuur as wesenlike probleem geïdentifiseer is, en belastingverpligtinge deur 59%. Uit die addisionele kommentaar blyk dit ook duidelik dat die voldoening aan regulasies problematies is vir klein maatskappye. Die volgende word spesifiek vermeld:

“The business environment has become, and continues to become, over-regulated. Significantly more costs are incurred on compliance and regulatory matters (e.g. Accounting fees, audit fees, tax compliance fees) for which the client does not get any extra value.”

Van hierdie respondentgroep het 46% aangedui dat 'n gebrek aan bestuursvaardighede geen probleem is nie, en 45% 'n onvoldoende rekeningkundige stelsel. In die literatuurstudie (verwys na hoofstuk 4), is swak bestuur en 'n gebrek aan bestuursvaardighede (bv. onbevoegdheid van bestuur en 'n gebrek aan bestuursondervinding) as een van die belangrikste redes vir die mislukking van klein besighede aangedui. Dit blyk egter dat eienaars/bestuur nie 'n gebrek aan bestuursvaardighede as 'n wesenlike probleem in die praktyk beskou nie.

Dit is opmerklik dat 'n gebrek aan tegniese vaardighede in rekeningkundige standarde slegs deur 35% van respondente as 'n wesenlike probleem beskou is. Verskeie klein praktisyns het egter aangedui dat hulle nie bereid was om die vraelys aan eienaars/bestuur aan hul kliënte te stuur nie, juis vanweë hul persepsie dat die eienaars/bestuur nie oor die nodige kennis en rekeningkundige vaardighede beskik om die vraelys te beantwoord nie.

Tabel 7.6: Probleme wat eienaars/bestuur van klein besighede ondervind

Rang-orde	Probleem	Gemiddelde	Standaard-afwyking	Mediaan	Frekwensies							
					Geen probleem (1-2)		Nie-wesentliche probleem (3)		Wesentliche probleem (4-5)		Totaal	
1	Voldoening aan regulasies	3.83962 ^a	1.2629	4.0000	17	8%	56	26%	139	66%	212	100%
2	Belastingverpligtinge	3.56132 ^a	1.3029	4.0000	21	10%	66	31%	125	59%	212	100%
3	Werwing van personeel	2.86321 ^b	1.3923	3.0000	51	24%	82	39%	79	37%	212	100%
4	Gebrek aan tegniese vaardighede in rekeningkundige standaarde	2.75000 ^b	1.5573	2.5000	68	32%	70	33%	74	35%	212	100%
5	Kompetisie in die mark	2.71226 ^b	1.2942	3.0000	54	25%	97	46%	61	29%	212	100%
6	Verkryging van finansiering	2.63679 ^b	1.4457	2.0000	66	31%	78	37%	68	32%	212	100%
7	Winsgewendheid en kontantvloei	2.58962 ^b	1.2755	3.0000	61	29%	94	44%	57	27%	212	100%
8	Onvoldoende rekeningkundige stelsel	2.05189 ^c	1.2090	2.0000	95	45%	83	39%	34	16%	212	100%
9	Gebrek aan bestuursvaardighede	1.99528 ^c	1.1744	2.0000	97	46%	88	41%	27	13%	212	100%

(Vraelys 2 - Vraag 1.1)

Friedman-toets (p-waarde < 0.0001);

Verskillende boskrifte (^a – ^c) dui betekenisvolle verskille op die 5% peil aan

Tabel 7.7: Het bogenoemde probleme die afgelope 5 jaar beduidend toegeneem?

Ja	158	77%
Nee	32	16%
Geen opinie	16	7%
Totaal beantwoord	206	<u>100%</u>
Onbeantwoord	6	
Totaal	212	

(Vraelys 2 - Vraag 1.2)

Tabel 7.7 toon dat die meerderheid (77%) van die eienaars die opinie huldig dat die genoemde probleme gedurende die afgelope 5 jaar beduidend toegeneem het.

Die mening van die eienaars/bestuur sal vervolgens vergelyk word met die mening van die klein praktisyns rakende die probleme wat klein maatskappye ondervind.

7.2.3 Vergelyking van resultate

Die resultate van die probleme wat eienaars/bestuur van klein maatskappye ondervind, soos geïdentifiseer deur die klein praktisyns (verwys na tabel 7.5) teenoor die probleme wat eienaars/bestuur self geïdentifiseer het (verwys na tabel 7.6), kan soos volg vergelyk word:

Tabel 7.8: Vergelyking - Probleme wat eienaars/bestuur van klein besighede ondervind

Probleem	Klein praktisyns			Eienaars/bestuur		
	Rang-orde	Gemiddelde	Standaard-afwyking	Rang-orde	Gemiddelde	Standaard-afwyking
Voldoening aan regulasies	1	4.19124	0.9649	1	3.83962	1.2629
Gebrek aan tegniese vaardighede in rekeningkundige standaarde	2	4.18894	1.0708	4	2.75000	1.5573
Belastingverpligtinge	3	3.66359	1.0428	2	3.56132	1.3029
Wingsgewendheid en kontantvloei	4	3.32258	1.0021	7	2.58962	1.2755
Werwing van personeel	5	3.26498	1.0132	3	2.86321	1.3923
Verkryging van finansiering	6	3.11521	1.1616	6	2.63679	1.4457
Onvoldoende rekeningkundige stelsel	7	3.06912	1.2308	8	2.05189	1.2090
Gebrek aan bestuursvaardighede	8	2.97465	1.0818	9	1.99528	1.1744
Kompetisie in die mark	9	2.72581	1.0489	5	2.71226	1.2942

(Vraelys 1 - Vraag 1.3; Vraelys 2 - Vraag 1.1)

Spearman rangkorrelasiekoëffisiënt = 0.833, $p = 0.0102$

Om die wesenlikheid van die probleme wat klein maatskappye ondervind in terme van die menings van die eienaars/bestuur en die klein praktisyns te vergelyk, is 'n rangorde aan die probleme in elke groep toegeken en die Spearman rangkorrelasiekoëffisiënt is gebruik om die twee stelle rangordes te vergelyk. Die Spearman rangkorrelasiekoëffisiënt dui op 'n betekenisvolle korrelasie tussen die twee stelle rangordes en daar is dus 'n groot ooreenstemming tussen die wesenlikheid van die probleme wat klein maatskappye ervaar in terme van die menings van die eienaars/bestuur en die klein praktisyns.

Uit tabel 7.8 blyk dit dat beide die klein praktisyns en eienaars/bestuur die *voldoening aan regulasies* as die grootste probleem beskou. 'n *Gebrek aan tegniese vaardighede in rekeningkundige standaarde* en *belastingverpligtinge* is ook deur die klein praktisyns as belangrike probleme aangedui, terwyl die eienaars/bestuur *belastingverpligtinge* en die

werwing van personeel aangedui het. 'n Gebrek aan tegniese vaardighede in rekeningkundige standaarde word deur eienaars/bestuur slegs vierde in rangorde van wesenlikheid geplaas. 'n *Gebrek aan bestuursvaardighede* en die rol van *kompetisie in die mark* blyk nie problematies in praktyk te wees nie. Die gebruikers en opstellers van klein maatskappy finansiële state het beide bevestig dat die *voldoening aan regulasies* die belangrikste probleem is. Gedurende die afgelope aantal jare het die rekeningkundige vereistes waaraan klein maatskappye moet voldoen, drasties toegeneem in kompleksiteit en omvang; gevolglik is die koste wat verbonde is aan die voorbereiding van finansiële state wesenlik beïnvloed. Beide respondentegroepe is van mening dat die rekeningkundige vereistes vir klein maatskappye gevolglik hersien behoort te word.

7.2.4 Opsomming: Probleme wat klein entiteite en praktisyns van klein maatskappye ondervind

7.2.4.1 Probleme wat klein praktisyns ondervind

Die grootste probleme wat klein praktisyns ervaar, is (i) regulering en voldoening aan hierdie regulasies en (ii) om op hoogte te bly met rekeningkundige- en auditontwikkelings; 74% van die respondente het die mening uitgespreek dat regulering en voldoening aan hierdie regulasies 'n wesenlike probleem vir die klein praktisyns is, terwyl 65% aangedui het dat om op hoogte te bly met rekeningkundige- en auditontwikkelings 'n wesenlike probleem is. Dit blyk dat die kompetisie van groot audit firmas geen probleem vir klein praktisyns is nie. Die meerderheid van die respondente (92%) is van mening dat hierdie probleme gedurende die afgelope 5 jaar beduidend toegeneem het.

Uit die addisionele kommentaar wat gelewer is, blyk dit duidelik dat die rekeningkundige vereistes waaraan klein maatskappye tans moet voldoen, problematies is en dat hierdie vereistes nie aan die behoeftes van die gebruikers voldoen nie.

Daar is 'n betekenisvolle verband tussen die aantal jare wat die klein praktisyns praktiseer, en die probleme van kompetisie van groot audit firmas, kantoor- en praktykbestuur, en winsgewendheid en kontantvloei. Hierdie probleme blyk groter te wees vir praktisyns wat minder jare praktiseer as vir praktisyns wat langer as 21 jaar in praktyk is. Daar is verder ook 'n betekenisvolle verband tussen die probleem van personeelkewessies en die aantal vennote in die firma, sowel as die persentasie van fooie wat die klein praktisyns van klein

entiteite verdien; hierdie probleem is meer beduidend vir firmas met meer as 11 vennote, waarskynlik omdat die firmas groter is en gevolglik meer personeel in diens het.

7.2.4.2 Probleme wat eienaars/bestuur van klein besighede ondervind

Die grootste probleme wat eienaars/bestuur ervaar, is (i) die voldoening aan regulasies en (ii) belastingverpligtinge. Die voldoening aan regulasies is deur 66% van die eienaars/bestuur as 'n wesenlike probleem geïdentifiseer, en belastingverpligtinge deur 59%.

Die eienaars/bestuur het aangedui dat 'n gebrek aan bestuursvaardighede (46%) en 'n onvoldoende rekeningkundige stelsel (45%) nie 'n belangrike probleem is nie. In die literatuurstudie is swak bestuur en 'n gebrek aan bestuursvaardighede (bv. onbevoegdheid van bestuur en gebrek aan bestuursondervinding) egter as een van die belangrikste redes vir die mislukking van klein besighede aangedui.

Die meerderheid (77%) van die eienaars/bestuur het bevestig dat die genoemde probleme gedurende die afgelope 5 jaar beduidend toegeneem het.

Die Spearman rangkorrelasiekoëffisiënt het 'n betekenisvolle korrelasie aangedui tussen die wesenlikheid van die probleme wat die eienaars/bestuur geïdentifiseer het, en die probleme wat die eienaars/bestuur volgens die klein praktisyns ervaar. Beide die klein praktisyns en eienaars/bestuur het die voldoening aan regulasies as die grootste probleem beskou. 'n Gebrek aan tegniese vaardighede in rekeningkundige standaarde, sowel as belastingverpligtinge is ook deur die klein praktisyns as belangrike probleme aangedui, terwyl die eienaars/bestuur belastingverpligtinge en die werwing van personeel aangedui het. 'n Gebrek aan bestuursvaardighede en die rol van kompetisie in die mark blyk nie problematies te wees in praktyk nie. Die gebruikers van klein maatskappy finansiële state het bevestig dat die voldoening aan regulasies die belangrikste probleem is. Die rekeningkundige vereistes waaraan klein maatskappye moet voldoen, het gedurende die afgelope aantal jare drasties toegeneem in kompleksiteit en omvang; gevolglik is die koste wat verbonde is aan die voorbereiding van finansiële state wesenlik beïnvloed. Ten einde die probleme wat hierdie maatskappye ondervind, aan te spreek, behoort die rekeningkundige vereistes vir klein maatskappye gevolglik hersien en vereenvoudig te word.

7.3 Identifisering van 'n klein entiteit vir rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes

7.3.1 Klein praktisyns

Tabel 7.9: Belangrikheid van faktore vir die identifisering van 'n klein entiteit

	Ja		Nee		Totaal	
	Aantal	Prosent	Aantal	Prosent	Aantal	Prosent
Kompleksiteit van die entiteit (aard van besigheid en transaksies)	256	59%	178	41%	434	100%
Aantal werknemers	181	42%	253	58%	434	100%
Publieke aanspreeklikheid van die entiteit	412	95%	22	5%	434	100%
Eienaarstruktuur	337	78%	97	22%	434	100%
Risiko profiel	246	57%	188	43%	434	100%
Die aantal gebruikers van finansiële state	248	57%	186	43%	434	100%
Totale omset	344	79%	90	21%	434	100%
Totale batewaarde	157	36%	277	64%	434	100%
Gebruikersbehoefte (of gebruikers finansiële state benodig en verstaan)	276	64%	158	36%	434	100%

(Vraelys 1 - Vraag 2.1)

Die klein praktisyns, as opstellers van klein maatskappy finansiële state, het die publieke aanspreeklikheid van die entiteit (95%), totale omset (79%) en die eienaarstruktuur (78%) aangedui as die belangrikste faktore vir die identifisering van 'n klein entiteit; verder is 64% van die klein praktisyns van mening dat gebruikersbehoefte (die vraag of gebruikers finansiële state benodig en verstaan) in ag geneem moet word wanneer 'n klein entiteit geïdentifiseer word. Soos in hoofstuk 4 (verwys na punt 4.3.2) bespreek, kan kwalitatiewe en/of kwantitatiewe kriteria gebruik word om 'n klein entiteit vir rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes te definieer. Die publieke aanspreeklikheid van 'n entiteit, sowel as die eienaarstruktuur daarvan, verteenwoordig kwalitatiewe maatstawwe, terwyl die totale omset 'n kwantitatiewe maatstaf is. *Klein entiteit* word in verskeie internasionale definisies omskryf deur beide kwalitatiewe en kwantitatiewe maatstawwe in te sluit (verwys ook na hoofstuk 4, afdeling 4.5.6).

Die bogenoemde vraag het aanleiding gegee tot verskeie addisionele kommentaar, wat die volgende insluit:

- “It is very simple - for non-public interest entities - let the shareholders decide.
- IFRS for SMEs is far too complicated, and is not understood by the clients at all.
- Most SME clients do not understand financial statements.
- One needs to understand who is using the accounts and the method they use to measure their profitability.
- Ownership structure and number of users should be the major factors used to identify a SME for financial reporting purposes.
- Users are not concerned with the layout of financial statements. They merely want to know how the income and expenses are arrived at.
- SME owners are financially illiterate. They don’t understand the AFS, they don’t want IFRS and expansive AFS and they don’t want to pay for it.”

Uit die addisionele kommentaar, blyk dit duidelik dat die klein praktisyns nie tevrede is met die wyse waarop ’n klein entiteit tans vir rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes geïdentifiseer word nie. Dit blyk verder ook dat die klein praktisyns van mening is dat die *IFRS for SMEs* nie die verslagdoeningsklas van klein maatskappye verlig nie.

’n Studie wat gedurende 2006 deur Stainbank en Wells (2007:49) in Suid-Afrika onderneem is, sluit die opinies van 64 geregistreeerde rekenmeesters en ouditeure in. Laasgenoemde skrywers kom tot die gevolgtrekking dat ’n enkele faktor nie voldoende is om entiteite wat gedifferensieerde verslagdoening behoort toe te pas, te identifiseer nie, maar dat ’n kombinasie van die grootte van die entiteit (omset), die ondernemingsvorm (publieke aanspreeklikheid) en die aantal gebruikers van die finansiële state waarskynlik die beste oplossing bied.

Soos aangetoon in tabel 7.9, is die publieke aanspreeklikheid van ’n entiteit en totale omset ook volgens hierdie studie die belangrikste faktore vir die identifisering van ’n klein entiteit, terwyl 57% van die respondente die aantal gebruikers van finansiële state as faktor aangedui het. Die resultate van hierdie navorsingstudie en die Stainbank en Wells-studie stem dus ooreen.

Verwys na punt 7.3.5 vir ’n vergelyking van die bogenoemde resultate met ander respondentgroepe.

7.3.2 Eienaars/bestuur

Tabel 7.10: Belangrikheid van faktore vir die identifisering van 'n klein entiteit

	Ja		Nee		Totaal	
Kompleksiteit van die entiteit (aard van besigheid en transaksies)	59	28%	152	72%	211	100%
Aantal werknemers	108	51%	103	49%	211	100%
Publieke aanspreeklikheid van die entiteit	152	72%	59	28%	211	100%
Eienaarstruktuur	146	69%	65	31%	211	100%
Risiko profiel	51	24%	160	76%	211	100%
Die aantal gebruikers van finansiële state	114	54%	97	46%	211	100%
Totale omset	133	63%	78	37%	211	100%
Totale batewaarde	95	45%	116	55%	211	100%
Gebruikersbehoefes (of gebruikers finansiële state benodig en verstaan)	95	45%	116	55%	211	100%
Totaal beantwoord					211	
Onbeantwoord					1	
Totaal					212	

(Vraelys 2 - Vraag 2.1)

Die eienaars/bestuur het aangedui dat die publieke aanspreeklikheid van 'n entiteit (72%), die eienaarstruktuur (69%) en totale omset (63%) die belangrikste faktore is vir die identifisering van 'n klein entiteit. Eienaars/bestuur beskou dus beide kwalitatiewe en kwantitatiewe maatstawwe as belangrike faktore vir die identifisering van 'n klein entiteit. Die risiko profiel (24%) en die kompleksiteit van die entiteit (28%) word nie deur die eienaars/bestuur as belangrike faktore vir die identifisering van 'n klein entiteit vir rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes beskou nie.

Verwys na punt 7.3.5 vir 'n vergelyking van die bogenoemde resultate met ander respondentgroepe.

7.3.3 Finansiële instellings

Tabel 7.11: Faktore vir die identifisering van 'n klein entiteit

	Ja		Nee		Totaal	
Kompleksiteit van die entiteit (aard van besigheid en transaksies)	4	80%	1	20%	5	100%
Aantal werknemers	4	80%	1	20%	5	100%
Publieke aanspreeklikheid van die entiteit	0	0%	5	100%	5	100%
Eienaarstruktuur	4	80%	1	20%	5	100%
Die aantal gebruikers van finansiële state	0	0%	5	100%	5	100%
Totale omset	5	100%	0	0%	5	100%
Totale batewaarde	2	40%	3	60%	5	100%
Gebruikersbehoefes (of gebruikers finansiële state benodig en verstaan)	1	20%	4	80%	5	100%

(Vraelys 3 - Vraag 1.1)

Die bogenoemde tabel toon aan dat finansiële instellings totale omset (100%), die kompleksiteit van die entiteit (80%), die aantal werknemers (80%) en die eienaarstruktuur (80%) as die belangrikste faktore vir die identifisering van 'n klein entiteit beskou. Beide kwalitatiewe en kwantitatiewe maatstawwe word weereens as belangrike faktore vir die identifisering van 'n klein entiteit beskou. Daar behoort egter in gedagte gehou te word dat finansiële instellings slegs gemoeid is met finansieringsbesluite en nie met die rekeningkundige verslagdoening nie.

Dit is interessant om te let dat finansiële instellings geen waarde heg aan die publieke aanspreeklikheid van die entiteit nie, terwyl dit deur beide klein praktisyns en eienaars/bestuur as 'n bepalende faktor geïdentifiseer is.

Verwys na punt 7.3.5 vir 'n vergelyking van die bogenoemde resultate met ander respondentgroepe.

7.3.4 Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens

Tabel 7.12: Faktore vir die identifisering van 'n klein entiteit

	Ja	Nee
Kompleksiteit van die entiteit (aard van besigheid en transaksies)		x
Aantal werknemers		x
Publieke aanspreeklikheid van die entiteit		x
Eienaarstruktuur		x
Risiko profiel		x
Die aantal gebruikers van finansiële state		
Totale omset	x	
Totale batewaarde		x
Gebruikersbehoefes (of gebruikers finansiële state benodig en verstaan)		x

(Vraelys 4 - Vraag 1.1)

Die SAID verwys na 'n *kleinsakekorporasie*, vir belastingdoeleindes. Hierdie entiteite kwalifiseer vir verskillende voordele ingevolge die Inkomstebelastingwet (2008), byvoorbeeld 'n onmiddellike 100%-slytasietoelaag ten opsigte van kwalifiserende vervaardigingsbates. Die identifisering van klein entiteite deur die SAID word deur die vereistes van die Inkomstebelastingwet (2008) bepaal. 'n *Kleinsakekorporasie* word in artikel 12E van die Inkomstebelastingwet (2008) omskryf as 'n beslote korporasie, privaatmaatskappy of koöperasie, waarvan alle aandeelhouers te alle tye gedurende die jaar natuurlike persone is; daarbenewens moet daar ook aan die volgende vereistes voldoen word:

- Die bruto inkomste van die korporasie, vir die jaar, moet minder as R14 miljoen wees;
- 'n Lid of aandeelhouer mag nie gedurende enige stadium deur die jaar 'n belang in enige ander maatskappy besit nie (enkele uitsonderings geld);
- Die maatskappy mag nie 'n persoonlike diensverskaffer, soos in die Vierde Bylae omskryf, wees nie; en
- Nie meer as 20% van die totale bedrag ontvang of toegeval aan die maatskappy mag gesamentlik uit beleggingsinkomste en inkomste uit die lewering van 'n persoonlike diens verkry word nie.

Die SAID het slegs totale omset (kwantitatiewe maatstaf) as bepalende faktor vir die identifisering van 'n klein entiteit aangedui.

7.3.5 Vergelyking van resultate

Die faktore vir die identifisering van 'n klein entiteit soos geïdentifiseer deur die klein praktisyns, vergelyk soos volg met die faktore wat deur die eienaars/bestuur geïdentifiseer is:

Tabel 7.13: Vergelyking - Belangrikheid van faktore vir die identifisering van 'n klein entiteit

Faktore	Klein praktisyns		Eienaars/bestuur	
	Aantal	%	Aantal	%
Publieke aanspreeklikheid van die entiteit	412	17%	151	16%
Totale omset	344	14%	133	14%
Eienaarstruktuur	337	14%	145	15%
Gebruikersbehoefes (of gebruikers finansiële state benodig en verstaan)	276	11%	95	10%
Kompleksiteit van die entiteit (aard van besigheid en transaksies)	256	11%	59	6%
Die aantal gebruikers van finansiële state	248	10%	114	12%
Risiko profiel	246	10%	50	5%
Aantal werknemers	181	7%	108	12%
Totale batewaarde	157	6%	94	10%
Totaal	2 457	100%	949	100%

(Vraelys 1 - Vraag 2.1; Vraelys 2 - Vraag 2.1)

Aantal = aantal respondente wat “Ja” geantwoord het

% = persentasie van totale aantal respondente wat “Ja” geantwoord het

Die respondente is versoek om die faktore aan te dui wat in ag geneem behoort te word wanneer 'n klein entiteit geïdentifiseer word. Geen beperking is op die aantal faktore gestel waarop die respondente 'n ja-antwoord kon aandui nie. Ten einde 'n vergelyking tussen die klein praktisyns en die eienaars/bestuur te tref, is die totale aantal ja-antwoorde vir elke faktor bereken en uitgedruk as 'n persentasie van die totale aantal ja-antwoorde. Publieke aanspreeklikheid van die entiteit is byvoorbeeld deur 412 klein praktisyns aangedui as faktor wat in ag geneem behoort te word wanneer 'n klein entiteit geïdentifiseer word; dus verteenwoordig dit 17% (412/2,457) van die totale aantal faktore.

Uit die bogenoemde tabel, blyk dit dat die belangrikste drie faktore vir die identifisering van 'n klein entiteit, vir beide die klein praktisyns en die eienaars/bestuur, die publieke aanspreeklikheid van die entiteit, die totale omset en die eenaarstruktuur is. Die totale omset en die eenaarstruktuur is ook as belangrike faktore geïdentifiseer deur finansiële instellings. Geen van die finansiële instellings het egter die publieke aanspreeklikheid van die entiteit as faktor geïdentifiseer nie; dit is waarskynlik die geval aangesien finansiële instellings slegs gemoeid is met finansieringsbesluite en nie met die rekeningkundige verslagdoening van die klein entiteit nie. Totale omset is ook die enigste faktor wat deur die SAID gebruik word vir die identifisering van 'n klein entiteit vir belastingdoeleindes.

7.3.6 Opsomming: Identifisering van 'n klein entiteit vir rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes

Die klein praktisyns het die publieke aanspreeklikheid van die entiteit (95%), die totale omset (79%) en die eenaarstruktuur (78%) as die belangrikste faktore vir die identifisering van 'n klein entiteit geïdentifiseer. 'n Totaal van 64% van die klein praktisyns is van mening dat die gebruikersbehoefte (die vraag of gebruikers finansiële state benodig en verstaan) in ag geneem moet word wanneer 'n klein entiteit geïdentifiseer word. Dit verteenwoordig 'n kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe kriteria vir die identifisering van 'n klein entiteit vir rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes. Die publieke aanspreeklikheid van 'n entiteit, sowel as die eenaarstruktuur, verteenwoordig kwalitatiewe maatstawwe, terwyl die totale omset 'n kwantitatiewe maatstaf is.

Volgens die eienaars/bestuur, is die publieke aanspreeklikheid van 'n entiteit (72%), die eenaarstruktuur (69%) en die totale omset (63%) die belangrikste faktore vir die identifisering van 'n klein entiteit. Weereens word beide kwalitatiewe en kwantitatiewe maatstawwe as belangrike faktore vir die identifisering van 'n klein entiteit beskou.

Die finansiële instellings het die totale omset (100%), die kompleksiteit van die entiteit (80%), die aantal werknemers (80%) en die eenaarstruktuur (80%) as die belangrikste faktore vir die identifisering van 'n klein entiteit geïdentifiseer. Die SAID gebruik slegs totale omset vir die identifisering van 'n klein entiteit (vir belastingdoeleindes), in ooreenstemming met die vereistes van die Inkomstebelastingwet (2008).

7.3 Gebruike en voordele van klein maatskappy finansiële state

7.4.1 Klein praktisyns

Tabel 7.14: Potensiële gebruikers van klein maatskappy finansiële state

	Ja		Nee		Soms		Weet nie		Totaal	
Klante	11	2%	339	78%	75	17%	9	3%	434	100%
Werknemers	2	1%	396	91%	31	7%	5	1%	434	100%
Finansiële instellings	381	88%	1	0%	52	12%	0	-	434	100%
Staatsinstellings (nie die SAID nie)	151	35%	103	24%	173	40%	7	1%	434	100%
Beleggers	37	9%	300	69%	88	20%	9	2%	434	100%
Eienaars/bestuur	139	32%	145	33%	142	33%	8	2%	434	100%
Voornemende beleggers/analiste	351	81%	26	6%	57	13%	0	-	434	100%
Publiek	6	1%	411	95%	15	3%	2	1%	434	100%
Die SAID	395	91%	12	3%	25	6%	2	-	434	100%
Verskaffers	38	9%	214	49%	167	39%	15	3%	434	100%

(Vraelys 1 - Vraag 3.1)

Tabel 7.14 toon aan dat 91% van die klein praktisyns die SAID, 88% die finansiële instellings en 81% die voornemende beleggers/analiste as potensiële gebruikers van klein maatskappy finansiële state geïdentifiseer het. Daar is verder aangedui dat die publiek (95%), werknemers (91%) en klante (78%) nie as gebruikers van klein maatskappy finansiële state beskou word nie. Dit is interessant om te let dat 81% van die klein praktisyns van mening is dat voornemende beleggers/analiste wel potensiële gebruikers van klein maatskappy finansiële state is, terwyl slegs 9% van die klein praktisyns die mening huldig dat beleggers potensiële gebruikers is.

Die literatuurstudie (verwys na hoofstuk 3.4) bevestig ook dat eienaars/bestuur, leners en owerhede (inkomstedienste) as die primêre gebruikers van klein maatskappy finansiële state geïdentifiseer is. Die klein praktisyns beskou slegs die SAID (inkomstediens) en finansiële instellings (leners) as gebruikers, en nie eienaars/bestuur nie. Hierdie resultate

stem ooreen met dié van 'n studie van McCahey (1989:37), wat ook finansiële instellings (leners) en die owerhede (vir inkomstebelastingdoeleindes) as die belangrikste gebruikers van klein maatskappy finansiële state geïdentifiseer het. McCahey (1989:36) meld dat eienaars wat by die bestuur van die entiteit betrokke is, in 'n posisie is om addisionele inligting te bekom; gevolglik steun hierdie eienaars nie op gepubliseerde finansiële verslae vir inligting nie. Eienaars wat betrokke is by die bestuur, is dus nie 'n *eksterne gebruiker* nie; gevolglik sal slegs die eienaars wat nie by die bestuur betrokke is nie, die finansiële state gebruik om die bestuur se rentmeesterskap te beoordeel (CICA, 2002:33). Uit die addisionele kommentaar blyk dit ook dat die rekeningkundige vereistes te omvattend is vanweë die beperkte groep van gebruikers van klein maatskappy finansiële state, terwyl sommige klein praktisyns die mening huldig dat die eienaars nie die finansiële state verstaan nie. Die volgende stelling is onder andere gemaak: “For privately owned businesses even IFRS for SMEs is an overkill and a lot of the disclosure requirements result in the business owner not being able to understand the financials.”

Die volgende twee tabelle toon eerstens die voordele van finansiële state vir die gebruikers en tweedens die invloed van finansiële state op die ekonomiese besluite wat eienaars/bestuur neem, soos geïdentifiseer deur die praktisyns as opstellers van finansiële state van klein maatskappye.

Tabel 7.15: Voordele van finansiële state vir gebruikers

Rang- orde	Voordele	Gemiddelde	Standaard- afwyking	Mediaan	Frekwensies							
					Geen voordeel		Voordelig		Baie voordelig		Totaal	
1	Belastingdoeleindes	4.47235 ^a	0.8626	5.0000	6	1%	49	12%	379	87%	434	100%
2	Vir die verkryging van finansiering vanaf finansiële instellings	4.26267 ^a	0.8914	5.0000	4	1%	78	18%	352	81%	434	100%
3	Finansiële state word op 'n onafhanklike basis voorberei	3.57834 ^b	1.3036	4.0000	40	9%	152	35%	242	56%	434	100%
4	Die opstel van finansiële state dui op goeie dissipline	3.52535 ^b	1.3092	4.0000	50	12%	141	32%	243	56%	434	100%
5	Beoordeling van prestasie van die entiteit	3.18894 ^c	1.1835	3.0000	39	9%	226	52%	169	39%	434	100%
6	Bepaling van solvabiliteit/likwiditeit (vermoë om skuld terug te betaal) van entiteit	2.93779 ^{c/d}	1.2113	3.0000	66	15%	231	53%	137	32%	434	100%
7	Beplanning en bestuursbesluite berus op finansiële state	2.71659 ^d	1.3003	3.0000	97	22%	218	50%	119	28%	434	100%
8	Vir die vergelyking van resultate met ander entiteite	1.86866 ^e	1.1224	1.0000	220	51%	173	40%	41	9%	434	100%

(Vraelys 1 - Vraag 3.2)

 Friedman-toets (p-waarde < 0.0001); Verskillende boskryfte (^a – ^e) dui betekenisvolle verskille op die 5% peil aan

Tabel 7.16: Die invloed van finansiële state op die ekonomiese besluite wat eienaars/bestuur neem

Rang- orde	Voordele	Gemiddelde	Standaard- afwyking	Mediaan	Frekwensies							
					Geen invloed		Nie- wesenlike invloed		Wesenlike invloed		Totaal	
1	Lenings-/ finansieringsbesluite	3.26498 ^a	1.3866	3.0000	65	15%	165	38%	204	47%	434	100%
2	Dividendbesluite	3.12442 ^a	1.4379	3.0000	92	21%	142	33%	200	46%	434	100%
3	Direkteursvergoeding	2.65438 ^b	1.4045	3.0000	127	29%	174	40%	133	31%	434	100%
4	Personeelvergoeding	2.35023 ^c	1.1501	2.0000	133	31%	229	53%	72	16%	434	100%
5	Kapitaalbesteding	2.30876 ^c	1.1276	2.0000	124	29%	253	58%	57	13%	434	100%
6	Kontantbestuur	2.21198 ^c	1.1835	2.0000	148	34%	231	53%	55	13%	434	100%

(Vraelys 1 - Vraag 3.3)

Friedman-toets (p-waarde < 0.0001);

Verskillende boskrifte (^a – ^c) dui betekenisvolle verskille op die 5% peil aan

Die voordele wat finansiële state vir die gebruikers daarvan inhou, dui ook op die redes waarom dit opgestel word; dus, die doel van finansiële verslagdoening. Soos in hoofstuk 2 aangetoon, is die doel van finansiële state die voorsiening van inligting oor die finansiële stand, prestasie en kontantvloei van die onderneming, wat nuttig is vir die gebruikers daarvan wanneer ekonomiese besluite geneem word.

Die belangrikste voordele van finansiële state vir gebruikers, soos aangedui deur die klein praktisyns in tabel 7.15, is dat die finansiële state opgestel word vir belastingdoeleindes (87%) en die verkryging van finansiering (81%). Die feit dat finansiële state op 'n onafhanklike basis voorberei word en dat die opstel van finansiële state op goeie dissipline dui, is ook deur die meerderheid (56%) van die klein praktisyns as voordele aangedui. Volgens 51% van die klein praktisyns, hou die vergelyking van die entiteit se resultate met ander entiteite geen voordeel in nie.

Tabel 7.16 toon aan dat die finansiële state van 'n klein entiteit 'n invloed uitoefen op die lenings-/finansieringsbesluite (47%) en dividendbesluite (46%) van eienaars/bestuur. Volgens 34% van die klein praktisyns, het die finansiële state geen invloed op die kontantbestuur van die klein entiteit nie, en volgens 31% geen invloed op personeelvergoeding nie. Dit wil voorkom asof die klein praktisyns van mening is dat die finansiële state nie inligting voorsien wat nuttig is vir die eienaars wanneer ekonomiese besluite geneem word nie, aangesien geen van die ekonomiese besluite wat deur die eienaars/bestuur geneem word, deur die meerderheid van die klein praktisyns geïdentifiseer is nie (wesentliche invloed, sowel as geen invloed).

In die addisionele kommentaar maak 'n praktisyn die volgende stelling: "Financial statements are largely historical and have very little influence on operating decisions." Dit kan egter ook daarop dui dat die klein praktisyns nie weet watter ekonomiese besluite die eienaars/bestuur wel op die finansiële state baseer nie.

7.4.2 Eienaars/bestuur

Tabel 7.17: Potensiële gebruikers van klein maatskappy finansiële state

	Ja		Nee		Soms		Weet nie		Totaal	
Klante	5	2%	192	91%	15	7%	0	0%	212	100%
Werknemers	157	74%	16	8%	38	18%	1	0%	212	100%
Finansiële instellings	41	19%	138	65%	31	15%	2	1%	212	100%
Staatsinstellings (nie die SAID nie)	50	24%	116	55%	41	19%	5	2%	212	100%
Beleggers	191	90%	10	5%	10	5%	0	0%	212	100%
Eienaars/bestuur	199	94%	6	3%	6	3%	1	0%	212	100%
Voornemende beleggers/analiste	23	11%	147	69%	34	16%	8	4%	212	100%
Publiek	2	1%	207	98%	2	1%	1	0%	212	100%
Die SAID	20	10%	151	71%	39	18%	2	1%	212	100%
Verskaffers	9	4%	177	83%	20	10%	6	3%	212	100%

(Vraelys 2 - Vraag 3.1)

Die eienaars/bestuur het hulself (94%), beleggers (90%) en werknemers (74%) as potensiële gebruikers van klein maatskappy finansiële state geïdentifiseer. Daar word aangedui dat die publiek (98%), klante (91%) en verskaffers (83%) nie gebruikers van klein maatskappy finansiële state is nie. Eienaars/bestuur is dus van mening dat hulle self die belangrikste gebruiker van die klein maatskappy se finansiële state is, terwyl die klein praktisyns egter van mening is dat eienaars/bestuur nie 'n *gebruiker* is nie.

Die volgende twee tabelle toon eerstens die voordele van finansiële state vir die gebruikers, en tweedens die invloed van finansiële state op die ekonomiese besluite wat eienaars/bestuur neem.

Tabel 7.18: Voordele van finansiële state vir gebruikers

Rang-orde	Voordele	Gemiddelde	Standaard-afwyking	Mediaan	Frekwensies							
					Geen voordeel		Voordelig		Baie voordelig		Totaal	
1	Vir die vergelyking van resultate met ander entiteite	4.36792 ^a	0.9670	5.0000	7	3%	26	12%	179	85%	212	100%
2	Finansiële state word op 'n onafhanklike basis voorberei	3.79245 ^{a/b}	1.4650	4.0000	31	15%	43	20%	138	65%	212	100%
3	Beplanning en bestuursbesluite berus op finansiële state	3.61321 ^b	1.3389	4.0000	24	11%	62	29%	126	60%	212	100%
4	Vir die verkryging van finansiering vanaf finansiële instellings	3.16509 ^{b/c}	1.4129	3.0000	38	18%	79	37%	95	45%	212	100%
5	Die opstel van finansiële state dui op goeie dissipline	3.15566 ^{b/c}	1.4339	3.0000	42	20%	70	33%	100	47%	212	100%
6	Beoordeling van prestasie van die entiteit	2.89151 ^{c/d}	1.5432	3.0000	63	30%	63	30%	86	40%	212	100%
7	Bepaling van solvabiliteit/likwiditeit (vermoë om skuld terug te betaal) van entiteit	2.57075 ^d	1.4796	2.0000	75	35%	75	35%	62	30%	212	100%
8	Belastingdoeleindes	1.84434 ^e	1.2157	1.0000	125	59%	61	29%	26	12%	212	100%

(Vraelys 2 - Vraag 3.2)

Friedman-toets (p-waarde < 0.0001);

 Verskillende boskrifte (^a – ^e) dui betekenisvolle verskille op die 5% peil aan

Tabel 7.19: Die invloed van finansiële state op die ekonomiese besluite wat eienaars/bestuur neem

Rang- orde	Voordele	Gemiddelde	Standaard- Afwyking	Mediaan	Frekwensies							
					Geen Invloed		Nie- wesentliche invloed		Wesentliche Invloed		Totaal	
1	Lenings-/ finansieringsbesluite	3.03774 ^a	1.6140	3.0000	62	29%	59	28%	91	43%	212	100%
2	Dividendbesluite	2.84434 ^{a/b}	1.6084	3.0000	75	35%	49	23%	88	42%	212	100%
3	Kontantbestuur	2.52358 ^b	1.4907	2.0000	78	37%	78	37%	56	26%	212	100%
4	Personeelvergoeding	2.49057 ^b	1.5316	2.0000	86	41%	65	30%	61	29%	212	100%
5	Kapitaalbesteding	2.43396 ^b	1.3562	2.0000	73	35%	94	44%	45	21%	212	100%
6	Direkteursvergoeding	2.41038 ^b	1.5165	2.0000	96	45%	59	28%	57	27%	212	100%

(Vraelys 2 - Vraag 3.3)

Friedman-toets (p-waarde < 0.0001);

Verskillende boskrifte (^a – ^b) dui betekenisvolle verskille op die 5% peil aan

Volgens die eienaars/bestuur, is die belangrikste voordele (tabel 7.18) van finansiële state vir die gebruikers, dat dit gebruik kan word vir die vergelyking van resultate met ander entiteite (85%), die feit dat finansiële state op 'n onafhanklike basis voorberei word (65%) en dat beplanning en bestuursbesluite op die finansiële state berus (60%). Uit die addisionele kommentaar blyk die belangrikheid van maandelikse bestuurstate duidelik wanneer die volgende stellings, onder andere, gemaak word:

- “Benefits of financial statements are limited. More benefits obtained from monthly management accounts ...
- Management accounts are sufficient for running the business.
- Management accounts are adequate for planning and management decisions.”

Maandelikse bestuurstate is dus baie belangrik vir die eienaars/bestuur en baie bestuursbesluite berus hierop en nie noodwendig op die finansiële jaarstate nie. Tabel 7.18 toon ook dat 59% van die respondente van mening is dat finansiële state geen voordeel met betrekking tot belastingdoeleindes inhou nie. 'n Studie deur Kruger (2004:164) gedurende 2004, het egter bevind dat lede van beslote korporasies in Suid-Afrika die belangrikste gebruike van beslote korporasies se finansiële state geïdentifiseer het as, eerstens vir die verkryging van finansiering en tweedens vir die berekening van belasting. Die rede waarom respondente van mening is dat finansiële state geen voordeel vir belastingdoeleindes inhou nie, is waarskynlik omdat die belastingvereistes sedert 2004 gewysig is (verwys na punt 7.6.4 vir 'n volledige bespreking hiervan).

Tabel 7.19 toon aan dat die finansiële state van 'n klein entiteit 'n invloed op die lenings-/finansieringsbesluite (43%) en dividendbesluite (42%) van eienaars/bestuur uitoefen. Volgens 45% van die eienaars, het die finansiële state geen invloed op direkteursvergoeding nie en volgens 41% het dit geen invloed op personeelvergoeding nie. Geen van die ekonomiese besluite is deur die meerderheid van die eienaars/bestuur (meer as 50%) aangedui nie, en dit wil voorkom asof die finansiële state nie 'n wesenlike invloed op die ekonomiese besluitnemingsproses van die eienaars/bestuur uitoefen nie. In die addisionele kommentaar het verskeie eienaars vermeld dat hulle slegs maandelikse bestuurstate vir die genoemde doeleindes gebruik. Die eienaars meld ook dat die inligting in finansiële state meestal verouderd is wanneer dit ontvang word. Dit blyk gevolglik dat eienaars/bestuur, wat as 'n *primêre gebruiker* van klein maatskappy finansiële state beskou word, nie die finansiële state in praktyk vir ekonomiese besluitnemingsdoeleindes gebruik nie. Soos reeds vermeld (verwys na punt 7.4.1), is die doel van finansiële state die voorsiening van finansiële inligting wat nuttig is vir die gebruikers daarvan wanneer

ekonomiese besluite geneem word. Dit blyk dus dat klein maatskappy finansiële state tans nie aan die doel van rekeningkundige inligting voldoen nie.

7.4.3 Vergelyking van resultate

Die voordele van klein maatskappy finansiële state en die invloed daarvan op ekonomiese besluite, kan soos volg vergelyk word met betrekking tot die klein praktisyns en die eienaars/bestuur:

Tabel 7.20: Vergelyking – Voordele van finansiële state

Voordele	Klein praktisyns			Eienaars/bestuur		
	Rang-orde	Gemiddelde	Standaard-afwyking	Rang-orde	Gemiddelde	Standaard-afwyking
Belastingdoeleindes	1	4.47235	0.8626	8	1.84434	1.2157
Vir die verkryging van finansiering vanaf finansiële instellings	2	4.26267	0.8914	4	3.16509	1.4129
Finansiële state word op 'n onafhanklike basis voorberei	3	3.57834	1.3036	2	3.79245	1.4650
Die opstel van finansiële state dui op goeie dissipline	4	3.52535	1.3092	5	3.15566	1.4339
Beoordeling van prestasie van entiteit	5	3.18894	1.1835	6	2.89151	1.5432
Bepaling van solvabiliteit/likwiditeit (vermoë om skuld terug te betaal) van die entiteit	6	2.93779	1.2113	7	2.57075	1.4796
Beplanning en bestuursbesluite berus op finansiële state	7	2.71659	1.3003	3	3.61321	1.3389
Vergelyking van resultate met ander entiteite	8	1.86866	1.1224	1	4.36792	0.9670

(Vraelys 1 - Vraag 3.2; Vraelys 2 - Vraag 3.2)

Spearman rangkorrelasiekoëffisiënt = -0.45238, $p = 0.2604$

Die Spearman rangkorrelasiekoëffisiënt is nie betekenisvol nie; gevolglik is daar nie 'n ooreenstemming tussen die voordele wat die klein praktisyns en die eienaars/bestuur aangedui het nie.

Die enigste voordele wat, volgens tabel 7.20, vir beide respondentgroepe belangrik blyk te wees, is dat finansiële state op 'n onafhanklike basis (rangorde 3 by klein praktisyns en 2 by eienaars/bestuur) en vir die verkryging van finansiering vanaf finansiële instellings voorberei word (rangorde 2 by klein praktisyns en 4 by eienaars). Die voordeel wat volgens die klein praktisyns die belangrikste is (naamlik belastingdoeleindes), word deur die eienaars gesien as die minste belangrik. Volgens die eienaars is die belangrikste voordeel van finansiële state die vergelyking van resultate met ander entiteite, terwyl dit volgens die klein praktisyns die minste belangrik is.

Die bogenoemde voordele van finansiële state verwys na die inligtingsbehoefte van die gebruikers van finansiële state. Dit is duidelik dat die verskillende respondentgroepe (gebruikers van klein maatskappy finansiële state) verskillende inligtingsbehoefte het. Die algemene inligtingsbehoefte van gebruikers (verwys na hoofstuk 3.3.1) behels dat verskillende gebruikers met verskillende bedoelinge, verskillende inligting in verband met dieselfde items kan vereis. Verskillende gebruikers sal ook verskillende grade van ingewikkelde en omvangryke inligting vereis, terwyl die mate van begrip van die inligting ook sal verskil onder gebruikers.

In hoofstuk 3.3.1. word ook vermeld dat gebruikers met dieselfde inligtingsbehoefte verskillende behoeftes vir verslagdoening kan hê as gevolg van alternatiewe bronne van inligting, byvoorbeeld gebruikers wat toegang het tot bestuur en reeds sekere inligting tot hul beskikking het. Die inligtingsbehoefte van gebruikers verskil beduidend in praktyk en dit behoort in ag geneem te word in die voorstel van 'n toepaslike gedifferensieerde verslagdoeningstelsel.

Die invloed van finansiële state op ekonomiese besluite, kan soos volg vergelyk word met betrekking tot die klein praktisyns en die eienaars/bestuur (tabel 7.21):

Tabel 7.21: Vergelyking – Invloed van finansiële state op ekonomiese besluite

Ekonomiese besluite	Klein praktisyns			Eienaars/bestuur		
	Rang-orde	Gemiddelde	Standaard-Afwyking	Rang-orde	Gemiddelde	Standaard-afwyking
Lenings-/finansieringsbesluite	1	3.26498	1.3866	1	3.03774	1.6140
Dividendbesluite	2	3.12442	1.4379	2	2.84434	1.6084
Direkteursvergoeding	3	2.65438	1.4045	6	2.41038	1.5165
Personeelvergoeding	4	2.35023	1.1501	4	2.49057	1.5316
Kapitaalbesteding	5	2.30876	1.1276	5	2.43396	1.3562
Kontantbestuur	6	2.21198	1.1835	3	2.52358	1.4907

(Vraelys 1 - Vraag 3.3; Vraelys 2 - Vraag 3.3)

Spearman rangkorrelasiekoëffisiënt = 0.63775, $p = 0.1731$

Hoewel die Spearman rangkorrelasiekoëffisiënt nie betekenisvol is nie, is daar 'n redelike hoë korrelasie tussen die ekonomiese besluite van die klein praktisyns en die eienaars/bestuur. Beide respondentgroepe het lenings-/finansieringsbesluite en dividendbesluite aangedui as die belangrikste ekonomiese besluite waarop finansiële state 'n invloed uitoefen. Die gemiddeldes toon ook aan dat hierdie twee ekonomiese besluite beduidend belangriker is as die res van die besluite. Die klein praktisyns het direkteursvergoeding derde gelys, terwyl kontantbestuur aangedui word as die besluit waarop finansiële state die kleinste invloed het. Die eienaars/bestuur het egter kontantbestuur as derde rangorde aangedui en direkteursvergoeding geïdentifiseer as die besluit waarop finansiële state die kleinste invloed het.

Uit tabel 7.19 het dit egter geblyk dat ekonomiese besluitneming nie hoofsaaklik op finansiële state gebaseer word nie, maar dat die eienaars/bestuur eerder maandelikse bestuurstate gebruik. Dit beklemtoon die belangrikheid van maandelikse bestuurstate, eerder as finansiële state, vir ekonomiese besluitnemingsdoeleindes van eienaars/bestuur in die praktyk.

7.4.4 Opsomming: Gebruike en voordele van klein maatskappy finansiële state

7.4.4.1 Potensiële gebruikers van klein maatskappy finansiële state

Die klein praktisyns het die SAID (91%), finansiële instellings (88%) en voornemende beleggers/analiste (81%) as potensiële gebruikers van klein maatskappy finansiële state geïdentifiseer. Daar is verder aangedui dat die publiek (95%), werknemers (91%) en klante (78%) nie as gebruikers van klein maatskappy finansiële state beskou word nie; verder beskou die klein praktisyns ook nie die eienaars/bestuur as 'n *primêre gebruiker* nie.

Die eienaars/bestuur het hulself (94%), beleggers (90%) en werknemers (74%) as potensiële gebruikers van klein maatskappy finansiële state geïdentifiseer. Daar word aangedui dat die publiek (98%), klante (91%) en verskaffers (83%) nie gebruikers van klein maatskappy finansiële state is nie. Die eienaars/bestuur is dus van mening dat hulle self die belangrikste *gebruiker* van hul klein maatskappy finansiële state is, terwyl die klein praktisyns van mening is dat eienaars/bestuur nie 'n *gebruiker* is nie. 'n Moontlike rede hiervoor kan wees dat die klein praktisyns die opinie huldig dat die eienaars/bestuur nie oor die nodige rekeningkundige kennis beskik om die klein maatskappy finansiële state te ontleed en te vertolk nie.

7.4.4.2 Voordele van finansiële state vir gebruikers

Die belangrikste voordele van finansiële state vir gebruikers, soos aangedui deur die klein praktisyns, is dat die finansiële state vir belastingdoeleindes (87%) en vir die verkryging van finansiering (81%) opgestel word. Die feit dat finansiële state op 'n onafhanklike basis voorberei word en dat die opstel van finansiële state op goeie dissipline dui, is ook deur die meerderheid (56%) van die klein praktisyns as voordele aangedui. Die meerderheid van die klein praktisyns is van mening dat die vergelyking van die entiteit se resultate met ander entiteite geen voordeel inhou nie.

Volgens die eienaars/bestuur, is die belangrikste voordele van finansiële state vir die gebruikers daarvan juis die vergelyking van resultate met ander entiteite (85%), die feit dat finansiële state op 'n onafhanklike basis voorberei word (65%) en dat beplanning en bestuursbesluite op die finansiële state berus (60%). Uit die addisionele kommentaar wat gelewer is, blyk dit dat maandelikse bestuurstate baie belangrik vir die eienaars/bestuur is,

en dat baie bestuursbesluite hierop gebaseer word en nie noodwendig op die finansiële jaarstate nie. Die eienaars/bestuur (59%) is ook van mening dat finansiële state geen voordeel inhou met betrekking tot belastingdoeleindes nie.

Daar is nie 'n ooreenstemming tussen die voordele wat die klein praktisyns en die eienaars/bestuur aangedui het nie, aangesien die Spearman rangkorrelasiekoëffisiënt nie op 'n betekenisvolle korrelasie gedui het nie. Die voordeel wat volgens die klein praktisyns die belangrikste is (naamlik belastingdoeleindes), is volgens die eienaars/bestuur die minste belangrik. Volgens die eienaars is die belangrikste voordeel van finansiële state die vergelyking van resultate met ander entiteite, wat volgens die klein praktisyns die minste belangrik is. Dit dui daarop dat die inligtingsbehoefte van gebruikers beduidend kan verskil in praktyk; gevolglik behoort die verskillende inligtingsbehoefte van gebruikers in ag geneem te word in die voorstel van 'n toepaslike rekeningkundige stelsel vir klein maatskappye.

7.4.4.3 Invloed van finansiële state op ekonomiese besluitneming

Volgens die klein praktisyns, oefen die finansiële state van 'n klein entiteit 'n invloed uit op die lenings-/finansieringsbesluite (47%) en dividendbesluite (46%) van eienaars/bestuur. Volgens 34% van die klein praktisyns, het die finansiële state geen invloed op die kontantbestuur van die klein entiteit nie, en volgens 31%, het dit geen invloed op personeelvergoeding nie. Dit blyk egter dat die klein praktisyns van mening is dat die finansiële state nie inligting voorsien wat nuttig is vir die eienaars/bestuur wanneer ekonomiese besluite geneem word nie, want geen van die ekonomiese besluite wat deur die eienaars/bestuur geneem word, is deur die meerderheid van die klein praktisyns geïdentifiseer nie (wesentliche invloed, sowel as geen invloed).

Geen van die ekonomiese besluite is deur die meerderheid van die eienaars/bestuur geselekteer nie; gevolglik wil dit voorkom asof die finansiële state nie 'n wesentliche invloed op die ekonomiese besluitnemingsproses van die eienaars/bestuur uitoefen nie. In die addisionele kommentaar het verskeie eienaars vermeld dat hulle slegs maandelikse bestuurstate vir die genoemde doeleindes gebruik. Die eienaars het ook vermeld dat die inligting in finansiële state meestal verouderd is by ontvangs daarvan. Gevolglik blyk dit dat eienaars/bestuur, wat as 'n primêre gebruiker van klein maatskappy finansiële state beskou word, nie die finansiële state in praktyk vir ekonomiese besluitnemingsdoeleindes gebruik nie.

'n Vergelyking van die resultate het getoon dat, hoewel die Spearman rangkorrelasiekoëffisiënt nie betekenisvol is nie, daar 'n redelike hoë korrelasie tussen die ekonomiese besluite van die klein praktisyns en die eienaars/bestuur bestaan. Beide respondentgroepe het lenings-/finansieringsbesluite en dividendbesluite aangedui as die belangrikste ekonomiese besluite waarop die finansiële state 'n invloed uitoefen. Uit die gemiddeldes kan ook afgelei word dat hierdie twee ekonomiese besluite beduidend belangriker is as die res van die besluite.

Uit die resultate kan afgelei word dat maandelikse bestuurstate, eerder as finansiële state, vir ekonomiese besluitnemingsdoeleindes in die praktyk deur eienaars/bestuur gebruik word.

7.5 Koste en beswarende faktore met betrekking tot die opstel van klein maatskappy finansiële state

7.5.1 Klein praktisyns

Tabel 7.22: Faktore wat die opstel van finansiële state bemoeilik

	Ja		Nee		Weet nie		Totaal	
Sekere openbaarmaking wat kompeterende voordeel kan benadeel	127	29%	254	59%	53	12%	434	100%
Koste van rekeningkundige dienste	311	72%	118	27%	5	1%	434	100%
Koste van ouditdienste (indien van toepassing)	399	92%	28	6%	7	2%	434	100%
Koste van rekeningkundige sagtewarepakkette	169	39%	237	55%	28	6%	434	100%
Voldoening aan rekeningkundige verslagdoeningstandaarde	413	95%	19	4%	2	1%	434	100%
Algemene boekhouprobleme	173	40%	249	57%	12	3%	434	100%
Opleiding van rekeningkundige personeel	269	62%	132	30%	33	8%	434	100%

(Vraelys 1 - Vraag 4.1)

Die klein praktisyns het voldoening aan finansiële verslagdoeningstandaarde (95%), koste van ouditdienste (indien van toepassing) (92%) en koste van rekeningkundige dienste (72%) aangedui as die belangrikste faktore wat die opstel van finansiële state van 'n klein entiteit bemoeilik. Faktore wat nie die opstel van finansiële state bemoeilik nie, is geïdentifiseer as sekere openbaarmaking wat kompeterende voordeel kan benadeel (59%), algemene boekhouprobleme (57%) en die koste van rekeningkundige sagtewarepakkette (55%). In die addisionele kommentaar word die volgende, onder andere, vermeld: “The SMEs are battling to come to terms with IFRS – especially the training of staff, reconfiguring of accounting packages, increased accounting officer/ audit fees. Especially with regard to the fact that they see no added value therein.”

Weereens blyk dit duidelik dat die voldoening aan rekeningkundige verslagdoeningstandaarde, vir die opstel van finansiële state, deur die oorgrote meerderheid (95%) van klein praktisyns as problematies beskou word. Dit bevestig verder dat die probleem met die toepassing van huidige rekeningkundige praktyke op klein maatskappye, soos in hoofstuk 1 vermeld, voortspruit uit die omvattendheid van huidige praktyke; verder het dit tot gevolg dat die koste wat verbonde is aan die voorbereiding van inligting, die voordeel oorskry wat deur die verskaffing van die inligting behaal sal word. Volgens Plewa en Friedlob (1989:55), plaas die koste om aan rekeningkundige standaarde te voldoen 'n unieke finansiële las op klein maatskappye. Die klein praktisyns het bevestig dat klein maatskappye wesenlike, addisionele koste aangaan in 'n poging om te voldoen aan rekeningkundige verslagdoeningstandaarde wat toenemend meer komplekse, tegniese berekening en omvattende openbaarmaking vereis.

'n Studie wat gedurende 2002 deur Cleminson en Rabin (2002:333) onderneem is, het ouditeure se persepsies van verslagdoeningsprobleme wat klein besigheidsentiteite in Suid-Afrika ondervind, ondersoek. Die studie het die koste om aan SA GAAP te voldoen, geïdentifiseer as die grootste probleem wat klein besighede in Suid-Afrika ondervind. Dit stem ooreen met die bogenoemde resultate waar die voldoening aan finansiële verslagdoeningstandaarde geïdentifiseer is as die belangrikste faktor wat die opstel van finansiële state van 'n klein entiteit bemoeilik. Cleminson en Rabin (2002:333) het verder ook die onvermoë van finansiële state om aan die behoeftes van hulle gebruikers te voldoen, as 'n belangrike verslagdoeningsprobleem geïdentifiseer.

Die elemente rakende fooie van praktisyns vir klein kliënte word in tabel 7.23 aangetoon.

Tabel 7.23: Elemente rakende fooie van klein praktisyns vir klein kliënte

Rang-orde	Voordele	Gemiddelde	Standaard-afwyking	Mediaan	Frekwensies							
					Goedkoop		Redelik		Duur		Totaal	
1	Jaarlikse oudit	4.00461 ^a	1.0745	4.0000	16	4%	103	24%	315	73%	434	100%
2	Rekeningkundige werk/opstel van finansiële state	2.91935 ^b	0.9967	3.0000	32	7%	299	69%	103	24%	434	100%
3	LBS-dienste	2.53687 ^c	0.9800	3.0000	64	15%	306	70%	64	15%	434	100%
4	Algemene finansiële advies	2.44470 ^c	0.8902	2.0000	63	15%	334	77%	37	8%	434	100%
5	Inkomstebelastingopgawes en korrespondensie	2.39862 ^c	0.9417	2.0000	78	18%	304	70%	52	12%	434	100%
6	BTW-dienste	2.34562 ^c	1.0082	2.0000	92	21%	293	68%	49	11%	434	100%

(Vraelys 1 - Vraag 4.2)

Friedman-toets (p-waarde < 0.0001);

Verskillende boskrifte (^a – ^c) dui betekenisvolle verskille op die 5% peil aan

Die bogenoemde tabel toon aan dat die jaarlikse ouditfooie verreweg die belangrikste element van die klein praktisyns se fooie uitmaak (73% van die respondente het aangedui dat dit duur is). Die tweede grootste gedeelte van die fooie word gehef vir rekeningkundige werk en die opstel van finansiële state (slegs 24% van die respondente het aangedui dat dit duur is). Die gemiddeldes vir die res van die elemente wissel tussen 2.53687 en 2.34562, wat daarop dui dat daar nie beduidende verskille tussen hierdie elemente bestaan nie. In die addisionele kommentaar het respondente vermeld dat die voldoening aan rekeningkundige standaarde (IFRSs) die koste wat verbonde is aan die opstel van finansiële state drasties verhoog.

Aangesien dit 'n vereiste van die jaarlikse oudit is dat finansiële state wel aan IFRSs voldoen en die klein praktisyns verantwoordelik is vir die opstel van die state, wil dit voorkom asof die respondente die koste wat verbonde is aan die voldoening aan IFRSs as deel van die jaarlikse ouditfooie aangedui het en nie as deel van rekeningkundige werk nie. Die klein praktisyns het ook, ten opsigte van die vorige vraag, aangedui dat voldoening aan finansiële verslagdoeningstandaarde verreweg die belangrikste faktor is wat die opstel van finansiële state van 'n klein maatskappy bemoeilik.

Die volgende stelling is deur 'n praktisyn gemaak: "Financial statement costs would not be that high if we do not need to comply with IFRSs. IFRS for SMEs does not reduce the time required (to prepare financial statements) with 10%." Uit die addisionele kommentaar blyk dit verder dat die rekeningkundige standaard vir klein- en mediumgrootte entiteite (vrae rakende hierdie rekeningkundige standaard is in afdeling 5 van vraelys 1 ingesluit) nie die koste wat verbonde is aan die opstel van finansiële state, in die praktyk verlig nie. Die rekeningkundige vereistes vir klein maatskappye behoort gevolglik gewysig en vereenvoudig te word ten einde die finansiële las te verlig wat op klein maatskappye geplaas word om aan rekeningkundige standaarde te voldoen. Hierdie terugvoer dui daarop dat 'n derde vlak van gedifferensieerde verslagdoening moontlik in Suid-Afrika oorweeg moet word.

7.5.2 Eienaars/bestuur

Tabel 7.24: Faktore wat die opstel van finansiële state bemoeilik

	Ja		Nee		Weet nie		Totaal	
Sekere openbaarmaking wat kompeterende voordeel kan benadeel	93	44%	118	56%	1	0%	212	100%
Koste van rekeningkundige dienste	138	65%	62	29%	12	6%	212	100%
Koste van ouditdienste (indien van toepassing)	84	40%	127	60%	1	0%	212	100%
Koste van rekeningkundige sagtewarepakkette	46	22%	163	77%	3	1%	212	100%
Voldoening aan finansiële verslagdoeningstandaarde	165	78%	44	21%	3	1%	212	100%
Algemene boekhouprobleme	65	31%	129	61%	18	8%	212	100%
Opleiding van rekeningkundige personeel	82	39%	120	57%	10	4%	212	100%

(Vraelys 2 - Vraag 4.1)

Die bogenoemde tabel toon aan dat die eienaars/bestuur ook, soos die klein praktisyns, die voldoening aan finansiële verslagdoeningstandaarde (78%) geïdentifiseer het as die belangrikste faktor wat die opstel van finansiële state van 'n klein maatskappy bemoeilik. Die opstel van finansiële state word verder bemoeilik deur die koste van rekeningkundige dienste (65%). Geen van die oorblywende faktore is deur die meerderheid van die eienaars/bestuur geïdentifiseer nie.

Faktore wat volgens die eienaars/bestuur nie die opstel van finansiële state bemoeilik nie, is die koste van rekeningkundige sagtewarepakkette (77%), algemene boekhouprobleme (61%) en die koste van ouditdienste (60%). Dit bevestig weereens dat die rekeningkundige verslagdoeningstandaarde vir klein maatskappye problematies is; gevolglik behoort dit gewysig te word.

7.5.3 Opsomming: Koste en beswarende faktore met betrekking tot die opstel van klein maatskappy finansiële state

7.5.3.1 Faktore wat die opstel van finansiële state bemoeilik

Die belangrikste faktore wat die opstel van finansiële state van 'n klein entiteit bemoeilik, is deur die klein praktisyns aangedui as die voldoening aan finansiële verslagdoeningstandaarde (95%), koste van ouditdienste (indien van toepassing) (92%) en koste van rekeningkundige dienste (72%). Faktore wat nie die opstel van finansiële state bemoeilik nie, is geïdentifiseer as sekere openbaarmaking wat kompeterende voordeel kan benadeel (59%), algemene boekhouprobleme (57%) en die koste van rekeningkundige sagtewarepakette (55%).

Die voldoening aan finansiële verslagdoeningstandaarde (78%) is ook deur die eienaars/bestuur (soos die klein praktisyns), aangewys as die belangrikste faktor wat die opstel van finansiële state van 'n klein maatskappy bemoeilik, gevolg deur die koste van rekeningkundige dienste (65%). Faktore wat nie die opstel van finansiële state bemoeilik nie, is volgens die eienaars/bestuur die koste van rekeningkundige sagtewarepakette (77%), algemene boekhouprobleme (61%) en die koste van ouditdienste (60%).

Die klein praktisyns, sowel as die eienaars/bestuur, het bevestig dat die rekeningkundige verslagdoeningstandaarde vir klein maatskappye problematies is; gevolglik behoort hierdie verslagdoeningstandaarde vereenvoudig te word.

7.5.3.2 Elemente van fooie van klein praktisyns vir klein kliënte

Die belangrikste element van die klein praktisyns se fooie, is verreweg die jaarlikse ouditfooi (73% van die respondente het aangedui dat dit duur is). Die grootste gedeelte van die fooie word tweedens vir rekeningkundige werk en die opstel van finansiële state (24%) gehef.

7.6 Die toepaslikheid van rekeningkundige standaarde

7.6.1 Klein praktisyns

Tabel 7.25: Voldoening van klein maatskappy finansiële state aan alle toepaslike IFRSs (International Financial Reporting Standards)

Ja	89	21%
Nee	217	50%
Gedeeltelik	125	29%
Totaal beantwoord	431	100%
Onbeantwoord	3	
Totaal	434	

(Vraelys 1 - Vraag 5.1)

Slegs 21% van die klein praktisyns is van mening dat klein maatskappy finansiële state wel aan al die toepaslike rekeningkundige standaarde (IFRSs) voldoen. Die grootste gedeelte van die klein praktisyns het aangedui dat klein maatskappy finansiële state nie volledig aan die toepaslike rekeningkundige vereistes voldoen nie. Dit bevestig dat rekeningkundige verslagdoeningsvereistes in die praktyk ontoepaslik vir klein maatskappye is en dat die rekeningkundige vereistes nie aan die behoeftes van die gebruikers voldoen nie. Verder is dit 'n aanduiding dat die inligting wat tans in klein maatskappy finansiële state ingesluit behoort te word, nie nuttig en bruikbaar vir die gebruikers is nie; gevolglik voldoen dit nie aan die gebruikers se inligtingsbehoefte nie. In die addisionele kommentaar het die klein praktisyns duidelik hul ontevredenheid met die rekeningkundige vereistes laat blyk; die volgende stellings is, onder andere, gemaak:

- “Only because they are required to comply. It adds absolutely no value to their business.
- Cannot comply, costs too much and unqualified accounting personnel.
- Client has no need for IFRSs reporting and won't understand it.
- Clients try to comply but in most cases it is impossible due to financial and expertise constraints and in most cases compliance serves no purpose whatsoever.
- Has absolutely no advantage for the client. They do not understand the financials.
- I challenge anyone who says they fully comply; it is almost impossible (and largely irrelevant to clients).
- It will be very difficult and it will serve no real purpose for them to comply with IFRSs.

- Impractical to apply IFRSs to finances that are not used by anyone except by SARS.
- It is not cost effective to do so.
- It is not possible to comply within a reasonable cost.
- It is too burdensome to apply all IFRSs on my clients. It is not cost effective for my clients.
- SME management decisions are not influenced in anyway by IFRSs and to use these standards is completely unnecessary and extremely costly to the client.
- There is no economic benefit or justification to comply.
- SAICA agreed for 'political status' to accept IFRS for SMEs. It is now their duty to the RSA to organise a practical GAAP for SMEs .”

Die oorgrote meerderheid van klein maatskappy finansiële state voldoen in elk geval nie volledig aan die toepaslike rekeningkundige vereistes nie; gevolglik behoort hierdie vereistes sodanig vereenvoudig te word, ten einde te verseker dat dit wel in die praktyk toepaslik vir klein maatskappye is.

Dit is belangrik om daarop te let dat indien klein maatskappy finansiële state nie aan die toepaslike rekeningkundige standaard (IFRSs) voldoen nie, dit beduidende implikasies vir die eienaars/bestuur en die opstellers van finansiële state in die toekoms kan hê, aangesien die nuwe Maatskappywet (2008) regssteun aan rekeningkundige standaard verleen. Dit sal daartoe aanleiding gee dat indien daar nie aan die toepaslike rekeningkundige standaard voldoen word nie, dit 'n oortreding van die Maatskappywet behels.

Tabel 7.26: Las om te voldoen aan rekeningkundige standaard

Ja	403	93%
Nee	24	6%
Geen opinie	6	1%
Totaal beantwoord	433	100%
Onbeantwoord	1	
Totaal	434	

(Vraelys 1 - Vraag 5.2)

Op die vraag of daar steeds 'n te groot las op klein maatskappye is om te voldoen aan die rekeningkundige standaard wat op klein maatskappye van toepassing is, het 93% van die klein praktisyns bevestig dat dit wel die geval is. Slegs 6% is van mening dat dit nie vir klein maatskappye 'n las is om daaraan te voldoen nie. Dit is 'n aanduiding dat daar 'n

behoefte vir 'n derde vlak van gedifferensieerde verslagdoening vir klein maatskappye bestaan.

Soos in die literatuurstudie bespreek (verwys na hoofstuk 2), is Rekeningkunde oor die jare aangepas by die vereistes wat deur 'n veranderende omgewing gestel word, om te verseker dat redelike weergawe bewerkstellig word. Dit het gelei tot omvattende rekeningkundige standaarde en openbaarmakings. Hierdie situasie het met die verloop van jare ontwikkel tot die stadium waar dit in 'n ernstige probleem vir klein maatskappye ontaard het. Daar word gereeld na hierdie probleem as die *accounting standards overload problem* verwys. Dit blyk dat die oorlading van rekeningkundige standaarde vir klein maatskappye in Suid-Afrika steeds 'n wesenlike probleem is; gevolglik vereis hierdie situasie regstellende oplossings. Die klein praktisyns het weereens verskeie addisionele kommentaar op die bogenoemde vraag gelewer; hul ontevredenheid met die toepassing van rekeningkundige standaarde blyk duidelik uit die volgende voorbeelde van hierdie kommentaar:

- “Clients do not understand the IFRS statements.
- Cost of compliance disproportionate to benefits.
- Limited users of financial statements with little disclosure needs.
- Many requirements are totally unnecessary.
- Reporting requirements should be simplified for the typical owner/manager company.
- The burden on SMEs is beyond comprehension ... SAICA's ignorance of this matter is astounding and infuriating.
- The standards are making financial statements more difficult for the man on the street to understand.
- There is no benefit for the client.”

In die volgende twee tabelle word aangetoon in welke mate klein praktisyns op hoogte van rekeningkundige standaarde (IFRSs) en die IFRS vir klein- en mediumgrootte entiteite is.

Tabel 7.27: Klein praktisyns op hoogte van rekeningkundige standaarde (IFRSs)

Ja	259	60%
Nee	105	25%
Weet nie	68	15%
Totaal beantwoord	432	100%
Onbeantwoord	2	
Totaal	434	

(Vraelys 1 - Vraag 5.3)

Tabel 7.28: Klein praktisyns op hoogte van IFRS vir klein- en mediumgrootte entiteite

Ja	297	69%
Nee	94	22%
Weet nie	42	9%
Totaal beantwoord	433	100%
Onbeantwoord	1	
Totaal	434	

(Vraelys 1 - Vraag 5.4)

Uit die twee bogenoemde vrae, blyk dit dat die meerderheid van die klein praktisyns (60%) van mening is dat hulle wel op hoogte is van die toepaslike rekeningkundige vereistes, sowel as die rekeningkundige standaard wat spesifiek op klein maatskappye van toepassing is (69%). Dit is waarskynlik die geval aangesien die klein praktisyns gekwalifiseerde rekenmeesters is en daarom oor die nodige akademiese kwalifikasies beskik. Al die klein praktisyns is verder ook geregistreerde lede van SAICA; dus word hulle aangemoedig om deurlopend op hoogte van nuwe ontwikkelings te bly. Daar kan gevolglik afgelei word dat klein maatskappye se finansiële state tans nie volledig aan die toepaslike rekeningkundige vereistes voldoen nie; nie omdat die opstellers daarvan nie oor die nodige kennis beskik nie, maar eerder omdat die inligting wat vereis word nie aan die behoeftes van die gebruikers van finansiële state voldoen nie.

Vervolgens word die toepassing van spesifieke rekeningkundige standaarde (IFRSs) beoordeel ten einde die standaarde te bepaal wat wel in praktyk toegepas word. Alle rekeningkundige standaarde van die IASB is ingesluit in die vraelys ten einde die relevansie van individuele standaarde tot die rekeningkundige verslagdoening van klein maatskappye in Suid-Afrika te bepaal.

Tabel 7.29: Toepassing van rekeningkundige standaarde (IFRSs - *International Financial Reporting Standards*)

Rang- orde	Rekeningkundige standaard		Ge- middelde	Frekwensies							
				Gereeld		Soms		Nooit		Totaal	
1	IAS 12	Income Taxes	2.74654	344	79%	70	16%	20	5%	434	100%
2	IAS 1	Presentation of Financial Statements	2.72581	337	78%	75	17%	22	5%	434	100%
3	IAS 16	Property, Plant and Equipment	2.71889	333	77%	80	18%	21	5%	434	100%
4	IAS 18	Revenue	2.68664	326	75%	80	18%	28	7%	434	100%
5	IAS 7	Cash Flow Statements	2.59447	307	71%	78	18%	49	11%	434	100%
6	IAS 2	Inventories	2.50230	253	58%	146	34%	35	8%	434	100%
7	IAS 40	Investment Property	2.35714	207	48%	175	40%	52	12%	434	100%
8	IAS 17	Leases	2.33180	207	48%	164	38%	63	14%	434	100%
9	IAS 37	Provisions, Contingent Liabilities and Contingent Assets	2.22811	160	37%	213	49%	61	14%	434	100%
10	IAS 24	Related Party Disclosure	2.20046	188	43%	145	34%	101	23%	434	100%
11	IAS 8	Accounting Policies, Changes in Accounting Estimates and Errors	2.09677	144	33%	188	43%	102	24%	434	100%
12	IAS 10	Events after the Balance Sheet Date	2.07604	133	31%	201	46%	100	23%	434	100%
13	IAS 23	Borrowing Costs	2.03226	140	32%	168	39%	126	29%	434	100%
14	IAS 36	Impairment of Assets	1.97696	104	24%	216	50%	114	26%	434	100%
15	IAS 39	Financial Instruments: Recognition and Measurement	1.94700	110	25%	191	44%	133	31%	434	100%
16	IAS 32	Financial Instruments: Presentation	1.92627	122	28%	158	37%	154	35%	434	100%

Rang- orde	Rekeningkundige standaard		Ge- middelde	Frekwensies							
				Gereeld		Soms		Nooit		Totaal	
17	IAS 38	Intangible Assets	1.91935	64	15%	271	62%	99	23%	434	100%
18	IFRS 7	Financial Instruments: Disclosure	1.86175	97	22%	180	42%	157	36%	434	100%
19	IAS 21	The Effects of Changes in Foreign Exchange Rates	1.73041	65	15%	187	43%	182	42%	434	100%
20	IAS 19	Employee Benefits	1.68894	75	17%	149	34%	210	49%	434	100%
21	IAS 11	Construction Contracts	1.64286	46	11%	187	43%	201	46%	434	100%
22	IFRS 1	First-time Adoption of IFRS	1.57834	50	11%	151	35%	233	54%	434	100%
23	IAS 28	Investments in Associates	1.56912	31	7%	185	43%	218	50%	434	100%
24	IAS 27	Consolidated and Separate Financial Statements	1.56452	35	8%	175	40%	224	52%	434	100%
25	IAS 41	Agriculture	1.55300	34	7%	172	40%	228	53%	434	100%
26	IAS 20	Accounting for Government Grants and Disclosure of Government Assistance	1.42166	24	6%	135	31%	275	63%	434	100%
27	IAS 31	Interests in Joint Ventures	1.41705	19	4%	143	33%	272	63%	434	100%
28	IFRS 5	Non-current Assets Held for Sale and Discontinued Operations	1.30645	20	5%	93	21%	321	74%	434	100%
29	IFRS 3	Business Combinations	1.26959	6	1%	105	24%	323	74%	434	100%
30	IAS 26	Accounting and Reporting by Retirement Benefit Plans	1.19585	8	2%	69	16%	357	82%	434	100%
31	IAS 33	Earnings per Share	1.18894	19	4%	44	10%	371	86%	434	100%

Rang- orde	Rekeningkundige standaard		Ge- middelde	Frekwensies							
				Gereeld		Soms		Nooit		Totaal	
32	IAS 34	Interim Financial Reporting	1.15668	8	2%	52	12%	374	86%	434	100%
33	IFRS 2	Share-based Payment	1.08756	2	0%	34	8%	398	92%	434	100%
34	IFRS 8	Operating Segments	1.08756	4	1%	30	7%	400	92%	434	100%
35	IFRS 6	Exploration and Evaluation of Mineral Resources	1.08065	2	0%	31	7%	401	93%	434	100%
36	IFRS 4	Insurance Contracts	1.07834	0	0%	34	8%	400	92%	434	100%
37	IAS 29	Financial Reporting in Hyperinflationary Economies	1.03456	1	0%	13	3%	420	97%	434	100%

(Vraelys 1 - Vraag 5.5)

Uit die bostaande tabel, blyk dit dat slegs ses rekeningkundige standaarde gereeld deur die meerderheid van die klein praktisyns (meer as 50%) in praktyk toegepas word in die opstel van finansiële state van klein maatskappye, naamlik:

- IAS 12: Income Taxes
- IAS 1: Presentation of Financial Statements
- IAS 16: Property, Plant and Equipment
- IAS 18: Revenue
- IAS 7: Cash Flow Statements
- IAS 2: Inventories

Twee rekeningkundige standaarde is gereeld deur 48% van die klein praktisyns in praktyk toegepas, naamlik:

- IAS 40: Investment Property
- IAS 17: Leases

Daar is 'n groot aantal rekeningkundige standaarde wat nooit deur die meerderheid van die klein praktisyns (meer as 50%) in die praktyk toegepas word nie (verwys na tabel 7.29, rangordes 22 tot 37). Die rekeningkundige standaarde wat gereeld toegepas word, hou verband met die aanbieding van finansiële state (IAS 1: Aanbieding en Openbaarmaking van Finansiële State; IAS 7: Kontantvloei-state), bates en laste (IAS 16: Eiendom, Aanleg en Toerusting; IAS 2: Voorraad) en inkomste en uitgawes (IAS 12: Inkomstebelasting; IAS 18: Inkomste).

Uit die gesprekke wat met klein praktisyns gevoer is tydens die toetsing van die vraelys, het dit geblyk dat die klein praktisyns die rekeningkundige standaard, *IAS 12: Income Taxes*, volledig toepas en dat die voorsiening van uitgestelde belasting nie problematies vir klein maatskappye is nie. Die *IFRS for SMEs* vereis ook dat voorsiening gemaak word vir uitgestelde belasting.

Die *IFRS for SMEs* sluit verminderde openbaarmakingsvereistes, sowel as vereenvoudigde metingsvereistes in rakende hierdie ses rekeningkundige standaarde wat deur die meerderheid van die klein praktisyns toegepas word. Volgens die *IFRS for SMEs*, word eiendom, aanleg en toerusting (*IAS 16: Property, Plant and Equipment*) verantwoord deur die toepassing van die kosprysmodel (die herwaardasiemodel is dus nie van toepassing nie); die jaarlikse hersiening van reswaardes, nuttige lewensduur en

waardeverminderingmetodes word nie vereis nie. Uit die gesprekke met die klein praktisyns, het dit verder ook geblyk dat 'n kontantvloei staat wel nuttige inligting aan die gebruikers van klein maatskappy finansiële state voorsien.

Die bogenoemde resultate stem ooreen met die resultate van 'n studie wat gedurende 2007 deur Van Wyk en Rossouw (2008:18) gedoen is. Vir doeleindes van hul studie, is 'n opname tydens die aanbieding van verskeie GAAP-opdateringseminare in Suid-Afrika gedoen, ten einde te bepaal of die IFRS vir klein- en mediumgrootte entiteite (met verwysing na ED 222) wel toepaslik is. Die opdateringseminare is vir SAIPA (*South African Institute of Professional Accountants*) en SAICA (*South African Institute of Chartered Accountants*) aangebied. Volgens hierdie skrywers, het die rekeningkundige klein praktisyns wat die vraelyste voltooi het, oor die nodige en relevante kennis rakende die IFRS vir klein- en mediumgrootte entiteite beskik, ten einde betroubare inligting te voorsien. Die skrywers meld verder dat die klein praktisyns betroubare inligting kon voorsien, aangesien hulle betrokke is by die finansiële verslagdoening van klein- en mediumgrootte entiteite. Die vraelyste is deur 52 (22%) lede van SAICA, 163 (67%) lede van SAIPA en 13 (5%) lede wat by beide SAICA en SAIPA geregistreer is, voltooi, terwyl 14 (6%) persone wat die vraelyste voltooi het nie lede van SAICA of SAIPA was nie. Daar was dus 242 voltooide vraelyste.

As deel van die bogenoemde studie, moes respondente aantoon watter persentasie van hul kliënte in die verskillende regs vorme bedryf word. Die respondente het aangedui dat 3% van hul kliënte publieke maatskappye is, 15% privaatmaatskappye en 82% beslote korporasies en ander entiteite (bv. vennootskappe, eenmansake, trusts). Die respondente is versoek om aan te toon of die rekeningkundige standaard *ten volle toepaslik*, *gedeeltelik toepaslik* of *ontoepaslik* vir klein- en mediumgrootte entiteite is. Die respondente het die volgende rekeningkundige standaard geïdentifiseer, wat ten volle toepaslik vir klein- en mediumgrootte entiteite is:

- IAS 18: Revenue 1
- IAS 2: Inventories 2
- IAS 16: Property, Plant and Equipment 3
- IAS 1: Presentation of Financial Statements 4
- IAS 12: Income Taxes 5
- IAS 17: Leases 6
- IAS 7: Cash Flow Statements 7

• IAS 40: Investment Property	8
• IAS 10: Events after the Balance Sheet Date	9
• IAS 8: Accounting Policies, Changes in Accounting Estimates and Errors	10
• IAS 23: Borrowing Costs	11
• IAS 37: Provisions, Contingent Liabilities and Contingent Assets	12

Uit die bogenoemde blyk dit duidelik dat die eerste agt rekeningkundige standaard presies ooreenstem met die agt rekeningkundige standaard wat in hierdie studie gereeld deur die meerderheid van die klein praktisyns in praktyk toegepas word (meer as 48%). In die studie deur Van Wyk en Rossouw, is vier verdere rekeningkundige standaard geïdentifiseer wat vir klein- en mediumgrootte entiteite (nommers 9 tot 12) toepaslik is. Uit tabel 7.29 blyk dit dat hierdie vier rekeningkundige standaard ook in hierdie navorsingstudie geïdentifiseer is as die volgende rekeningkundige standaard (rangorde 9 tot 13) wat klein praktisyns gebruik, hoewel hierdie spesifieke rekeningkundige standaard nie gereeld deur die meerderheid van die klein praktisyns gebruik word nie. Van Wyk en Rossouw (2008:23) kom tot die volgende gevolgtrekking:

“Although the issuance of the *IFRS for SMEs* is indeed a giant leap in the right direction, much still has to be done on the accounting standards for the typical smaller entities in South Africa, irrespective of their legal form (whether or not it is a company). The details of the suggested separate accounting standards for smaller and micro-entities could be a topic for further research. The *IFRS for SMEs* should not be summarily, but rather be seen as an effective starting point for further research and discussion.”

Uit die bogenoemde blyk dit ook dat die skrywers die opinie huldig dat die regsform van ‘n klein entiteit nie die rekeningkundige verslagdoeningsvereistes behoort te bepaal nie. Die rekeningkundige verslagdoeningsvereistes vir klein maatskappye moet op grond van die behoeftes van die gebruikers van hierdie maatskappye se finansiële state bepaal word, wat in ooreenstemming is met die doel van rekeningkundige inligting.

Vir doeleindes van hierdie navorsingstudie is die rekeningkundige standaard verder ontleed deur die standaard in vier verskillende groepe toe te deel, ten einde te bepaal wat die toepassingsvlak van elke groep in die praktyk behels. Die vier groepe waarin die standaard verdeel word, is groep 1, aanbieding en openbaarmaking; groep 2, bates en laste; groep 3, inkomste en uitgawes; en groep 4, konsolidasies. Elke standaard is slegs in een groep ingedeel, naamlik die groep waarop die standaard die grootste invloed uitoefen, alhoewel baie rekeningkundige standaard meer as een groep kan beïnvloed.

Tabel 7.30: Groep 4 – Konsolidasies

Rang- orde	Rekeningkundige standaard		Ge- middelde	Standaard- afwyking	Mediaan	Frekwensies					
						Gereeld		Soms		Nooit	
1	IAS 28	Investments in Associates	1.56912 ^a	0.6237	1.0000	31	7%	185	43%	218	50%
2	IAS 27	Consolidated and Separate Financial Statements	1.56452 ^a	0.6388	1.0000	35	8%	175	40%	224	52%
3	IAS 31	Interests in Joint Ventures	1.41705 ^b	0.5757	1.0000	19	4%	143	33%	272	63%
4	IFRS 3	Business Combinations	1.26959 ^c	0.4744	1.0000	6	1%	105	24%	323	74%

Friedman-toets (p-waarde < 0.0001);

Verskillende boskifte (^a – ^c) dui betekenisvolle verskille op die 5% peil aan

Die bogenoemde groeperings van rekeningkundige standaarde dui daarop dat groep 1, 2 en 3 nie enige betekenisvolle inligting aantoon nie; gevolglik word hierdie resultate nie getoon en verder bespreek nie. Die resultate van groep 4 toon egter betekenisvolle inligting en word in tabel 7.30 aangebied. Uit die groeperings van die rekeningkundige standaarde, blyk dit dat groep 4, konsolidasies, gereeld deur minder as 10% van die respondente gebruik word en nooit deur die meerderheid (meer as 50%) in praktyk toegepas word nie. Uit die groeperings van die rekeningkundige standaarde, blyk dit dat klein maatskappye normaalweg nie deel van 'n groepstruktuur vorm nie en gevolglik is die rekeningkundige standaarde wat met konsolidasies verband hou, nie toepaslik vir hierdie maatskappye nie.

Hierdie resultate bevestig ook die resultate van die studie deur Van Wyk en Rossouw (2008:19), waar bevind is dat die rekeningkundige standaarde, naamlik rangorde 1 tot 4 in tabel 7.30, nie toepaslik vir klein- en mediumgrootte entiteite is nie. Die skrywers argumenteer verder dat daar aanvaar kan word dat mikro entiteite in Suid-Afrika nie binne 'n groepstruktuur funksioneer nie en dat hierdie rekeningkundige standaarde nie in die IFRS vir klein- en mediumgrootte entiteite ingesluit behoort te word nie.

Vervolgens word die verband tussen die gebruik van die rekeningkundige standaarde (tabel 7.29) en die (i) aantal jare wat die klein praktisyns praktiseer, (ii) die aantal vennote in die firma en (iii) die persentasie van fooie wat die praktisyns van klein entiteite verdien, is bepaal en word in tabel 7.31 weergegee.

Die chi-kwadraattoets is 'n onafhanklikheidstoets wat gebruik word om te bepaal of daar afhanklikheid (interaksie) tussen die kenmerke bestaan (Steyn *et al.*, 2004:450). Die p-waarde is vir elke geval bepaal, en waar die p-waarde kleiner as 0.01 is, verteenwoordig dit 'n hoogs beduidende verwantskap. Die resultate waar 'n hoogs beduidende verwantskap bevind is, word in tabel 7.31 weergegee; daarna word beduidende verwantskappe verder ontleed in tabelle 7.32 tot 7.34.

Tabel 7.31: Verband tussen die gebruik van rekeningkundige standaarde en die (i) aantal jare in praktyk, (ii) aantal vennote in firma en (iii) % fooie verdien

REKENINGKUNDIGE STANDAARD		Aantal jare in praktyk		Aantal vennote in firma		% Fooie verdien	
		p-waarde	Effekgrootte	p-waarde	Effekgrootte	p-waarde	Effekgrootte
IAS 2	Inventories	0.8699	0.0537	0.0012	0.2044	0.1091	0.1320
IAS 8	Accounting Policies, Changes in Accounting Estimates and Errors	0.3273	0.1033	<0.0001	0.2598	0.0026	0.1938
IAS 10	Events after the Balance Sheet Date	0.3273	0.2311	<0.0001	0.2706	0.1560	0.1237
IAS 11	Construction Contracts	0.0004	0.2187	<0.0001	0.3260	<0.0001	0.2396
IAS 12	Income Taxes	0.8795	0.0524	0.0601	0.1447	0.0067	0.1808
IAS 16	Property, Plant and Equipment	0.0020	0.1974	0.3118	0.1051	0.2629	0.1100
IAS 17	Leases	0.4651	0.0909	<0.0001	0.2590	0.0443	0.1501
IAS 19	Employee Benefits	0.0011	0.2053	<0.0001	0.2483	0.0002	0.2281
IAS 20	Accounting for Government Grants and Disclosure of Government Assistance	<0.0001	0.2408	<0.0001	0.4312	<0.0001	0.2474
IAS 21	The Effects of Changes in Foreign Exch.Rates	0.0009	0.2073	<0.0001	0.3338	0.0071	0.1801
IAS 23	Borrowing Costs	<0.0001	0.2682	0.0061	0.1847	0.0313	0.1564
IAS 24	Related Party Disclosure	0.4800	0.0896	<0.0001	0.2389	0.0049	0.1855
IAS 26	Accounting & Reporting by Retirement Benefit Plans	<0.0001	0.2862	<0.0001	0.4110	0.0350	0.1544
IAS 27	Consolidated and Separate Financial Statements	<0.0001	0.2810	<0.0001	0.4012	<0.0001	0.2614

REKENINGKUNDIGE STANDAARD		Aantal jare in praktyk		Aantal vennote in firma		% Fooie verdien	
		p-waarde	Effekgrootte	p-waarde	Effekgrootte	p-waarde	Effekgrootte
IAS 28	Investments in Associates	<0.0001	0.2392	<0.0001	0.4704	<0.0001	0.2905
IAS 31	Interests in Joint Ventures	0.0007	0.2108	<0.0001	0.4671	<0.0001	0.2635
IAS 32	Financial Instruments: Presentation	0.1467	0.1252	<0.0001	0.2832	0.0047	0.1859
IAS 33	Earnings per Share	<0.0001	0.2848	<0.0001	0.4120	<0.0001	0.2380
IAS 34	Interim Financial Reporting	0.0006	0.2119	0.1018	0.1338	0.5676	0.0823
IAS 36	Impairment of Assets	0.0371	0.1533	<0.0001	0.3214	0.0036	0.1898
IAS 37	Provisions, Contingent Liabilities and Assets	0.0197	0.1642	<0.0001	0.2615	0.0004	0.2180
IAS 38	Intangible Assets	0.0820	0.1381	<0.0001	0.3319	0.0306	0.1568
IAS 39	Financial Instruments: Recognition & Measurement	0.9090	0.0481	<0.0001	0.3084	0.0092	0.1761
IAS 40	Investment Property	0.2168	0.1153	0.0021	0.1975	0.0147	0.1689
IAS 41	Agriculture	0.0235	0.1613	0.0024	0.1954	0.6058	0.0792
IFRS 1	First-time Adoption of IFRS	0.0011	0.2048	<0.0001	0.2586	0.0013	0.2026
IFRS 5	Non-current Assets Held for Sale & Disc.operations	0.0005	0.2150	<0.0001	0.5022	<0.0001	0.2991
IFRS 6	Exploration and Evaluation of Mineral Resources	<0.0001	0.2485	<0.0001	0.3889	0.0005	0.2141
IFRS 7	Financial Instruments: Disclosure	0.2392	0.1126	<0.0001	0.2686	0.0102	0.1746
IFRS 8	Operating Segments	0.0071	0.1800	0.5737	0.0820	0.4470	0.0924

Tabel 7.32: Beduidende verwantskappe - Aantal jare in praktyk

Rekeningkundige standaard - toepassing		0-10 Jare		11-20 Jare		21+ Jare	
		Frekw.	%	Frekw.	%	Frekw.	%
IAS 11: Construction Contracts	Nooit	78	53.06	67	46.53	56	39.16
	Soms	63	42.86	65	45.14	59	41.26
	Gereeld	6	4.08	12	8.33	28	19.58
IAS 16: Property, Plant and Equipment	Nooit	6	4.08	6	4.17	9	6.29
	Soms	19	12.93	20	13.89	41	28.67
	Gereeld	122	82.99	118	81.94	93	65.03
IAS 19: Employee Benefits	Nooit	86	58.50	69	47.92	55	38.46
	Soms	45	30.61	54	37.50	50	34.97
	Gereeld	16	10.88	21	14.58	38	26.57
IAS 20: Government Grants and Assistance	Nooit	106	72.11	92	63.89	77	53.85
	Soms	40	27.21	47	32.64	48	33.57
	Gereeld	1	0.68	5	3.47	18	12.59
IAS 21: The Effects of Changes in Foreign Exch.Rates	Nooit	76	51.70	50	34.72	56	39.16
	Soms	55	37.41	77	53.47	55	38.46
	Gereeld	16	10.88	17	11.81	32	22.38
IAS 23: Borrowing Costs	Nooit	65	44.22	34	23.61	27	18.88
	Soms	47	31.97	67	46.53	54	37.76
	Gereeld	35	23.81	43	29.86	62	43.36
IAS 26: Retirement Benefit Plans	Nooit	136	92.5	122	84.72	99	69.23
	Soms	11	7.48	22	15.28	36	25.17
	Gereeld	0	0	0	0	8	5.59
IAS 27: Consolidated and Separate Financial Statements	Nooit	96	65.31	67	46.53	61	42.66
	Soms	43	29.25	73	50.69	59	41.26
	Gereeld	8	5.44	4	2.78	23	16.08
IAS 28: Investments in Associates	Nooit	90	61.22	73	50.69	55	38.46
	Soms	51	34.69	66	45.83	68	47.55
	Gereeld	6	4.08	5	3.47	20	13.99
IAS 31: Interests in Joint Ventures	Nooit	97	65.99	91	63.19	84	58.74
	Soms	48	32.65	51	35.42	44	30.77
	Gereeld	2	1.36	2	1.39	15	10.49

Rekeningkundige standaard – toepassing		0-10 Jare		11-20 Jare		21+ Jare	
		Frekw.	%	Frekw.	%	Frekw.	%
IAS 33: Earnings per Share	Nooit	138	93.88	125	86.81	108	75.52
	Soms	8	5.44	18	12.5	18	12.59
	Gereeld	1	0.68	1	0.69	17	11.89
IAS 34: Interim Financial Reporting	Nooit	138	93.88	123	85.42	113	79.02
	Soms	9	6.12	20	13.89	23	16.08
	Gereeld	0	0	1	0.69	7	4.9
IAS 37: Provisions, Contingent Liabilities and Assets	Nooit	19	12.93	23	15.97	19	13.29
	Soms	85	57.82	71	49.31	57	39.86
	Gereeld	43	29.25	50	34.72	67	46.85
IFRS 1: First-time Adoption of IFRS	Nooit	98	66.67	74	51.39	61	42.66
	Soms	39	26.53	53	36.81	59	41.26
	Gereeld	10	6.80	17	11.81	23	16.08
IFRS 5: Non-current Assets Held for Sale & Disc.operations	Nooit	119	80.95	108	75.00	94	65.73
	Soms	27	18.37	32	22.22	34	23.78
	Gereeld	1	0.68	4	2.78	15	10.49
IFRS 6: Exploration and Evaluation of Mineral Resources	Nooit	53	36.05	51	35.42	53	37.06
	Soms	67	45.58	63	43.75	50	34.97
	Gereeld	27	18.37	30	20.83	40	27.97
IFRS 8: Operating Segments	Nooit	145	98.64	128	88.89	127	88.81
	Soms	1	0.68	15	10.42	14	9.79
	Gereeld	1	0.68	1	0.69	2	1.40

Die rekeningkundige standaarde wat in tabel 7.32 aangedui word, toon 'n betekenisvolle korrelasie met die aantal jare wat die klein praktisyns in die praktyk praktiseer (op die 1% peil). Die algemene tendens blyk te wees dat persone in die praktyk hierdie rekeningkundige standaarde toenemend gebruik hoe langer hulle in die praktyk is.

IAS 27, 28 en 31 van die bogenoemde rekeningkundige standaarde hou verband met gekonsolideerde finansiële state. 'n Rede waarom praktisyns wat langer praktiseer moontlik meer geneig is om hierdie rekeningkundige standaarde meer gereeld toe te pas,

kan wees dat hierdie klein praktisyns in die verlede gekonsolideerde finansiële state opgestel het en bekend is met die vereistes van hierdie standaard.

Die belangrikheid van klein maatskappye, asook die aantal klein maatskappye, het beduidend toegeneem oor die laaste aantal jare. Een van die belangrikste eienskappe van hierdie maatskappye is die onafhanklike eienaarskap en bestuur daarvan (verwys ook na hoofstuk 4). Dit kan impliseer dat klein maatskappye selde deel van 'n groepstruktuur vorm (soos ook aangetoon in tabel 7.30) en dat klein praktisyns wat vir minder jare praktiseer dus nie gereeld hierdie rekeningkundige standaard in praktyk toepas nie. Dit kan ook 'n aanduiding wees dat meer ervare vennote verantwoordelik is vir meer riskante en komplekse maatskappye, wat die toepassing van meerdere rekeningkundige standaard vereis.

Die enigste uitsondering is die rekeningkundige standaard, *IAS 16: Property, Plant and Equipment*, waar persone wat 0 tot 20 jaar praktiseer meer geneig is om die standaard meer gereeld te gebruik as die persone wat langer as 21 jaar in praktyk is. Al drie die verskillende groepe het egter aangedui dat hierdie standaard wel gereeld gebruik word, naamlik 0 tot 10 jaar (83%), 11 tot 20 jaar (82%) en meer as 21 jaar (65%). *IAS 16* is een van die rekeningkundige standarde wat gereeld toegepas word (rangorde 3 in tabel 7.29) en is 'n belangrike rekeningkundige standaard vir klein maatskappye; gevolglik behoort dit noodwendig gereeld deur klein praktisyns toegepas te word.

Tabel 7.33: Beduidende verwantskappe - Aantal vennote in firma

Rekeningkundige standaard – toepassing		1-5 Vennote		6-10 Vennote		11+ Vennote	
		Frekw.	%	Frekw.	%	Frekw.	%
IAS 2: Inventories	Nooit	33	9.02	1	3.03	0	0
	Soms	134	36.61	5	15.15	6	18.18
	Gereeld	199	54.37	27	81.82	27	81.82
IAS 8: Accounting Policies,, Estimates and Errors	Nooit	96	26.23	2	6.06	3	9.09
	Soms	164	44.81	16	48.48	7	21.21
	Gereeld	106	28.96	15	45.45	23	69.70
IAS 10: Events after the Balance Sheet Date	Nooit	95	25.96	3	9.09	1	3.03
	Soms	171	46.72	20	60.61	9	27.27
	Gereeld	100	27.32	10	30.30	23	69.70
IAS 11: Construction Contracts	Nooit	184	50.27	9	27.27	7	21.21
	Soms	155	42.35	19	57.58	12	36.36
	Gereeld	27	7.38	5	15.15	14	42.42
IAS 17: Leases	Nooit	59	16.12	2	6.06	1	3.03
	Soms	146	39.89	15	45.45	2	6.06
	Gereeld	161	43.99	16	48.48	30	90.91
IAS 19: Employee Benefits	Nooit	190	51.91	13	39.39	5	15.15
	Soms	123	33.61	13	39.39	13	39.39
	Gereeld	53	14.48	7	21.21	15	45.45
IAS 20: Accounting for Government Grants	Nooit	241	65.85	22	66.67	10	30.30
	Soms	114	31.15	11	33.33	10	30.30
	Gereeld	11	3.01	0	0	13	39.39
IAS 21: The Effects of Changes in Foreign Exch.Rates	Nooit	166	45.36	11	33.33	3	9.09
	Soms	162	44.26	11	33.33	14	42.42
	Gereeld	38	10.38	11	33.33	16	48.48
IAS 23: Borrowing Costs	Nooit	113	30.87	7	21.21	5	15.15
	Soms	144	39.34	15	39.34	8	24.24
	Gereeld	109	29.78	11	33.33	20	60.61
IAS 24: Related Party Disclosure	Nooit	93	25.41	3	9.09	4	12.12
	Soms	131	35.79	11	33.33	3	9.09
	Gereeld	142	38.80	19	57.58	26	78.79

Rekeningkundige standaard – toepassing		1-5 Vennote		6-10 Vennote		11+ Vennote	
		Frekw.	%	Frekw.	%	Frekw.	%
IAS 26: Accounting by Retirement Benefit Plans	Nooit	316	86.34	28	84.85	11	33.33
	Soms	47	12.84	5	15.15	17	51.52
	Gereeld	3	0.82	0	0	5	15.15
IAS 27: Consolidated and Separate Financial Statements	Nooit	203	55.46	14	42.42	5	15.15
	Soms	148	40.44	13	39.39	14	42.42
	Gereeld	15	4.10	6	18.18	14	42.42
IAS 28: Investments in Associates	Nooit	197	53.83	14	42.42	5	15.15
	Soms	156	42.62	17	51.52	12	36.36
	Gereeld	13	3.55	2	6.06	16	48.48
IAS 31: Interests in Joint Ventures	Nooit	244	66.67	17	51.52	9	27.27
	Soms	115	31.42	16	48.48	12	36.36
	Gereeld	7	1.91	0	0	12	36.36
IAS 32: Fin. Instruments: Presentation	Nooit	141	38.52	9	27.27	2	6.06
	Soms	138	37.70	12	36.36	8	24.24
	Gereeld	87	23.77	12	36.36	23	69.70
IAS 33: Earnings per Share	Nooit	318	86.89	29	87.88	22	66.67
	Soms	41	11.20	3	9.09	0	0
	Gereeld	7	1.91	1	3.03	11	33.33
IAS 36: Impairment of Assets	Nooit	105	28.69	2	6.06	5	15.15
	Soms	190	51.91	20	60.61	6	18.18
	Gereeld	71	19.40	11	33.33	22	66.67
IAS 37: Provisions, Contingent Liabilities/Assets	Nooit	57	15.57	2	6.06	1	3.03
	Soms	189	51.64	18	54.55	6	18.18
	Gereeld	120	32.79	13	39.39	26	78.79
IAS 38: Intangible Assets	Nooit	89	24.32	7	21.21	3	9.09
	Soms	238	65.03	19	57.58	12	36.36
	Gereeld	39	10.66	7	21.21	18	54.55

Rekeningkundige standaard – toepassing		1-5 Vennote		6-10 Vennote		11+ Vennote	
		Frekw.	%	Frekw.	%	Frekw.	%
IAS 39:	Nooit	119	32.51	9	27.27	3	9.09
Fin. Instruments:	Soms	172	46.99	12	36.36	7	21.21
Recognition & Measurement	Gereeld	75	20.49	12	36.36	23	69.70
IAS 40:	Nooit	50	13.66	0	0.00	2	6.06
Investment Property	Soms	151	41.26	17	51.52	6	18.18
	Gereeld	165	45.08	16	48.48	25	75.76
IAS 41:	Nooit	203	55.46	15	45.45	8	24.24
Agriculture	Soms	136	37.16	13	39.39	23	69.70
	Gereeld	27	7.38	5	15.15	2	6.06
IFRS 1:	Nooit	205	56.01	17	51.52	9	27.27
First-time Adoption of IFRS	Soms	128	34.97	12	36.36	11	33.33
	Gereeld	33	9.02	4	12.12	13	39.39
IFRS 5:	Nooit	288	78.69	21	63.64	10	30.30
Non-current Assets Held for Sale	Soms	71	19.40	12	36.36	10	30.30
	Gereeld	7	1.91	0	0	13	39.39
IFRS 6:	Nooit	351	95.90	30	90.91	19	57.58
Exploration of Mineral Resources	Soms	14	3.83	3	9.09	13	39.39
	Gereeld	1	0.27	0	0	1	3.03
IFRS 7:	Nooit	138	37.70	14	42.42	4	12.12
Fin. Instruments: Disclosure	Soms	158	43.17	12	36.36	9	27.27
	Gereeld	70	19.13	7	21.21	20	60.61

In tabel 7.33 word die rekeningkundige standarde getoon waarvan die gebruik 'n betekenisvolle verwantskap (op die 1% peil) met die aantal vennote in die firma toon. Die algemene tendens blyk te wees dat die firmas met meer vennote (dus groter firmas) hierdie spesifieke standarde meer gereeld gebruik vir klein maatskappye. Die enigste uitsondering is IAS 41 wat meer toegepas word in kleiner firmas en waarskynlik die meerderheid van die boerderye gemeenskap as kliënte het. Die wyer toepassing van rekeningkundige standarde in groot firmas kan dui op meer kapasiteit vir spesialisering en strenger praktykreëls ten opsigte van die toepassing van standarde en risiko bestuur.

Tabel 7.34: Beduidende verwantskappe - % Fooie verdien

Rekeningkundige standaard – toepassing		0-50%		51-75%		76+%	
		Frekw.	%	Frekw.	%	Frekw.	%
IAS 8: Acc. Policies, Estimates and Errors	Nooit	9	11.54	20	21.28	73	27.86
	Soms	30	38.46	46	48.94	112	42.75
	Gereeld	39	50.00	28	29.79	77	29.39
IAS 11: Construction Contracts	Nooit	28	35.90	36	38.30	137	52.29
	Soms	31	39.74	49	52.13	107	40.84
	Gereeld	19	24.36	9	9.57	18	6.87
IAS 12: Income Taxes	Nooit	2	2.56	3	3.19	15	5.73
	Soms	3	3.85	15	15.96	52	19.85
	Gereeld	73	93.59	76	80.85	195	74.43
IAS 19: Employee Benefits	Nooit	23	29.49	45	47.87	142	54.20
	Soms	29	37.18	34	36.17	86	32.82
	Gereeld	26	33.33	15	15.96	34	12.98
IAS 20: Accounting for Government Grants	Nooit	44	56.41	53	56.38	178	67.94
	Soms	21	26.92	37	39.36	77	29.39
	Gereeld	13	16.67	4	4.26	7	2.67
IAS 21: The Effects of Changes in Foreign Exch.Rates	Nooit	25	32.05	34	36.17	123	46.95
	Soms	33	42.31	43	45.74	111	42.37
	Gereeld	20	25.64	17	18.09	28	10.69
IAS 24: Related Party Disclosure	Nooit	15	19.23	14	14.89	72	27.48
	Soms	18	23.08	40	33.21	87	33.21
	Gereeld	45	57.69	40	39.31	103	39.31
IAS 27: Consolidated and Separate Financial Statements	Nooit	29	37.18	41	43.62	154	58.78
	Soms	33	42.31	44	46.81	98	37.40
	Gereeld	16	20.51	9	9.57	10	3.82
IAS 28: Investments in Associates	Nooit	25	32.05	46	48.94	147	56.11
	Soms	36	46.15	43	45.74	106	40.46
	Gereeld	17	21.79	5	5.32	9	3.44
IAS 31: Interests in Joint Ventures	Nooit	38	48.72	52	55.32	182	69.47
	Soms	29	37.18	38	40.43	76	29.01
	Gereeld	11	14.10	4	4.26	4	1.53

Rekeningkundige standaard – toepassing		0-50%		51-75%		76+%	
		Frekw.	%	Frekw.	%	Frekw.	%
IAS 32: Fin. Instruments: Presentation	Nooit	20	25.64	28	29.79	106	40.46
	Soms	24	30.77	40	42.55	94	35.88
	Gereeld	34	43.59	26	27.66	62	23.66
IAS 33: Earnings per Share	Nooit	60	76.92	77	81.91	234	89.31
	Soms	7	8.97	13	13.83	24	9.16
	Gereeld	11	14.10	4	4.26	4	1.53
IAS 36: Impairment of Assets	Nooit	13	16.67	22	23.40	79	30.15
	Soms	34	43.59	52	55.32	130	49.62
	Gereeld	31	39.74	20	21.28	53	20.23
IAS 37: Provisions, Contingent Liabilities/Assets	Nooit	4	5.13	7	7.45	50	19.08
	Soms	33	42.31	54	57.45	126	48.09
	Gereeld	41	52.56	33	35.11	86	32.82
IAS 39: Fin. Instruments: Recognition & Measurement	Nooit	20	25.64	26	27.66	87	33.21
	Soms	26	33.33	46	48.94	119	45.42
	Gereeld	32	41.03	22	23.40	56	21.37
IAS 40: Investment Property	Nooit	6	7.69	4	4.26	42	16.03
	Soms	29	37.18	45	47.87	101	38.55
	Gereeld	43	55.13	45	47.87	119	45.42
IFRS 1: First-time Adoption of IFRS	Nooit	35	44.87	46	48.94	152	58.02
	Soms	24	30.77	39	41.49	88	33.59
	Gereeld	19	24.36	9	9.57	22	8.40
IFRS 5: Non-current Assets Held for Sale & Disc.operations	Nooit	42	53.85	65	69.15	214	81.68
	Soms	24	30.77	26	27.66	43	16.41
	Gereeld	12	15.38	3	3.19	5	1.91
IFRS 6: Exploration and Evaluation of Mineral Resources	Nooit	63	80.77	87	92.55	251	95.80
	Soms	14	17.95	7	7.45	10	3.82
	Gereeld	1	1.28	0	0	1	0.38
IFRS 7: Fin. Instruments: Disclosure	Nooit	21	26.92	34	36.17	102	38.93
	Soms	28	35.90	44	46.81	108	41.22
	Gereeld	29	37.18	16	17.02	52	19.85

In tabel 7.34 word die rekeningkundige standaard wat 'n betekenisvolle verband (op die 1% peil) toon met die persentasie van die fooie wat die firmas uit klein- en mediumgrootte entiteite verdien, aangedui. Die algemene tendens blyk te wees dat die firmas wat 50% en minder van hulle fooie uit klein- en mediumgrootte entiteite verdien, geneig is om hierdie spesifieke rekeningkundige standaard meer gereeld te gebruik. Firms wat 50% en minder van hulle fooie uit klein- en mediumgrootte entiteite verdien, behoort normaalweg die groter firmas te wees, terwyl firmas wat meer as 76% van hulle fooie uit hierdie entiteite verdien, kleiner firmas behoort te wees. Hierdie ontleding korreleer ook met tabel 7.33 waar die grootte van firmas deur die aantal vennote bepaal word. Hier is ook bevind dat groter firmas meer geneig is om 'n wyer spektrum van rekeningkundige standaard op klein maatskappye toe te pas, as klein firmas.

Groter firmas het 'n groter portefeulje van groot kliënte waarvoor hulle in elk geval IFRSs moet toepas en het dus meer ervaring en kennis om dieselfde rekeningkundige standaard ook op klein maatskappye toe te pas. Die groter firmas kan moontlik ook beter rekeningkundige stelsels hê wat die opstel van finansiële state vereenvoudig en meer bekostigbaar maak.

7.6.2 Eienaars/bestuur

Aangesien dit onwaarskynlik is dat eienaars/bestuur, finansiële instellings en die SAID oor die nodige kennis van rekeningkundige standaarde (IFRSs) sal beskik om die voorafgaande vraag oor die toepassing van IFRSs te kan beantwoord, alhoewel hulle primêre gebruikers van klein maatskappy finansiële state is, is die vraag vereenvoudig deur slegs na die onderskeie komponente van finansiële state te verwys (verwys tabel 7.37).

Tabel 7.35: Voldoening van klein maatskappy finansiële state aan alle toepaslike IFRSs (International Financial Reporting Standards)

Ja	39	18%
Nee	61	29%
Gedeeltelik	61	29%
Nie van toepassing	28	13%
Weet nie	23	11%
Totaal	212	100%

(Vraelys 2 - Vraag 5.1)

Slegs 18% van die eienaars/bestuur is van mening dat hul maatskappy se finansiële state wel aan alle toepaslike rekeningkundige standaarde voldoen, terwyl 58% aangedui het dat dit nie volledig aan die rekeningkundige vereistes voldoen nie. In die addisionele kommentaar het die eienaars/bestuur (soos die klein praktisyns) hul ontevredenheid met die rekeningkundige standaarde wat tans van toepassing is, duidelik laat blyk. Die volgende kommentaar is, onder andere, gelewer:

- “Far too complex and unrealistic.
- IFRS is completely over the top for a small service business that is closely held.
- IFRS is totally inappropriate to many SMEs .
- IFRS totally irrelevant to this size organisation.
- This creates unnecessary expense and is not helpful to anyone.
- This is why it is so expensive ... this is not relevant to a small business.
- To costly and of no value ...
- We cannot afford to spend that much time on something that adds zero value.
- We find the requirements costly with no benefit to the company.
- Total waste of company resources.”

Die eienaars/bestuur van klein maatskappye is van mening dat die rekeningkundige standaarde (IFRSs) te kompleks en gevolglik ontoepaslik vir hierdie maatskappye is, en

dat die koste wat aangegaan word om aan die standaard te voldoen, die voordele oorskry wat daaruit verkry word. Die eienaars/bestuur beklemtoon dat finansiële state baie min (of geen) voordele vir die gebruikers daarvan inhou; gevolglik voorsien finansiële state nie inligting wat nuttig en bruikbaar vir die gebruikers is nie. Die rekeningkundige vereistes behoort sodanig vereenvoudig te word, ten einde te verseker dat dit wel vir klein maatskappye toepaslik is in die praktyk.

Tabel 7.36: Las om te voldoen aan rekeningkundige standaard

Ja	176	83%
Nee	25	12%
Geen opinie	10	5%
Totaal beantwoord	211	100%
Onbeantwoord	1	
Totaal	212	

(Vraelys 2 - Vraag 5.2)

Die meerderheid (83%) van die eienaars/bestuur is van mening dat dit wel 'n las is om aan die rekeningkundige standaard wat tans op klein maatskappye van toepassing is, te voldoen. Die eienaars/bestuur, sowel as die klein praktisyns, is van mening dat dit 'n las vir klein maatskappye is om aan rekeningkundige standaard te voldoen (verwys ook na die bespreking onder punt 7.6.1). Die eienaars/bestuur is versoek om slegs die komponente van die finansiële state aan te dui wat nuttige inligting voorsien, aangesien die eienaars/bestuur normaalweg nie self verantwoordelik is vir die opstel van die finansiële state nie en nie noodwendig (soos die klein praktisyns) oor die detail kennis rakende rekeningkundige standaard (IFRSs) beskik nie.

Die onderstaande tabel 7.37 toon dat die inkomstestaat (76%) en balansstaat (71%) deur die meerderheid van die eienaars/bestuur as baie nuttig beskou word. Dit blyk ook, dat daar nie 'n beduidende verskil is tussen die gebruik van die balansstaat (staat van finansiële posisie) en inkomstestaat (staat van omvattende inkomste) nie; die gemiddeldes is nie statisties betekenisvol verskillend nie. Die aantekeninge tot die finansiële state word slegs deur 42% van die eienaars/bestuur as baie nuttig beskou. Slegs 36% van die eienaars/bestuur is van mening dat die kontantvloeistaat baie nuttig is, terwyl die staat van veranderinge in ekwiteit deur net 9% as baie nuttig geïdentifiseer is. Die finansiële state word dus wel deur die eienaars gebruik, en die resultate van hierdie vraag weerspreek die kommentaar wat die eienaars by tabel 7.35 gelewer het.

Tabel 7.37: Die gebruik van komponente van finansiële state

Rang- orde	Komponente van finansiële state	Gemiddelde	Standaard- afwyking	Mediaan	Frekwensies							
					Baie nuttig		Beperkte gebruik		Geen nut		Totaal	
1	Inkomstestaat (staat van omvattende inkomste)	2.73585 ^a	0.4926	3.0000	161	76%	46	22%	5	2%	212	100%
2	Balansstaat (staat van finansiële posisie)	2.67925 ^a	0.5251	3.0000	150	71%	56	26%	6	3%	212	100%
3	Aantekeninge tot die finansiële state	2.33491 ^b	0.6355	2.0000	90	42%	103	49%	19	9%	212	100%
4	Kontantvloeistaat (staat van kontantvloei)	2.09434 ^b	0.7853	2.0000	76	36%	80	38%	56	26%	212	100%
5	Staat van veranderinge in ekwiteit	1.63208 ^c	0.6432	2.0000	19	9%	96	45%	97	46%	212	100%

(Vraelys 2 - Vraag 5.3)

Friedman-toets (p-waarde < 0.0001);

Verskillende boskrifte (^a – ^c) dui betekenisvolle verskille op die 5% peil aan

7.6.3 Finansiële instellings

Tabel 7.38: Die gebruik van komponente van finansiële state

	Baie nuttig		Beperkte gebruik		Geen nut		Totaal	
Inkomstestaat (staat van omvattende inkomste)	5	100%	0	0%	0	0%	5	100%
Balansstaat (staat van finansiële posisie)	3	60%	2	40%	0	0%	5	100%
Kontantvloeistaat (staat van kontantvloei)	3	60%	2	40%	0	0%	5	100%
Aantekeninge tot die finansiële state	2	40%	3	60%	0	0%	5	100%

(Vraelys 3 - Vraag 3.1)

Uit die bogenoemde tabel, blyk dit dat al die finansiële instellings die inkomstestaat (staat van omvattende inkomste) as die belangrikste komponent van finansiële state beskou, terwyl die balansstaat (staat van finansiële posisie) en kontantvloeistaat ook deur die meerderheid (60%) as baie nuttig geïdentifiseer is. Die finansiële instellings is verder van mening dat geen komponent van die finansiële state van geen nut is nie. Dit blyk dat die finansiële instellings wel die finansiële state gebruik.

Die bogenoemde resultate is ook bevestig in 'n studie deur Kruger (2004:174) waarin bevind is dat banke (finansiële instellings) wel die finansiële state van beslote korporasies as 'n belangrike instrument beskou om betroubare inligting te voorsien, ten spyte daarvan dat hulle wel in 'n posisie is om addisionele inligting vanaf die beslote korporasies te verkry. Daar is verder ook bevind dat banke spesifieke inligtingsbehoefte het en dat die rekeningkundige verslagdoeningstelsel wat in die opstel van finansiële state toegepas word, nie noodwendig inligting tot gevolg sal hê wat aan hierdie spesifieke inligtingsbehoefte voldoen nie.

Tabel 7.39: Faktore wat oorweeg word tydens ontleding van finansiële state

	Ja		Nee		Totaal	
Ouditverslag	4	80%	1	20%	5	100%
Vermoë om skuld terug te betaal	5	100%	0	0%	5	100%
Direkteursvergoeding	3	60%	2	40%	5	100%
Likwiditeit	5	100%	0	0%	5	100%
Prestasietendense	5	100%	0	0%	5	100%
Wingsgewendheid	5	100%	0	0%	5	100%
Reputasie van die ouditeure	3	60%	2	40%	5	100%
Sekuriteit	5	100%	0	0%	5	100%
Stabiliteit	5	100%	0	0%	5	100%
Ander inligting	5	100%	0	0%	5	100%

(Vraelys 3 - Vraag 3.2)

Die finansiële instellings oorweeg al die gelyste faktore wanneer finansiële state ontleed word en versoek ook addisionele, spesifieke inligting volgens hul eie vereistes.

7.6.4 Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens

Volgens die SAID, ingevolge artikel 65 van die Inkomstebelastingwet (2008), moet alle belastingpligtiges 'n inkomstebelastingopgawe in die voorgeskrewe formaat invul en indien. Die kennisgewing vir die indiening van opgawes word jaarliks in die Staatskoerant gepubliseer; ingevolge daarvan moet elke maatskappy, trust of ander regspersoon, onder andere, wat óf 'n inwoner is van die Republiek, óf enige bruto inkomste of kapitaalwins vanuit 'n bron in die Republiek verkry het, 'n inkomstebelastingopgawe indien. Geen stawende dokumentasie, wat onder andere ook 'n stel finansiële state insluit, hoef saam met die inkomstebelastingopgawe ingedien te word nie; in die verlede moes 'n stel finansiële state egter die inkomstebelastingopgawe vergesel.

Kragtens artikels 73A en 75(2) van die Inkomstebelastingwet (2008), word dit egter vereis dat 'n belastingpligtige alle dokumentasie, wat finansiële state insluit, vir 'n tydperk van vyf jaar moet bewaar, vanaf die datum waarop die inkomstebelastingopgawe ingedien is. Belastingpligtiges is verplig om alle grootboeke, kasboeke, joernale, tjekboeke, bankstate, depositostrokies, betaalde tjeks, fakture, voorraadlyste en alle ander rekeningboeke te bewaar in elektroniese of enige ander formaat wat betrekking het op 'n bedryf wat deur die belastingpligtige beoefen word.

Die SAID kan, ingevolge artikels 74A en 74B(1) van die Inkomstebelastingwet (2008), mét redelike voorafkennisgewing, die belastingpligtige se inligting en dokumentasie (insluitende finansiële state) ondersoek. Uit die onderhoud wat gevoer is, blyk dit egter dat die SAID 'n baie klein persentasie van besighede selekteer vir verdere ondersoek (oudit van die belastingpligtige) en dat slegs hierdie geselekteerde besighede se finansiële state tans deur die SAID gebruik word. Die onderstaande twee vrae is gevolglik slegs van toepassing mits die belastingpligtige aan 'n oudit van belasting onderwerp word.

Tabel 7. 40: Die gebruik van komponente van finansiële state

	Baie nuttig	Beperkte gebruik	Geen nut
Inkomstestaat (staat van omvattende inkomste)	x		
Balansstaat (staat van finansiële posisie)		x	
Kontantvloeistaat (staat van kontantvloei)		x	
Aantekeninge tot die finansiële state		x	

Tabel 7. 41: Faktore wat oorweeg word tydens ontleding van finansiële state

	Ja	Nee
Ouditverslag	x	
Vermoë om skuld terug te betaal	x	
Direkteursvergoeding	x	
Likwiditeit	x	
Prestasietendense	x	
Wingsgewendheid	x	
Reputasie van die ouditeure	x	
Sekuriteit		x
Stabiliteit		x
Ander inligting	x	

Uit die bogenoemde blyk dit dat finansiële state wel nuttige inligting aan die SAID voorsien wanneer 'n oudit van belasting uitgevoer word. Aangesien finansiële state nie saam met die inkomstebelastingopgawe ingedien word nie, blyk dit duidelik dat finansiële state en die finansiële inligting wat daarin vervat is, nie deur die SAID gebruik word nie en dat die SAID gevolglik nie meer 'n primêre gebruiker van klein maatskappy finansiële state in Suid-Afrika is nie. Daar kan geargumenteer word dat, alhoewel finansiële state nie saam met die inkomstebelastingopgawe ingedien word nie, die finansiële state wel indirek benodig word

om die inkomstebelastingopgawe, wat onder andere ook 'n stel finansiële state insluit te voltooi. Inligting rakende inkomste- en uitgawe-items, asook 'n staat van bates en laste moet in die inkomstebelastinguitgawe ingesluit word.

Die bogenoemde resultate stem nie ooreen met die resultate van 'n studie wat gedurende 2004 deur Kruger (2004:175) gedoen is nie; daarin is bevind dat die finansiële state van beslote korporasies wel nuttige inligting aan die SAID voorsien vir doeleindes van aanslag van belasting. Sedert hierdie studie is die Inkomstebelastingwet gewysig en die SAID vereis egter nie meer dat finansiële state die inkomstebelastingopgawe moet vergesel nie; gevolglik speel finansiële state nie meer 'n beduidende rol in die proses van aanslag van belasting nie.

7.6.5 Opsomming: Die toepaslikheid van rekeningkundige standaarde

7.6.5.1 Voldoening van klein maatskappy finansiële state aan alle toepaslike IFRSs

Slegs 21% van die klein praktisyns is van mening dat klein maatskappy finansiële state wel aan al die toepaslike rekeningkundige standaarde voldoen, terwyl 79% van die klein praktisyns aangedui het dat klein maatskappy finansiële state nie volledig aan die toepaslike rekeningkundige vereistes voldoen nie. Dit bevestig dat die huidige rekeningkundige verslagdoeningsvereistes in die praktyk, ontoepaslik vir klein maatskappye is en dat hierdie vereistes nie aan die behoeftes van die gebruikers voldoen nie. In die addisionele kommentaar wat gelewer is, het baie van die klein praktisyns hul ontevredenheid met die rekeningkundige vereistes wat tans van toepassing is, duidelik laat blyk.

Slegs 18% van die eienaars/bestuur is van mening dat hul maatskappy se finansiële state wel aan alle toepaslike rekeningkundige standaarde voldoen, terwyl 58% aangedui het dat hul maatskappy se finansiële state nie volledig aan die rekeningkundige vereistes voldoen nie. Die eienaars/bestuur, sowel as die klein praktisyns, is dus van mening dat klein maatskappy finansiële state nie aan huidige toepaslike rekeningkundige standaarde voldoen nie.

7.6.5.2 Las om te voldoen aan rekeningkundige standaarde

Volgens 93% van die klein praktisyns, is daar steeds 'n te groot las op klein maatskappye om aan die toepaslike rekeningkundige standaarde te voldoen, terwyl slegs 6% van mening is dat dit nie vir klein maatskappye 'n las is om aan hierdie standaarde te voldoen nie. Die oorlading van rekeningkundige standaarde vir klein maatskappye in Suid-Afrika, is steeds 'n wesenlike probleem wat gevolglik regstellende oplossings, soos 'n behoorlike gedifferensieerde verslagdoeningstelsel, vereis. Verskeie klein praktisyns het addisionele kommentaar op hierdie vraag gelewer, waarin hul ontevredenheid met die toepassing van huidige rekeningkundige standaarde duidelik uitgespreek word.

Die meerderheid (83%) van die eienaars/bestuur is, soos die klein praktisyns, van mening dat dit wel 'n las is om te voldoen aan die rekeningkundige standaarde wat tans op klein maatskappye van toepassing is. Slegs 12% is van mening dat dit nie vir klein maatskappye 'n las is om daaraan te voldoen nie.

7.6.5.3 Klein praktisyns op hoogte van IFRSs en IFRS vir klein- en mediumgrootte entiteite

Die meerderheid van die klein praktisyns (60%) is wel op hoogte van huidige rekeningkundige standaarde, sowel as die rekeningkundige standaard wat spesifiek op klein maatskappye van toepassing is (*IFRS for SMEs*) (69%). Dit is waarskynlik die geval aangesien die klein praktisyns almal gekwalifiseerde rekenmeesters is; verder is almal ook geregistreerde lede van SAICA. Dit blyk gevolglik dat klein maatskappye se finansiële state tans nie volledig aan die toepaslike rekeningkundige vereistes voldoen nie; nie omdat die opstellers daarvan nie oor die nodige kennis beskik nie, maar waarskynlik eerder omdat die inligting wat vereis word, nie aan die behoeftes van die gebruikers daarvan voldoen nie.

7.6.5.4 Toepassing van rekeningkundige standaarde

Die klein praktisyns het aangedui dat slegs ses rekeningkundige standaarde gereeld deur die meerderheid klein praktisyns (meer as 50%) in praktyk toegepas word, naamlik:

- IAS 12: Income Taxes
- IAS 1: Presentation of Financial Statements
- IAS 16: Property, Plant and Equipment
- IAS 18: Revenue

- IAS 7: Cash Flow Statements
- IAS 2: Inventories

Twee rekeningkundige standaarde is gereeld deur 48% van die klein praktisyns in praktyk toegepas, naamlik:

- IAS 40: Investment Property
- IAS 17: Leases

'n Groot aantal rekeningkundige standaarde word nooit deur die meerderheid van die klein praktisyns (meer as 50%) in die praktyk toegepas nie.

Die rekeningkundige standaarde is verder ontleed deur die standaarde in vier verskillende groepe te groepeer, ten einde te bepaal wat die toepassing van elke groep in die praktyk behels, naamlik groep 1, aanbidding en openbaarmaking; groep 2, bates en laste; groep 3, inkomste en uitgawes; en groep 4, konsolidasies. Uit die groeperings van die rekeningkundige standaarde, blyk dit dat groep 4, konsolidasies, gereeld deur minder as 10% van die respondente gebruik word en nooit deur die meerderheid (meer as 50%) in praktyk toegepas word nie. Hieruit blyk dit dat klein maatskappye nie normaalweg deel van 'n groepstruktuur vorm nie; gevolglik is die rekeningkundige standaarde wat met konsolidasies verband hou, nie toepaslik vir hierdie maatskappye nie.

Die chi-kwadraattoets is 'n onafhanklikheidstoets wat gebruik is om die verband te bepaal tussen die gebruik van die rekeningkundige standaarde en die (i) aantal jare wat die klein praktisyns praktiseer, (ii) die aantal vennote in die firma en (iii) die persentasie van foie wat die praktisyns van klein entiteite verdien. Verskeie betekenisvolle korrelasies is aangetoon. Die algemene tendens rakende sekere geïdentifiseerde rekeningkundige standaarde blyk te wees dat hoe langer persone in die praktyk is, hoe meer word hierdie standaarde gebruik. Rekeningkundige standaarde is ook aangetoon waarvan die algemene tendens blyk te wees dat die firmas met meerdere vennote (dus groter firmas) hierdie spesifieke standaarde meer gereeld gebruik. Laastens is die rekeningkundige standaarde aangedui waar die algemene tendens blyk te wees dat die firmas wat 50% en minder van hulle foie uit klein- en mediumgrootte entiteite verdien (normaalweg groter firmas), geneig is om hierdie spesifieke rekeningkundige standaarde meer gereeld te gebruik.

7.6.5.5 Die gebruik van komponente van finansiële state en faktore wat oorweeg word tydens ontleding van finansiële state

Die eienaars/bestuur het aangedui dat die inkomstestaat (staat van omvattende inkomste) (76%) en balansstaat (staat van finansiële posisie) (71%) as baie nuttig beskou word. Die aantekeninge tot die finansiële state word slegs deur 42% as baie nuttig beskou, terwyl 36% die kontantvloei staat en 9% die staat van veranderinge in ekwiteit as baie nuttig beskou. Hierdie respons dui daarop dat die finansiële state wel deur die eienaars gebruik word.

Finansiële instellings beskou die inkomstestaat (staat van omvattende inkomste) as die belangrikste komponent van finansiële state, terwyl die balansstaat (staat van finansiële posisie) en kontantvloei staat ook deur die meerderheid (60%) as baie nuttig geïdentifiseer is. Die finansiële instellings het aangedui dat geen komponent van die finansiële state van geen nut is nie. Dit blyk dat die finansiële instellings wel die finansiële state gebruik. Die finansiële instellings oorweeg ook verskeie geïdentifiseerde faktore wanneer finansiële state ontleed word en versoek verder spesifieke inligting volgens hul eie vereistes.

Volgens die SAID, voorsien die inkomstestaat (staat van omvattende inkomste) nuttige inligting wanneer 'n oudit van belasting uitgevoer word. Aangesien finansiële state nie die inkomstebelastingopgawe vergesel nie, blyk dit dat finansiële state en die finansiële inligting wat daarin vervat is, nie deurgaans deur die SAID gebruik word nie; gevolglik is die SAID nie meer 'n primêre gebruiker van klein maatskappy finansiële state in Suid-Afrika nie. Daar kan egter geargumenteer word dat, alhoewel finansiële state nie saam met die inkomstebelastingopgawe ingedien word nie, die finansiële state wel indirek benodig word om die inkomstebelastingopgawe te voltooi. Die SAID oorweeg ook verskeie geïdentifiseerde faktore wanneer finansiële state ontleed word vir die doeleindes van 'n oudit van belasting.

7.7 Vermindering van toepaslike rekeningkundige standaarde

In hierdie gedeelte word vasgestel hoe die las op klein maatskappye rakende die opstel van finansiële state, in praktyk verminder kan word; op grond hiervan sal voorstelle vir die vereenvoudiging van die rekeningkundige vereistes vir klein maatskappye gemaak kan word deur die toepassing van gedifferensieerde rekeningkundige verslagdoening.

7.7.1 Klein praktisyns

Tabel 7.42: Vermindering van die las om finansiële state voor te berei

	Ja		Nee		Totaal	
	Antal	Prosent	Antal	Prosent	Antal	Prosent
Volledige vrystelling van voldoening aan 'n spesifieke rekeningkundige raamwerk	261	60%	173	40%	434	100%
Verminder openbaarmakingsvereistes	417	96%	17	4%	434	100%
Verminder aantal toepaslike rekeningkundige standaarde	418	96%	16	4%	434	100%
Verwyder die ouditvereiste vir privaatmaatskappye	306	71%	128	29%	434	100%
Vereenvoudiging van metingsvereistes	422	97%	12	3%	434	100%
Spesiale standaard vir klein maatskappye	382	88%	52	12%	434	100%

(Vraelys 1 - Vraag 6.1)

Die meerderheid van die klein praktisyns het aangedui dat al die gelyste items die las op 'n klein maatskappy om finansiële state voor te berei, sal verminder. Dit is duidelik dat daar 'n behoefte is om die rekeningkundige verslagdoeningstelsel te wysig deur veral die metingsvereistes (97%) te vereenvoudig, sowel as die openbaarmakingsvereistes (96%) te verminder. Die aantal toepaslike rekeningkundige standaarde behoort volgens 96% van die respondente verminder te word. Die klein praktisyns (88%) is ook van mening dat 'n spesiale standaard vir klein maatskappye die las op hierdie entiteite om finansiële state voor te berei, sal verminder. Die behoefte vir die vereenvoudiging van die rekeningkundige standaarde wat op klein maatskappye van toepassing is, blyk ook verder duidelik uit die vele addisionele kommentaar wat die klein praktisyns op die bogenoemde vraag gelever het; die kommentaar sluit, onder andere, die volgende in:

- “Special standard for SME – this standard (IFRS for SMEs) is not simple enough and therefore does not reduce the accounting burden.
- Standards for SMEs need to be simplified, but need to be relevant.

- Special standards must be meaningful – not like IFRS for SMEs which is no help at all.
- Concentrate on risk and users.”

Die ouditvereiste vir privaatmaatskappye behoort volgens 71% van die respondente verwyder te word. In terme van nuwe wetgewing (Maatskappywet van 2008) is hierdie ouditvereiste vir privaatmaatskappye wel verwyder.

Die bogenoemde resultate stem ook ooreen met dié van ’n studie wat gedurende 2006 deur Stainbank en Wells (2007:49) in Suid-Afrika onderneem is. Hierdie skrywers het bevind dat gedifferensieerde verslagdoeningstandaarde in Suid-Afrika voorsiening behoort te maak vir beide aanbiedings- en openbaarmakingsvereistes, sowel as erkennings- en metingsvereistes.

Die volgende vraag het spesifiek die IFRS vir klein- en mediumgrootte entiteite, waarop respondente verskeie kommentaar gelewer het, aangespreek.

.Tabel 7.43: IFRS vir klein- en mediumgrootte entiteite – vermindering van die las om finansiële state voor te berei

Ja	109	25%
Nee	260	60%
Weet nie	63	15%
Totaal beantwoord	432	100%
Onbeantwoord	2	
Totaal	434	

(Vraelys 1 - Vraag 6.2)

Die meerderheid van die klein praktisyns (60%) is van mening dat die IFRS vir klein- en mediumgrootte entiteite (*IFRS for SMEs*) nie die las om finansiële state voor te berei, verlig nie (verwys ook na hoofstuk 5 vir ’n volledige bespreking van hierdie dokument). Dit blyk ook duidelik uit die addisionele kommentaar wat die klein praktisyns op vorige vrae gelewer het. Die *IFRS for SMEs* (huidige toepaslike rekeningkundige verslagdoeningstelsel) is dus steeds te omvattend en die rekeningkundige vereistes vir klein maatskappye behoort dus meer vereenvoudig te word. Dit dui verder ook op die behoefte vir ’n derde vereenvoudigde vlak van gedifferensieerde verslagdoening.

In 'n opname deur Van Wyk en Rossouw (2008:12) gedurende 2007, is bevind dat 45% van die respondente van mening was dat die *IFRS for SMEs* wel die las op klein- en mediumgrootte entiteite om finansiële state voor te berei, sal verminder. Hierdie navorsingstudie toon egter dat slegs 25% van die respondente dieselfde mening as die Van Wyk en Rossouw-studie deel. 'n Rede hiervoor kan wees dat klein praktisyns nog nie die rekeningkundige standaard in 2007 in praktyk toegepas het nie (die standaard is gedurende 2007 in Suid-Afrika aanvaar en die opname deur Van Wyk en Rossouw het gedurende dieselfde jaar plaasgevind, terwyl die opname vir hierdie studie gedurende 2008 gedoen is). Die rekeningkundige standaard (soos aanvaar in 2007), behoort dus gedurende 2008 reeds geïmplementeer te wees deur die klein praktisyns en daarom behoort hulle meer vertrouwd te wees met die inhoud daarvan.

Tabel 7.44: Behoeftte vir 'n addisionele verslagdoeningsraamwerk

Ja	380	88%
Nee	34	8%
Weet nie	17	4%
Totaal beantwoord	431	100%
Onbeantwoord	3	
Totaal	434	

(Vraelys 1 - Vraag 6.3)

Die mening word deur 88% van die klein praktisyns gehuldig dat die rekeningkundige vereistes wat tans vir klein maatskappye geld, onvoldoende is, en dat daar 'n behoefte vir 'n gewysigde rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk is. Slegs 8% van die respondente het aangedui dat daar nie 'n behoefte vir 'n addisionele verslagdoeningsraamwerk is nie. Dit bevestig dat gebruikers van klein maatskappy finansiële state nie die omvattende inligting wat in algemene finansiële state verskaf word vereis nie en dat hulle nie dieselfde finansiële verslagdoeningsbehoefte het as gebruikers van groot maatskappy finansiële state nie.

Die bogenoemde resultate stem ooreen met die resultate van 'n studie wat gedurende 2006 deur Stainbank en Wells (2007:31) in Suid-Afrika onderneem is, wat spesifiek die behoefte vir gedifferensieerde korporatiewe verslagdoening in Suid-Afrika bevestig het.

Vervolgens word die potensiële kwessies rakende die vermindering van rekeningkundige standarde aangetoon.

Tabel 7.45: Potensiële kwessies rakende vermindering van rekeningkundige standaarde

Rang- orde	Potensiële kwessies	Ge- middelde	Standaard- afwyking	Mediaan	Frekwensies							
					Bekommerd		Nie bekommerd		Geen opinie		Totaal	
1	Nie-aanvaarding van finansiële state deur finansiële instellings	2.58065 ^a	0.5473	3.0000	264	61%	158	36%	12	3%	434	100%
2	Nie-aanvaarding van finansiële state deur die SAID	2.52535 ^a	0.5771	3.0000	246	57%	170	39%	18	4%	434	100%
3	Verminder betroubaarheid van finansiële state	2.47696 ^{a/b}	0.5812	3.0000	226	52%	189	44%	19	4%	434	100%
4	Verlies aan geloofwaardigheid van rekeningkundige professie	2.44470 ^{a/b}	0.6139	3.0000	221	51%	185	43%	28	6%	434	100%
5	Verlies van redelike weergawe van finansiële state	2.38710 ^b	0.5982	2.0000	194	45%	214	49%	26	6%	434	100%
6	Toename in verwarring vir opstellers van finansiële state	2.37097 ^{b/c}	0.5752	2.0000	182	42%	231	53%	21	5%	434	100%
7	Verlaging in rekeningkundige standaarde	2.32949 ^{b/c}	0.5844	2.0000	169	39%	239	55%	26	6%	434	100%
8	Verlies aan vergelykbaarheid van finansiële state	2.23963 ^{c/d}	0.5110	2.0000	121	28%	296	68%	17	4%	434	100%
9	Toepassing van 'n gedifferensieerde rekeningkundige stelsel	2.17281 ^d	0.5768	2.0000	116	27%	277	64%	41	9%	434	100%

(Vraelys 1 - Vraag 6.8)

 Friedman-toets (p -waarde < 0.0001); Verskillende boskrifte (^a – ^d) dui betekenisvolle verskille op die 5% peil aan

Uit die bogenoemde tabel, blyk dit dat indien die rekeningkundige standaard waaraan klein maatskappye moet voldoen, verminder sou word, die klein praktisyns bekommerd sal wees oor sekere aangeleenthede, naamlik die nie-aanvaarding van finansiële state deur finansiële instellings (61%), nie-aanvaarding van finansiële state deur die SAID (57%), vermindering van die betroubaarheid van finansiële state (52%) en die verlies aan geloofwaardigheid van die rekeningkundige professie (51%). Die meerderheid van die klein praktisyns (64%) het aangedui dat die toepassing van 'n gedifferensieerde rekeningkundige stelsel nie 'n rede tot kommer is nie. Die nie-aanvaarding van finansiële state deur die SAID behoort egter nie meer 'n potensiele kwessie te wees nie, aangesien die SAID nie meer vereis dat 'n stel finansiële state die inkomstebelastingopgawe moet vergesel nie. Verder het dit ook duidelik uit die onderhoud met die SAID geblyk, dat finansiële state tans nie gebruik word in die proses van aanslag van belasting nie (verwys na punt 7.6.4).

7.7.2 Eienaars/bestuur

Tabel 7.46: Vermindering van die las om finansiële state voor te berei

	Ja		Nee		Totaal	
	Aantal	Prosent	Aantal	Prosent	Aantal	Prosent
Volledige vrystelling van voldoening aan 'n spesifieke rekeningkundige raamwerk	91	43%	121	57%	212	100%
Verminder openbaarmakingsvereistes	169	80%	43	20%	212	100%
Verminder aantal toepaslike rekeningkundige standaarde	163	77%	49	23%	212	100%
Verwyder die ouditvereiste vir privaatmaatskappye	111	52%	101	48%	212	100%
Vereenvoudiging van metingsvereistes	145	68%	67	32%	212	100%
Spesiale standaard vir klein maatskappye	149	70%	63	30%	212	100%

(Vraelys 2 - Vraag 6.1)

Die meerderheid van die eienaars/bestuur het aangedui dat al die gelyste items, met die uitsondering van die volledige vrystelling van voldoening aan 'n spesifieke rekeningkundige raamwerk, die las op 'n klein maatskappy om finansiële state voor te berei, sal verminder. Dit is duidelik dat daar 'n behoefte by die gebruikers bestaan dat die las op klein maatskappye om finansiële state voor te berei, verminder moet word, en dat die rekeningkundige standaard wat tans van toepassing is, gevolglik gewysig en vereenvoudig behoort te word.

Tabel 7.47: IFRS vir klein- en mediumgrootte entiteite – vermindering van die las om finansiële state voor te berei

Ja	48	23%
Nee	84	40%
Weet nie	76	37%
Totaal beantwoord	208	100%
Onbeantwoord	4	
Totaal	212	

(Vraelys 2 - Vraag 6.2)

Uit die terugvoer op die bogenoemde vraag, blyk dit dat die eienaars/bestuur nie op hoogte is van die rekeningkundige standaard vir klein maatskappye nie (37% het aangedui dat hulle nie 'n antwoord op die vraag het nie). Dit is waarskynlik ook die geval, aangesien die eienaars/bestuur normaalweg nie self verantwoordelik vir die opstel van die finansiële state is nie.

Tabel 7.48: Behoeft vir 'n addisionele verslagdoeningsraamwerk

Ja	164	77%
Nee	18	9%
Weet nie	30	14%
Totaal	212	100%

(Vraelys 2 - Vraag 6.3)

Volgens 77% van die eienaars/bestuur, is daar 'n behoefte vir 'n addisionele verslagdoeningsraamwerk vir klein maatskappye; gevolglik behoort die rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk vir klein maatskappye gewysig te word.

Die eienaars/bestuur moes in die volgende vraag (tabel 7.49) potensiële kwessies, indien die rekeningkundige standaard verminder sou word, identifiseer. Uit die onderstaande tabel, blyk dit dat indien die rekeningkundige standaard waaraan klein maatskappye moet voldoen, verminder sou word, die eienaars/bestuur bekommerd sal wees oor sekere aangeleenthede, naamlik die nie-aanvaarding van finansiële state deur die SAID (71%), nie-aanvaarding van finansiële state deur finansiële instellings (67%) en die vermindering van die betroubaarheid van finansiële state (55%). Die meerderheid van die klein praktisyns (58%) het aangedui dat die toepassing van 'n gedifferensieerde rekeningkundige stelsel nie 'n rede tot kommer is nie. Verwys na punt 7.7.5 vir 'n vergelyking van hierdie resultate met die resultate van die ander respondentgroepe.

Tabel 7.49: Potensiële kwessies rakende vermindering van toepaslike rekeningkundige standaarde

Rang- orde	Potensiële kwessies	Gemiddelde	Standaard- afwyking	Mediaan	Frekwensies							
					Bekommerd		Nie bekommerd		Geen Opinie		Totaal	
1	Nie-aanvaarding van finansiële state deur die SAID	2.67925 ^a	0.5251	3.0000	150	71%	56	26%	6	3%	212	100%
2	Nie-aanvaarding van finansiële state deur finansiële instellings	2.62736 ^a	0.5659	3.0000	142	67%	61	29%	9	4%	212	100%
3	Verminder betroubaarheid van finansiële state	2.45283 ^{a/b}	0.6622	3.0000	116	55%	76	36%	20	9%	212	100%
4	Verlies van redelike weergawe van finansiële state	2.36792 ^{b/c}	0.6130	2.0000	93	44%	104	49%	15	7%	212	100%
5	Toename in verwarring vir opstellers van finansiële state	2.32547 ^{b/c}	0.6101	2.0000	85	40%	111	52%	16	8%	212	100%
6	Verlaging in rekeningkundige standaarde	2.29245 ^{b/c}	0.5996	2.0000	78	37%	118	56%	16	8%	212	100%
7	Verlies aan vergelykbaarheid van finansiële state	2.25943 ^c	0.5276	2.0000	64	30%	139	66%	9	4%	212	100%
8	Toepassing van 'n gedifferensieerde rekeningkundige stelsel	2.14151 ^c	0.6300	2.0000	59	28%	124	58%	29	14%	212	100%

(Vraelys 2 - Vraag 6.10)

Friedman-toets (p-waarde < 0.0001);

 Gemiddeldes met verskillende boskrifte (^a – ^c) verskil betekenisvol op die 5% peil

7.7.3 Finansiële instellings

Tabel 7.50: Potensiële kwessies rakende vermindering van toepaslike rekeningkundige standaarde

Potensiële kwessies	Bekommerd		Nie bekommerd		Geen opinie		Totaal	
Toepassing van 'n gedifferensieerde rekeningkundige stelsel	2	40%	3	60%	0	-	5	100%
Toename in verwarring vir opstellers van finansiële state	3	60%	2	40%	0	-	5	100%
Verlies aan vergelykbaarheid van finansiële state	3	60%	2	40%	0	-	5	100%
Verlies aan geloofwaardigheid van rekeningkundige profesie	2	40%	3	60%	0	-	5	100%
Verlies van redelike weergawe van finansiële state	5	100%	0	-	0	-	5	100%
Verlaging in rekeningkundige standaarde	5	100%	0	-	0	-	5	100%
Verminder betroubaarheid van finansiële state	5	100%	0	-	0	-	5	100%
Nie-aanvaarding van finansiële state deur die SAID	2	40%	1	20%	2	40%	5	100%

Al die finansiële instellings is bekommerd dat die vermindering van rekeningkundige standaarde 'n verlies van redelike weergawe van finansiële state en 'n verlaging in rekeningkundige standaarde tot gevolg sal hê, en dat die betroubaarheid van finansiële state verminder sal word. Die meerderheid van die finansiële instellings (60%) het aangedui dat die toepassing van 'n gedifferensieerde rekeningkundige stelsel nie 'n rede tot kommer is nie.

Finansiële instellings is in die verlede as die belangrikste eksterne gebruiker van die finansiële state van privaatmaatskappye beskou (Abdel-Khalik, Calsberg, Kao & Ramsay in Kent & Munro, 1999:361); verder word daar ook aangetoon dat die finansiële inligting wat finansiële instellings vir besluitnemingsdoeleindes benodig, inherent dieselfde is vir beide privaat en publieke maatskappye. Kent en Munro (1999:359) het gedurende 1999 'n studie in Australië onderneem ten einde die effek van gedifferensieerde verslagdoening op

finansiële instellings se leningsbesluite te ondersoek. Die resultate van die studie het aangetoon dat finansiële instellings se waardebeoordeling van die vermoë van 'n lener om skuld terug te betaal, nie wesenlik deur die toepassing van gedifferensieerde verslagdoening beïnvloed word nie. Die finansiële instellings het egter addisionele inligting vereis indien die finansiële state nie aan GAAP-vereistes voldoen het nie. Dit stem ook ooreen met die resultate van hierdie navorsingstudie, waar die meerderheid van die finansiële instellings aangedui het dat die toepassing van 'n gedifferensieerde rekeningkundige stelsel nie 'n rede tot kommer is nie.

7.7.4 Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens

Tabel 7.51: Potensiële kwessies rakende vermindering van toepaslike rekeningkundige standaarde

Potensiële kwessies	Bekommerd	Nie bekommerd	Geen opinie
Toepassing van 'n gedifferensieerde rekeningkundige stelsel		x	
Toename in verwarring vir opstellers van finansiële state		x	
Verlies aan vergelykbaarheid van finansiële state		x	
Verlies aan geloofwaardigheid van rekeningkundige professie		x	
Verlies van redelike weergawe van finansiële state		x	
Verlaging in rekeningkundige standaarde		x	
Verminder betroubaarheid van finansiële state		x	
Nie-aanvaarding van finansiële state deur finansiële instellings			x

Uit die onderhoud wat met die SAID gevoer is, blyk dit duidelik dat die vereenvoudiging van rekeningkundige standaarde vir klein maatskappye en die toepassing van gedifferensieerde verslagdoening, geen effek op die aanvaarding van hierdie finansiële state (indien vereis deur die SAID) sal hê nie. Die SAID het ook spesifiek vermeld dat indien enige addisionele inligting wat nie in die finansiële state weergegee word nie, verlang word, die SAID wel ingevolge die Inkomstebelastingwet (2008) kan vereis dat die belastingpligtige sodanige inligting verstrek. Weereens is dit duidelik dat die SAID nie meer 'n primêre gebruiker van klein maatskappy finansiële state in Suid-Afrika is nie.

Kruger (2004:177) het ook bevind dat die SAID in 'n posisie is om addisionele inligting te vereis, en meld verder ook die volgende:

“It was further seen that the information needs of the personnel of SARS are specific and that compliance with the full Statements of GAAP in the financial statements of close corporations is not necessarily a requirement for presenting useful information to the personnel of SARS.”

Die bogenoemde bevestig dus dat die rekeningkundige verslagdoeningstelsel wat toegepas word in die opstel van finansiële state, nie tot gevolg het dat nuttige finansiële inligting aan die SAID voorsien word nie, aangesien die SAID spesifieke inligtingsbehoefte het, wat nie deur die rekeningkundige inligting in finansiële state bevredig word nie.

7.7.5 Vergelyking van resultate

Die belangrikste wyses waarop die las om finansiële state voor te berei, verminder kan word, is soos volg deur die klein praktisyns en deur die eienaars/bestuur self geïdentifiseer:

Tabel 7.52: Vergelyking – Vermindering van die las om finansiële state voor te berei

Faktore	Klein praktisyns		Eienaars/ Bestuur	
	Aantal	%	Aantal	%
Vereenvoudiging van metingsvereistes	422	19.1%	145	17.5%
Verminder aantal toepaslike rekeningkundige standarde	418	19.0%	163	19.7%
Verminder openbaarmakingsvereistes	417	18.9%	169	20.4%
Spesiale standaard vir klein maatskappye	382	17.3%	149	18.0%
Verwyder die ouditvereiste vir privaatmaatskappye	306	13.9%	111	13.4%
Volledige vrystelling van voldoening aan 'n spesifieke rekeningkundige raamwerk	261	11.8%	91	11.0%
Totaal	2 206	100.0%	828	100.0%

(Vraelys 1 - Vraag 6.1; Vraelys 2 - Vraag 6.1)

Aantal = aantal respondente wat “Ja” geantwoord het

% = persentasie van totale aantal respondente wat “Ja” geantwoord het

Die respondente is versoek om die faktore aan te dui wat die las om finansiële state voor te berei, sal verminder. Geen beperking is gestel op die aantal faktore waarop die respondente 'n ja-antwoord kon aandui nie. Ten einde 'n vergelyking tussen die klein praktisyns en die eienaars/bestuur te tref, is die totale aantal ja-antwoorde vir elke faktor

bereken en uitgedruk as 'n persentasie van die totale aantal ja-antwoorde ten opsigte van al die faktore. Die metingsvereistes vir klein entiteite word byvoorbeeld deur 422 klein praktisyns aangedui as 'n faktor wat vereenvoudig moet word; dus verteenwoordig dit 19% (422/2 206) van die totale aantal faktore waarop respondente 'n ja-antwoord aangedui het. Die belangrikste faktore om die las van voorbereiding van finansiële state te verminder, vir beide die klein praktisyns en die eienaars/bestuur, is die vereenvoudiging van die metingsvereistes, die vermindering van die aantal toepaslike rekeningkundige standaarde en die vermindering van die openbaarmakingsvereistes.

Die belangrikste potensiële kwessies rakende die vermindering van rekeningkundige standaarde, is soos volg deur die klein praktisyns en die eienaars/bestuur geïdentifiseer:

Tabel 7.53: Vergelyking – Potensiële kwessies rakende vermindering van toepaslike rekeningkundige standaarde

Potensiële kwessies	Klein praktisyns		Eienaars/bestuur	
	Rang-orde	Gemiddelde	Rang-orde	Gemiddelde
Nie-aanvaarding van finansiële state deur finansiële instellings	1	2.58065	2	2.62736
Nie-aanvaarding van finansiële state deur die SAID	2	2.52535	1	2.67925
Verminder betroubaarheid van finansiële state	3	2.47696	3	2.45283
Verlies aan geloofwaardigheid van rekeningkundige professie	4	2.44470	-* (n.v.t.)	-
Verlies van redelike weergawe van finansiële state	5	2.38710	4	2.36792
Toename in verwarring vir opstellers van finansiële state	6	2.37097	5	2.32547
Verlaging in rekeningkundige standaarde	7	2.32949	6	2.29245
Verlies aan vergelykbaarheid van finansiële state	8	2.23963	7	2.25943
Toepassing van 'n gedifferensieerde rekeningkundige stelsel	9	2.17281	8	2.14151

(Vraelys 1 - Vraag 6.8; Vraelys 2 - Vraag 6.10)

Spearman rangkorrelasiekoëffisiënt = 0.97619, $p < 0.0001$

Die Spearman rangkorrelasiekoëffisiënt dui op 'n betekenisvolle korrelasie tussen die twee stelle rangordes; dus is daar 'n groot ooreenstemming tussen die wesenlikheid van die potensiële kwessies wat die eienaars/bestuur en die klein praktisyns aangedui het.

Uit die bogenoemde tabel, blyk dit dat die klein praktisyns en die eienaars/bestuur grotendeels dieselfde rangordes aan die potensiële kwessies rakende die vermindering van rekeningkundige standaarde toegeken het. Die gebruikers het die nie-aanvaarding van finansiële state, deur finansiële instellings en die SAID, as die belangrikste kwessies geïdentifiseer. Daar word verder aangedui dat indien rekeningkundige standaarde wat tans van toepassing is, verminder sou word, sekere kwessies nie vir die gebruikers problematies sal wees nie, naamlik 'n verlaging in rekeningkundige standaarde, 'n verlies aan die vergelykbaarheid van finansiële state en die toepassing van 'n gedifferensieerde rekeningkundige stelsel.

7.7.6 Opsomming: Vermindering van toepaslike rekeningkundige standaarde

7.7.6.1 Vermindering van die las om finansiële state voor te berei

Die meerderheid van die klein praktisyns het aangedui dat al die items wat in die vraelys ingesluit is die las op 'n klein maatskappy om finansiële state voor te berei, sal verminder. Dit is duidelik dat daar 'n behoefte is om die rekeningkundige verslagdoeningstelsel te wysig deur die metingsvereistes (97%) te vereenvoudig, sowel as die openbaarmakingsvereistes (96%) te verminder; verder het 96% van die respondente ook aangedui dat die aantal toepaslike rekeningkundige standaarde verminder behoort te word. Die klein praktisyns (88%) is ook van mening dat 'n spesiale standaard vir klein maatskappye die las op hierdie entiteite om finansiële state voor te berei, sal verminder. Dit is duidelik dat daar 'n groot behoefte is vir die verdere vereenvoudiging van die rekeningkundige standaarde wat op klein maatskappye van toepassing is.

Die meerderheid van die eienaars/bestuur het aangedui dat al die items wat in die vraelys ingesluit is, met die uitsondering van die volledige vrystelling van voldoening aan 'n spesifieke rekeningkundige raamwerk, die las op 'n klein maatskappy om finansiële state voor te berei, sal verminder. Dit bevestig weereens dat daar 'n behoefte by die gebruikers bestaan dat die las op klein maatskappye om finansiële state voor te berei, verminder moet

word, en dat die huidige rekeningkundige verslagdoeningstelsel gevolglik gewysig en vereenvoudig behoort te word.

'n Vergelyking van die resultate van die klein praktisyns en die eienaars/bestuur, het getoon dat die vereenvoudiging van die metingsvereistes, die vermindering van die aantal toepaslike rekeningkundige standaarde en die vermindering van die openbaarmakingsvereistes die belangrikste faktore is om die las van voorbereiding van finansiële state vir beide die klein praktisyns en die eienaars/bestuur te verminder.

7.7.6.2 IFRS vir klein- en mediumgrootte entiteite

Die meerderheid van die klein praktisyns (60%) is van mening dat die IFRS vir klein- en mediumgrootte entiteite (*IFRS for SMEs*) nie die las om finansiële state voor te berei, beduidend verlig nie. Die *IFRS for SMEs*, wat die huidige toepaslike rekeningkundige verslagdoeningstelsel is, is dus steeds te omvattend en voldoen nie aan die behoeftes van die gebruikers van klein maatskappy finansiële state nie. Die rekeningkundige vereistes vir klein maatskappye in Suid-Afrika behoort gevolglik verder vereenvoudig te word.

Slegs 23% van die eienaars/bestuur het aangedui dat die IFRS vir klein- en mediumgrootte entiteite (*IFRS for SMEs*) die las om finansiële state voor te berei, verlig; terwyl 40% van die eienaars/bestuur aangedui het dat dit nie die las sal verlig nie, en 37% aangedui het dat hulle nie 'n antwoord op die vraag het nie. Hieruit blyk dit dat die eienaars/bestuur nie op hoogte is van die rekeningkundige standaard vir klein- en mediumgrootte entiteite nie; dit is waarskynlik die geval, aangesien die eienaars/bestuur nie normaalweg self verantwoordelik is vir die opstel van die finansiële state nie.

7.7.6.3 Behoefte vir 'n addisionele verslagdoeningsraamwerk

Die oorgrote meerderheid van die klein praktisyns (88%) is van mening dat daar 'n behoefte vir 'n gewysigde rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk is; gevolglik is die rekeningkundige vereistes wat tans vir klein maatskappye geld, onvoldoende. Dit bevestig verder dat gebruikers van klein maatskappy finansiële state nie die omvattende inligting vereis wat in algemene-doel finansiële state verskaf word nie, en nie dieselfde finansiële verslagdoeningsbehoefte as gebruikers van groot maatskappy finansiële state het nie.

Die oorgrote meerderheid eienaars/bestuur (77%) is ook van mening dat daar 'n behoefte vir 'n addisionele verslagdoeningsraamwerk vir klein maatskappye is. Dit bevestig dat die rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk vir klein maatskappye verder gewysig behoort te word.

7.7.6.4 Potensiële kwessies rakende vermindering van toepaslike rekeningkundige standaarde

Die klein praktisyns het aangedui dat indien die rekeningkundige standaard waaraan klein maatskappye moet voldoen, verminder sou word, hulle oor sekere aangeleenthede bekommerd sal wees, naamlik die nie-aanvaarding van finansiële state deur finansiële instellings (61%), die nie-aanvaarding van finansiële state deur die SAID (57%), die vermindering van die betroubaarheid van finansiële state (52%) en die verlies aan geloofwaardigheid van die rekeningkundige profesie (51%). Die meerderheid van die klein praktisyns (64%) het aangedui dat die toepassing van 'n gedifferensieerde rekeningkundige stelsel nie 'n rede tot kommer is nie. Die nie-aanvaarding van finansiële state deur die SAID behoort egter nie meer 'n potensiële kwessie te wees nie, aangesien die SAID nie meer vereis dat 'n stel finansiële state die inkomstebelastingopgawe moet vergesel nie; verder is daar ook aangetoon dat die SAID nie klein maatskappy finansiële state gebruik in die proses van belastingoplegging nie.

Indien die rekeningkundige standaard waaraan klein maatskappye moet voldoen, verminder sou word, sal die eienaars/bestuur bekommerd wees oor aangeleenthede rakende die nie-aanvaarding van finansiële state deur die SAID (71%), die nie-aanvaarding van finansiële state deur finansiële instellings (67%) en die vermindering van die betroubaarheid van finansiële state (55%). Die meerderheid van die klein praktisyns (58%) het aangedui dat die toepassing van 'n gedifferensieerde rekeningkundige stelsel nie 'n rede tot kommer is nie.

Die Spearman rangkorrelasiekoëffisiënt het 'n betekenisvolle korrelasie aangedui tussen die twee stelle rangordes, en daar is dus 'n groot ooreenstemming tussen die wesenlikheid van die potensiële kwessies wat die klein praktisyns en die eienaars/bestuur aangedui het.

Al die finansiële instellings is bekommerd dat die vermindering van rekeningkundige standaard die volgende tot gevolg sal hê: 'n verlies aan redelike weergawe van finansiële state, 'n verlaging in rekeningkundige standaard en vermindering van die betroubaarheid

van finansiële state. Die meerderheid van die klein praktisyne (60%) het egter aangedui dat die toepassing van 'n gedifferensieerde rekeningkundige stelsel nie 'n rede tot kommer is nie.

Die SAID het aangedui dat die vereenvoudiging van rekeningkundige standaarde vir klein maatskappye en die toepassing van gedifferensieerde verslagdoening geen effek op die aanvaarding van hierdie finansiële state (indien vereis deur die SAID), sal hê nie. Die SAID het ook spesifiek vermeld dat indien enige addisionele inligting verlang word wat nie in die finansiële state weergegee word nie, die SAID wel ingevolge die Inkomstebelastingwet (2008) kan vereis dat die belastingpligtige sodanige inligting verstrek.

7.8 Samevatting

Die resultate van die empiriese studie is in hierdie hoofstuk ontleed en aangebied met spesifieke verwysing na die probleme wat klein entiteite en klein praktisyne, as opstellers van finansiële state van klein maatskappye, ondervind; die identifisering van 'n klein entiteit vir rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes; gebruike en voordele van klein maatskappy finansiële state; koste en laste met betrekking tot die opstel van klein maatskappy finansiële state; die toepaslikheid van huidige rekeningkundige standaarde en die kwessies rakende die vermindering van toepaslike rekeningkundige standaarde.

Die resultate is verder per respondentgroep ontleed, naamlik klein praktisyne, eienaars/bestuur, finansiële instellings en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens; waarna 'n vergelyking (indien toepaslik) van die verskillende respondentgroepe getref is.

'n Aantal gevalle waar 'n statisties betekenisvolle verband bestaan, is aangedui en verder ontleed.

In die laaste hoofstuk van hierdie navorsingstudie word 'n opsomming van die resultate van die navorsing getoon en die implikasies van die studie word bespreek deur aanbevelings vir die toepassing van gedifferensieerde verslagdoening in Suid-Afrika te maak. Laastens word verskillende areas wat vir verdere navorsing geïdentifiseer is, aangedui.

HOOFSTUK 8

OPSOMMING, GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

“...differential reporting has become the most controversial and interesting topic in the... financial reporting scene.” (Boymal, 2006:107)

8.1 Inleiding

Die doel van rekeningkundige verslagdoening is om inligting te verskaf oor die finansiële stand, prestasie en veranderinge in die finansiële stand van ’n entiteit wat nuttig is vir ’n verskeidenheid van gebruikers om rasonale ekonomiese besluite te kan neem. Finansiële state, die produk van rekeningkundige verslagdoening, behoort dus vir gebruikers betekenisvol, relevant en betroubaar te wees. Rekeningkundige verslagdoeningsvereistes, spesifiek *International Financial Reporting Standards* (IFRSs), word toenemend meer omvattend en kompleks ten einde aan die inligtingsbehoefte van finansiële markte te voldoen, en om nuwe, komplekse finansiële transaksies te verantwoord. Die probleem met die toepassing van huidige rekeningkundige verslagdoeningsvereistes op klein maatskappye spruit eerstens voort uit die aard van klein maatskappye en tweedens uit die omvattendheid van huidige verslagdoeningsvereistes; dit het tot gevolg dat die koste wat verbonde is aan die voorbereiding van rekeningkundige inligting die voordele oorskry wat deur die verskaffing van die inligting behaal sal word. Dit is dus nodig om, vir rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes, ’n onderskeid te tref tussen maatskappye wat finansiële state vir ’n groot verskeidenheid van gebruikers opstel en maatskappye wat finansiële state aan ’n beperkte aantal gebruikers verskaf. Gedifferensieerde verslagdoening spreek hierdie probleem aan deur verskillende rekeningkundige verslagdoeningsvereistes op verskillende kategorieë verslagdoeningsentiteite, toe te pas.

Hierdie hoofstuk bestaan uit ’n samevatting van die navorsing en dui aan dat huidige rekeningkundige verslagdoeningsvereistes ten opsigte van privaatmaatskappye nie aan die behoeftes van die gebruikers van hierdie maatskappye se finansiële state voldoen nie; gevolglik behoort die rekeningkundige verslagdoeningsvereistes vir privaatmaatskappye verminder en vereenvoudig te word. Vervolgens word ’n opsomming van die behoeftes van gebruikers van klein maatskappye finansiële state in Suid-Afrika aangebied; daarna word

aanbevelings vir toepaslike rekeningkundige verslagdoeningsvereistes vir privaatmaatskappye bespreek. Die studie word afgesluit met voorstelle vir verdere navorsing en 'n kort bespreking oor die toekoms van gedifferensieerde verslagdoening in Suid-Afrika.

8.2 Resultate van die studie

Uit die literatuurstudie het dit duidelik geblyk dat gedifferensieerde verslagdoening 'n belangrike en noodsaaklike uitbreiding van die tradisionele verslagdoeningsraamwerk is. Hierdie studie is onderneem met die primêre doelwit om die behoeftes van gebruikers van klein maatskappy finansiële state in Suid-Afrika te bepaal. Die empiriese gedeelte van hierdie studie het op die menings van die verskillende respondentgroepe, die probleme wat gebruikers van klein maatskappy finansiële state in die praktyk ervaar, sowel as hulle spesifieke inligtingsbehoefte gefokus. Die resultate van die empiriese studie, wat by wyse van vraelyste en onderhoud met die SAID uitgevoer is, het die spesifieke inligtingsbehoefte van die verskillende kategorieë van gebruikers van hierdie finansiële state in Suid-Afrika geïdentifiseer. Die bevindings van die empiriese studie word kortliks bespreek.

8.2.1 Probleme wat klein entiteite en praktisyns van klein maatskappye ondervind

8.2.1.1 Probleme wat klein praktisyns ondervind

Die grootste probleme wat klein praktisyns ervaar, is (i) regulering en voldoening aan hierdie regulasies en (ii) om op hoogte te bly met rekeningkundige- en auditontwikkelings; 74% van die respondente het die mening uitgespreek dat regulering en voldoening aan hierdie regulasies 'n wesenlike probleem vir klein praktisyns is, terwyl 65% aangedui het dat om op hoogte te bly met rekeningkundige- en auditontwikkelings 'n wesenlike probleem is. Dit blyk dat die kompetisie van groot firmas geen probleem vir klein praktisyns is nie. Die meerderheid van die respondente (92%) is van mening dat hierdie probleme gedurende die afgelope 5 jaar beduidend toegeneem het.

Uit die addisionele kommentaar wat gelewer is, blyk dit duidelik dat die rekeningkundige vereistes waaraan klein maatskappye tans moet voldoen, problematies is en dat hierdie vereistes nie volgens die praktisyns aan die behoeftes van die gebruikers voldoen nie.

Daar is 'n betekenisvolle verband tussen die aantal jare wat die praktisyns praktiseer, en die probleme van kompetisie van groot oudit firmas, kantoor- en praktykbestuur, en winsgewendheid en kontantvloei. Hierdie probleme blyk groter te wees vir praktisyns wat minder jare praktiseer as vir praktisyns wat langer as 21 jaar in praktyk is. Daar is verder ook 'n betekenisvolle verband tussen die probleem van personeelkwessies en die aantal vennote in die firma, sowel as die persentasie van fooie wat die klein praktisyns uit besigheid met klein entiteite verdien; hierdie probleem is beduidend vir firmas met meer as 11 vennote, waarskynlik omdat die firmas groter is en gevolglik meer personeel in diens het.

8.2.1.2 Probleme wat eienaars/bestuur van klein entiteite ondervind

Die grootste probleme wat eienaars/bestuur ervaar, is (i) die voldoening aan regulasies en (ii) belastingverpligtinge. Die voldoening aan regulasies is deur 66% van die eienaars/bestuur as 'n wesenlike probleem geïdentifiseer, en belastingverpligtinge deur 59%.

Die eienaars/bestuur het aangedui dat 'n gebrek aan bestuursvaardighede (46%) en 'n onvoldoende rekeningkundige stelsel (45%) nie belangrike probleme is nie. In die literatuurstudie is swak bestuur en 'n gebrek aan bestuursvaardighede (bv. onbevoegdheid van bestuur en gebrek aan bestuursondervinding) egter as van die belangrikste redes vir die mislukking van klein besighede aangedui. Die meerderheid (77%) van die eienaars/bestuur het bevestig dat die genoemde probleme gedurende die afgelope 5 jaar beduidend toegeneem het.

Die Spearman rangkorrelasiekoëffisiënt het 'n betekenisvolle korrelasie aangedui tussen die wesenlikheid van die probleme wat die eienaars/bestuur geïdentifiseer het, en die probleme wat die eienaars/bestuur volgens die klein praktisyns ervaar. Beide die klein praktisyns en eienaars/bestuur het die voldoening aan regulasies as die grootste probleem beskou. 'n Gebrek aan tegniese vaardighede in rekeningkundige standaarde, sowel as belastingverpligtinge is ook deur die praktisyns as belangrike probleme aangedui, terwyl die eienaars/bestuur belastingverpligtinge en die werwing van personeel aangedui het. 'n Gebrek aan bestuursvaardighede en die rol van kompetisie in die mark blyk nie problematies te wees in praktyk nie. Die gebruikers van klein maatskappy finansiële state het bevestig dat die voldoening aan regulasies die belangrikste probleem is. Die rekeningkundige vereistes waaraan klein maatskappye moet voldoen, het gedurende die afgelope aantal jare drasties toegeneem in kompleksiteit en omvang; gevolglik is die koste wat verbonde is aan die

voorbereiding van finansiële state weselik beïnvloed. Ten einde die probleme wat hierdie maatskappye ondervind, aan te spreek, behoort die rekeningkundige vereistes vir klein maatskappye gevolglik hersien en vereenvoudig te word.

8.2.2 Identifisering van 'n klein entiteit vir rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes

Die klein praktisyns het die publieke aanspreeklikheid van die entiteit (95%), totale omset (79%) en die eenaarstruktuur (78%) aangedui as die belangrikste faktore vir die identifisering van 'n klein entiteit; verder is 64% van die praktisyns van mening dat gebruikersbehoefte (die vraag of gebruikers finansiële state benodig en verstaan) in ag geneem moet word wanneer 'n klein entiteit geïdentifiseer word. Dit verteenwoordig 'n kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe kriteria vir die identifisering van 'n klein entiteit vir rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes. Die publieke aanspreeklikheid van 'n entiteit, sowel as die eenaarstruktuur daarvan, verteenwoordig kwalitatiewe maatstawwe, terwyl die totale omset 'n kwantitatiewe maatstaf is.

Volgens die eenaars/bestuur, is die publieke aanspreeklikheid van 'n entiteit (72%), die eenaarstruktuur (69%) en totale omset (63%) die belangrikste faktore vir die identifisering van 'n klein entiteit. Weereens word beide kwalitatiewe en kwantitatiewe maatstawwe as belangrike faktore vir die identifisering van 'n klein entiteit beskou.

Die finansiële instellings het totale omset (100%), die kompleksiteit van die entiteit (80%), die aantal werknemers (80%) en die eenaarstruktuur (80%) as die belangrikste faktore vir die identifisering van 'n klein entiteit aangedui. Die SAID gebruik slegs totale omset vir die identifisering van 'n klein entiteit, vir belastingdoeleindes.

8.2.3 Gebruike en voordele van klein maatskappy finansiële state

8.2.3.1 Potensiële gebruikers van klein maatskappy finansiële state

Die klein praktisyns, as opstellers van finansiële state, het die SAID (91%), finansiële instellings (88%) en voornemende beleggers/analiste (81%) as potensiële gebruikers van klein maatskappy finansiële state geïdentifiseer. Daar is verder aangedui dat die publiek (95%), werknemers (91%) en klante (78%) nie as gebruikers van klein maatskappy finansiële state beskou word nie; verder beskou die klein praktisyns ook nie die eienaars/bestuur as 'n *primêre gebruiker* nie.

Die eienaars/bestuur het hulself (94%), beleggers (90%) en werknemers (74%) as potensiële gebruikers van klein maatskappy finansiële state geïdentifiseer. Daar word aangedui dat die publiek (98%), klante (91%) en verskaffers (83%) nie gebruikers van klein maatskappy finansiële state is nie. Eienaars/bestuur is dus van mening dat hulle self die belangrikste *gebruiker* van die klein maatskappy se finansiële state is, terwyl die praktisyns egter van mening is dat eienaars/ bestuur nie 'n *gebruiker* is nie.

8.2.3.2 Voordele van finansiële state vir gebruikers

Die belangrikste voordele van finansiële state vir gebruikers, soos aangedui deur die praktisyns, is dat die finansiële state opgestel word vir belastingdoeleindes (87%) en die verkryging van finansiering (81%). Die feit dat finansiële state op 'n onafhanklike basis voorberei word en dat die opstel van finansiële state op goeie dissipline dui, is ook deur die meerderheid (56%) van die praktisyns as voordele aangedui. Die meerderheid van die praktisyns is van opinie dat die vergelyking van die entiteit se resultate met dié van ander entiteite geen voordeel inhou nie.

Volgens die eienaars/bestuur, is die belangrikste voordele van finansiële state vir die gebruikers daarvan die vergelyking van resultate met ander entiteite (85%), die feit dat finansiële state op 'n onafhanklike basis voorberei word (65%) en dat beplanning en bestuursbesluite op die finansiële state berus (60%). Uit die addisionele kommentaar wat gelewer is, blyk dit dat maandelikse bestuurstate baie belangrik vir die eienaars/bestuur is, en dat baie bestuursbesluite hierop gebaseer word en nie noodwendig op die finansiële jaarstate nie. Die eienaars/bestuur (59%) is ook van mening dat finansiële state geen

voordeel inhou met betrekking tot belastingdoeleindes nie.

Daar is nie 'n ooreenstemming tussen die voordele wat die praktisyns en die eienaars/bestuur aangedui het nie, aangesien die Spearman rangkorrelasiekoëffisiënt nie op 'n betekenisvolle korrelasie gedui het nie. Die voordeel wat volgens die praktisyns die belangrikste is (naamlik belastingdoeleindes), is volgens die eienaars/bestuur die minste belangrik. Volgens die eienaars/bestuur, is die belangrikste voordeel van finansiële state die vergelyking van resultate met dié van ander entiteite, wat volgens die praktisyns die minste belangrik is. Dit dui daarop dat die inligtingsbehoefte van gebruikers en opstellers van finansiële state beduidend kan verskil in praktyk; gevolglik behoort die verskillende inligtingsbehoefte van gebruikers in ag geneem te word in die voorstel van 'n toepaslike rekeningkundige verslagdoeningstelsel vir klein maatskappye.

8.2.3.3 Invloed van finansiële state op ekonomiese besluitneming

Volgens die klein praktisyns, oefen die finansiële state van 'n klein entiteit 'n invloed uit op die lenings-/finansieringsbesluite (47%) en dividendbesluite (46%) van eienaars/bestuur. Volgens 34% van die klein praktisyns, het die finansiële state geen invloed op die kontantbestuur van die klein entiteit nie, en volgens 31% geen invloed op personeelvergoeding nie. Dit blyk egter dat die praktisyns van mening is dat die finansiële state nie inligting voorsien wat nuttig is vir die eienaars/bestuur wanneer ekonomiese besluite geneem word nie, aangesien geen van die ekonomiese besluite wat deur die eienaars/bestuur geneem word, deur die meerderheid van die praktisyns geïdentifiseer is nie (wesentliche invloed, sowel as geen invloed).

Geen van die ekonomiese besluite is deur die meerderheid van die eienaars/bestuur geselekteer nie; gevolglik wil dit voorkom asof die finansiële state nie 'n wesentliche invloed op die ekonomiese besluitnemingsproses van die eienaars/bestuur uitoefen nie. In die addisionele kommentaar het verskeie eienaars vermeld dat hulle slegs maandelikse bestuurstate vir die genoemde doeleindes gebruik. Die eienaars het ook vermeld dat die inligting in finansiële state meestal verouderd is wanneer dit ontvang word. Dit blyk gevolglik dat eienaars/bestuur, wat as 'n *primêre gebruiker* van klein maatskappy finansiële state beskou word, nie die finansiële state in praktyk vir ekonomiese besluitnemingsdoeleindes gebruik nie.

'n Vergelyking van die resultate het getoon dat, hoewel die Spearman rangkorrelasiekoëffisiënt nie betekenisvol is nie, daar 'n redelike hoë korrelasie tussen die ekonomiese besluite van die klein praktisyns en die eienaars/bestuur bestaan. Beide respondentgroepe het lenings-/finansieringsbesluite en dividendbesluite aangedui as die belangrikste ekonomiese besluite waarop die finansiële state 'n invloed uitoefen. Uit die gemiddeldes kan ook afgelei word dat hierdie twee ekonomiese besluite beduidend belangriker is as die res van die besluite.

Uit die bostaande resultate kan afgelei word dat maandelikse bestuurstate, eerder as finansiële state, deur eienaars/bestuur vir ekonomiese besluitnemingsdoeleindes in die praktyk gebruik word.

8.2.4 Koste en beswarende faktore met betrekking tot die opstel van klein maatskappy finansiële state

8.2.4.1 Faktore wat die opstel van finansiële state bemoeilik

Die praktisyns het voldoening aan finansiële verslagdoeningstandaarde (95%), koste van ouditdienste (indien van toepassing) (92%) en koste van rekeningkundige dienste (72%) aangedui as die belangrikste faktore wat die opstel van finansiële state van 'n klein entiteit bemoeilik. Faktore wat nie die opstel van finansiële state bemoeilik nie, is geïdentifiseer as sekere openbaarmaking wat kompeterende voordeel kan benadeel (59%), algemene boekhouprobleme (57%) en die koste van rekeningkundige sagtewarepakkette (55%).

Die eienaars/bestuur is ook, soos die praktisyns, van mening dat die voldoening aan finansiële verslagdoeningstandaarde (78%) die belangrikste faktor is wat die opstel van finansiële state van 'n klein maatskappy bemoeilik. Die opstel van finansiële state word verder bemoeilik deur die koste van rekeningkundige dienste (65%). Faktore wat volgens die eienaars/bestuur nie die opstel van finansiële state bemoeilik nie, is die koste van rekeningkundige sagtewarepakkette (77%), algemene boekhouprobleme (61%) en die koste van ouditdienste (60%).

Die praktisyns, sowel as die eienaars/bestuur, het bevestig dat die rekeningkundige verslagdoeningstandaarde vir klein maatskappye problematies is; gevolglik behoort hierdie

verslagdoeningstandaarde vereenvoudig te word.

8.2.4.2 Elemente van fooie van praktisyns vir klein kliënte

Die jaarlikse ouditfooie is verreweg die belangrikste element van die klein praktisyns se fooie (73% van die respondente het aangedui dat dit duur is). Die grootste gedeelte van die fooie word tweedens vir rekeningkundige werk en die opstel van finansiële state gehef (24%).

8.2.5 Die toepaslikheid van rekeningkundige standaarde

8.2.5.1 Voldoening van klein maatskappy finansiële state aan toepaslike IFRSs

Slegs 21% van die praktisyns is van mening dat klein maatskappy finansiële state wel aan al die toepaslike rekeningkundige standaarde voldoen, terwyl 79% van die praktisyns aangedui het dat hierdie finansiële state nie volledig aan die toepaslike rekeningkundige vereistes voldoen nie. Dit bevestig dat die huidige rekeningkundige verslagdoeningsvereistes in die praktyk ontoepaslik vir klein maatskappye is, en dat hierdie vereistes nie aan die behoeftes van die gebruikers voldoen nie. In die addisionele kommentaar wat gelewer is, het baie van die praktisyns duidelik hul ontevredenheid laat blyk met die rekeningkundige vereistes wat tans van toepassing is.

Slegs 18% van die eenaars/bestuur is van mening dat hul maatskappy se finansiële state wel aan alle toepaslike rekeningkundige standaarde voldoen, terwyl 58% aangedui het dat dit nie volledig aan die rekeningkundige vereistes voldoen nie. Die eenaars/bestuur, sowel as die praktisyns, is dus van mening dat klein maatskappy finansiële state nie aan huidige toepaslike rekeningkundige standaarde voldoen nie.

8.2.5.2 Las om te voldoen aan rekeningkundige standaarde

Volgens 93% van die praktisyns, is daar steeds 'n te groot las op klein maatskappye om aan die toepaslike rekeningkundige standaarde te voldoen, terwyl slegs 6% van mening is dat dit nie vir klein maatskappye 'n las is om aan hierdie standaarde te voldoen nie. Die oorlading van rekeningkundige standaarde vir klein maatskappye in Suid-Afrika, is steeds 'n wesenlike probleem en dit vereis gevolglik regstellende oplossings. Verskeie praktisyns het addisionele kommentaar op hierdie vraag, waarin hul ontevredenheid met die toepassing van huidige

rekeningkundige standaarde duidelik uitgespreek word, gelewer.

Die meerderheid (83%) van die eienaars/bestuur is, soos die klein praktisyne, van mening dat dit wel 'n las is om te voldoen aan die rekeningkundige standaarde wat tans op klein maatskappye van toepassing is. Slegs 12% is van mening dat dit nie vir klein maatskappye 'n las is om daaraan te voldoen nie.

8.2.5.3 Praktisyne op hoogte van IFRSs en IFRS vir klein- en mediumgrootte entiteite

Die meerderheid van die klein praktisyne (60%) is wel op hoogte van huidige rekeningkundige standaarde, sowel as die rekeningkundige standaard wat spesifiek op klein maatskappye van toepassing is (*IFRS for SMEs*) (69%). Dit is waarskynlik die geval aangesien die praktisyne almal gekwalifiseerde rekenmeesters is; verder is almal ook geregistreerde lede van SAICA . Dit blyk gevolglik dat klein maatskappye se finansiële state tans nie volledig aan die toepaslike rekeningkundige vereistes voldoen nie; waarskynlik nie omdat die opstellers daarvan nie oor die nodige kennis beskik nie, maar eerder omdat die benodigde inligting nie aan die behoeftes van die gebruikers van klein maatskappy finansiële state voldoen nie.

8.2.5.4 Toepassing van rekeningkundige standaarde

Die klein praktisyne het aangedui dat slegs ses rekeningkundige standaarde gereeld deur die meerderheid klein praktisyne (meer as 50%) in praktyk toegepas word, naamlik:

- IAS 12: Income Taxes
- IAS 1: Presentation of Financial Statements
- IAS 16: Property, Plant and Equipment
- IAS 18: Revenue
- IAS 7: Cash Flow Statements
- IAS 2: Inventories

Twee rekeningkundige standaarde is gereeld deur 48% van die klein praktisyne in praktyk toegepas, naamlik:

- IAS 40: Investment Property
- IAS 17: Leases

'n Groot aantal rekeningkundige standaarde word nooit deur die meerderheid van die klein praktisyns (meer as 50%) in die praktyk toegepas nie.

Die rekeningkundige standaarde is verder ontleed deur die standaarde in vier verskillende groepe te groepeer, ten einde te bepaal wat die toepassing van elke groep in die praktyk behels, naamlik groep 1, aanbieding en openbaarmaking; groep 2, bates en laste; groep 3, inkomste en uitgawes; en groep 4, konsolidasies. Uit die groeperings van die rekeningkundige standaarde, blyk dit dat groep 4, konsolidasies, gereeld deur minder as 10% van die respondente gebruik word en nooit deur die meerderheid (meer as 50%) in praktyk toegepas word nie. Hieruit blyk dit dat klein maatskappye nie normaalweg deel van 'n groepstruktuur vorm nie; gevolglik is die rekeningkundige standaarde wat met konsolidasies verband hou, nie toepaslik vir hierdie maatskappye nie.

Die chi-kwadraattoets is 'n onafhanklikheidstoets wat gebruik is om die verband te bepaal tussen die gebruik van die rekeningkundige standaarde en die (i) aantal jare wat die praktisyns praktiseer, (ii) die aantal vennote in die firma en (iii) die persentasie fooie wat die praktisyns van klein entiteite verdien. Verskeie betekenisvolle korrelasies is aangetoon. Die algemene tendens rakende sekere geïdentifiseerde rekeningkundige standaarde, blyk te wees dat hoe langer persone in die praktyk is, hoe meer word hierdie standaarde gebruik. Rekeningkundige standaarde is ook aangetoon waarvan die algemene tendens blyk te wees dat die firmas met meerdere vennote (dus groter firmas) hierdie spesifieke standaarde meer gereeld gebruik. Laastens is die rekeningkundige standaarde aangedui waar die algemene tendens blyk te wees dat die firmas wat 50% en minder van hulle fooie uit klein- en mediumgrootte entiteite verdien (dus groter firmas), geneig is om hierdie spesifieke rekeningkundige standaarde meer gereeld te gebruik.

8.2.5.5 Die gebruik van komponente van finansiële state en faktore wat oorweeg word tydens ontleding van finansiële state

Die eienaars/bestuur het aangedui dat die inkomstestaar (staat van omvattende inkomste) (76%) en balansstaar (staat van finansiële posisie) (71%) as baie nuttig beskou word. Die aantekeninge tot die finansiële state word slegs deur 42% as baie nuttig beskou, terwyl 36% die kontantvloeiastaar en 9% die staar van veranderinge in ekwiteit as baie nuttig beskou. Die vraag dui daarop dat finansiële state dus wel deur die eienaars/bestuur gebruik word.

Finansiële instellings beskou die inkomstestaat (staat van omvattende inkomste) as die belangrikste komponent van finansiële state, terwyl die balansstaat (staat van finansiële posisie) en kontantvloeiastaat ook deur die meerderheid (60%) as baie nuttig geïdentifiseer is. Die finansiële instellings het aangedui dat daar geen komponent van die finansiële state is wat van geen nut is nie. Dit blyk dat die finansiële instellings wel die finansiële state gebruik. Die finansiële instellings oorweeg ook verskeie geïdentifiseerde faktore wanneer finansiële state ontleed word en versoek verder spesifieke inligting volgens hul eie vereistes.

Volgens die SAID, voorsien die inkomstestaat (staat van omvattende inkomste) nuttige inligting wanneer 'n oudit van belasting uitgevoer word. Aangesien finansiële state nie die inkomstebelastingopgawe vergesel nie, blyk dit dat finansiële state en die finansiële inligting wat daarin vervat is, nie deur die SAID gebruik word nie; gevolglik is die SAID nie meer 'n primêre gebruiker van klein maatskappy finansiële state in Suid-Afrika nie. Daar kan egter geargumenteer word dat, alhoewel finansiële state nie saam met die inkomstebelastingopgawe ingedien word nie, die finansiële state wel indirek benodig word om die inkomstebelastingopgawe te voltooi. Die SAID oorweeg ook verskeie geïdentifiseerde faktore wanneer finansiële state ontleed word vir die doeleindes van 'n oudit van belasting.

8.2.6 Vermindering van rekeningkundige standaarde

8.2.6.1 Vermindering van die las om finansiële state voor te berei

Die meerderheid van die klein praktisyns het aangedui dat al die gelyste items die las op 'n klein maatskappy om finansiële state voor te berei, sal verminder. Dit is duidelik dat daar 'n behoefte is om die rekeningkundige verslagdoeningstelsel te wysig deur die metingsvereistes (97%) te vereenvoudig, sowel as die openbaarmakingsvereistes (96%) te verminder. Die aantal toepaslike rekeningkundige standaarde behoort volgens 96% van die respondente verminder te word. Die klein praktisyns (88%) is ook van mening dat 'n spesiale standaard vir klein maatskappye die las op hierdie entiteite om finansiële state voor te berei, sal verminder. Dit is duidelik dat daar 'n groot behoefte is vir die verdere vereenvoudiging van die rekeningkundige standaarde wat op klein maatskappye van toepassing is.

Die meerderheid van die eienaars/bestuur het aangedui dat al die gelyste items in die vraelys (met die uitsondering van die volledige vrystelling van voldoening aan 'n spesifieke rekeningkundige raamwerk) die las op 'n klein maatskappy om finansiële state voor te berei,

sal verminder. Dit bevestig weereens dat daar 'n behoefte by die gebruikers bestaan dat die las op klein maatskappye om finansiële state voor te berei, verminder moet word, en dat die huidige rekeningkundige verslagdoeningstelsel gevolglik gewysig behoort te word.

Op grond van 'n vergelyking van die klein praktisyns en die eenaars/bestuur se resultate, is die vereenvoudiging van die metingsvereistes, die vermindering van die aantal toepaslike rekeningkundige standaarde en die vermindering van die openbaarmakingsvereistes, aangedui as die belangrikste faktore om die las van voorbereiding van finansiële state, vir beide die klein praktisyns en die eenaars, te verminder.

8.2.6.2 IFRS vir klein- en mediumgrootte entiteite

Die meerderheid van die klein praktisyns (60%) is van mening dat die IFRS vir klein- en mediumgrootte entiteite (*IFRS for SMEs*) nie die las om finansiële state voor te berei, verlig nie. Die *IFRS for SMEs*, wat die huidige toepaslike rekeningkundige verslagdoeningstelsel is, is dus steeds te omvattend en voldoen nie aan die behoeftes van die gebruikers van klein maatskappy finansiële state vir gedifferensieerde verslagdoening nie. Die rekeningkundige vereistes vir klein maatskappye in Suid-Afrika behoort gevolglik vereenvoudig te word.

Slegs 23% van die eenaars/bestuur het aangedui dat die IFRS vir klein- en mediumgrootte entiteite (*IFRS for SMEs*) die las om finansiële state voor te berei, verlig; terwyl 40% van die eenaars/bestuur aangedui het dat dit nie die las sal verlig nie, en 37% aangedui het dat hulle nie 'n antwoord op die vraag het nie. Hieruit blyk dit dat die eenaars/bestuur nie op hoogte is van die rekeningkundige standaard vir klein maatskappye nie; dit is waarskynlik die geval, aangesien die eenaars/bestuur nie self verantwoordelik is vir die opstel van die finansiële state nie.

8.2.6.3 Behoefte vir 'n addisionele verslagdoeningsraamwerk

Die oorgrote meerderheid van die klein praktisyns (88%) is van mening dat daar 'n behoefte vir 'n gewysigde rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk is; gevolglik is die rekeningkundige vereistes wat tans vir klein maatskappye geld, onvanpas. Dit bevestig verder dat gebruikers van klein maatskappy finansiële state nie die omvattende inligting vereis wat in algemene finansiële state verskaf word nie, en nie dieselfde finansiële verslagdoeningsbehoefte as gebruikers van groot maatskappy finansiële state het nie.

Die oorgrote meerderheid van die eienaars/bestuur (77%) is ook van mening dat daar 'n behoefte vir 'n addisionele verslagdoeningsraamwerk vir klein maatskappye is. Dit bevestig dat die rekeningkundige verslagdoeningsraamwerk vir klein maatskappye gewysig behoort te word.

8.2.6.4 Potensiële kwessies rakende vermindering van toepaslike rekeningkundige standaarde

Die klein praktisyns het aangedui dat indien die rekeningkundige standaard waaraan klein maatskappye moet voldoen, verminder sou word, hulle oor sekere aangeleenthede bekommerd sal wees, naamlik die nie-aanvaarding van finansiële state deur finansiële instellings (61%), die nie-aanvaarding van finansiële state deur die SAID (57%), die vermindering van die betroubaarheid van finansiële state (52%) en die verlies aan geloofwaardigheid van die rekeningkundige professie (51%). Die meerderheid van die klein praktisyns (64%) het aangedui dat die toepassing van 'n gedifferensieerde rekeningkundige verslagdoeningstelsel nie 'n rede tot kommer is nie. Die nie-aanvaarding van finansiële state deur die SAID behoort egter nie meer 'n potensiële kwessie te wees nie, aangesien die SAID nie meer vereis dat 'n stel finansiële state die inkomstebelastingopgawe moet vergesel nie; verder is daar ook aangetoon dat die SAID nie klein maatskappy finansiële state gebruik in die proses van aanslag van belasting nie.

Indien die rekeningkundige standaard waaraan klein maatskappye moet voldoen, verminder sou word, sal die eienaars/ bestuur bekommerd wees oor aangeleenthede rakende die nie-aanvaarding van finansiële state deur die SAID (71%), die nie-aanvaarding van finansiële state deur finansiële instellings (67%) en die vermindering van die betroubaarheid van finansiële state (55%). Die meerderheid van die praktisyns (58%) het aangedui dat die toepassing van 'n gedifferensieerde rekeningkundige stelsel nie 'n rede tot kommer is nie.

Die Spearman rangkorrelasiekoëffisiënt het 'n betekenisvolle korrelasie aangedui tussen die twee stelde rangordes, en daar is dus 'n groot ooreenstemming tussen die wesenlikheid van die potensiële kwessies wat die klein praktisyns en die eienaars/bestuur aangedui het.

Al die finansiële instellings is bekommerd dat die vermindering van rekeningkundige standaard sal lei tot 'n verlies aan redelike weergawe van finansiële state en 'n verlaging in rekeningkundige standaard en dat die betroubaarheid van finansiële state verminder sal

word. Die meerderheid van die finansiële instellings (60%) het egter aangedui dat die toepassing van 'n gedifferensieerde rekeningkundige verslagdoeningstelsel nie 'n rede tot kommer is nie.

Die SAID het aangedui dat die vereenvoudiging van rekeningkundige standaarde vir klein maatskappye en die toepassing van gedifferensieerde verslagdoening geen effek op die aanvaarding van hierdie finansiële state (indien vereis deur die SAID), sal hê nie. Die SAID het ook spesifiek vermeld dat indien enige addisionele inligting verlang word wat nie in die finansiële state weergegee word nie, die SAID wel ingevolge die Inkomstebelastingwet (2008) kan vereis dat die belastingpligtige sodanige inligting verstrek.

8.3 Aanbevelings vir die toepassing van gedifferensieerde verslagdoening in Suid-Afrika

Die probleem wat in hierdie studie aangespreek is, is die onvermoë van rekeningkundige inligting in finansiële state om te voldoen aan die spesifieke behoeftes van die gebruikers van klein maatskappy finansiële state in Suid-Afrika. Die resultate van die navorsing het getoon dat huidige rekeningkundige verslagdoeningsvereistes vir privaatmaatskappye, nie aan die behoeftes van die gebruikers van hierdie maatskappye se finansiële state voldoen nie, en dat die gebruikers 'n behoefte het dat hierdie rekeningkundige verslagdoeningsvereistes verminder en vereenvoudig moet word.

Die volgende aanbevelings word na aanleiding van hierdie navorsing gemaak, aangesien dit verbeterde rekeningkundige verslagdoening vir klein maatskappye in Suid-Afrika tot gevolg kan hê, deurdat daar aan die behoeftes van gebruikers van finansiële state voldoen sal word:

8.3.1 Gebruikers van finansiële state

In die literatuurstudie is aangetoon dat die aard van klein entiteite en die ekonomiese omgewing waarin hulle funksioneer, verskil van dié van groot maatskappye en dat die gebruikers van hierdie maatskappye se finansiële state gevolglik verskil. Daar is verder aangetoon dat die primêre gebruikers van klein maatskappy finansiële state die eienaars/bestuur, leners (finansiële instellings) en owerhede (inkomstedienste) is.

Die klein praktisyns het die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) as 'n gebruiker van klein maatskappy finansiële state geïdentifiseer. Die praktisyns is verder ook van mening dat die feit dat finansiële state vir belastingdoeleindes opgestel word een van die belangrikste voordele van finansiële state vir gebruikers is. Die SAID behoort egter nie meer as 'n primêre gebruiker van klein maatskappy finansiële state in Suid-Afrika beskou te word nie. Die SAID vereis slegs die inligting in die inkomstebelastingopgawe vir belastingdoeleindes; finansiële state en die finansiële inligting wat daarin vervat is, word slegs in enkele gevalle, wanneer 'n oudit van belasting uitgevoer word, deur die SAID gebruik. Daar moet egter in gedagte gehou word dat alhoewel finansiële state nie saam met die inkomstebelastingopgawe ingedien word nie, die finansiële state wel indirek benodig word om die inkomstebelastingopgawe te voltooi.

8.3.2 Die identifisering van 'n klein entiteit

In die literatuurstudie is aangetoon dat daar nie 'n enkele eenvormige, aanvaarbare definisie van *klein entiteit* bestaan nie. Verskillende definisies van 'n klein entiteit word vir verskillende doeleindes gebruik. 'n Kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe kriteria word meestal gebruik om 'n klein entiteit te identifiseer. Die kwalitatiewe kriterium van onafhanklike eienaarskap en bestuur word in die meeste definisies ingesluit, terwyl daar na die kwantitatiewe kriteria van aantal werknemers, totale omset en totale batewaarde verwys word.

Die empiriese ondersoek het bevind dat 'n klein entiteit, vir rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes in Suid-Afrika, geïdentifiseer moet word deur 'n kombinasie van die kwalitatiewe kriteria van publieke aanspreeklikheid en die eenaarstruktuur van die entiteit, en die kwantitatiewe kriterium van totale omset. Die eenaarstruktuur van die entiteit kan ook aandui of die entiteit algemene-doel finansiële state vir verskillende gebruikers produseer, of beperkte-doel finansiële state vir 'n beperkte aantal gebruikers. Daar is ook aangetoon dat klein maatskappye selde deel van 'n groepstruktuur vorm; gevolglik kan hierdie kwalitatiewe vereiste ook as kriterium dien ten einde 'n klein entiteit vir rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes te identifiseer.

8.3.3 Gedifferensieerde verslagdoeningsvereistes

Die las op klein maatskappye om finansiële state voor te berei, moet verlig word deur die vermindering van die openbaarmakingsvereistes, die vereenvoudiging van die metings-

vereistes en die vermindering van die aantal toepaslike rekeningkundige standaarde op hierdie maatskappye.

Die *IFRS for SMEs*, wat die huidige toepaslike rekeningkundige verslagdoeningstelsel is, is steeds te omvattend vir die meerderheid van privaatmaatskappye, en voldoen nie aan die behoeftes van Suid-Afrikaanse gebruikers van klein maatskappy finansiële state nie; gevolglik behoort die rekeningkundige verslagdoeningsvereistes vereenvoudig te word deur 'n derde vlak van rekeningkundige verslagdoening daar te stel. Kragtens die nuwe Maatskappywet (71/2008), word daar wel voorsiening gemaak vir die toepassing van gedifferensieerde verslagdoening (meerdere vlakke van rekeningkundige verslagdoening) in Suid-Afrika. Regssteun van rekeningkundige standaarde, waardeur die nakoming van standaarde wetlik verplig word, in terme van die nuwe Maatskappywet (71/2008), het verrykende gevolge vir rekeningkundige verslagdoening in Suid-Afrika. Dit het tot gevolg dat 'n oortreding van rekeningkundige standaarde (IFRSs) in die toekoms 'n oortreding van die Maatskappywet gaan behels.

Na aanleiding van die empiriese navorsing kan 'n gevolgtrekking gemaak word dat 'n toepaslike gedifferensieerde verslagdoeningstelsel in Suid-Afrika, uit drie vlakke van rekeningkundige verslagdoening bestaan. Vlak I verwys na maatskappye wat publieke aanspreeklikheid het en algemene-doel finansiële state produseer, dus publieke maatskappye; hierdie maatskappye moet volledig aan die IFRSs-vereistes voldoen. Vlak II verwys na maatskappye wat nie publieke aanspreeklikheid het nie en algemene-doel finansiële state produseer; hierdie maatskappye behoort aan die vereistes van die IFRS vir klein- en mediumgrootte entiteite (*IFRS for SMEs*) te voldoen. Vlak III sluit maatskappye in wat nie publieke aanspreeklikheid het nie, en met verwysing na die eenaarstruktuur, beperkte-doel finansiële state produseer. Hierdie maatskappye behoort egter ook aan verdere, addisionele kriteria of kwalifiserende vereistes te voldoen, naamlik die totale omset van die maatskappy behoort kleiner as 'n vasgestelde bedrag te wees en die maatskappy mag nie deel van 'n groepstruktuur wees nie. Ander klein entiteite, byvoorbeeld beslote korporasies, vennootskappe, trusts en eenmansake kan ook by die Vlak II en Vlak III verslagdoeningsvlakke ingesluit word, afhangende van die grootte van die entiteit. Vlak III behoort eenvoudige rekeningkundige verslagdoeningsvereistes in te sluit.

In die literatuurstudie is die verskillende gedifferensieerde verslagdoeningsbenaderings wat gevolg kan word, bespreek, naamlik onafhanklik ontwikkelde standaarde vir klein

maatskappye, die vereenvoudiging van bestaande rekeningkundige standaarde en 'n afsonderlike standaard gebaseer op die IASB-standaard vir klein- en mediumgrootte entiteite (*IFRS for SMEs*). Uit die bespreking van die verskillende verslagdoeningsbenaderings het dit geblyk dat 'n afsonderlike standaard vir klein entiteite, wat op die IASB-standaard vir klein- en mediumgrootte entiteite (*IFRS for SMEs*) gebaseer is, verskeie voordele inhou. Volgens hierdie benadering, word meer klem op beginselgebaseerde standaarde en professionele oordeel gelê, terwyl minder vertrouwe op uitgebreide reëls geplaas word. Die standaard het verder ook internasionale geloofwaardigheid en sal vergelykbaarheid bevorder. Deur hierdie benadering te volg, word die wiel nie herontwerp nie, en is die verslagdoeningsvereistes vir klein entiteite binne die IFRSs-verslagdoeningsraamwerk. Die IFRS vir klein- en mediumgrootte entiteite is verder ook 'n weldeurdagte dokument, wat die resultaat van 'n omvattende proses is. Die instandhouding van die rekeningkundige standaard is primêr die verantwoordelikheid van die IASB, wat toekomstige hersiening van die standaard vergemaklik.

Die empiriese studie het egter bevind dat die *IFRS for SMEs* steeds te omvattend vir die meerderheid klein maatskappye in Suid-Afrika is, en dat daar 'n behoefte vir die verdere vereenvoudiging van hierdie rekeningkundige verslagdoeningsvereistes bestaan. Vlak III van die voorgestelde gedifferensieerde verslagdoeningsraamwerk kan gevolglik 'n vereenvoudigde rekeningkundige standaard vir klein- en mediumgrootte entiteite (*IFRS for SMEs*) insluit, en sodoende aan die inligtingsbehoefte van gebruikers van Suid-Afrikaanse klein maatskappy finansiële state, sowel as ander regsforms van besigheidsentiteite, voldoen. Hierdie derde verslagdoeningsvlak kan veral nuttig wees in 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika waar dit belangrik is om besighede in die informele sektor toenemend by die formele sektor te betrek.

Die voorgestelde gedifferensieerde verslagdoeningstelsel kan skematies soos volg voorgestel word:

Figuur 8.1: Skematiese voorstelling van voorgestelde gedifferensieerde verslagdoening in Suid-Afrika

GEDIFFERENSIEERDE VERSLAGDOENING			
Vlak	Kriteria	Entiteit	Verslagdoenings-vereistes
VLAK I	Publieke aanspreeklikheid Algemene-doel finansiële state	Publieke maatskappye	IFRSs-vereistes
		↑ ↓	
VLAK II	Niepublieke aanspreeklikheid Algemene-doel finansiële state	Privaat- maatskappye	IFRS vir klein- en mediumgrootte entiteite (<i>IFRS for SMEs</i>)
		↑ ↓	
VLAK III	Niepublieke aanspreeklikheid Beperkte-doel finansiële state Addisionele kriteria: - Totale omset - Eienaarstruktuur - Nie deel van 'n groep nie	Privaat- maatskappye Mikro entiteite	Vereenvoudigde IFRS vir klein- en mediumgrootte entiteite

In hoofstuk 5 (verwys na tabel 5.6) is verskeie kriteria-vereistes uit die literatuurstudie, waaraan 'n suksesvolle gedifferensieerde rekeningkundige verslagdoeningstelsel behoort te voldoen, geïdentifiseer. Bogenoemde voorgestelde gedifferensieerde verslagdoeningstelsel word vervolgens kortliks teen hierdie voorafgestelde kriteria getoets ten einde die aanvaarbaarheid van die stelsel te beoordeel.

Die voorgestelde gedifferensieerde verslagdoeningstelsel is op die behoeftes van die gebruikers van klein maatskappy finansiële state gebaseer, en is die resultaat van hierdie navorsingstudie se omvattende meningsopname van gebruikers in Suid-Afrika. Die verslagdoeningstelsel ondersteun 'n beweging in die rigting van die harmonisering van rekeningkundige standaarde vir klein entiteite, aangesien die voorstelle binne die IFRS-raamwerk val, naamlik die verdere vereenvoudiging van die bestaande *IFRS for SMEs*. Die feit dat die voorstelle binne die IFRS-raamwerk is, sal ook tot gevolg hê dat die verslagdoeningstelsel maklik hersien kan word en kan lei tot konsekwentheid tussen die

verskillende verslagdoeningstelsels. Verder sal dit ook voorsiening maak vir die maklike oorgang na die volgende vlak (na *IFRS for SMEs* of na volle IFRS). Die stelsel kan dus die natuurlike groei van 'n klein entiteit tot 'n medium of groot entiteit akkommodeer. Die verslagdoeningstelsel behoort ook maklik toeganklik vir klein entiteite uit die informele sektor te wees, omdat die rekeningkundige verslagdoeningsvereistes redelik eenvoudig en maklik verstaanbaar is. Aangesien die voorgestelde verslagdoeningstelsel die verdere vereenvoudiging van rekeningkundige standarde voorstel, kan die las van rekeningkundige verslagdoening aansienlik verlig word. Die voorstelle is maklik verstaanbaar en behoort prakties uitvoerbaar te wees.

Gebaseer op die resultate van die empiriese studie, behoort die volgende rekeningkundige standarde, soos ingesluit in die *IFRS for SMEs*, by die rekeningkundige vereistes van Vlak III ingesluit te word:

Aanbieding en Openbaarmaking

- IAS 1: Presentation of Financial Statements
- IAS 7: Cash Flow Statements

Bates en Laste

- IAS 2: Inventories
- IAS 16: Property, Plant and Equipment
- IAS 40: Investment Property

Inkomste en Uitgawes

- IAS 12: Income Taxes
- IAS 18: Revenue

Die Australiese rekeningkundige verslagdoeningstelsel maak voorsiening vir nie-verslagdoeningsentiteite, wat finansiële state opstel deur slegs aan drie rekeningkundige standarde te voldoen, naamlik *Presentation of Financial Statements; Cash Flow Statements* en *Accounting Policies, Changes in Accounting Estimates and Errors*. Die bogenoemde rekeningkundige standarde spreek die aanbieding en openbaarmaking van finansiële state aan, sowel as die bates en laste, en inkomste en uitgawes, wat gewoonlik op klein maatskappye van toepassing is. Hierdie rekeningkundige standarde (as 'n verdere, vereenvoudigde verslagdoeningsvlak), kan moontlik inligting in finansiële state tot gevolg hê wat aan die behoeftes van die gebruikers van klein maatskappye finansiële state voldoen. Waar rekeningkundige aspekte nie in vlak III van die raamwerk aangespreek word nie,

behoort die opstellers van finansiële state na die volgende vlak (vlak II en daarna vlak I) en die konseptuele raamwerk vir riglyne, te verwys. Dit kan ook belangrik wees om wel die rekeningkundige beleid wat gevolg word, te openbaar. Die rekeningkundige verslagdoeningsvereistes behoort ook koste-voordeel oorwegings in ag te neem. Aangesien hierdie studie egter nie ten doel gehad het om die spesifieke rekeningkundige vereistes vir 'n rekeningkundige standaard vir klein maatskappye te bepaal nie, is verdere navorsing nodig om te bepaal wat die presiese rekeningkundige vereistes vir 'n derde vereenvoudigde verslagdoeningsvlak behoort te behels.

8.4 Bydraes

Die navorsingstudie het, onder andere, die volgende bydraes tot die dissipline gelewer:

- Gebruikers van klein maatskappy finansiële state in Suid-Afrika is geïdentifiseer;
- Kriteria is gestel vir die identifisering van 'n klein entiteit vir gedifferensieerde verslagdoeningsdoeleindes;
- Voorstelle is gemaak vir 'n toepaslike gedifferensieerde verslagdoeningstelsel in Suid-Afrika, deur die insluiting van 'n derde verslagdoeningsvlak vir klein entiteite;
- Die empiriese studie het die spesifieke inligtingsbehoefte van die verskillende kategorieë van gebruikers en praktisyns van klein maatskappy finansiële state in Suid-Afrika geïdentifiseer (verwys na punt 8.2).

8.5 Aanbevelings vir verdere navorsing

Hierdie navorsing het sekere moontlike aspekte geïdentifiseer waarvoor verdere navorsing gedoen kan word.

- Verskeie probleme, soos deur die klein praktisyns in die praktyk ervaar, is geïdentifiseer; die praktisyns het ook aangedui dat hierdie probleme die afgelope vyf jaar wesenlik toegeneem het. Daar is ook bevind dat daar 'n statisties beduidende verband is tussen sommige van die probleme wat die klein praktisyn ondervind en die aantal jare wat die praktisyn in praktyk is, die aantal vennote in die firma en die persentasie van jaarlikse fooie wat die praktisyn van klein entiteite verdien. Die redes en moontlike oplossings vir hierdie probleme kan verder ondersoek word.
- Verskeie probleme wat die eienaars/bestuur van klein besighede ondervind, is geïdentifiseer; die eienaars/bestuur het ook aangedui dat hierdie probleme die afgelope

vyf jaar wesenlik toegeneem het. Daar bestaan ook 'n betekenisvolle korrelasie tussen die wesenlikheid van die probleme wat die eienaars/bestuur geïdentifiseer het en die probleme wat die eienaars/bestuur volgens die klein praktisyns ervaar. Die redes en moontlike oplossings vir hierdie probleme kan verder ondersoek word.

- Die empiriese ondersoek het bevind dat totale omset gebruik kan word as 'n kwantitatiewe maatstaf vir die identifisering van 'n klein entiteit, vir rekeningkundige verslagdoeningsdoeleindes. Verdere navorsing is nodig ten einde te bepaal watter spesifieke vereistes ten opsigte van grootte of nominale waardes toepaslik is vir omset.
- Verskeie betekenisvolle korrelasies is aangetoon tussen die gebruik van sommige rekeningkundige standaarde en die aantal jare wat die praktisyns praktiseer, die aantal vennote in die firma en die persentasie fooie wat die praktisyns van klein entiteite verdien. Hierdie korrelasies kan verder ondersoek word.
- Die empiriese navorsing wat in hierdie studie onderneem is, kan in die toekoms ook op ander klein entiteite, byvoorbeeld beslote korporasies, vennootskappe, trusts en eenmansake toegepas word.
- Verdere navorsing is nodig ten einde te bepaal watter spesifieke rekeningkundige vereistes in 'n verdere, vereenvoudigde rekeningkundige verslagdoeningsvlak ingesluit behoort te word.

8.6 Slotopmerkings

Hierdie studie het getoon dat huidige rekeningkundige verslagdoeningsvereistes vir klein maatskappye nie aan die behoeftes van die gebruikers van hierdie maatskappye se finansiële state in Suid-Afrika voldoen nie. Die vereistes van die rekeningkundige standaard, *IFRS for SMEs*, wat gedurende 2007 in Suid-Afrika aanvaar is en op klein maatskappye van toepassing is, voldoen nie aan Suid-Afrikaanse gebruikers se inligtingsbehoefte nie. Gesien in die lig van die belangrike bydrae wat klein maatskappye tot die Suid-Afrikaanse ekonomie lewer, is die rekeningkundige verslagdoening van hierdie maatskappye noodwendig belangrik. Gebruikers van klein maatskappy finansiële state vereis dat huidige rekeningkundige verslagdoeningsvereistes verminder en vereenvoudig word, ten einde aan hulle spesifieke inligtingsbehoefte te voldoen, en te verseker dat finansiële state inligting voorsien wat betekenisvol, relevant en betroubaar vir die gebruikers daarvan is.

Die uitreiking van *ED 257, Framework for Non-public entities*, dui daarop dat daar in Suid-

Afrika reeds 'n beweging in die rigting van 'n derde verslagdoeningsvlak is. Die geopenbaarde konsep is egter nie op maatskappye (insluitende privaatmaatskappye) van toepassing nie, wat tot gevolg het dat die rekeningkundige verslagdoeningsvereistes van hierdie maatskappye steeds nie aangespreek word nie. Die probleem dat klein maatskappye in Suid-Afrika nie aan die rekeningkundige standaard vir klein- en mediumgrootte entiteite (*IFRS for SMEs*) voldoen nie, is 'n oortreding van die nuwe Maatskappywet. Dit is dus noodsaaklik dat die huidige rekeningkundige verslagdoeningstelsel wat op klein maatskappye van toepassing is, hersien en vereenvoudig moet word; gebruikers van klein maatskappy finansiële state vereis vinnige optrede van die opstellers van rekeningkundige standarde rakende hierdie aangeleentheid.

8.7 Die toekoms

Beter rekeningkundige stelsels wat die opstel van finansiële state vereenvoudig en meer bekostigbaar maak, soos byvoorbeeld XBRL (*Extensible Business Reporting Language*) sal waarskynlik in die toekoms 'n belangrike rol in rekeningkundige verslagdoening speel. XBRL is 'n standaard vir die elektroniese kommunikasie van besigheids- en ander rekeningkundige inligting. Dit het beduidende voordele in die voorbereiding, ontleding en kommunikasie van besigheidsinligting. Dit bied nie net koste-voordele nie, maar ook groter effektiwiteit, verhoogde akkuraatheid en betroubaarheid aan diegene wat betrokke is by die voorbereiding en gebruik van finansiële/rekeningkundige inligting. XBRL kan onder andere die volgende hanteer: interne- en ekstere rekeningkundige verslagdoening; besigheidsverslagdoening aan alle tipe reguleerders, belastingowerhede, sentrale banke en regeringsinstansies; die voorbereiding van leningsaansoeke en gepaargaande kredietontledings; die uitruil van besigheidsinligting tussen instansies; asook die statistiese ontleding van inligting. Beter rekeningkundige stelsels, tesame met die implementering van 'n toepaslike gedifferensieerde verslagdoeningstelsel, kan die verslagdoeningsprobleem van klein besighede oplos.

BRONNELYS

Abdel-Khalik, A.R. & Ajinkya, B.B. 1983. An evaluation of the everyday accountant and researching his reality. *Accounting Organisations and Society*, 8(4):375-384.

Accountant. 2007. *CPA Australia rejects differential reporting proposals*, September:3.

Accounting Standards Board (ASB). 2002. Financial Reporting Standard for Smaller Entities (Effective June 2002) December 2001. *Accountancy*, 129(1302):115-116.

Accounting Standards Board (ASB). 2007. *Financial Reporting Standard for Smaller Entities (FRSSE)*. London: ASB.

Accounting Standards Board (ASB). 2008. *Financial Reporting Standard for Smaller Entities (FRSSE)*. London: ASB.

Alexander, D. 1990. *Financial reporting - the theoretical and regulatory framework*. Suffolk: St Edmundsbury Press.

American Institute of Certified Public Accountants (AICPA). 1953. *Accounting Terminology Bulletin No. 1*. New York: AICPA.

American Institute of Certified Public Accountants (AICPA). 1961. *Accounting Research Study No. 1*. New York: AICPA.

American Institute of Certified Public Accountants (AICPA). 1970. *APB Statement No. 4 - Basic concepts and accounting principles underlying financial statements of business enterprises*. New York: Accounting Practices Board.

American Institute of Certified Public Accountants (AICPA). 1971. *The Trueblood report - Objectives of financial statements*. New York: AICPA.

American Institute of Certified Public Accountants (AICPA). 1976. *Report of the Committee on GAAP for smaller and closely held businesses*. New York: AICPA.

American Institute of Certified Public Accountants (AICPA). February 1983. *Overload report -*

Special Committee on Accounting Standards Overload. New York: AICPA.

American Institute of Certified Public Accountants (AICPA). 1994. *The Jenkins report - Improving business reporting: a customer focus - meeting the information needs of investors and creditors*. New York: AICPA.

American Institute of Certified Public Accountants (AICPA). August 1996. *Report of the Private Companies Practice Section, Special Task Force on Standards Overload*. New York: AICPA.

Anderson, T. 1999. Tailor-made, or one-size-fits-all? *CA Magazine*, 132(3):14.

Ashby, M.J. 1980. Does Canada need two GAAPs? *CA Magazine*, June:28-31.

Australian Accounting Standards Board (AASB). 2009. *An update on the Differential Reporting Project*. Sydney: AASB. [Online] Available from: <http://www.charteredaccountants.com.au/> [Accessed: 2009-06-30].

Babbie, E. & Mouton, J. 2001. *The practice of social research*. Cape Town: Oxford University Press.

Baker, W.M. & Cunningham, G.M. 1993. Effects of small business accounting bases and accountant service levels on loan officer decisions. *Journal of Business Finance & Accounting*, 20(4):465-477.

Baker, N. 1994. Different paths to a true and fair judgement. *Accountancy Age*, 10.

Barac, K. 1998. *Oudithervorming van klein maatskappye*. Ongepubliseerde tesis vir D Com in Ouditkunde. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Barcelo, Y. 2007. Standard overload blues. *CA Magazine*, 140(4):25-30.

Barker, P. & Noonan, C. 1996. *Small company compliance with accounting standards. The Irish situation*. DCUBS Research Papers 1995-1996, No.10.

Baskerville, R. & Simpkins, K. 1997. Framework for Differential Reporting. *Chartered*

Accountants Journal, 14-17.

Baumbach, C.M. 1988. *How to organize and operate a small business*. Eighth edition. New Jersey: Prentice Hall.

Belkaoui, A.R. 2000. *Accounting theory*. Fourth edition. London: Business Press Thomson Learning.

Belkaoui, A.R. 2004. *Accounting theory*. Fifth edition. London: Thomson Learning.

Boymal, D. 2006. Differential reporting - where is it heading? *Abacus*, 43(1):107-110.

Burke, J.F. 1997. Report on standards overload. *The CPA Journal*, 11.

Bureau of Market Research (BMR). 1992. *Research report no. 191 - Defining a small business enterprise in South Africa*. Pretoria: University of South Africa.

Burrell, G. & Morgan, G. 1979. *Sociological paradigms and organisational analysis: elements of the sociology of corporate life*. London: Heinemann.

Burton, J.C. 1974. The organization of the public accounting profession. *National Public Accountant*, 19:9.

Campbell, J. 1996. International update. *Accountancy and Finance Update*, June:22-23.

Canadian Institute of Chartered Accountants (CICA). 1980a. *The Stamp report - Corporate reporting: its future evolution*. Toronto: CICA.

Canadian Institute of Chartered Accountants (CICA). Special Committee on Standard-Setting 1980b. *Report to CICA Board of Governors*. Toronto: CICA.

Canadian Institute of Chartered Accountants (CICA). Task Force on Disclosure Differences 1982. *Report to the Board of Governors*. Toronto: CICA.

Canadian Institute of Chartered Accountants (CICA). 1999. *Financial reporting by small business enterprises*. Toronto: CICA.

- Canadian Institute of Chartered Accountants (CICA). 2001. *Exposure draft - Differential reporting*. Toronto: CICA.
- Canadian Institute of Chartered Accountants (CICA). 2002. *Differential reporting, Section 1300 and related amendments to other sections*. Toronto: CICA.
- Canadian Institute of Chartered Accountants (CICA). 2007. *Discussion paper - Financial reporting by private enterprises*. Toronto: CICA.
- Canadian Institute of Chartered Accountants (CICA). 2009. *Exposure draft - Generally Accepted Accounting Principles for private enterprises*. Toronto: CICA.
- Charter. 2005. *Help for NREs*, 76(10):68-71.
- Chigbo, O. 1998. GAAP under fire. *CA Magazine*, 22-30.
- Chrisnall, P. 1994. Banks and small company audit reforms. *Accountancy*, 114(1216):76-77.
- Cleminson, J. & Rabin, E. 2002. *The reporting problems faced by small business entities in South Africa*. Paper presented at the Southern African Accounting Association Conference, Port Elizabeth, SA.
- Coetzee, S. 2007. IFRS for SMEs: is small, small enough? *Accountancy SA*, May:32.
- Consultative Committee of Accounting Bodies (CCAB). 1995. Proposals to free small companies from accounting standards. *CA News*, 5.
- Consultative Committee of Accounting Bodies (CCAB). 1996. *Small company compliance with accounting standards. The Irish situation*. London: CCAB Working Party.
- Coppin, G. 1996. Reporting by smaller enterprises. *Accountancy and Finance Update*, June:11-12.
- Courtis, C.J. 1980. *Research and methodology in accounting and financial management*. (AFM exploratory series: 9). Armidale, NSW, Australia: Financial management research centre.

- Cummings, L., Evans, E. & Yip, P. 2007. Waking up late. *Charter*, 78(1):60-62.
- Davies, M., Paterson, R. & Wilson, A. 1997. *UK GAAP. Generally Accepted Accounting Practice in the United Kingdom*. Fifth edition. London: MacMillan.
- Deegan, C. & Unerman, J. 2006. *Financial accounting theory*. European edition. Berkshire: McGraw-Hill.
- Delport, P. 2008. Financial reporting and the new Companies Bill 61B of 2008. *Auditing SA*, Summer 2008/2009:45-49.
- Delport, P. 2009. *The new Companies Act manual*. Durban: LexisNexis.
- Dugdale, D. 1998. The statutory accounts of smaller companies: a burden or an aid to business? *Management Accounting*, 76(2):50-52.
- Dugdale, D., Hussey, J. & Jarvis, R. 1997. The owner-manager and FRSSE: can less be more? *Certified Accountant*, 89(11):32-33.
- Du Plessis, P.G. 1987. *Toegepaste bedryfsekonomie: 'n inleidende oorsig*. Pretoria: Haum.
- Ernst & Young, Auckland. 1997. Differential reporting. *Accountancy - International Edition*, April:85.
- Financial Accounting Standards Board (FASB). 1978. *SFAC No.1 - Objectives of financial reporting*. New York: FASB.
- Financial Accounting Standards Board (FASB). 1980. *SFAC No.2 - Qualitative characteristics of accounting information*. New York: FASB.
- Garbutt, D. 1999. Big vs small GAAP - the wrong problem. *Accountancy SA*, 29.
- Gee, P. 1993. Small company reporting and the relevance gap. *Accountancy*, 111(1195):82-83.
- Gibson, B. 1987. Differential reporting for small business entities. *The Chartered Accountant*

in Australia, 16-18.

Gill, J. 2008. Financial reporting: the smartest kid in the room. *CA Talk*.
[Online] Available from: <http://www.nzica.com/> [Accessed: 2008-11-08].

Glautier, M.W.E. & Underdown, B. 1997. *Accounting theory and practice*. Sixth edition.
London: Pittman publishing.

Glautier, M.W.E. & Underdown, B. 2001. *Accounting theory and practice*. Seventh edition.
London: Prentice Hall.

Goodwin, J. & Newitt, D. 1990. Vive la differential reporting. *Charter*, 48-50.

Gouws, D.G. 1997. Perspectives surrounding accounting communication. *Meditari Research Journal*, 61-82.

Govey, I. 1995. Major changes to accounting rules. *Charter*, 58-59.

Hatten, T.S. 1997. *Small business: entrepreneurship and beyond*. London: Routledge.

Hattingh, C.P. 1999. Differential accounting. *Accountancy SA*, June:33.

Hattingh, C.P. 2001. Straight talking: the need for a second tier accounting system in South Africa. *Accountancy SA*, May:35.

Hattingh, C.P. 2002. The final word on differential accounting. *Accountancy SA*, 23-24.

Hendriksen, E.S. & Van Breda, F.S. 1992. *Accounting theory*. Fifth edition. Boston: Richard D. Irwin.

Hepp, G.W. & McRae, T.W. 1982. Accounting standards overload: relief is needed. *Journal of Accountancy*, 153(5):52-62.

Hertz, L. 1982. *In search of a small business definition*. Washington: University Press of America.

Heymans, H. 2000. Differential reporting standards. *Accountancy SA*, 31.

Holgate, P. & Smith, K. 1995. Big chance, little effort, lots of benefits. *Accountancy*, 115(1220):93-94.

Holmes, S. & Nicholls, D. 1989. Modelling the accounting information requirements of small businesses. *Accounting and Business Research*, 19(74):143-150.

Holmes, S. & Nicholls, D. 1990. *Small business and accounting*. Sydney: Allen & Unwin Australia.

Holmes, S., Kent, P. & Downey, G. 1991. The Australian differential reporting debate: a survey of practitioners. *Accounting and Business Research*, 21(82):125-132.

Institute of Chartered Accountants in Australia (ICAA). 2004. *Business practice guide - Financial statements of non-reporting entities*. Melbourne: ICAA.

Institute of Chartered Accountants in Australia (ICAA). 2006. *Business practice guide - Financial statements of non-reporting entities*. Melbourne: ICAA.

Institute of Chartered Accountants in Australia (ICAA). 2007a. *Discussion paper - Financial reporting for small and medium-sized entities*. Sydney: ICAA. [Online] Available from: <http://www.charteredaccountants.com.au/> [Accessed: 2008-02-10].

Institute of Chartered Accountants in Australia (ICAA). 2007b. *International financial reporting standards for small and medium entities - an Australian perspective*. Sydney: ICAA. [Online] Available from: <http://www.charteredaccountants.com.au/> [Accessed: 2008-02-10].

Institute of Chartered Accountants in Australia (ICAA). 2007c. *Submission to the IASB-proposed IFRS for SMEs*. [Online] Available from: <http://www.charteredaccountants.com.au/> [Accessed: 2008-02-10].

Institute of Chartered Accountants in England and Wales (ICAEW). 1975. *The Corporate report*. London: Accounting Standards Steering Committee.

Institute of Chartered Accountants in England and Wales (ICAEW). 1981. *A conceptual*

framework for financial accounting and reporting. London: ICAEW.

Institute of Chartered Accountants in England and Wales (ICAEW). 1989. *The Solomons report - Guidelines for financial reporting standards*. London: ICAEW.

Institute of Chartered Accountants in England and Wales (ICAEW). 2001. *Review of financial reporting by smaller entities - Memorandum of comment submitted to the ASB in May 2001 concerning the ED, review of the FRSSE, published in February 2001, Tech 7/01*. London: ICAEW.

Institute of Chartered Accountants in England and Wales (ICAEW). 2006. *Financial Reporting Standard for Smaller Entities*. London: ICAEW.

Institute of Chartered Accountants of New Zealand (ICANZ). 2005. *Framework for differential reporting*. Wellington: ICANZ.

Institute of Chartered Accountants of New Zealand (ICANZ). 2007. *Framework for differential reporting*. Wellington: ICANZ [Online] Available from: <http://www.nzica.com/> [Accessed: 2008-06-10].

Institute of Chartered Accountants of New Zealand (ICANZ). 2009. *Financial Reporting Standards Board developments*. Wellington: ICANZ. [Online] Available from: <http://www.nzica.com/> [Accessed: 2009-07-07].

Institute of Chartered Accountants of Scotland. 1988. *Making corporate reports valuable*. London: Kogan Page.

Institute of Directors (IOD). 2002. *King report on corporate governance for South Africa*. March 2002. Johannesburg : IOD.

International Accounting Standards Board (IASB). 2002. *Information for observers - Accounting by small and medium-sized entities and in emerging economies*. London: IASB.

International Accounting Standards Board (IASB). 2004. *Discussion paper - Preliminary views on accounting standards for small and medium-sized entities*, 24 September. London: IASB.

- International Accounting Standards Board (IASB). 2007a. *IAS 1 - Presentation of financial statements*. London: IASCF-IASB.
- International Accounting Standards Board (IASB). 2007b. *Exposure draft of a proposed IFRS for small and medium-sized entities*. London: IASCF-IASB.
- International Accounting Standards Board (IASB). 2007c. *Basis of conclusions on exposure draft - IFRS for small and medium-sized entities*. London: IASCF-IASB.
- International Accounting Standards Board (IASB). 2009a. *International financial reporting standard for small and medium-sized entities (IFRS for SMEs)*. London: IASCF-IASB. [Online] Available from: <http://www.iasb.org/> [Accessed: 2009-07-15].
- International Accounting Standards Board (IASB). 2009b. *International financial reporting standard for small and medium-sized entities (IFRS for SMEs). Basis for conclusions*. London: IASCF-IASB. [Online] Available from: <http://www.iasb.org/> [Accessed: 2009-07-15].
- International Accounting Standards Board (IASB). 2009c. *IASB publishes IFRS for SMEs*. Press Release. [Online] Available from: <http://www.iasb.org/> [Accessed: 2009-07-15].
- Ivancevich, D.M., Ivancevich, S.H., Cocco, A. & Hermanson, R. 1997. New accounting standards and the small business. The focus is different for a small business. *The CPA Journal*, 22-25.
- Jackson, E. 1997. The ASB's failure to exploit the FRSSSE's potential. *Accountancy*, 119(1244):75.
- Jeffrey, G. 2007. IFRS: reporting standards in transition. *CMA Management*, 81(6):22-27.
- Johnson, B. 1996. Big GAAP/little GAAP: designed to fit. *Certified Accountant*, 53-54.
- Kent, P. & Munro, L. 1999. Differential reporting and the effect of loan evaluations: an experimental study. *Accounting Forum*, 23(4):359-377.
- Kerlinger, F.N. 1986. *Foundations of behavioral research*. 3rd ed. Fort Worth, TX: Harcourt.

- King, H. 1997. Small really is beautiful, and don't you forget it. *Accountancy International Edition*, 69.
- Koornhof, C. 1998. *Accounting information on flexibility*. Unpublished thesis for a Doctor of Commerce Degree in Accounting. Pretoria: University of Pretoria.
- Koppeschaar, Z.R. 2002. A small step in the right direction. *Accountancy SA*, June:2-3.
- Kruger, R. 2004. *Harmonising user needs with reporting requirements of close corporations*. Unpublished thesis for a Master of Commerce Degree in Accounting. Bloemfontein: University of the Free State.
- Lavigne, A. 1999. Standards with a differential. *CA Magazine*, 132(8):49.
- Ligthelm, A.A. & Cant, M.C. 2003. Small business problems in Gauteng: priorities for entrepreneurial education. *South African Business Review*, 7(5):41-53.
- Lippitt, J.W. & Olivier, B.L. 1983. Big GAAP little gaap: financial reporting in the small business environment. *Journal of Small Business Management*, July:52-57.
- Maingot, M. & Zeghal, D. 2006. Financial reporting of small business entities in Canada. *Journal of Small Business Management*, 44(4):513-530.
- Malvern, J. 2001. FRSSE has not helped SME's: compliance costs and fees charged to clients have not decreased, say accountancy firms. [Online] Available from: <http://www.accountancymag.co.za/> [Accessed: 2007-06-17].
- Martin, P. 2000. All creatures great and small. *CA Magazine*, 133(6):47.
- Masters, D.S. 1999. The small company audit debate. *Accountancy International*, 78.
- McAleese, G. 2001. FRSSE: the solution to accounting for small companies? *Accountancy Ireland Magazine*, 33(1):18.
- McCahey, J.E. & Ramsay, A.L. 1989. *Discussion Paper No. 13 - Differential reporting: nature of accounting standards overload problem and a proposal for its resolution*. Caulfield:

Australian Accounting Research Foundation (AARF).

McCahey, J. 1989. Differential reporting. *Australian Accountant*, 83-87.

McIntyre, R.J. & Dallago, L. 2003. *Small and medium enterprises in transitional economies*. New York: Palgrave Macmillan.

Morley, J. 2001. Who wants a FRSSE? *Accountancy*, 128(1297):104.

Mouton, J. 2001. *How to succeed in your master's & doctoral studies. A South African guide and resource book*. Pretoria: Van Schaik.

Murphy, R. & Page, M. 1998. Small, but imperfectly formed. *Accountancy International Edition*, 64.

Murphy, R. 1997. Accountancy in the information age. *Accountancy Age*, 12.

Nieman, G. 2006. *Small business management. A South African approach*. Pretoria: Van Schaik.

Pacter, P. 2007. The way forward, *Accountancymagazine.com*, 139(1364):76-77.

Parry, T. 1995. Financial reporting update. *Charter*, 86-88.

Patel, C. 1991. Differential reporting: for and against. *Accountants Journal*, 79-81.

Paterson, R. 2001. Widening the GAAP. *Accountancy*, 127(1293):96.

Perrin, S. 1997. Firms split over FRSSE. *Accountancy Age*, 1.

Plewa, F.J. & Friedlob, G.T. 1989. Are GAAP statements worth it? *Management Accounting*, 70(7):55.

Robins, P. 2000. Financial reporting review. *Accounting & Business*, 3(1):48.

Rosen, I.L. 1997. High concept, low blow. *CA Magazine*, 14-16.

Rossouw, J. 2006. *Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk vir nuwingsgewende organisasies, met verwysing na die NG Kerk in die Vrystaat*. Ongepubliseerde verhandeling vir 'n Magister Graad in Rekeningkunde. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Saenger, E. 1991. *An investigation into a future-oriented approach to financial reporting in South Africa*. Unpublished thesis for a Doctor of Commerce Degree in Accounting. Pretoria: University of South Africa.

Salmonson, R.F. 1969. *Basic financial accounting theory*. California: Wadsworth Publishing Company.

Santoro, J. 1997. International update. Latest developments in New Zealand. *Accountancy and Finance Update*, 23-24.

Sealy-Fisher, V. 2009. IASB's IFRS for SMEs. *Chartered Accountants Journal of New Zealand*, 88(6):30-32.

Sharp, I. & Stewart, D. 1998. Changing rooms in small company reporting. *Accountancy International*, 72-73.

Shearer, B. & Sleight-Johnson, N. 2006. Time to stop falling back. *Accountancymagazine.com*, 138(1359):76-77.

Shearer, B. & Sleight-Johnson, N. 2007. Decision time for private company GAAP? *Accountancymagazine.com*, 139(1364):78-79.

Siropolis, N.C. 1986. *Small business management. A guide to entrepreneurship*. Third edition. Boston: Houghton Mifflin Company.

Smulders, S.A. 2006. *Taxation compliance burden for small businesses in South Africa*. Unpublished thesis for a Magister Commerci Degree in Taxation. Pretoria: University of Pretoria.

South Africa. 1973. *Maatskappywet, No. 61 van 1973*. Johannesburg: Lex Patria.

- South Africa. 2004. *National Small Business Amendment Act, No.29 of 2004*. Johannesburg: Lex Patria.
- South Africa. 2007. *Corporate Laws Amendment Act, No. 24 of 2006*. Government Gazette, 14 December, Pretoria: Government Printer.
- South Africa. 2008. *Companies Act, No. 71 of 2008*. Johannesburg: Lex Patria.
- South African Institute of Chartered Accountants (SAICA). 1999. *AC 101 - Presentation of financial statements*. Johannesburg: SAICA.
- South African Institute of Chartered Accountants (SAICA). 2000. *Discussion paper 16 - Limited purpose financial statements: a discussion draft*. Johannesburg: SAICA.
- South African Institute of Chartered Accountants (SAICA). 2001. *Proposal of the South African Institute of Chartered Accountants with regard to legal backing for and the monitoring of compliance with accounting standards*. Johannesburg: SAICA.
- South African Institute of Chartered Accountants (SAICA). 2003. *ED 163 - Framework for the preparation and presentation of limited purpose financial statements*. Johannesburg: SAICA.
- South African Institute of Chartered Accountants (SAICA). 2007b. *ED 225 - Financial reporting for small and medium-sized entities - Proposed process*. Johannesburg: SAICA.
- South African Institute of Chartered Accountants (SAICA). 2007a. *Circular 69/07 - Statement of Generally Accepted Accounting Practice for small and medium-sized entities (SMEs)*. Johannesburg: SAICA.
- South African Institute of Chartered Accountants (SAICA). 2009. *ED 257 - Framework for non-public entities*. Johannesburg: SAICA.
- Stainbank, L.J. & Wells, M.J.C. 2007. Differential corporate reporting: registered accountants' and auditors' views in South Africa. *South African Journal of Accounting Research*, 21(1):31-55.

- Steyn, A.G.W., Smit, C.F., Du Toit, S.H.C. & Strasheim, C. 2004. *Moderne statistiek vir die praktyk*. Pretoria: JL van Schaik.
- Stokdyk, J. 1999. ICAEW split on SME audit. *Accountancy Age*, 13.
- Topazio, N. 2007. Technical matters: financial reporting. *Financial Management*, February:30.
- Tustin, D.H., Ligthelm, A.A., Martins, J.H. & van Wyk, H. de J. 2005. *Marketing research in practice*. Pretoria: Unisa Press.
- Van der Schyf, D.B. 2008. The essence of a university and scholarly activity in accounting, with reference to a Department of Accounting at a South African university. *Meditari Accountancy Research*, 16(1):1-26.
- Van Hulle, K. 1997. What do SME's really need? *Accountancy International Edition*, 60-61.
- Van Staden, C.J. 1998. *The usefulness of the value added statement in South Africa*. Unpublished thesis for a Doctor of Commerce Degree in Accounting. Pretoria: University of Pretoria.
- Van Wyk, H.A. & Rossouw, J. 2008. *IFRS for SMEs in South Africa: a giant leap for accounting, but too big for smaller entities*. Paper presented at the SAAA Biennial Conference, Emperors Palace, Johannesburg.
- Vorster, Q., Koornhof, C., Oberholster, J. & Koppeschaar, Z.R. 2005. *Descriptive accounting*. Ninth edition. Durban: LexisNexis Butterworths.
- Vorster, Q., Koornhof, C., Oberholster, J. & Koppeschaar, Z.R. 2006. *Descriptive accounting*. Tenth edition. Durban: LexisNexis Butterworths.
- Wallman, S.M.H. 1995. The future of accounting and disclosure in an evolving world: the need for dramatic change. *Accounting Horizons*, 9(3):81-91.
- Walstedt, K. 1996. *In search of unbiased accounting measurements for small business management*. Uppsala, Sweden: SLU.

Walton, P. 1998. Differential reporting. *Accountancy and Finance Update*, June:2-3.

Ward, G. 1995. 'Wild' proposals for small companies. *Management Accounting*, 6-7.

Wild, K. 1994. Standard relief for small companies. *Accountancy*, 11.

Wild, K. & Carter, C. 1995. Filling the GAAP for small companies. *Accountancy*, 115(1217):80.

Wilson, A. 1995. A GAAP in understanding. *Accountancy*, 115(1216):93.

Wilson, A. 1998. Who wants US GAAP? *Accountancy International*, 61-62.

Wolk, H.I., Dodd, J.L. & Tearney, M.G. 2004. *Accounting theory: conceptual issues in a political and economic environment*. Sixth edition. Ohio: South-Western Publishing.

Wolk, H.I., Francis, J.R. & Tearney, M.G. 1992. *Accounting theory: a conceptual and institutional approach*. Third edition. Ohio: South-Western Publishing.

BYLAE A

QUESTIONNAIRE - SMALL PRACTITIONERS

1. PROBLEMS FACED BY SMALL AND MICRO ENTITIES (SMEs) AND SMALL PRACTITIONERS

1.1 Rate the following problems faced by smaller accountancy / audit practices on a scale of 1 (not a problem) to 5 (major problem).

	1	2	3	4	5
Competition from big audit firms					
Keeping up to date with accounting and auditing developments					
Office and practice management					
Profitability and cash flow					
Regulation and compliance					
Staffing issues					
Tax burdens					
Other - please specify					

1.2 Do you think that these problems have significantly increased during the last 5 years?

Yes

 No

 No opinion

1.3 Rate the following business difficulties experienced by your SME clients on a scale of 1 (not a problem) to 5 (major problem).

	1	2	3	4	5
Competition in the market					
Compliance with regulations					
Profitability and cash flows					
Inadequate accounting system					
Lack of technical skills on accounting standards					
Lack of management skills					
Obtaining finance					

Personnel recruiting					
Tax burdens					
Other - please specify					

1.4 Do you think that these problems have significantly increased during the last 5 years?

Yes No No opinion

2. IDENTIFYING A SME FOR FINANCIAL REPORTING PURPOSES

2.1 Indicate whether the following factors should be used to identify a SME for financial reporting purposes.

	Yes	No
Complexity of the entity (Nature of business and transactions)		
Number of employees		
Public accountability of the entity		
Ownership structure		
Risk assessment profile		
The number of users of financial statements		
Total turnover		
Total assets		
Whether the users need and understand financial statements (users' needs and financial literacy of users)		
Other - please specify		

3. USES AND BENEFITS OF FINANCIAL STATEMENTS OF SMEs

3.1 Indicate whether the following potential users are users of the financial statements of your SME clients.

	Yes	No	Occasionally	Don't know
Customers				
Employees				
Financial institutions (Banks, credit providers and insurers)				
Government (other than SARS)				
Investors				
Owners/ managers				
Prospective investors / analysts				
Public				
SARS				
Suppliers				
Other - please specify				

3.2 Rate the following benefits of financial statements of your SME clients for their users on a scale of 1 (not beneficial at all) to 5 (very beneficial).

	1	2	3	4	5
Financial statements are prepared on an independent basis					
Preparing annual financial statements indicates good discipline					
Planning and management decisions depend on financial statements					
Review of performance of the entity					
Tax purposes					
To determine solvency / liquidity (ability to repay debt) of the entity					
To obtain finance from financial institutions					
To compare results with other entities					

Other benefits - please specify					
---------------------------------	--	--	--	--	--

3.3 Rate the influence of financial statements on the following economic decisions made by owners and managers of your SME clients on a scale of 1 (no influence at all) to 5 (major influence).

	1	2	3	4	5
Borrowing / financing decisions					
Cash management					
Capital expenditure					
Directors' remuneration					
Dividend decisions					
Staff remuneration (including bonuses)					
Other - please specify					

4. COSTS AND BURDENS OF FINANCIAL STATEMENTS OF SMEs

4.1 Indicate whether your SME clients found the following aspects of producing annual accounts burdensome or not.

	Yes	No	Don't know
Certain disclosures may hurt competitive advantages			
Costs of accounting services			
Costs of audit services (if applicable)			
Costs of accounting software			
Compliance with financial reporting requirements			
General bookkeeping problems			
Training of accounting staff			
Other - please specify			

4.2 Rate in terms of expense, the elements of your total fee to SME clients on a scale of 1 (not expensive) to 5 (very expensive).

	1	2	3	4	5
Accounting work / preparation of financial statements					
Annual audit					
General financial advice					
PAYE work					
Tax returns and correspondence					
VAT work					
Other - please specify					

5. APPLICABILITY OF ACCOUNTING STANDARDS

5.1 Do the financial statements of your SME clients comply with all current IFRS (International Financial Reporting Standards), where applicable?

Yes No Partially

Comments:

5.2 Do you feel that there is still too great a burden for SMEs to comply with accounting standards?

Yes No No opinion

Comments:

5.3 Are you up to date with current IFRS?

Yes No Don't know

5.4 Are you up to date with the new IFRS for Small and Medium-sized Entities which was issued during 2007?

Yes No Don't know

- 5.5 The following is a complete list of current International Financial Reporting Standards. Please indicate how often the specific standard is currently used in practice by small entities.

ACCOUNTING STANDARD		Regularly	Occasio -nally	Never
IAS 1	Presentation of Financial Statements			
IAS 2	Inventories			
IAS 7	Cash Flow Statements			
IAS 8	Accounting Policies, Changes in Accounting Estimates and Errors			
IAS 10	Events after the Balance Sheet Date			
IAS 11	Construction Contracts			
IAS 12	Income Taxes			
IAS 16	Property, Plant and Equipment			
IAS 17	Leases			
IAS 18	Revenue			
IAS 19	Employee Benefits			
IAS 20	Accounting for Government Grants and Disclosure of Government Assistance			
IAS 21	The Effects of Changes in Foreign Exchange Rates			
IAS 23	Borrowing Costs			
IAS 24	Related Party Disclosure			
IAS 26	Accounting and Reporting by Retirement Benefit Plans			
IAS 27	Consolidated and Separate Financial Statements			
IAS 28	Investments in Associates			
IAS 29	Financial Reporting in Hyperinflationary Economies			
IAS 31	Interests in Joint Ventures			

ACCOUNTING STANDARD		Regularly	Occasio -nally	Never
IAS 32	Financial Instruments: Presentation			
IAS 33	Earnings per Share			
IAS 34	Interim Financial Reporting			
IAS 36	Impairment of Assets			
IAS 37	Provisions, Contingent Liabilities and Contingent Assets			
IAS 38	Intangible Assets			
IAS 39	Financial Instruments: Recognition and Measurement			
IAS 40	Investment Property			
IAS 41	Agriculture			
IFRS 1	First-time Adoption of IFRS			
IFRS 2	Share-based Payment			
IFRS 3	Business Combinations			
IFRS 4	Insurance Contracts			
IFRS 5	Non-current Assets Held for Sale and Discontinued Operations			
IFRS 6	Exploration and Evaluation of Mineral Resources			
IFRS 7	Financial Instruments: Disclosure			
IFRS 8	Operating Segments			

6. RELAXATION OF ACCOUNTING STANDARDS FOR SMEs

6.1 Indicate whether the following could reduce the burden of producing financial statements for SMEs.

	Yes	No
Complete exemption from adherence to a specific accounting framework		
Reduce disclosure requirements		
Reduce number of applicable accounting standards		
Remove the audit requirement for (Pty) Ltd companies		
Simplification of measurement requirements		
Special standards for SMEs		
Other - please specify		

6.2 Do you believe that the IFRS for Small and Medium-sized Entities which was issued during 2007 will reduce the burden of producing financial statements for SMEs in future?

Yes No Don't know

6.3 Do you believe there is a need for an additional financial reporting framework specifically for SMEs (more simplified than IFRS for Small and Medium-sized Entities)?

Yes No Don't know

6.4 Indicate if you would be concerned, unconcerned or of no opinion about the following potential issues arising from the relaxation of accounting standards for SMEs.

	Concerned	Un-concerned	No opinion
Application of a differential accounting system			
Increased confusion for preparers of financial statements			
Loss of comparability of financial statements			
Loss of credibility for the accounting profession			
Loss of true and fair view of financial statements			
Lowering of accounting standards			
Non-acceptance of financial statements by financial institutions			
Non-acceptance of financial statements by SARS			

Reduction in financial statements' reliability			
Other - please specify			

7. PROFILE OF THE RESPONDENT

7.1 Number of years in practice

0-10 11-20 20+

7.2 Number of partners in your firm in South Africa

<5 5-10 11-20 20+

7.3 % of total annual fees earned from SMEs

0-25% 26-50% 51-75% 75%+

BYLAE B

QUESTIONNAIRE - OWNERS

1. PROBLEMS FACED BY SMALL AND MICRO ENTITIES (SMEs)

1.1 Rate the following business difficulties experienced by your business on a scale of 1 (not a problem) to 5 (major problem).

	1	2	3	4	5
Competition in the market					
Compliance with regulations					
Inadequate accounting system					
Lack of technical skills on accounting standards					
Lack of management skills					
Obtaining finance					
Profitability and cash flows					
Personnel recruiting					
Tax burdens					
Other - please specify					

1.2 Do you think that these problems have significantly increased during the last 5 years?

Yes No No opinion

2. IDENTIFYING A SME FOR FINANCIAL REPORTING PURPOSES

2.1 Indicate whether the following factors should be used to identify a SME for financial reporting purposes.

	Yes	No
Complexity of the entity (Nature of business and transactions)		
Number of employees		
Ownership structure		
Public accountability of the entity		
Risk assessment profile		
The number of users of financial statements		
Total turnover		
Total assets		
Whether the users need and understand financial statements (users' needs and financial literacy of users)		
Other - please specify		

3. USES AND BENEFITS OF FINANCIAL STATEMENTS

3.1 Indicate whether the following potential users are users of your financial statements.

	Yes	No	Occasionally	Don't know
Customers				
Employees				
Financial institutions (Banks, credit providers and insurers)				
Government (other than SARS)				
Investors				
Owners / managers				
Prospective investors / analysts				
Public				
Suppliers				
SARS				

Other - please specify					
------------------------	--	--	--	--	--

3.2 Rate the following benefits of your financial statements for their users on a scale of 1 (not beneficial at all) to 5 (very beneficial).

	1	2	3	4	5
Financial statements are prepared on an independent basis					
Planning and management decisions depend on financial statements					
Preparing annual financial statements indicates good discipline					
Review of performance of the entity					
Tax purposes					
To determine solvency / liquidity (ability to repay debt) of the entity					
To obtain finance from financial institutions					
To compare results with other entities					
Other benefits - please specify					

3.3 Rate the influence of your financial statements on the following economic decisions made by owners and managers on a scale of 1 (no influence at all) to 5 (major influence).

	1	2	3	4	5
Borrowing / financing decisions					
Cash management					
Capital expenditure					
Directors' remuneration					
Dividend decisions					
Staff remuneration (including bonuses)					
Other - please specify					

4. COSTS AND BURDENS OF FINANCIAL STATEMENTS

4.1 Indicate whether you found the following aspects of producing annual accounts burdensome or not.

	Yes	No	Don't know
Certain disclosures may hurt competitive advantages			
Costs of accounting services			
Costs of audit services (if applicable)			
Costs of accounting software			
Compliance with financial reporting requirements			
General bookkeeping problems			
Training of accounting staff			
Other - please specify			

5. APPLICABILITY OF ACCOUNTING STANDARDS

5.1 Do your financial statements comply with all current IFRS (International Financial Reporting Standards), if applicable?

Yes

 No

 Partially

 Not applicable

 Don't know

Comments:

5.2 Do you feel that there is still too great a burden complying with accounting standards?

Yes

 No

 Don't know

Comments:

5.3 Indicate whether the information included in the components of financial statements is very useful, of limited use or of no use.

	Very useful	Limited use	No use
Income statement (Statement of comprehensive income)	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Balance sheet (Statement of financial position)	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Cash flow statement (Statement of cash flows)	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Statement of changes in equity	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Notes to the financial statements	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>

5.4 Do you believe that deferred tax, i.e. providing for long term tax liabilities, is useful for the users of your financial statements?

Yes

 No

 Don't know

5.5 Do you feel that consolidated accounts, if applicable, are useful for the users of your financial statements?

Yes

 No

 Not applicable

 Don't know

6. RELAXATION OF ACCOUNTING STANDARDS FOR SMEs

6.1 Indicate whether the following could reduce the burden of producing financial statements.

	Yes	No
Complete exemption from adherence to a specific accounting framework		
Reduce disclosure requirements		
Reduce number of applicable accounting standards		
Remove the audit requirement for (Pty) Ltd companies		
Simplification of measurement requirements		
Special standards for SMEs		
Other - please specify		

6.2 Do you believe that the IFRS for Small and Medium-sized Entities that was issued during 2007 will reduce the burden of producing financial statements for SMEs in future?

Yes No Don't know

6.3 Do you believe there is a need for an additional financial reporting framework specifically for SMEs (more simplified than IFRS for Small and Medium-sized Entities)?

Yes No Don't know

6.4 Indicate if you would be concerned, unconcerned or of no opinion about the following potential issues arising from the relaxation of accounting standards for SMEs.

	Concerned	Un-concerned	No opinion
Application of a differential accounting system			
Increased confusion for preparers of financial statements			
Loss of comparability of financial statements			
Loss of true and fair view of financial statements			
Lowering of accounting standards			
Non-acceptance of financial statements by financial institutions			
Non-acceptance of financial statements by SARS			
Reduction in financial statements' reliability			

Other - please specify			
------------------------	--	--	--

7. PROFILE OF THE RESPONDENT

7.1 Number of years in business

0-10 11-20 20+

7.2 Total turnover of the business in prior year:

< R 1 million R1 – 5 million R5 – 20 million R20+ million

BYLAE C

QUESTIONNAIRE - FINANCIAL INSTITUTIONS

1. IDENTIFYING A SMALL ENTITY

1.1 Indicate the factors used to identify a small entity.

Total turnover	
Total assets	
Number of employees	
Accountability of the entity	
Complexity of entity	
Ownership structure	
Needs of users of financial statements	
Users of financial statements	
Other - please specify	

2. REQUIREMENTS FOR A LOAN APPLICATION

2.1 Indicate which aspects are considered for a loan application of a small entity.

Financial statements	
Knowledge of the business	
Knowledge of the business= management	
Past experience	
Security	
Size of the business	
Size of the loan	
Other - please specify, if possible	

3. APPLICABILITY OF ACCOUNTING STANDARDS

3.1 Indicate whether the information included in the components of financial statements is very useful, of limited use or of no use.

	Very useful	Limited use	No use
Income statement (Statement of comprehensive income)			
Balance sheet (Statement of financial position)			
Cash flow statement			
Notes to the financial statements			

3.2 Identify the factors considered when examining the financial statements of small entities.

Audit report	
Capacity to repay	
Directors' fees	
Liquidity	
Performance trends	
Profitability	
Reputation of auditor	
Security	
Stability	
Other information in financial statements - please specify	
Additional information requested	

3.3 Is additional information readily provided by clients and potential clients?

Yes No Do not know

4. RELAXATION OF ACCOUNTING STANDARDS FOR SMALL ENTITIES

4.1 Indicate if you would be concerned, unconcerned or of no opinion about the following potential issues arising from the relaxation of accounting standards for small entities.

	Concerned	Un- concerned	No opinion
Complexity of differential system			
Increased confusion			
Loss of comparability			
Loss of credibility for profession			
Loss of true and fair view			
Lowering of standards			
Reduction in reliability			

BYLAE D

QUESTIONNAIRE - SARS

1. IDENTIFYING A SMALL ENTITY

1.1 Indicate the factors used to identify a small entity.

Total turnover	
Total assets	
Number of employees	
Accountability of the entity	
Complexity of entity	
Ownership structure	
Needs of users of financial statements	
Users of financial statements	
Other - please specify	

2. APPLICABILITY OF ACCOUNTING STANDARDS

2.1 Indicate whether the information included in the components of financial statements is very useful, of limited use or of no use.

	Very useful	Limited use	No use
Income statement (Statement of comprehensive income)			
Balance sheet (Statement of financial position)			
Cash flow statement			
Notes to the financial statements			

2.2 Identify the factors considered when examining the financial statements of small entities.

Audit report	
Capacity to repay	
Directors' fees	
Liquidity	
Performance trends	
Profitability	
Reputation of auditor	
Security	
Stability	
Other information in financial statements - please specify	
Additional information requested	

3.3 Is additional information readily provided?

Yes No Do not know

3. RELAXATION OF ACCOUNTING STANDARDS FOR SMALL ENTITIES

3.1 Indicate if you would be concerned, unconcerned or of no opinion about the following potential issues arising from the relaxation of accounting standards for small entities.

	Concerned	Un-concerned	No opinion
Complexity of differential system			
Increased confusion			
Loss of comparability			
Loss of credibility for profession			
Loss of true and fair view			
Lowering of standards			
Reduction in reliability			